# Julle sal My getuies wees

Ds.MJ Booyens

www.christelikemedia.org

# INHOUDSOPGAWE


**WOORD VOORAF** ... **6**
**HOE OM DIE BOEK TE GEBRUIK** ... **7**
**LUKAS, DIE GENEESHEER, SE VERHAAL** ... **8**
**HANDELINGE 1** ... **10**
Die Skrywer en die Boek ... 10
Inleiding (Hand. 1:1-3) ... 10
Doop met die Heilige Gees (1:4-6) ... 11
Die Koninkryk van God (1:6-8) ... 12
Hemelvaart en wederkoms (1:9-14) ... 13
Kerklike paraatheid (1:15-26) Judas se plek is leeg ... 14
**HANDELINGE 2** ... **16**
Tekens van die uitstorting van die Heilige Gees (2:1-4) ... 16
Die menigte stroom saam en is in die war (Hand. 2:5-13) ... 17
Die Heilige Gees vertel van Homself (2:14-17) ... 18
Die Heilige Gees en die voleinding (2:9-21) ... 20
Jesus van Násaret het opgestaan (2:22-36) ... 20
Hy het opgevaar na die hemel (2:33-36) ... 22
Die eerste bekeerdes (2:37-41) ... 22
Die Christelike gemeente in Jerusalem gevestig (2:42-47) ... 24
**HANDELINGE 3** ... **26**
'n Kreupelgebore man word genees (3:1-8) ... 26
Hoofdoel van die wonder (Hand. 3:9-11) ... 26
Petrus verkondig die evangelie (3:12-14) ... 27
Dit gaan om geloof in Christus (3:16-18) ... 27
Bekeer julle! (3:19-24) ... 28
Die verbondsbeloftes is vir julle (3:25-26) ... 29
**HANDELINGE 4** ... **30**
Petrus en Johannes gevangenes (4:1-4) ... 30
Wees bereid om rekenskap te gee (4:5-12) ... 30
Wat moet ons met hierdie manne doen? (4:13-22) ... 32
Die gemeente roep die Here aan (4:23-31) ... 34
Nuwe groei en bloei (4:32-37) ... 35
**HANDELINGE 5** ... **36**
Buitengewone kerklike tug (5:1-16) ... 36
Verlos deur 'n engel (5:17-20) ... 37
Weer gevangenes (5:21-26) ... 38
Die apostels se getuienis voor die Raad (5:27-32) ... 38
Gamáliël se raad (5:33-42) ... 39
**HANDELINGE 6** ... **41**
Die Eerste Diakens (6:1-7) ... 41
Stéfanus, die eerste martelaar vir Christus, gevange geneem (6:8-15) ... 42
**HANDELINGE 7** ... **44**
1. Stéfanus verdedig homself (7:1 -50) ... 44
Stéfanus gestenig (7:54-60) ... 45
**HANDELINGE 8** ... **47**
Die evangelie buite Jerusalem (8:1-4) ... 47
Die evangelie in Samaria (8:5-13) ... 47
Petrus en Johannes na Samaria (8:14-17) ... 48

"Mag jou geld saam met jou vergaan! (8:18-25) ... 49
Filippus en die man uit Afrika (8:26-40) ... 50
**HANDELINGE 9 ... 52**
Saulus ontmoet Jesus (9:1-8) ... 52
Saulus leer Jesus beter ken (9:10-19) ... 53
Saulus, die vervolger van Jesus, word self vervolg vir Jesus (9:20-25) ... 55
Saulus terug in Jerusalem (9:26-31) ... 55
Petrus tree weer na vore (9:31-43) ... 56
**HANDELINGE 10 ... 58**
Die Romeinse offisier Cornelius (10:1-8) ... 58
Die weifelende Petrus kry gevleuelde voete (10:17-23) ... 59
Petrus ontmoet Cornelius (10:24-33) ... 61
Petrus verkondig Jesus Christus (10:34-43) ... 61
**HANDELINGE 11 ... 65**
Petrus doen verantwoording voor die gemeente in Jerusalem (11:1-18) ... 65
Christene in Antiochië (11:19-30) ... 66
**HANDELINGE 12 ... 69**
**HANDELINGE 13 ... 73**
Handelinge 12:25 en Hand. 13 ... 73
Die eerste sendingreis (13:1-14:28) ... 73
Bárnabas en Saulus geroep ... 73
Bárnabas en Saulus op Ciprus ... 74
Paulus preek in Antiochië in Pisidië (13:13-52) ... 76
Paulus se Skrifbewyse (33-37) ... 79
Oproep tot geloof in Christus (13:3 8-41) ... 79
Baie mense vra na die evangelie (42-44). ... 80
Joodse nydigheid en heidense blydskap (45-49) ... 81
Christus se gesante moet verder (50-52) ... 82
**HANDELINGE 14 ... 83**
Paulus se tweede sendingreis voortgesit ... 83
Paulus en Bárnabas in Ikónium (1-6) ... 83
In Listre verhef tot gode en daarna gestenig (7-20) ... 83
Vanaf Derbe terug na die sendende gemeente om verslag te doen (21-28) ... 85
**HANDELINGE 15 ... 87**
Die nuwe probleem (1, 2) ... 87
'n Amptelike vergadering (Hnd_15:6-11) ... 88
Jakobus formuleer 'n voorstel (Hnd_15:13-21) ... 90
Die besluit van die vergadering (Hnd_15:22-29) ... 91
Die ontvangs in Antiochië (30-34) ... 93
Paulus en Barnabas skei van mekaar (35-39) ... 94
Die tweede sendingreis van Paulus - met Silas as metgesel (15:40-18:23) ... 94
Paulus en Silas vertrek ... 94
**HANDELINGE 16 ... 96**
Paulus se tweede Sendingreis voortgesit ... 96
Sinodebesluit in (Suid-) Galisië verduidelik (16:1-5) ... 96
Die Heilige Gees dwing hulle na Europa (16:6-10) ... 96
In Filippi - die eerste Christen in Europa (16:11-15) ... 97
'n Slavin verlos van die duiwel (16:16-18) ... 98
Paulus en Silas in die moeilikheid (16:19-22) ... 99
Paulus en Silas in die tronk (16:23-25) ... 100

"Glo in die Here Jesus Christus..." (16:26-34) ... 101
Paulus en Silas word uit die gevangenis uitgelei (16:35-40) ... 102
**HANDELINGE 17 ... 104**
Paulus se tweede sendingreis voortgesit ... 104
Paulus en Silas in Thessalonika (17:1-9) ... 104
Paulus en Silas in Beréa (17:10-14) ... 105
Paulus alleen in Athene (17:15-17) ... 106
Paulus se toespraak op die Areópagus (17:18-34) ... 107
**HANDELINGE 18 ... 111**
Paulus se tweede sendingreis voortgesit ... 111
Paulus in Korinthe (18:1-11) ... 111
Paulus word deur die Jode aangekla (12-17) ... 112
Paulus sluit die tweede sendingreis af (18:18-22) ... 113
Die begin van Paulus se derde sendingreis (18:23) ... 114
Apollos in Éfese en Korinthe (18:24-28) ... 114
**HANDELINGE 19 ... 116**
Paulus se derde sendingreis voortgesit (19:1-21:16) ... 116
Paulus in Éfese - hy ontmoet dissipels van Johannes die Doper (19:1-7) ... 116
Paulus se werk in Éfese word ryklik geseën (19:8-12) ... 117
Die sewe seuns van Skeva (19:13-20) ... 117
Paulus wil vertrek (19:21, 22) ... 118
"Groot is die Diana van die Efesiërs!" (19:23-40) ... 119
**HANDELINGE 20 ... 122**
Derde Sendingreis voortgesit ... 122
Paulus na Griekeland en op pad terug (20:1-6) ... 122
'n Sondag in Troas (20:7-12) ... 123
Paulus is haastig om in Jerusalem te kom (20:13-16) ... 123
Paulus laat die ouderlinge van Éfese kom (20:17) ... 124
Paulus roep sy eie optrede in Éfese in herinnering (20:18-21) ... 124
Paulus se toekomsblik (20:22-25) ... 125
Paulus vermaan die ouderlinge (20:26-32) ... 125
Die droewige afskeid (20:36-38) ... 126
**HANDELINGE 21 ... 128**
Derde Sendingreis voortgesit ... 128
Paulus doen by Tirus en Ptolemáis aan (Hand. 21:1-8) ... 128
Paulus in Cesaréa (21:8-15) ... 128
Paulus kom in Jerusalem aan (21:16-26) ... 129
Paulus word deur die Jode gegryp (21:27-30) ... 130
Paulus 'n gevangene van die Romeine (21:32-40) ... 131
**HANDELINGE 22 ... 133**
Paulus vertel hoe hy die gemeente van Christus vervolg het (22:1-5) ... 133
Paulus vertel van sy bekering (22:6-16) ... 134
Christus verskyn aan Paulus in Jerusalem (22:17-21) ... 135
"Weg van die aarde met so 'n mens" (22:22-24) ... 136
Paulus beroep hom op sy Romeinse burgerskap (22:24-29) ... 136
Paulus verskyn voor die Joodse Raad (22:30-23:11) ... 137
**HANDELINGE 23 ... 138**
Paulus verdedig homself voor die Sánhedrin (23:1-11) ... 138
Die sameswering (23:12-15) ... 140
Die Here sorg vir Paulus se veiligheid (23:16-21) ... 140

Paulus na Cesaréa geneem (23:22-35) 141
**HANDELINGE 24** **142**
Paulus voor die regterstoel van Felix 142
Die Jode se aanklag (24:1-9) 142
Paulus verdedig hom voor Felix (24:10-21) 143
Paulus, die getuie van Jesus Christus, voor Felix en Drusilla (24:24-27) 144
**HANDELINGE 25** **146**
Die Jode kla Paulus by Festus aan (25:1-5) 146
Paulus beroep hom op die keiser (25:6-12) 146
Festus vra raad van koning Agrippa (25:13-22) 147
Paulus verskyn voor Agrippa en Bernice (25:23-27) 148
**HANDELINGE 26** **150**
Paulus se toespraak voor Agrippa (26:1-23) 150
Paulus se toespraak onderbreek. (26:24-32) 152
**HANDELINGE 27** **154**
Die reis na Rome begin (27:1-13) 154
In die storm op see (27:14-19) 154
Paulus praat die manne moed in (27:20-26) 155
God bewaar in die groot waters (27:27-36) 156
Almal veilig aan land (27:37-44) 156
**HANDELINGE 28** **158**
Op die eiland Melite (28:1-10) 158
Die ontmoeting by Drie Herberge (28:11-15) 158
Aankoms en verblyf in Rome (28:16-31) 159
Lukas sluit sy verhaal af (28:30, 31) 161

# WOORD VOORAF

Die boek is in die eerste plek bedoel as 'n hulpmiddel vir mense wat besig is met Bybelstudie. Wie sou nie dankbaar wees om die groeiende belangstelling in die Bybel - by ons en self s oor die hele wêreld - te sien nie! Ek hoop dat hierdie poging vir almal wat alreeds besig is, van hulp mag wees.

Ek vertrou van harte dat dit ook andere wat nog nie ernstig met daadwerklike Bybelstudie begin het nie, daartoe sal aanspoor om in die Bybel te begin delf. Die Bybel is inderdaad soos 'n goudmyn. Hoe meer jy delf, hoe heerliker word die skatte wat jy daaruit opdiep. En die wonderlikste is dat dit nie bloot interessante kennis is nie, maar die kennis van die ware Lewe. Wie daaruit put, lewe nie alleen nie, maar is in die ware sin van die woord 'n ryk mens.

M. J. BOOYENS

Heilbron Augustus 1978

# HOE OM DIE BOEK TE GEBRUIK

Die boek wil u help om self die Bybel te gebruik en te leer ken. Daarom kry u weinig verduidelikings, maar baie verwysings.

*Enkele aanwysings*

1. Lees die Skrifgedeelte soos aangegee, behoorlik en aandagtig deur. Oefen om self raak te sien wat die uitsprake of vertelling vir u sê. In 'n groep kan dit belangrike vrae en besprekinge na vore bring. Dit is baie belangrik dat almal by die bespreking betrek word, indien moontlik.
2. Lees weer die eerste vers van die gedeelte en raadpleeg die aantekeninge daarby in hierdie boek. *Slaan beslis al die teksverwysings na en lees dit behoorlik.* Lees maar om die beurt in 'n groep - so kry ook die beskeies 'n geleentheid om iets te doen. Vir selfstandige studie of voorafstudie is dit vrugbaar om selfs die Bybeltekste uit te skryf - of kortliks die inhoud skriftelik saam te vat. So slaan dit by u in.
3. Onthou dat ons werk met die *Woord van God.* Die hele Skrif is deur God ingegee en dit werk in ons wat glo. Dit is die woorde van die ewige lewe. Daarom mag ons dit nie onderskat nie. Geen uitspraak is van minder belang nie.
4. Ek dink ons bid oor die algemeen te min. 'n Mens kan in elk geval nie Bybelstudie doen sonder om te bid nie. Doen dit nie alleen wanneer u begin en ophou met Bybelstudie nie, maar onthou om altyd daarvoor te bid dat die Here u - en ons volk en alle Christene - liefde vir sy Woord moet gee en ons verstand moet verlig om te begryp wat Hy vir ons wil sê.
5. *Wees daders van die Woord (*Jak. 1:32).

*Mag die Here u seën by die bestudering van die boek Handelinge. "Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus" (*2 Tim. 3:16, 17).

GEBRUIK DIÉ BOEK SAAM MET U BYBEL.

# LUKAS, DIE GENEESHEER, SE VERHAAL

Dit was 'n opskudding in Jerusalem - dié kruisdood van Jesus van Násaret. Hy was 'n profeet, kragtig in werk en woord voor God en die hele volk. Die Joodse Raad het Hom oorgelewer tot die doodstraf en Hy is op Gólgota gekruisig deur die soldate van Pontius Pilatus. Die Joodse Raad en hulle meelopers het Hom gehaat met 'n verbete haat. Dié Vrydagaand het hulle gesorg dat Hy begrawe is, sodat Saterdag, die Sabbat en daarby die groot dag van die Paasfees, nie ontheilig sou word deur sy lyk wat nog aan 'n hout hang nie (Deut. 21:22). Nou kon hulle rustig gaan slaap.

Alreeds die volgende oggend, op die heilige Sabbat, het onrus al weer aan die harte van die groot manne begin knaag. Die "bedrieër" het gesê dat Hy op die derde dag sou opstaan. Weer kom die deurwag van die paleis by Pilatus aan met die boodskap dat 'n afvaardiging van die Sanhedrin voor die deur staan. Nog nooit sou hulle self die paleis binnegaan nie (Joh. 18:28). Eindelik verskyn Pilatus: "Meneer, ons herinner ons dat die verleier, toe Hy in die lewe was, gesê het: Oor drie dae staan Ek op. Gee vir ons 'n wag en verseël die graf, sodat sy dissipels nie miskien in die nag sou kom en sy lyk steel - en dan rond vertel dat Hy opgestaan het nie . . ." (Matt. 27:63, 64). En Pilatus plaas 'n wag by die graf en hulle verseël dit.

Nou kan die waardige manne rustig feesvier en die nag ongestoord gaan slaap. Met Jesus van Násaret is dit verby.

Sondagmôre vroeg is daar egter 'n dringende klop aan die poort van Kájafas. Die deurwagter vind 'n paar bleek soldate wat vra om die hoëpriester dringend te sien. Die geharde manne sien daar uit soos mense wat 'n spook gesien het - hulle ly verskriklik aan skok. Gou-gou staan hulle voor Kájafas en vertel hom. Daar was 'n aardbewing en 'n wese in blink gewaad het verskyn. Hulle het letterlik inderhaas weggevlug. "Ag, meneer, en nou wag vir ons die doodstraf! Ons, Romeinse soldate, het ons pos verlaat! " (Hand. 12:18, 19.)

Haastig word die Joodse Raad byeengeroep. Toe maar, soldate! Hier, vat die geld - genoeg nè! Ons sal wel met Pilatus praat. Sorg julle net om te vertel dat sy dissipels sy lyk gesteel het, terwyl julle aan die slaap was. Raak ons dan nooit ontslae van die gehate Nasaréner nie?

Die Joodse Raad sou nog dikwels met Hom te doen kry. Só ook andere wat Hom wou en nog wil doodmaak en begrawe. Daarvan gaan Lukas nou onder andere vertel in sy boek: *Die Handelinge van die apostels.*

In sy boek volg Lukas die gang van die werk van Christus soos Hy dit self uitstippel in sy opdrag aan sy apostels (Hand. 1:8).

". . .julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde."

1. Eers kom die Heilige Gees oor hulle (2:1-13).
2. Dan tree hulle op as getuies in Jerusalem - waarin die Joodse Raad telkens gekonfronteer word met die lewende Jesus Christus (2:14-7:60). Daarna volg nog sporadies iets oor die werk in Jerusalem.
3. Dan verskuif die klem na Samaria (8:1-25); selfs 'n man vanuit Ethiópië - "die uiterste van die aarde", vanuit die Jood se oogpunt besien (8:26-40).
4. Met die bekering van Paulus word die eintlike gang van die evangelie na die heidene

ingelui (9:1-31). Dit is egter Petrus se voorreg om as eerste instrument gebruik te word om die deurbraak tot die heidene te maak (10:1-11:18).

5. Die ontstaan van die gemeente in Antiochië (11:19-30), hoofsaaklik uit die heidene, is die belangrike basis of uitgangspunt vir die sending onder die heidene. Van hier vertrek Paulus en sy metgeselle op sy drie sendingreise (13:1-20:38).
6. Paulus word gevange geneem en kom as gevangene in Rome aan, omdat hy hom op die keiser beroep het (21:1-28:31).

Vanselfsprekend is Jesus se werkprogram daarmee nog nie afgehandel nie. Lukas het egter sy doel as skrywer bereik. Die evangelie is in elk geval gevestig in die destydse "middelpunt" van die "wêreld" - Rome, die hoofstad van die wêreldryk van die Romeine.

Lees nou verder self die verhaal aan die hand van die kort aanwysinge in die volgende bladsye. En verwonder u oor die werk van Jesus Christus vanuit die hemel.

# HANDELINGE 1

## *Die Skrywer en die Boek*

Volgens die eenvormige oorlewering van die ou kerk is Lukas die skrywer van Handelinge. Hy was oorspronklik 'n Griekssprekende heiden, moontlik afkomstig van Antiochië. (In Hand. 11:19 e.v. lees ons van die ontstaan van die gemeente in Antiochië.)

Kom ons kyk nou wat ons in die Bybel oor Lukas as persoon en oor die boek Handelinge vind.

1. Hy het ook die Evangelie van Lukas geskrywe (vergelyk Luk. 1:l-4 met Hand. 1:1, 2).
2. Hy het besondere moeite gedoen om die ware feite oor te vertel (Luk. 1:1-4).
3. Hy was 'n geneesheer en 'n geliefde medewerker van Paulus (Kol. 4:14; Filémon 24; 2 Tim. 4:11; hy is 'n medereisiger van Paulus - in die volgende gedeeltes skryf hy "ons" en nie "hulle" nie: Hand. 16:10-17; 20:5; 21:18; 27:1-28:16).
4. Die boek Handelinge is, net soos die Evangelie van Lukas, gerig tot 'n sekere Theófilus. In Luk. 1:3 word hy "hooggeagte Theófilus" genoem, wat dui op 'n hooggeplaaste persoon (Hand. 1:1).
5. Lukas sluit sy verhaal af in Rome - toe Paulus daar as gevangene was. Dit is waarskynlik Paulus se eerste gevangenskap in Rome. Paulus is later weer gevange geneem en, volgens oorlewering, in Rome tereggestel. Van die gevangenskap skryf Paulus in 2 Tim. 4 - lees verse 6-22. Daar kom 'n mens onder die indruk van Paulus se verhoor, stryd en eensaamheid. Hy skryf: "Lukas is alleen by my" (2Tim.4:11).
6. Die boek Handelinge kon nie geskryf wees voor Paulus se eerste gevangenskap, waarmee dit afgesluit word nie. Dit word gestel teen 60, 61 n.C. Die vervolging onder keiser Nero van Rome vind plaas in 64 n.C. toe Paulus tereggestel sou wees. Sommige meen dat Handelinge tussen die twee datums geskryf is. Volgens andere is die Evangelie van Lukas egter eers na 70 n.C. geskryf sodat Handelinge dan later gedateer moet word, want volgens Hand. 1:1 is die boek 'n voortsetting van die verhaal wat hy in die Evangelie begin het.
7. Die naam van die boek is in ons Bybel: "Die Handelinge van die heilige apostels". Lukas sou moontlik 'n ander naam daaraan kon gee. Dink aan wat hy in vers 1 sê:

"Die eerste verhaal, Theófilus, het ek opgestel oor alles wat Jesus *begin* doen en leer het." Hy gaan dus voort met die verhaal van wat Jesus *doen en leer*. Ons kan dit derhalwe net so goed die "Handelinge van Jesus Christus" noem. Hy gaan nou vanuit die hemel voort met sy werk. Daartoe stel Hy apostels aan en stuur hulle die wêreld in (Joh. 21:2-23; Mark. 16:15, 16; Matt. 28:18-20). Daartoe stuur Hy ook die Heilige Gees (Joh. 15:26, 27; Joh. 16:12-14; Hand 1:5, 8). Lukas wys hoe Jesus vanuit die hemel werk deur die Heilige Gees.

## *Inleiding (Hand. 1:1-3)*

**1:1, 2.** Die skrywer sit sy verhaal voort wat hy in die Evangelie van Lukas begin het (1 - vergelyk Luk. 1:1-4). Die hele res van die Nuwe Testament handel oor die voortgang van Jesus se werk vanuit die hemel. Daartoe gebruik Hy sy Woord en die Heilige Gees (1 Thess. 2:13; Ef. 6:17; 2 Tim. 3:16, 17). Terwyl Jesus op aarde was, het Hy dinge *gedoen* en *geleer*. Veral sy lyde, toe Hy Homself as offer vir God aangebied het, en sy opstanding en hemelvaart is dade. (Die Twaalf Artikels benadruk alleen sy dade.) Dink hierby ook aan sy

wonders en tekens. Hy het egter ook *geleer* - al die gelykenisse, sy bergpredikasie, ens. (Matt. 7:28, 29). "Tot op die dag dat Hy opgeneem is..." Dit is sy hemelvaart (Hand. 1:9). Sy *apostels* is sy gevolmagtigde *gesante* wat Hy uitstuur (Matt. 28:18-20; Hand. 1:2). Hulle moes sy getuies wees (Hand. 1: 8 en 1:21, 22). Hy het hulle *uitverkies* as apostels (Joh. 6:70). Judas Iskariot, sy verraaier, is ook uitverkies tot die "amp" en tog was hy 'n *duiwel.* By Judas word telkens bygevoeg dat die *Skrif vervul* moes word (Hand. 1:16; Joh. 13:18). Dit is die enigste "verklaring" wat die Skrif ons gee van die feit dat Jesus die verraaier in die kring van dissipels opgeneem het.

Hy gee bevele deur die *Heilige Gees.* Ons kan nooit Jesus en die Heilige Gees skei nie. Hy is self gedoop met die Heilige Gees (Matt. 3:16). Hy doen sy werke deur die Heilige Gees (Matt. 12:28). Hy gee nog steeds aan ons bevele deur die Heilige Gees. (Hand. 1:16).

**1:3.** Vers 3 benadruk die opstanding van Jesus. Dit is baie belangrik. Hulle preek dit (Hand. 2:23, 24; 4:10). Hulle sterf blymoedig deur die geloof in die opstanding (Hand. 7:55, 56). Hy verskyn aan *hulle,* sy getuies, nie aan alle mense nie. Andere moes glo op hulle woord (Hand. 1:21, 22; 1 Joh. 1:1-4).

Lees wat Paulus sê oor Jesus se opstanding in 1 Kor. 15:16-20.

## *Doop met die Heilige Gees (1:4-6)*

**1:4.** Na sy opstanding en voor sy hemelvaart gee Hy dié bevel. Jerusalem het Hom verwerp - Hy is selfs onwaardig bevind om binne Jerusalem te sterf (Hebr. 13:11, 12). Die Heilige Gees kom egter *binne* Jerusalem - moontlik selfs binne die tempel - op die Joodse Pinksterfees of "Fees van die weke". (Daaroor later by hoofstuk 2.) Hulle moet op die belofte van die Vader wag (Eseg. 36:25-28; Joël 2:28, 29), maar spesifiek op die belofte wat "julle van My gehoor het" (Joh. 14:16, 17; 15:26; 16:7-14).

**1:5.** "... julle sal met die Heilige Gees gedoop word . . ." (Matt. 3:11; Mark. 1:8; Joh. 3:5). Die doop met die Heilige Gees sien op Pinkster- die uitstorting van die Gees (Hand. 2).

Die doop met of uitstorting van die Heilige Gees vind net een keer plaas, wat die kerk of volk van die nuwe bedeling betref. Dit is met Pinkster (Hand. 2:1-4). Die *bedeling* van die Gees begin nadat Jesus opgevaar het na die hemel (Joh. 7:39). Dan bly Hy by die kerk tot in ewigheid (Joh. 14:16, 17; 16:5-15; 1 Kor. 3:16; Rom.8:11).

Die doop met die Heilige Gees verskil van die doop met water, omdat die waterdoop self nie die vergewing van sondes gee of die bekering bewerk nie. Dit kan alleen die Één wat sterker is, wat ná Johannes die Doper kom, doen, wanneer Hy mense met die Heilige Gees doop (Matt. 3:11, Joh. 1:33; Luk. 3:3).

Die doop met die Heilige Gees word egter afgebeeld deur die doop met water (Joh. 3:5; 1 Kor. 6:11; 12:13; Kol. 2:12). Die Heilige Gees gee aan ons wat die water afbeeld - reiniging van die sonde.

Vanselfsprekend is nie elkeen wat met water gedoop is, ook met die Heilige Gees gedoop nie. Soos 'n boom aan sy vrugte geken word, só word die doop met die Heilige Gees ook bekragtig deur die vrugte van die Gees (Gal. 5:22; Rom. 8:1-17; Gal. 4:6; 2 Kor. 1:21, 22; Ef. 1:13; Gal. 3:14; 1 Pet. 1:2; Hand. 9:31).

### ***Vrae (*****1:1-5)**

1. Hoe sou u Lukas die skrywer as dienskneg van Jesus Christus beoordeel?
2. Jesus gaan voort met sy werk na sy opstanding in sy verskyninge voor sy hemelvaart. Met wie was Hy toe besig en waartoe het hy hulle voorberei? Wat beteken hulle werk of getuienis vir ons?

3. Jesus gaan ook voort met sy werk na sy hemelvaart. Wie en wat gebruik Hy daartoe? Hoe raak dit ons?
4. In ons tyd is daar teoloë wat sê dat dit nie gaan om die geskiedkundige Jesus, soos die Skrif Hom teken nie, maar dit is bloot 'n voorstelling van die "oerkerk" om bepaalde waarhede aan ons duidelik te maak. Sy opstanding het volgens hulle byvoorbeeld nie werklik plaasgevind nie, maar is 'n manier om uit te druk dat Hy voortleef in die gedagtenis van die kerk. Hoe moet ons dit beoordeel in die lig van Hand. 1:1-3?
5. Wat is die doop met die Heilige Gees? Waarom moes die apostels die doop met die Heilige Gees ontvang, terwyl hulle alreeds deur die Heilige Gees in Jesus glo? Wat is die verskil tussen die doop met water - van Johannes die Doper en van elke ampsdraer tot in ons tyd - en die Doop met die Heilige Gees? Is elke mens wat met water gedoop is, ook met die Heilige Gees gedoop (1:5)? Is u met die Heilige Gees gedoop en waaruit weet u dit?

### *Die Koninkryk van God (1:6-8)*

**1:6.** In vers 6 kom weer 'n belangrike saak ter sprake: *"die koninkryk van Israel (*of: ... van God - of... van die hemele).

Die Here is die Almagtige - Hy regeer oor alle dinge. (Ps. 93:1; 95:3-5). Dit is sy koningskap van *mag* of *heerskappy.* Hy rig vir Hom 'n koninkryk van *genade* op wanneer Hy sy verbond met Abraham en sy nageslag sluit (Gen. 17:7). Die volk ontvang egter die belofte van die *koms* van die koninkryk op besondere wyse, met die koms van die Messias (Jes. 9:5, 6; 11:1, 2, 10; Jer. 23:5; 30:9; Eseg. 34:23, 24, ens.). Jesus die Seun van Dawid is die verwagte Koning (Luk. 18:38). Johannes die Doper kondig die koms van die Koning en sy koninkryk aan en Jesus doen dieselfde (Matt. 3:2; 4:17). Jesus beantwoord egter nie as Koning aan die verwagtinge van die Jode nie. Hulle verwerp Hom, die Koning van die Jode (Joh. 19:19-22). Hulle verwerp Hom omdat sy koninkryk nog nie 'n koninkryk van heerlikheid is nie, maar van genade (Matt. 5:3; 18:3; Joh.3:3). Hy sê selfs: kyk Joh. 18:36. Sy koningskap skuil agter sy priesterlike sorg en sy prediking van genade.

Sy koninkryk is ook nie tot Israel beperk nie (Matt. 8:11). Sy opstanding is vir sy dissipels 'n keerpunt - Hy bewys sy mag oor die dood. Nou kan Hy doen wat hulle as Jode verwag. Hy kan die "beloftes" van die koms van die koninkryk verwesenlik, meen hulle. Hulle verstaan egter die beloftes uit die Ou Testament nie reg nie. Wat het Jesus self vir hulle gesê?: lees Matt. 24 en 25 volledig. Daaruit blyk duidelik dat sy koninkryk in heerlikheid nog in die toekoms lê.

**1:7.** Vers 7 sê wat ons nie toekom nie - vers 8 wat ons wel toekom (Mark. 13:31, 32; Matt. 24:36; 2 Pet. 3:10). Ons hoef ons nie te kwel oor die *verborge* wil van God nie, maar ons moet gehoorsaam wees aan sy *geopenbaarde wil. (*1 Thess. 5:1-11; Deut. 29:29).

**1:8.** In vers 8 sê die Here nou *waartoe* die apostels met die Heilige Gees gedoop word of die Gees ontvang. Wat ontvang hulle? "Krag!" Waarom nie wysheid of insig of geloof nie? (lees Jes. 40:27-31). Wees maar verseker dat die Here weet dat ons in die eerste plek *krag* nodig het. Die apostels glo immers alreeds (Matt. 16:16; Joh. 6:68, 69). Gelukkig beteken dit nie menslike krag nie (Sag. 4:6; 2 Kor. 12:9, 10).

Waartoe ontvang hulle die krag? " ... julle sal my getuies wees." *"'n Getuie"* getuig van wat hy gesien en gehoor het (Hand. 2:4-6; 14:21-24; 4:8-13). Maar nie alleen die apostels was getuies nie (Hand. 6:8-10; 8:4; 11:19-21). Dit bly ook nie alleen die roeping van mense in die Bybelse tyd nie. Kyk mooi na wat Jesus sê: die apostels kon nog getuies wees in Jerusalem en Judéa en Samaria, maar die *uiterste van die aarde* sou hulle nooit bereik nie (Mark. 13:10). Solank die aarde bestaan, is hierdie roeping nooit afgehandel nie. (Matt. 5:13-16; 10: 32;

Rom. 10:10).

Die *Heidelbergse Kategismus* handel in Sondag 12:39 oor wat ons noem: *die amp van die gelowiges.* Ons is gesalf met die Heilige Gees tot *profete,* priesters en konings. 'n Profeet is 'n mens wat *praat van God* - dit is presies wat elke Christen moet doen. Eintlik kan hy nie regkry om dit na te laat nie, want Hy het daartoe die Heilige Gees ontvang - en daarmee die krag om Jesus se getuie te wees. Vanselfsprekend is ons hele voorbeeld - ook in ons dade - 'n getuienis vir Jesus in die wêreld (Matt. 5:13-16; Rom. 12:1, 2).

## *Hemelvaart en wederkoms (1:9-14)*

**1:9.** In vers 9 word die hemelvaart beskryf (Mark. 16:19; Luk. 24:51). Ons *Kategismus* sê (Sondag 18): "Dat Christus voor die oë van sy dissipels van die aarde na die hemel opgevaar het." Jesus self het dit gesê (Joh. 13:32, 33; 14:2, 3; 16:28). *"Die hemel moet Hom ontvang* ..." (Hand. 3:21; Hebr. 12:2). Dit is goed om iets van die uitwerking van sy hemelse heerlikheid op 'n aardse mens te sien - Openb. 1:10 e.v. Ons moet onthou dat sy menslike natuur nie vergoddelik is nie - dit is wel verheerlik (Openb. 1:18 - na sy *Godheid* was Hy nie dood nie). Met sy hemelvaart word Satan, wat nog as aanklaer toegang tot die hemel gehad het, neergewerp (Job. 1:6-11; Sag. 3:1, 2; Openb. 9:1, 2; 12:1-10; Luk. 10:18).

***Christus is nie ledig in die hemel nie***
Hy regeer oor alles (Matt. 28:18-20; Openb. 12:5; 20:4; Ef. 1:20-23). Hy tree vir ons in met sy voorbidding (Hebr. 9:24; Rom. 8:34). Hy regeer oor sy kerk - die gelowiges - in besonder deur sy Gees en Woord (Joh. 10:27; 15:12, 14; 16:13; Rom. 8:14). Hy vergader sy kerk wat Hy uitverkies het (Rom. 8:29, 30). So berei Hy sy bruidskerk voor vir die bruilof van die Lam (Openb. 19:7-9).

***Wederkoms***
**1:10, 11** Verbaas kyk die apostels Jesus agterna. Selfs nadat Hy agter 'n wolk verdwyn het, kyk hulle nog stip na die hemel. Dan verskyn twee engele aan hulle. Engele verskyn by sy geboorte (Luk. 1:11; 1:26, 27; 2:8-15); by sy opstanding (Luk. 24:4-7; Joh. 20:12, 13) en nou ook by sy hemelvaart.

*Om te staan of sit en kyk na die hemel* is onvrugbare tydverdryf. Ons het werk op aarde - hy wat die koms van die Here op die wolke die dringendste verwag, werk die hardste daarvoor op aarde (Matt. 24:45-51; Matt. 25).

Jesus se hemelvaart en wederkoms word verbind. Hy het gegaan om weer te kom (Joh. 14:3; Luk. 19:11, 12; Matt. 25). Vanaf sy hemelvaart is Hy besig om te werk aan sy wederkoms. Eintlik is Hy besig om te kom - ons sien sy naderende koms in die wêreldgebeure (Mark. 13:14-32). Hy word voor hulle oë weggeneem deur 'n wolk en Hy kom weer op die wolke (Dan. 7:13, 14; Matt. 24:30; Openb. 1:7; 14:14). Sommige meen die wolke waarmee Hy kom, kan 'n wolk van engele wees.

Die nadruk lê hier nie op die wolk nie, maar op Hom as Persoon - Hy sal dieselfde Persoon wees (Openb. 14:14; 22:12; 22:20).

### *Vrae (***1:6-11)**

1. Wat is die koninkryk van God en behoort u aan die koninkryk van God (1:6)?
2. Wanneer gaan Christus sy koninkryk in heerlikheid oprig? Is dit moontlik en nodig vir ons om die dag en uur vooruit te weet? Hoe moet ons "wag" op sy wederkoms (1:6, 7)?
3. Wie is die getuies van die Here? Wat moet ons doen om sy getuies te kan wees (1:8)?
4. Waarom het Jesus voor die oë van sy apostels opgevaar na die hemel? Wat beteken dit vir ons

(1:9)?

5. Waarom verbind die engele sy hemelvaart met sy wederkoms (10, 11)?

### *Die apostels wag op die belofte*

**1:12.** Waarom draai hulle om na Jerusalem? Hulle gaan op die *belofte* wag en vir die *opdrag* gereedmaak (4, 5, 8).

**1:13.** Die bovertrek is moontlik die vertrek waar hulle met Jesus die Pasga geëet het (Luk. 22:11, 12). Dit kan ook die huis van die moeder van Johannes Markus - die Evangelieskrywer - wees (Hand. 12:12). Dan volg die apostels se name - opmerklik dat Petrus se broer Andréas nie saam met hom genoem word nie, soos elders, byvoorbeeld Matt. 10:2-4. Ook word Johannes vóór sy broer Jakobus genoem, terwyl Johannes die jongste was. Hier is die volgorde: Petrus, Johannes, Jakobus - die drie in die volgorde waarop hulle die meeste op die voorgrond getree het. (Van die ander hoor ons selfs nie weer nie.) Veral Petrus en Johannes was op die voorgrond (3:1). Jakobus is deur Herodes met die swaard doodgemaak (Hand. 12:1).

### *Hulle wag biddend*

**1:14.** *Gebed.* Die eerste gemeente het die krag van die gebed geken en beoefen (2:42; 4:24-31; 9:11; 12:12; Ef. 6:18, 19; 1 Thess. 5:17; Jak.5:15, 16, ens.)

Hulle *"volhard* in die gebed". Hoe, word nie gesê nie. Het hulle aangehou - dag na dag - om die hele dag deur te bid? Ons hoef dit nie só te aanvaar nie. Hulle ken Jesus se woorde (Matt. 6:5-8). Jesus keur "herhaling van woorde" nadruklik af. Waarvoor het hulle gebid? Bepaald om die vervulling van die *belofte (*verse 4, 5, 8). Dit is vanselfsprekend en nie vreemd nie. In werklikheid is dit ook die grond en pleitgrond in ons gebede (Ex. 32:9-14). God se beloftes aan Abraham, Isak en Jakob is Moses se pleitgrond. Op watter beloftes kan ons nie alles pleit nie? (Matt. 24:20; Matt. 6:33, Matt. 18:19, 20; Luk. 18:1-8; Luk. 11:5-13; Luk. 10:27, 28; Matt. 15:7, ens.)

Wie behalwe die apostels daar was, word nie gesê nie. Lukas meld alleen dat daar 'n aantal vroue was - onder wie Maria, die moeder van Jesus. Dit is die laaste keer dat ons van haar verneem - nou 'n dissipelin van haar Seun en haar Verlosser. Dat in hierdie eerste groepie dissipels (120 volgens vers 15) ook vroue aanwesig is, wys op die nuwe posisie van die vrou in die kerk. Jesus het die vrou vrygemaak - geëmansipeer of in ere herstel. Later neem vroue selfs 'n aktiewe rol in die gemeente (Hand. 9:36; 18:26; 21:9; Rom. 16:3, 4, 6, 12, 15). Die Evangelies verhaal ook hoe vroue Jesus gevolg en gedien het - en na Hom geluister het (Luk. 10:38-42 - sien hierby Joh. 12:3, 7, 8 - Maria het goed geluister en weet sy begrafnis is op hande, terwyl die mans dit nie kon begryp of aanvaar nie.) Dink aan die vroue by die kruis en graf en opstanding (Luk. 23:49; Joh. 19:25; Joh. 20:1, 11-18; Matt. 27:56, 61; 28:1-10).

Daar lê groot terreine in die kerklike lewe vir die vrou braak. Bybelstudie sal gewis ons vroue spontaan na vore laat kom om veel meer aktief in die gemeente dinge te doen - dink aan evangelisasie, sending, siekebesoek. Die taak is oneindig wyd en groot - indien ons maar toegerus is met die Bybel.

Ook die broers van die Here Jesus is nou hier. Later neem Jakobus, die broer van Jesus, 'n leidende aandeel in die gemeente (Hand. 15:13-21; 21:17, 18; Gal. 1:18; 2:7-9; Jak. 1:1).

## *Kerklike paraatheid (1:15-26) Judas se plek is leeg*

**1:15.** Petrus tree op as leier (15). Jesus het opgevaar. Die groepie gelowiges - 120 in getal - berei hulle voor en wag op die belofte. Hulle volhard eendragtig in die gebed. Maar hulle doen meer as dit. Hulle bring hulle organisasie in orde. Daartoe neem Petrus die leiding. Só

het hy steeds leiding gegee (2:14; 2:37; 3:1, ens.). Kyk ook na Gal. 1:18; 2:7-9. Hier bedoel Paulus met "Jakobus" nie die apostel, die broer van Johannes, nie, want hy is deur Herodes onthoof (Hand. 12:1), maar Jakobus die broer van die Here Jesus (Hand. 15:13, Jak. 1:1). Jakobus noem homself 'n dienskneg van "die Here Jesus Christus" (Jak. 1:1).

**1:16, 17.** Judas die verraaier is dood (Matt. 27:1-10). Só is die Skrif vervul (16, 17; Ps. 41:10), "wat die *Heilige Gees* voorspel het deur die mond van Dawid". Ook die Ou Testament is ingegee deur die Heilige Gees en is nie minderwaardig nie (2 Tim. 3:16; 2 Pet. 1:21; Joh. 5: 39; Hebr. 1:1). Judas was sy bediening of amp onwaardig. Judas die verraaier was uitverkies tot die *bediening* - nie tot die ewige lewe nie (Joh. 6:70). Judas is vir elkeen van ons 'n waarskuwing en ook 'n bewys dat die Skrif vervul word (Joh. 13:18).

**1:18, 19.** Lees hierby: Matt. 27:1-10. Volgens Matt. 27:5 het Judas homself opgehang. Hier staan: " . . . hy het vooroor geval en oopgebars, en al sy ingewande het uitgestort." Dit weerspreek mekaar nie - tydens die handeling of selfs nadat hy dood was, kon hy geval en oopgebars het.

**1:20.** Vers 20 verwys na Ps. 69:26. Ps. 69 is 'n Messiaanse psalm. Judas se "woonplek" is nie die bloedakker nie, maar sy *apostel-amp* wat leeg geword het. Die tweede deel van die vers verwys na Ps. 109:8.

***Die apostelamp***

**1:21, 22.** Hier kry ons die vereistes om 'n apostel te kan wees. Daaruit volg dat dit 'n *eenmalige* amp of bediening was. Hulle moes getuies van Jesus se optrede wees - sy prediking, sy wonders, sy dood, opstanding en hemelvaart (1 Joh. 1:1-3). Veral die *opstanding* word benadruk.

**1:23-26.** Die leë plek van Judas word gevul deur 'n tweetal te kies en dan werp hulle die lot. In die *Ou* Testament is dikwels sprake van die lot (Lev. 16:8; Jos. 18:6; Neh. 10:34; Ps. 22:19 - wat die Evangelies toepas op die Here Jesus - Matt. 27:35; Joh. 19:24). Die lot is gewerp om die wil van die Here te openbaar waar dit vir 'n mens onduidelik is. Dit is die heilige lot - ons gebruik dit ook byvoorbeeld wanneer daar 'n staking van stemme is by die verkiesing van 'n ampsdraer (sien hierteenoor Jes. 65:11, 12). Wanneer die lot tot eie voordeel of geluk gebruik word, is dit dobbelary. Dit is sonde in die oë van die Here, want sy Naam of wil word daardeur misbruik en 'n mens jaag die "geluk" na, en gebruik nie jou gawes of arbeidskrag om jou inkomste te verkry nie.

### *Vrae (*1:12-26)

1. Waarom het die apostels teruggekeer na Jerusalem (1:12-14)?
2. Hoe moet ons bid, wanneer ons saam bid? Kan ons bid vir 'n nuwe uitstorting van die Heilige Gees? Kan ons persoonlik wel bid om die gawe van die Gees (1:14; Luk. 11:13)?
3. Waarom het Jesus Judas, die verraaier, as dissipel ongeneem terwyl Hy vooraf geweet het dat hy hom sou verraai (1:16; Joh. 6:64)?
4. Waarom is die apostelamp 'n eenmalige amp wat nie herhaal kan word nie (1:20-22)?
5. Wanneer mag ons die lot werp en wanneer nie (1:26)?

# HANDELINGE 2

### *Tekens van die uitstorting van die Heilige Gees (2:1-4)*

Die bedeling van die Heilige Gees breek aan. *Hy is Toepasser van die versoening en oorwinning van Jesus Christus. Jesus die Oorwinnaar regeer nou vanuit die hemel (*Ef. 1:20-23; Kol. 1:18; Matt. 28:18; Joh. 5:22): Deur die Heilige Gees giet Hy sy hemelse gawes in ons uit (Hand. 2:33; Ef. 4:8). Jesus regeer in besonder oor sy gemeente deur sy *Woord en Gees (*Joh. 10:27, 28; 6:63). Die Heilige Gees gebruik mense om van Jesus te praat — allereers om aan ons sy onfeilbare Woord, die Nuwe Testament (trouens die hele Bybel) te gee (Joh. 16:13; 2 Pet. 1:21). Daarom mag ons die Gees en die Woord nooit skei of van mekaar losmaak nie. Die instrument waarmee die Gees werk, is die Woord - die swaard van die Gees (Ef. 6:17). *Die Gees lei ons,* wanneer ons gehoorsaam is aan die Woord (Gal. 5:18, 22, 25). *Ons is vervul met die Gees,* wanneer ons besig is met die Woord en ons laat regeer deur die Woord - dit alleen is ons inspirasie en dryfkrag (Ef. 5:14-21).

**2:1.** *Die dag van die Pinksterfees* Dit beteken "die fees van die vyftigste dag", ook genoem die "fees van die weke" of "die fees van die eerstelinge" - die tweede van drie groot jaarlikse Joodse feeste (Lev. 23:15 e.v.; Num. 28:26-31; Deut. 16:9-12). Dit is sewe weke na Paasfees gevier. Dan is offergawes uit die eerstelinge van die oes na die tempel gebring. Dit is 'n *oesfees.* Dat die Heilige Gees op Pinkster kom, het dié betekenis dat Hy kom om die oes in te samel - die oes van Christus se soenlyde. Vergelyk Jesus se uitspraak oor die saadkorrel (Joh. 12:24). Die dissipels is nog eendragtig bymekaar (1:14).

**2:2.** *Wind*

"Gees" en "wind" en selfs "asem" is dieselfde woord in beide Grieks en Hebreeus. Hier is dit nie wind self nie, maar die *geluid* soos van wind. Dit moes geweldig gewees het - wat ook blyk uit die mense wat saamstroom. Waarskynlik was die dissipels hier byeen in 'n sysaal of êrens in die tempel. *Die Blye Boodskap* vertaal: "en dit het die hele *plek (*en nie huis nie) gevul waar hulle gesit het."

*Wat wil die teken aandui? Wind* - veral die geweldige rukwind, dui allereers op die groot *krag* van wind. Dit dui op die onweerstaanbare krag van die Gees, wat die hardste hart verbrysel, dooie mense lewend maak, gelowiges tot alles in staat stel en altyd bewaar (Sag. 4:6, 7, 10; Ps. 33:6; Joh. 6:63; Ef. 1:13, 14; - vergelyk hierby Openb. 7:1-4.)

Maar wind is ook geheimnisvol (Joh. 3:8). Jy kan die werking en koers van die Heilige Gees nie met jou sintuie waarneem nie. Jy sien alleen die uitwerking of vrugte van die Gees - soos ook van die wind (Gal. 5:22-24; Matt. 7:17).

**2:3.** *Vuur* Ook met die teken van die vuurtonge wou die Here iets tuisbring (Matt. 3:11; Hand. 1:5). Dit kan oordeelsvuur beteken (Hand. 2:20! 2 Pet. 3:7, 10 - ook in die eindoordeel is die Heilige Gees medewerksaam). Dit beteken ook louteringsvuur (Sag. 13:9; Jes. 43:2; Mal. 3:2). Maar dit beteken ook *lig (*Sag. 4:2-6 - die lig van die kandelaar skyn deur olie van die olyfbome - só is die Heilige Gees die olie wat ons lig in die wêreld laat skyn (Matt. 5:16).

**2:4** *Vervul met die Heilige Gees (*2:4)

Lees oor dié uitdrukking: Hand. 4:41; 13:9; 13:52; 9:17; in Hand. 7:55: vol van die Heilige Gees"; in Ef. 5:18: ". .. word met die Gees vervul" (Joh. 14:16, 17, 25, 26).

Hieruit kan ons nie aflei dat alleen bepaalde Christene "vervul is met die Heilige Gees" nie. Die Gees het gekom om te bly en elke ware gelowige besit die Heilige Gees. Dat die Gees egter soms kragtiger deurwerk by gelowiges, is duidelik. Veral Paulus se vermaning in Ef.

5:18 skerp ons op om vervul te word met die Gees. Ons kan iets daaraan doen - ons is daartoe geroepe om ons te oefen in die werke van die Gees. Hoe doen ons dit? Sien Luk. 11:13; Ef. 6:17; - met ander woorde *bid* en *gebruik die Bybel* en dra vrugte wat by die bekering pas (Gal. 5:16-26). Elke ware gelowige is 'n woning of tempel van die Gees (Rom. 8:9, 11, 14, 16; 1 Kor. 3:16; 12:3, 7-11; Ef. 1:13; 1 Joh. 4:2, 13). Hy deel gawes uit soos dit Hom behaag - die grootste hiervan is die liefde (1 Kor. 13:13).

Alreeds voor Pinkster tref ons die uitdrukking aan (Luk. 1:67; 2:25-27). Hier sien dit bepaald op die profetiese gawes; naamlik om getuies vir Christus te wees, deur sy Woord te verkondig en sy Naam te bely.

Ons moet onderskei tussen die twee uitdrukkings: "doop met die Heilige Gees" (1:5) en "vervul met die Heilige Gees".

Die *doop met die Heilige Gees* is 'n eenmalige gebeurtenis. Vir die kerk as geheel het dit één keer plaasgevind - by Pinkster (1:5). Vir elke gelowige vind die doop met die Gees plaas wanneer hy weer gebore word. Die wedergeboorte tree aan die lig deur die bekering (2:38).

'n Mens is egter *vervul met die Gees,* wanneer die Gees van jou besit neem en jou bekwaam en inspireer om jou roeping te vervul. Daarom kan Paulus ons vermaan: "word vervul met die Heilige Gees" (Ef. 5:18). En die Here Jesus leer ons om te bid om die Heilige Gees (Luk. 11:13). Hier is sprake van mense wat alreeds weer gebore is. Hulle is ware gelowiges wat lewend gemaak is deur die Gees, maar hulle moet hulle meer en meer stel onder die heerskappy van die Gees. Dit beteken in één woord: wees gehoorsaam aan die Woord van God, dan is jy gehoorsaam aan die Gees.

***"... spreek in ander tale ..."***

Dit is 'n gawe van die Gees, vermeld in Mark. 16:17; Hand. 2:4-13; 10:44-46; 19:6; 1 Kor. 12; 14. Let wel, Hand. 2:4-13; 10:46 en 19:6 lê klaarblyklik op een lyn. Hulle *profeteer* eintlik in "vreemde tale". Volgens Hand. 2 verstaan die vreemdelinge dat hulle in hul eie tale praat van die groot dade van God. Op die ander plekke het ons geen rede om te aanvaar dat hulle dan in 'n ekstatiese, onbegryplike uiting van vreemde klanke uitbreek nie. Dit staan in verband met *profeteer of van die groot dade van God spreek* - wat ander mense klaarblyklik, net soos in Hand. 2, kon begryp.

Alleen by 1 Kor. 12 en 14 is daar sprake van 'n *uitleg* van tale en Paulus se vermaning om dit liewer nie in die gemeente te beoefen nie. Dit is eintlik 'n vorm van gebed (1 Kor. 14:2). Dit is opmerklik dat Paulus by die opsomming van die gawes van die Gees *die spreek in tale* telkens laaste noem (1 Kor. 14:18, 19). Dat mense in vreemde tale praat - wat vir geen mens verstaanbaar is nie - is moontlik. Dit word egter net in 1 Kor. 12 en 14 nadruklik geleer - en dan ook nie eens aangemoedig nie (1 Kor. 14:39). *"Beywer* julle om te profeteer ..." - positief, aanmoedigend. ". .. en *moenie verhinder dat daar in tale gespreek word nie . . ."* - negatief, dit mag toegelaat word, maar word beslis nie aangemoedig nie.

## *Die menigte stroom saam en is in die war (Hand. 2:5-13)*

In die voorafgaande verse het ons gesien wat die uitwerking van die uitstorting van die Gees op die gelowiges - die volgelinge van Jesus - was. Nou hoor ons van die uitwerking op buitestaanders - mense wat nie in Jesus geglo het nie.

Hier word van Jode uit allerlei landstreke vertel wat toe juis in Jerusalem was - dit wil nie juis sê dat hulle al lankal daar gewoon het nie, hoewel dit ook so kon wees. Hulle is in elk geval van oorsprong uit ander landstreke en hulle werklike huistaal was nie Aramees - die taal van die destydse Jode - nie. Die Jode in die verstrooiing het oor die hele bekende wêreld gewoon

en selfs sinagoges gehad. Volg Paulus maar op sy sendingreise (Hand. 13:5; 13:14; 14:1; 17:1; 17:10; 17:17; 18:4, ens.). Hulle het dus al die vreemde tale gepraat. Hulle was verbaas om te hoor hoe die Galileërs in hul eie taal praat "waarin ons gebore is" (vers 6-8).

Vers 9-11 is dan 'n opsomming van al die verskillende mense wat verskillende tale praat en oor hoe die dissipels in elkeen se eie taal praat. Of elke dissipel maar in sy eie taal gepraat het en die ander in hulle eie taal gehoor en of elke dissipel daadwerklik 'n vreemde taal *gepraat* het, is nie belangrik nie. Dit is wel belangrik dat elke hoorder hoor hoe hulle in sy eie taal van die groot dade van God praat - hulle het dit begryp (6, 8, 11).

*Hiermee sê die Skrif aan ons dat die groot dade van God oor alle taalgrense heen verkondig sal word - al sou sendelinge later vreemde tale moes aanleer. Die evangelie is bedoel vir alle mense van alle taalgroepe. Daarvan is die tale-wonder 'n teken.* Die mense was verbaas en radeloos. Waar iets van die heerlikheid van God gesien of gehoor word, skrik 'n sondaar (Jes. 6:1-5; Luk. 5:8). Diegene wat nie nou skrik nie, sal later skrik - dan is dit te laat (Openb. 6:15-17). Gelukkig is drie duisend mense se skrik op die dag verander in blydskap (41).

Ander het gespot (vers 13). Dit is 'n vreemde soort "dronkenskap" dat mense in duidelike, verstaanbare taal praat van die groot dade van God. Dit is ongeloof wat so spot - hulle wil nie luister nie (Joh. 10:25, 26; Luk. 16:27-31).

### *Die Heilige Gees vertel van Homself (2:14-17)*

**2:14.** Jesus se belofte is vervul (Hand. 1:8). Dink aan Petrus se vroeëre optrede (Joh. 18:17; 25-27). Die "elf" staan saam met Petrus op - hy is die spreekbuis van die groep - hulle is almal "getuies". Let ook op wat hulle vroeër gedoen het (Mark. 14:50). Petrus begin by die begin van Jesus se program: Jerusalem (14 b). Hy begin by die Joodse volk - die *verbondsvolk (*1:8). ". . . almal wat in Jerusalem woon", is ook maar Jode uit die verstrooiing wat nou hier is (9-11). Vir die Jode was dit uiters moeilik om na die woorde van die evangelie van Jesus te luister (l Kor. 1:22, 23, 24).

**2:15.** Die ongeloof soek altyd 'n "natuurlike" verklaring vir die werke van God (Joh. 12:27-29). Dit is egter 'n dwase verklaring.

***Vrae (*2:1-15)**

1. Hoe werk Christus vanuit die hemel in ons persoonlike lewe? Watter middele gebruik Hy? Mag 'n mens die werk van die Heilige Gees los van die werk van Christus sien? Werk die Heilige Gees onafhanklik van die Woord van God?
2. Het dit enige betekenis dat die Heilige Gees op die Joodse Pinksterfees uitgestort is?
3. Hoe sou ons die tekens van die geluid van wind en tonge soos van vuur op onsself kan toepas?
4. Is "elke gelowige" *vervul* met die Heilige Gees? Besit elke gelowige die Heilige Gees en waaraan weet ons dit?
5. Is die feit dat mense "in tale praat" altyd 'n onmiskenbare bewys dat hulle die Heilige Gees ontvang het (vergelyk hierby ook Matt. 7:21-23; 24:24, 25)? Het die mense met vreemde moedertale by Pinkster begryp wat die gelowiges in die vreemde tale sê? Wat is die profetiese betekenis van die tale-wonder?

***Petrus lê die hand op die Bybel***

**2:16.** Petrus redeneer nie verder met die spotters nie. Hy verkondig die Skrif. Dit is die einde van alle teëspraak (Joh. 10:35 b) - die Skrif kan nie gebreek word nie (2 Tim. 3:16). Petrus haal aan uit Joël 2:28-32. Só het Jesus self ook die Satan geantwoord met die Bybel (Matt. 4:1-11). Ken ons die Bybel, dan het ons 'n antwoord op elke dwaalleer of aanvegting. Ons moet ook soos Jesus kan sê: "Daar is ook geskrywe" (Matt. 4:7). Selfs die tekens by Pinkster

sou nie op sigself die toeskouers tot geloof kon beweeg, indien hulle nie die Bybel glo nie. Daarom, laat die Bybel altyd praat! Tekens kan hoogstens ons geloof versterk, maar gee geen geloof nie (lees noukeurig: Joh. 2:23-25 - liefs in die *Blye Boodskap* - Jesus vertrou nie tekengelowiges nie). Petrus se aanhaling uit Joël kom uit die sogenaamde *Septuaginta* - die destydse Griekse vertaling van die Ou Testament. Dit is een rede waarom dit hier en daar verskil van ons Nuwe Testament. Verder is dit vir Petrus nie bloot 'n aanhaling nie, maar ook 'n verduideliking of toepassing - by monde van Petrus lê die Heilige Gees sy eie Skrifwoord ook uit (Joh. 16:13).

**2:17.** Eintlik het verse 17 en 18 alleen betrekking op die uitstorting van die Gees as sodanig. Verse 19 en 20 sien op die voleinding (daaroor later).

***Die Heilige Gees praat van Homself***

Petrus kan met reg "in die laaste dae" sê, waar Joël sê: "en daarna". Joël is in werklikheid besig om te preek oor die "dag van die HERE" (Joël 2:2). Ook die uitdrukking "in die laaste dae" wys na die eindtyd. Hier sien dit egter op die tyd van vervulling, of besondere genade - "die jaar van die welbehae van die Here" of aangename jaar (Hebr. 1:1-4; Luk. 4:19; Jes. 61:2). Dit is die tyd van die vervulling van die beloftes. Dit beteken ook die tyd vanaf Christus tot sy wederkoms. Daarom is vers 19 en 20 hierby ingesluit.

"My Gees uitstort" (Jes. 32:15; 44:3). Die mense kan egter God se Gees - dit is God self - nie ten volle ontvang nie (Num. 11:17; 1 Kor. 12:4). Alleen in Christus woon die volheid van die Gees (Kol.2:9).

"op alle vlees". Hier gaan dit nie alleen om Israel, die volk van die Ou Verbond nie, maar om mense uit alle nasies. "vlees" sien hier op die nietigheid en broosheid van die mens.

*"julle* seuns en *julle* dogters . . .", ens. Hier gaan dit nie oor alle mense nie, maar tog weer oor bepaalde mense - die "seuns en dogters van die verbond" (Gal. 3:28, 29). Dit is egter nie alleen profete of priesters wat sal profeteer nie, maar alle Christene (Num. 11:29; 1 Joh. 2:20, 27). "Seuns en dogters" is eintlik hier "nageslag" of "komende geslagte" (Ps. 45:17). Dit is merkwaardig dat *seuns* en *dogters* naas mekaar genoem word - in die Ou Testament is die vrou gewoonlik uitgesluit (vergelyk opmerkinge by 1:9-14).

Ook oumense sal openbaringe ontvang (Ps. 92:15, 16).

Geen oumens lewe verniet nie. Hy het werk tot sy laaste asemtog: om te praat, voorbidding te doen en 'n voorbeeld van lydsaamheid in beproewinge te wees. 'n Blymoedige oumens is 'n kragtige getuie van God se genade.

**2:18.** "my diensknegte en diensmaagde" is in werklikheid in Grieks "my slawe en slavinne". God erken selfs die veragte slawe en slavinne as *syne* - hulle is nie hul base se eiendom nie, maar God s'n. Ook hulle ontvang die Gees én sy gawes. Daarom kon Paulus vir Filémon vra om sy weggeloopte slaaf, Onésimus, terug te ontvang "as 'n geliefde broeder" (Filémon 16). Ook hulle is 'n deel van die "alle vlees" (17). In dié opsig is dit dringend noodsaaklik dat ons ernstig besin oor ons verhouding tot ons bediendes.

Hiermee het die Heilige Gees, by monde van Petrus, die verklaring oor Homself as *Gees* eintlik afgehandel. Voortgaande getuig Hy van Christus en sy werk. Selfs al in verse 19 en 20 lê die nadruk op die wederkoms van Christus. In vers 22 begin Petrus dan direk die evangelie van Jesus Christus verkondig. Die Gees sê nooit veel oor Homself nie - selfs nie as Outeur van die Bybel nie (Joh. 15:26; 16:14).

***Vrae (*2:16-18)**

1. Watter verskil het die koms van die Heilige Gees gemaak aan Petrus en die ander apostels? Vir

wie preek Petrus in die eerste plek (dink aan Jesus se werkprogram in 1:8)? Waarom was dit vir die Jode moeilik om in Jesus te glo?

2. Hoe verklaar Petrus die koms van die Heilige Gees? *GIo* ons dat ons die Heilige Gees ontvang het *of ondervind ons dit met ons sintuie?* Wat is die enigste objektiewe maatstaf waaraan ons ons geloof en lewe kan toets?
3. Waarop sien die uitdrukking "die laaste dae" in 2:17?
4. Waarop sien die uitdrukking "seuns en dogters"?
5. Wie is almal "profete" - (*Kategismus,* Sondag 12)? Het vers 18 vir ons iets te sê met die oog op ons bediendes en werksmense?
6. Wat is die verband tussen Pinkster en die wederkoms van Christus?

### *Die Heilige Gees en die voleinding (2:9-21)*

**2:19, 20.** Hier het ons duidelik 'n verwysing na wat ons "tekens van die tye" noem - die tye wat die wederkoms van Christus op die wolke voorafgaan (Matt. 24:6, 7; Openb. 9:15-19 en Openb. 6:12-17).

Hoe moet ons dit begryp dat Petrus rustig die tekens van die eindtyd by Pinkster voeg? Só het ook die profete in die Ou Testament gedoen (Joël 2:28-32, sien ook Hand. 1:11). Christus se eerste en tweede koms - op die wolke om te oordeel - word gewoonlik deur die profete gesien as één gebeurtenis. Selfs Johannes die Doper doen dit (Matt. 3:10-12; Mal. 3:1-3; 4:5 - Elia en Johannes die Doper word deur Christus self in verband met mekaar gesien Matt. 11:13, 14).

Ons leef in die bedeling van die voorbereiding tot die koms van die dag van die Here. Daarom word die tekens van sy koms ook hier, saam met die uitstorting van die Heilige Gees, genoem. Ons moet elke dag gereed wees vir sy koms (1 Kor. 1:4-8; 2 Kor. 1:14; Filip. l:10; 1 Thess.5:2).

**2:21.** Ook hierdie vers is 'n aanhaling uit Joël 2:32. Dit is die gevolg van God se genadewerk deur Christus en die Heilige Gees.

Wie sal gered word? "Elkeen wat die Naam van die Here aanroep" - uit die volke of alle vlees. Dit gaan nie om die redding van 'n volk of volke - hoof vir hoof - nie, maar om bepaalde mense uit die volke; die wat die Here aanroep, of dié wat in Christus glo (Joh. 3:16; Rom. 10:13).

### *Jesus van Násaret het opgestaan (2:22-36)*

Dit is opmerklik hoe die hoofnadruk in die verkondiging van die evangelie in Handelinge dikwels op die opstanding val. Ook hier is dit so. Die apostels huiwer nie om die "ongelooflike" feit van die opstanding te verkondig nie - juis daarom kon hulle ook blymoediglik sterf.

**2:22.** Petrus rig hom opnuut tot sy volk - die destydse verbondsvolk, die nakomelinge van Jakob of Israel (sien by vers 14). Dan kom hy dadelik by die saak waarom dit gaan: *Jesus, die Nasaréner*. Hy pas die profesie uit Joël nou toe. Die naam *Nasaréner* sluit by die kruis aan (Joh. 19:19, Hand. 10:38).

Petrus noem Jesus hier nie "God" nie, maar 'n "man deur God aangewys ..." (Joh. 5:36; 10:25; 10:32, 38; 14:11; 15:24). Die Jode weet self van Jesus se werke, wat getuig het dat Hy die Seun van God is.

**2:23.** In vers 22 noem Petrus bekende feite - nou verklaar hy dit. By die kruisiging is nie die

Jode of goddelose manne se planne uitgevoer nie, maar God se raadsplan (Ps. 33:10, 11; Jes. 53; Matt. 16:21; 17:12; Mark. 8:31, 9:12; Luk. 22:15; 24:26; Hand. 3:18; 17:3; 26:23). Ook ons kan dit toepas op ons tyd - God regeer volgens sy raadsplan. Die magtiges van die wêreld is magteloos teen Hom. In Openb. 5 word die "boek van God se raadsbesluit aan die Lam wat geslag is", oorhandig en Hy maak dit oop en voer dit uit (Openb. 5 en 6).

**2:24.** "Hom het God opgewek". Soms sê die Bybel dat Hy self *opgestaan het.* Die Jode weet uit die Bybel dat God mense uit die dood kan opwek. Moontlik sê Petrus dit daarom op dié wyse. (Dat Hy die Seun van God en daarom God is, kom later wel aan die orde.) Dat God dooies opwek, kan die Fariseërs altans nie betwis nie (Hand. 23:6). Let op die afwisseling van die begrippe: "opwek" en "opstaan" (Matt. 16:21; 17:23; Luk. 9:22; Hand. 10:40; 1 Kor. 15:4; Luk. 24:34; Matt. 26:32; Mark. 14:28).

Sy opstanding beteken dat Hy die dood oorwin het (1 Kor. 15:19-21; 54-57; Joh. 11:25; Joh. 6:39, 40, 44, 54).

***Vers* 25-28 - *lees hierby Ps.* 16**

**2:25.** Petrus sê dat Dawid die dinge in Ps. 16 met die oog op Christus sê. Dit beteken nie dat Dawid nie ook sy eie omstandighede in gedagte gehad het nie, maar Dawid praat as profeet. Hier het ons 'n belangrike aanduiding hoe om die Psalms te begryp. Hy haal weer aan uit die *Septuaginta (*sien by vers 16 e.v.). Met die Here by Hom behou Dawid sy vastigheid of anker - altyddeur. Dit is ook waar van Christus. (Joh. 6:38 e.v.).

**2:26.** Van groot belang is dat Dawid ook vir sy verganklike *vlees* of *liggaam* verwagting het - dit sal rus in hoop (Job 19:25-27 - ook Job verwag sy liggaamlike opstanding).

**2:27.** Dawid praat ook van die voortbestaan van die siel - die gelowige kan sterf maar selfs na die dood vergesel God se bewarende guns hom (Ps. 73:24). (In vers 31 pas Petrus die uitspraak toe op Christus.)

**2:28.** Teenoor die dood staan die *lewe* - die dood is vir Dawid nie die einde nie. God het aan Hom die weë van die lewe bekend gemaak. Vreugde *by die aangesig van God* is die ewige vreugde in die heerlikheid by God (Ps. 80:4; 1 Joh. 3:1, 2). Al die dinge sê Dawid ten slotte met die oog op Christus (vers 25).

***Toepassing van Ps. 16 op Christus (*2:29-32)**

**2:29.** Dit is duidelik: koning Dawid is dood en begrawe. Sy grafkelder het klaarblyklik die verwoesting van die stad deur Nebukadnésar oorleef. Dawid se siel leef voort, maar sy liggaam is nog in die graf. Dit is feite aan almal bekend.

**2:30.** Dawid was egter 'n *profeet* en hy het 'n *belofte* van God ontvang. Soos elke profeet praat hy in die eerste plek van die Messias. Die profesie van die opstanding van die vlees is immers nog nie aan Dawid vervul nie. Nie Dawid se graf is leeg nie, maar wel Christus s'n (Matt. 28:15). Dawid kon ook só profeteer vanweë die belofte aan hom (Ps. 132:11 en 12; 2 Sam. 7:12; Ps. 89:20 e.v.). Hy het die Messias uit sy nageslag verwag.

**2:31.** Op grond van die belofte praat Dawid oor die opstanding van die Messias. As profeet het Dawid ook geweet dat die Messias deur lyde tot heerlikheid sou kom (Ps. 22). Die Jode in die tyd van Petrus aanvaar die profesie van Dawid aangaande die Messias - daarom kan hy dit vir hulle sê. (Op dieselfde wyse pas Hebr. 2:5 e.v. Ps. 8 op Christus toe; vgl. ook wat Paulus in Hand. 13:34 e.v. sê.).

**2:32.** In sy konklusie herhaal Petrus nou wat hy vroeër gesê het (vers 24). En dan haal hy nie as bewyse die leë graf, of die soldate wat gevlug het, selfs nie die vroue of Emmausgangers wat Hom gesien het, aan nie. Nee, hy sê bloot: *"waarvan ons almal getuies is."* Daarmee is

hy gehoorsaam aan die bevel van Jesus (1:8). By die opstanding vra die Here nie om aan die mense bewyse te gee nie, maar vra Hy dat ons dit moet glo op grond van die getuienis van die apostels. Hulle het die belofte (Joh. 16:17). Die Jode weet van Jesus en dat Hy gesterf het, maar hulle glo nie dat Hy opgestaan het nie. As Hy nie leef nie, kan Hy egter geen Verlosser wees nie.

### *Hy het opgevaar na die hemel (2:33-36)*

**2:33.** Hy het opgevaar - daarvan is die apostels getuies. Hy sit aan die regterhand van God - daarvan getuig die Skrif (Ps. 110); en Jesus self (Matt. 26:64). Die regterhand van God is 'n ereposisie, maar ook die bewys dat God alle dinge deur Hom regeer (Ps. 110; Matt. 28:18; Kol. 1:18). Die belofte van die Heilige Gees het Hy reeds voor sy opstanding ontvang (Joh. 14:16, 26; 15:26; 16:7 e.v.).

*Hy* - *Christus* - stort die Gees uit. Die Gees gaan van die Vader en die Seun uit (Joh. 14:16). "Die Heilige Gees" is hier duidelik 'n Persoon. Ons noem enkele ander bewyse dat Hy 'n Persoon is: Hand. 5:3; 1 Kor. 12:11; Joh. 14:16, 26. Hy word die *Trooster* genóém. Hy kan *bedroef* word: Ef. 4:30; ens.

**2:34.** Hier het ons weer 'n Skrifbewys (Ps. 110:1). Dit is 'n baie sterk bewys - Dawid self kan tog nie aan die regterhand van God sit nie (Mark. 12:35-37). Hy noem 'n verdere bewys dat Jesus die Messias is: Hy het die Heilige Gees uitgestort - soos hulle nou self gesien het (33).

**2:35.** Dit is 'n verdere aanhaling uit Ps. 110 - Christus se werk gaan voort vanuit die hemel aan die regterhand van God. Hy vestig sy koninkryk.

**2:36.** Dit is Petrus se konklusie op die Skrifbewyse en sy oproep op die gewete van sy volk - die hele huis van Israel. Sy oproep moet gevolge hê. *Mense moet kies* - dit is altyd elke prediker se taak. Wat dink jy van die Christus? (Matt. 16:13-16).

***Vrae (*2:19-36)**

1. Gaan Petrus se preek hoofsaaklik oor die Heilige Gees of oor Jesus? Waarom praat hy van Hom bloot as "'n man deur God aangewys"? Waarom is dit vir die apostels so belangrik dat Jesus opgestaan het? Is sy kruisdood mensewerk of God se werk? Wat is Petrus se Skrifbewyse vir die opstanding? Hoe pas hy Ps. 16 op Jesus toe? Op wie se getuienis glo ons dat Jesus opgestaan het?
2. Wie is getuies van sy hemelvaart? Het ons daarvoor 'n Skrifbewys? Wat is Petrus se bedoeling met vers 36?

### *Die eerste bekeerdes (2:37-41)*

In hierdie gedeelte sien ons die ABC van die geloof in Christus. Vergelyk die *Kategismus,* Sondag 1 vraag 2. Dit is die bewys van die werk van die Heilige Gees. Mense luister na die evangelie en kom:

a. tot sondekennis of sondebesef (Joh. 16:7, 8);

b. tot geloof in Jesus Christus (1 Kor. 12:3) - die weg van verlossing;

c. tot 'n dankbare lewe (Gal. 5:22-25).

**2:37.** Petrus se rede maak 'n diep indruk op alle hoorders. Almal is geraak - almal sou egter nie tot geloof kom nie. Só is dit immers altyd. Dink aan die gelykenis van die saaier, Matt. 13:18-23 (vers 41). Hulle is in die harte getref soos met 'n swaard wat dit deursteek het (Ef. 6:17; Hebr. 4:12). Dit beteken berou, angs, wroeging - vandaar die vraag: "Wat moet ons doen, broeders?" Hulle rig hulle vraag nie alleen tot Petrus, die spreekbuis, nie, maar tot al die apostels.

**2:38.** Petrus soek nie na 'n antwoord nie, maar het dit dadelik. Hy gee 'n tweërlei *vermaning* en 'n tweërlei *belofte:* a.1. Bekeer julle, en 2. laat julle gedoop word. So vermaan hy. b.1. Julle sondes sal vergewe word, en 2. julle sal die Heilige Gees ontvang - so belowe hy.

*"Bekeer julle."* Dit is die Griekse woord "métanoia", wat beteken: kom innerlik tot insig en verander van oortuiging. Kom tot geloof in Christus. Dit herinner sterk aan Johannes die Doper en Jesus se prediking (Matt. 3:2; 4:17). Dit is allereers *sendingprediking* of die begin van die prediking. Die woord "bekeer" is hier ook die begin van die bekering of wortelbekering. In 3:19 word die woord gebruik saam met 'n ander Griekse woord, wat ook deur "bekeer" vertaal word - "epistrofé" - en dan word "métanoia" deur "kom tot inkeer" vertaal. Dit gaan dus om die begin of eerste insig of inkeer. Die ander woord - "epistrofé" - beteken: draai om en handel of lewe volgens jou nuwe insig. Dit is die voortgaande bekering - van dag tot dag (Luk. 22:32 - Petrus is 'n bekeerde mens, maar moes hom van *'n bepaalde sonde bekeer).*

Bekering of om tot insig en geloof te kom, is die werk van die Heilige Gees (Hand. 16:14). 'n Mens mag egter nie jou eie verantwoordelikheid afskuif nie - jy moet luister na die Woord - so werk die Gees. Hy werk die geloof deur die Woord wat tot bekering roep (Ef. 6:17;Hand. 16:31).

*"en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus..."*

Die oproep tot bekering is tot *almal* - die oproep tot die *doop* kom tot *elkeen* - elkeen moet *persoonlik* tot die doop kom.

Die bevel om te doop, kom van Jesus (Matt. 28:19; Mark. 16:16). Dit begin egter by Johannes die Doper (Mark. 1:4; Luk. 3:3). *Op bekering volg die doop (*Mark. 16:16). Hier is kinderdoop nie ter sake nie - soos Abraham groot besny is, word volwassenes ook aan die begin gedoop. Abraham het eers geglo en is daarna besny (Rom. 4:8-12). Lees Mark. 16:16 saam met die sendingbevel in vers 15 - dan is dit duidelik waarom mense eers moet glo en daarna gedoop word. Só gebeur dit vandag nog op die sendingveld - volwassenes moet eers glo en dan gedoop word.

Waarom sê Petrus dat hulle in die Naam van Jesus Christus en nie in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees gedoop moet word nie (Matt. 28:19; Hand. 8; 16; 19:6)? Dit gaan hier om die *grondslag* van die doop - dit is *Jesus se soenverdienste*, soos Petrus dit verkondig het. Hy wat die doop begeer, verlang die vergewing van sy sondes ter wille van die verlossingswerk van Jesus Christus. Sy werk as Middelaar staan op die voorgrond. Daarom word bygevoeg: " .. . tot vergewing van sondes ..." Die doopwater self reinig nie van sonde nie - alleen die bloed van Christus en die Heilige Gees (sien daaroor die opmerkinge by 1:5). *Sondes vergewe* beteken dat God nooit meer aan al ons sondes wil dink nie, ter wille van die verdienste van Christus. *Hy vergewe volkome.*

*"... en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang...*"

Kom die hoorders in die regte verhouding tot Jesus, begeer hulle die vergewing van sondes en die doop, dan sal hulle ook die gawe van die Heilige Gees blywend ontvang. *Dit is die voorreg van almal wat glo (*Hand. 10:45). Die weldaad kom hulle toe - al het hulle hul teen Jesus besondig - omdat hulle glo (Matt. 3:11). Die ontvangs van die Heilige Gees is 'n afsonderlike weldaad naas die doop (met water). Die ontvanger van die Gees is veel meer passief as by die doop (Hand. 8:13, 16, 17; 19:5, 6). Cornelius ontvang eers die Gees en daarna word hy gedoop - die volgorde is nie ter sake nie - dit is God se werk (10:44, 48).

**2:39.** *"Want die belofte kom julle toe . . ."* Wat is die belofte? Dit is alles wat Petrus vooraf gesê het: alles in Christus - verlossing, vergewing van sondes; en ook alles wat die gawe van

die Heilige Gees meebring - wedergeboorte, geloof, bekering, heiligmaking, volharding - letterlik al die vrugte van die Gees. *Dit is al die beloftes wat deur die doop afgebeeld word.*

Aan wie almal kom die belofte toe? ". . . *aan julle en julle kinders . . ." Kinders* beteken hier: *"nageslag"* soos by Abraham (Gen. 17:7). Hier het ons gewis 'n bewys dat kinders gedoop moet word - net soos Abraham se nageslag op bevel van God self besny is (Gen. 17:10-12). Petrus het niks anders as dit bedoel nie - hy is self 'n verbondskind, uit die nageslag van Abraham, en sy gedagte sluit nadruklik by Gen. 17:7 aan.

Die belofte bly egter nou nie tot Abraham en sy nageslag beperk nie. Dit kom ook toe *"aan almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom toe sal roep".* "die wat daar ver is" bedoel nie dat die mense ver weg woon nie, maar *dat hulle ver van God en sy verbond af is - die heidene (*Ef. 2:13, 17). Die beslissende grondslag is hier die *roeping van God* - Hy roep mense na Hom toe deur die Woord en dan het hulle aanspraak op sy beloftes. Vanselfsprekend moet sulke mense eers hulle geloof in Christus bely, voordat hulle gedoop word, maar daarna is hulle *"kinders van Abraham"* en is hulle kinders geregtig op die doop - net soos Abraham se geslag op die besnydenis (Gal. 3:29). Al verskil is dat seuntjies en dogtertjies gedoop word, omdat die uitgangspunt van die Ou Verbond was dat die vrou by die man inbegrepe is - hy is die verbondshoof in die huis. Ook hieruit blyk dat Christus die vrou in haar ereposisie herstel het. In die Ou Verbond het die mans alleen die verbondsteken ontvang.

***"Verkeerde geslag"***

**2:40.** Petrus het nog veel meer gesê wat nie genoem word nie. Hy besweer en vermaan hulle - dringend en ernstig: *"Laat julle red uit hierdie verkeerdc geslag."* Die *"verkeerde geslag"* is die *Jode.* Hulle het die Christus van die Verbond verwerp, daarom word hulle uit die Verbond gewerp. Hy spreek in beginsel die oordeel oor Israel uit. Hulle het Christus gekruisig (Hand. 2:23). Christus self het reeds gesê dat Hy 'n *nuwe gemeente oj kerk bou op die belydenis dat Hy die Christus is (*Matt. 16:18). Daarom is daar alleen behoud vir hulle wat met die Joodse volk, wat Christus gekruisig het, breek. Dit is 'n verskriklike keuse vir 'n Jood. Vir sy begrip is hy dan buite die verbond en het geen deel meer aan die beloftes aan die vaders nie. Lees wat Jesus self die Jode noem (Openb. 2:9). En Jerusalem word Egipte en Sodom genoem (Openb. 11:8).

**2:41.** Nie alle hoorders kom tot geloof nie - alleen *"dié wat toe sy woord met blydskap aangeneem het".* Geloof, vergewing, verlossing - dit beteken blydskap, wat die wêreld nie ken nie. Hulle is gedoop - dit hoef nie almal op die eerste dag te wees nie. 3 000 "siele" beteken maar net 3 000 "persone". Waarskynlik word die woord "siele" gebruik om aan te dui dat dit mans en vroue was - en nie slegs mans nie.

### *Die Christelike gemeente in Jerusalem gevestig (2:42-47)*

Mense het tot geloof gekom en is gedoop. Nou vorm die Here hulle

tot 'n gemeente of kerk. Hier in die eerste gemeente in Jerusalem het

ons bykans 'n ideale gemeente (Matt. 16:17-19).

**2:42.** Hier sien ons die wesenseienskappe van 'n gemeente: hulle *volhard.* Hulle het op die pad agter Christus aan begin en volhard daarin (Matt. 13:23; 16:24; Luk. 21:19). Waarin volhard hulle?

*Hulle volhard "in die leer van die apostels".* Jesus self het *geleer* - Hy het onderrig of onderwys gegee. Die dissipels voer sy opdrag uit (Matt. 28:20; Hand. 5:25-28; 13:12). Die gemeente is gewillig om hulle te laat leer. Hierop kan nie genoeg nadruk gelê word nie. Ons

moet die *leer* van die apostels ken - hulle leer ons immers van Christus. Daarom moet ons die Bybel bestudeer.

*Hulle volhard ". . . in die gemeenskap".* Dit is die openbaring van liefde vir mekaar (44, 45; Joh. 13:34, 35; Gal. 6:1, 2).

*Hulle volhard ".. . in die breking van die brood".* Hier sien dit op die breking van die brood by die Nagmaal (Hand. 20:7, 11; l Kor. 10:16).

*Hulle volhard ". . . in die gebede".* Die kerk sterf wanneer die gebed nagelaat word - of ons traag daarin word. Dit word dikwels van die eerste Christene gesê: dat hulle volhard in die gebed (Hand. 1:14; 3:1; 4:24-31, ens.).

**2:43.** *"En vrees het op elkeen gekom".* Mense het ontsag en huiwer om toe te tree, omdat die werke van Christus duidelik gesien word (Luk.5:8;Jes.33:14).

*"en baie wonders en tekens het deur die apostels plaasgevind."* Die tekens en wonders was nie die apostels se eie werke nie - dit is *deur* hulle gedoen *deur* die Heilige Gees, of die verheerlikte Christus. Hy sit sy werk op aarde voort soos Hy beloof het (Mark. 16:15-20; Joh. 14:12; 1 Kor. 2:4; Hebr. 2:4). Wonders wys op die waaragtigheid van die werk van die apostels.

**2:44, 45.** Die gemeente groei dag na dag en bly bymekaar. Dit beteken nie dat hulle almal *saamgewoon* het nie, maar dat hulle nie nagelaat het om bymekaar te kom en mekaar se laste te dra nie. Hulle was eensgesind en het mekaar ook van lewensmiddele voorsien. Daartoe het hulle selfs eiendomme en besittings verkoop - om mekaar te help. Eintlik gaan dit nie om gesamentlike besit nie, maar mededeling aan mekaar - hulle was mededeelsaam.

**2:46.** Hierdie vers herinner baie aan vers 42. Die skrywer benadruk dat die toestande voortduur. Dit duur van dag tot dag voort. Die eendrag gaan voort (41, 42, 45). Hulle het gereeld in die tempel versamel - waar hulle bepaald nog aan die dienste meegedoen het (3:1). Hulle kom nog saam op die uur van die gebed. Selfs Paulus is later - jare later - in die tempel gevange geneem toe hy 'n offer gebring het (21:22-27). Die gemeente in Jerusalem het dus nog nie volkome gebreek met die Joodse seremonies nie. Dit het selfs groot stryd in die ou kerk veroorsaak, omdat sekere Christene ook die Joodse seremonies op heidense gelowiges wou afdwing (Hand. 15; Gal. 4:10; 5:4, 5). Eers nadat die Jode dit vir hulle onmoontlik gemaak het, het hierdie praktyk volkome verdwyn by Joodse Christene.

Hier is moontlik sprake van "liefdesmaaltye", waar die gemeente saamgeëet het. Dit kan ook dui op Nagmaalsvierings in die huise, wat hulle nie in die tempel sou kon doen nie. Die Jode sou hulle nie toelaat nie (1 Kor. 10:16; 11:20-22).

**2:47.** Hulle prys God en is in guns by die volk. Hulle geloof en voorbeeld word gesien en deur die volk hooggeag (Matt. 5:16; Hand. 5:15; 6:7). Die Here hou daagliks aan om mense te red - as gevolg van hulle prediking en voorbeeld (1 Thess. 1:1-10). So werk die Here - sommige word afgeskrik en andere nadergetrek (2:43; Joh. 6:60-69).

### *Vrae (*2:37-47)

1. Moet mense in die kerk ook opgeroep word tot bekering (38)? Is u 'n bekeerde mens en waaraan weet u dit? Waarom word ons gedoop?
2. Moet ons kinders ook gedoop word en waarom?
3. Watter kentekens het die eerste Christengemeente in Jerusalem geopenbaar? Is dit 'n voorbeeld wat ons moet navolg?

# HANDELINGE 3

Nou gaan Lukas beskrywe hoe die krag van Christus en die Heilige Gees konkreet werk in die gemeente. Hy beskryf 'n bepaalde wonder, waarna hy reeds in die algemeen verwys het (2:43). Dié wonder lei tot 'n geleentheid om te preek en tot die gevangeneming van die apostels.

## *'n Kreupelgebore man word genees (3:1-8)*

**3:1.** Hier tree Petrus en Johannes op as die leidende apostels (1:13; 4:13; 8:14). Petrus is weer aan die woord, soos gewoonlik. Hulle gaan op die uur van die gebed na die tempel. Dit is volgens die gewone Joodse gebruike, waarby hulle nog hou (2:46). Lukas sê eintlik: "negende uur". Lees hieroor by die aantekeninge agter in *Die Blye Boodskap* - "Dagtye".

**3:2.** Die kreupele se naam is onbekend - dit is nie vir ons van belang nie. Dit is wel van belang dat hy hulpeloos kreupel is van sy geboorte af - hy word elke dag na die "Mooipoort" van die tempel gedra om te bedel. "Mooipoort" is origens onbekend. Blykbaar is dit 'n naam uit die volksmond en heel moontlik die "Nikanor-poort", omdat 'n sekere Nikanor die pragtige bronsdeure daarvoor geskenk het. In Israel mag daar geen bedelaars wees nie (Ex. 22:25; 23:6, 11). Die gebod is egter nagelaat (Mark. 12:40 e.v.; Matt. 6:1, 2).

**3:3.** Hy sien Petrus en Johannes en vra iets soos hy gewoonlik doen.

**3:4, 5.** Petrus reageer - hy het wel iets om te gee. (Só het elke Christen altyd iets om aan te bied.) Hy vra egter die man se volle aandag, wat die man ook gee, maar hy verwag die verkeerde gawe. Is ons verwagtinge nie ook dikwels verkeerd gerig nie? (Openb. 3:17, 18).

**3:6, 7**. Ag ja, die bedelaar sou gelukkig wees om kopergeld te ontvang - dit hoef nie goud en silwer te wees nie. Hy is seker gewoond aan die krummels onder die tafel. Petrus bedoel wat hy sê (Matt. 10:9; Joh. 14:12-14; 1 Pet. 1:18). Hy gee graag wat hy het, "In die Naam van Jesus Christus . . ." (2:38). Die *Naam* sê *Wie* Jesus is - die Middelaar - maar die Naam moet ook *bely* word - dan is ons eers sy getuies (Matt. 16:15-17; Matt. 18:20). Sy naam is geen towerformule nie, maar voer ons sy opdrag uit en bely ons sy Naam, dan volg die krag wat Hy beloof (Mark. 16:17). "Staan op en loop" is 'n bevel wat geglo moet word (3:16). Petrus gryp sy hand en help hom op sy voete - hy kom as 't ware sy geloof te hulp. Ja, die Here dra aan ons op om mekaar se laste te dra, maar Hy self kom ons eie kleingeloof ook te hulp (Gal. 6:2; Matt. 12:18-21; Mark. 9:22-24).

**3:8.** Let op die man se uitbundige blydskap. Hy loop en spring en volg hulle op sy eie voete die tempel binne - terwyl hy huppelend God prys. Hy weet die eer kom aan God toe. Petrus weet dit ook (12; Ps. 103:1-3).

## *Hoofdoel van die wonder (Hand. 3:9-11)*

'n Kreupelgebore man kan loop en hy is baie bly. Hy bewys ook sy groot dankbaarheid deur God te prys. Maar die Here het meer voor met hierdie wonderdaad. Sy eie heerlikheid moet openbaar word (Joh. 2:11). Mense moet tot geloof in Hom kom - en daartoe moes daar 'n geleentheid kom om sy evangelie te verkondig (Mark. 16:15).

**3:9-11.** Op die uur van die gebed was daar baie mense in die tempel. Hulle sien hoe die kreupele saam met Petrus en Johannes loop. Dit bewys dat hy genees is. Buitendien sê die man dit ook - hy prys God. So werk Jesus nog steeds (Matt. 8:17). "Verwondering en verbasing" beteken eintlik *ekstase* - uitroepe van verbasing. Hier spot niemand, soos met Pinkster nie (2:13). Die wonder is té duidelik (4:16). Daarop storm die menigte op die drietal

af: Petrus, Johannes en die man wat genees is (en wat aan hulle vaskleef). Of die samestroming ná die gebedsuur plaasgevind het, word nie gesê nie, maar ons kan dit moontlik wel só aflei, want hulle is nou in die pilaargang van Salomo - buite die Nikanor-poort. "Die pilaargang van Salomo" word moontlik so genoem omdat dié gedeelte van die voorhof van die heidene op die fondamente van die tempel van Salomo staan.

### *Petrus verkondig die evangelie (3:12-14)*

**3:12.** Vanselfsprekend gryp Petrus die geleentheid aan. Hy preek. Hy begin by die wonder. Die toespraak van Petrus is minder majestueus as met Pinkster, maar dit is aan die ander kant inniger, deurdringender en skerper. Nog spreek Petrus sy hoorders aan as "Israeliete" - die verbondsvolk - Gods volk (Rom. 9:4-6). "Waarom is julle verwonderd?" Hulle het geen rede nie - waarom nie? (2:1-4; 2:24, 36; 3:15, 16). Let op Petrus se nederige erkenning - dit gaan nie om hulle eie krag of godsvrug nie. Waarom dit gaan, sê hy in die volgende verse. Vir die apostels - en alle predikers - geld ook wat Johannes die Doper sê (Joh. 3:29-31). Dit geld trouens vir elke Christen.

**3:13.** Weer begin hy sy preek met 'n Skrifbewys (Ex. 3:6, 15). Daar in Exodus 3 het God Hom aan Moses geopenbaar as die God van die verbond. Hier moet ons die vertaling van die *Blye Boodskap* handhaaf - "Jesus, sy Kneg". Hoewel na Jesus as *"Seun"* verwys word, blyk uit die verband dat hy "Kneg" bedoel. Eintlik sinspeel Petrus hier op die "Kneg van die HERE" soos Jesaja van Hom praat (Jes. 49:6; 50:10; 52:13 - dit is volgens die *Septuaginta* of Griekse vertaling van die Ou Testament).

**3:14.** Weer praat Petrus die volk se skuld nie goed nie (2:23; Joh. 18:28-32, ens.). Hulle moet hulle sonde besef en tot berou gebring word (Joh. 16:7, 8, 9; 2 Kor. 7:9, 10). Jesus is die *Heilige* en *Regverdige (*Joh. 8:46; Hebr. 7:26, 27). In dié betekenis kan dit van geen ander mens gesê word nie. Ons is alleen regverdig of geregverdig deur die geloof in Hom (Rom. 5:1). Ook alleen in Hom, die Heilige, is ons geheilig, maar dan ook geroep tot heiligheid (1 Kor. 1:2). Ons moet altyd meer en meer gelykvormig aan Hom word (Rom. 6:4; Gal. 2:20).

**3:15.** Dit is 'n pragtige getuienis van sy getuies! (Hand. 1:8; Openb. 1:17, 18). Die opstanding van Christus bly vir die apostels die fondament van die evangelie - hulle verkondig dit altyd (23:6; Rom. 8:34).

### *Dit gaan om geloof in Christus (3:16-18)*

**3:16.** Die geloof in Christus maak nie alleen mense wat liggaamlik kreupel is, gesond nie, maar is die weg van verlossing uit elke nood. Nou verklaar Petrus sy uitspraak tot die kreupele (6). Hy noem spesiaal twee dinge: *geloof* en *Naam.* Geloof moet gerig wees, dit moet vasklem aan Iemand. Dit is die *Naam;* sy *Naam* het hierdie man gesond gemaak. Dit is die geloof van die apostels sowel as die geloof van die kreupele (Joh. 14:12; Matt. 13:58). Onthou net dat die *Naam* die openbaring van die *wese* van Christus is - Hy is wat sy Naam sê Hy is (Ex. 3:14). Die Naam van Jesus oefen krag uit, omdat dit die Naam van die Seun van God is (Matt. 10:8; Hand. 19:13-17). God werk die geloof (Ef. 2:8). Hier is die Seun die werkende oorsaak (1 Pet. 1:21). Die geloof self is nie 'n goeie daad van die apostels of die kreupele nie, maar Jesus het alles gedoen - selfs die geloof gegee (12). Dit is "in teenwoordigheid van julle almal" om vir hulle tot 'n seën te wees. Hulle moes getuies daarvan wees, om hulle ontvanklik te maak vir die evangelie.

**3:17.** Gelukkig het die Jode nie geweet wat hulle doen nie (Luk. 23:34). Daar is ook onvergeeflike sondes (Num. 15:30; Matt. 12:31, 32; 1 Joh. 5:16). Dit is vir ons moeilik om uit te maak wanneer 'n sonde onvergeeflik is - eintlik is daar vir ons net een sekere maatstaf

en dit is wanneer iemand volhard en onbekeerlik vashou aan ongeloof tot die einde toe (Luk. 23:39-43). Die Jode se sonde, in onwetendheid, is vergeeflik, maar bly *tog sonde* en maak hulle *skuldig.* Hulle het nie geweet dat Jesus die Christus is nie. Hulle het ook nie geweet dat die Messias moes ly nie (Luk. 24:26). Sy lyding of kruis was selfs vir hulle 'n belemmering om Hom te herken as die Messias (1 Tim. 1:13; 1 Kor. 1:23). En tog bly dit 'n swaar sonde, waarvan hulle hul moet bekeer (19).

**3:18.** God gebruik selfs Israel se sonde om sy raadsplan te vervul (2 Sam. 24:1). Hulle staan egter self skuldig want God het só vervul wat sy Woord verkondig het - *waarna hulle moes luister.* Ons kan ons nie vrypleit deur ons te beroep op die *verborge* raad of wil van die Here nie - ons moet luister na sy geopenbaarde wil. Dit is sy Woord (Joh. 3:16; Mark. 16:15, 16). Die profete het duidelik genoeg gepraat van Christus se lyding (les. 53; Luk. 24:27; l Pet. 1:11).

### *Bekeer julle! (3:19-24)*

**3:19.** In die lig van die voorafgaande verse (17, 18) kom nou die oproep tot bekering. "Kom tot inkeer" vertaal ons ook in Afrikaans deur "bekeer julle" (2:38). Hier word die twee Griekse woorde naas mekaar gebruik - *"kom tot inkeer en bekeer julle".* "Bekeer" beteken hier: "draai om op jou pad". Dink aan die gelykenis van die verlore seun. Hy kom tot insig of inkeer agter die varke, maar hy bly nie daar sit nie. Hy staan op en gaan na sy vader (Luk. 15:17-20). Die vrug van die bekering is vergewing van sondes (Mark 1:4). Dit bring tye van verkwikking (Luk. 4:18, 19 i.v.m. les. 61:1, 2). In die ruimste sin beteken dit die "ewige lewe" (Joh. 10:27, 28).

**3:20, 21.** *Die Blye Boodskap* vertaal hier: "Dan sal daar tye van verkwikking van die Here af kom en sal Hy Jesus stuur, wat vooraf vir julle as die Christus aangewys is. Hy moet in die hemel bly totdat God alles nuut gemaak het. Dit het God reeds lank gelede deur sy heilige profete gesê." Israel het toe onder 'n juk geleef (15:10). Hulle meen dat hulle die verbondsvolk is, maar leef onder die toorn van God. "Tye van verkwikking" kom wanneer hulle hul tot Christus bekeer (2 Kor. 3:16). Die verkwikking - of troos (*Kategismus,* Sondag 1) - kom van God omdat Hy Christus gestuur het (Luk. 4:18, 19). By Gólgota is hulle troosteloosheid alreeds gesien (Luk. 23:48). Indien hulle hul bekeer, kom Christus nog 'n keer tot Israel - al is Hy nou in die Hemel (Joh. 6:37). Dan sal hulle in die oordeel gespaar word (Joh. 3:16).

Deur Christus werk God vanuit die hemel. Hy vervul sy verbondsbeloftes, soos Hy deur die profete gesê het. Aan Israel kom die belofte toe, maar aan veel meer as Israel; dit gaan om *alles* of *alle dinge (*2:17, 39). Dit het God deur *al sy heilige profete* belowe (1 Pet. 1:10, 11). O, indien Israel tog maar na die profete en Christus en die apostels geluister het! (Luk. 19:41-44; Hebr. 1:1). Onthou, Israel die verbondsvolk is vir ons, die huidige verbondsvolk, 'n waarskuwing (Rom. 11:20, 21, 22).

**3.22.** (Vergelyk: Deut. 18:15, 19; Lev. 23:29.) Moses is 'n tipe of voorbeeld van Christus, maar hy erken self dat Christus hom sal oortref (Hebr. 3:3). Na Hom moet hulle - en ons - luister (Hebr. 4:7).

**3:23.** Hier vertolk Petrus Deut. 18:19 en Lev. 23:29 en pas dit toe as oproep tot bekering. As die volk na Christus nie luister nie, kan hulle nie staatmaak op die feit dat hulle nakomelinge van Abraham is nie (Joh. 8:39-44).

**3:24.** Al die profete vanaf Samuel tot Maleági het Christus verkondig, sê Petrus (2 Sam. 7:16; Hand. 2:30; Hebr. 11:32; Luk. 1:32).

### *Die verbondsbeloftes is vir julle (3:25-26)*

**3:25.** Let nou op die persoonlike wending in Petrus se rede: ". . . julle is kinders". Algemene verbondsvoorregte moet persoonlik toegeëien word, anders bly dit 'n leer of 'n dogma of 'n beginsel wat buite ons bly en ons nie by Christus bring nie (Joh. 10:25-27). ". . . kinders van die profete . . ." moet ons verstaan vanuit die Semitiese spreekwyse. Die profete is hulle leermeesters - dit is vir Israel bedoel (Rom. 9:4, 5). God sluit die verbond - nie Abraham nie. Dit gaan van God uit en Hy bly getrou (Gen. 17:7) - ook wat sy verbondswraak betref (Gen. 12:3). Die Christelike godsdiens is die godsdiens van die inisiatief van God - anders sou ons nie eens van Hom geweet het nie (Joh. 17:6). In God se verbondsbelofte is ook die belofte van die Messias opgesluit (Gen. 12:3; 22:18; Gal. 3:16).

**3:26.** Hier gaan dit weer nie om "Kind" nie maar om "Kneg van die HERE" (13). Die vers toon God se lankmoedigheid met die Jode - Christus kom *eers* tot hulle (Matt. 15:24-26; 10:5, 6). ". . . eers vir julle . . ." hou ook die belofte aan die heidene in (Hand. 13:45-47). God seën 'n mens wanneer hy hom bekeer (Hand. 10:38; Rom. 11:26; Jes. 59:20).

### ***Vrae (*3:1-26)**

1. Sou u sê dat die beste wat ons vir bedelaars en alkoholiste, ens. kan doen, is om geld aan hulle te gee? Het ons iets anders om te gee?
2. Wat beteken dit om iets te doen in "die Naam van Jesus Christus"? (Kyk in die verband ook na die *Kategismus,* Sondag 11, 12, 13 - waar sy Name behandel word.)
3. Sou u die term "geloofsgenesing" as reg beskou? Word alle mense wat siek is, gesond *omdat* hulle glo? (Mark. 14:36; Joh. 15:7 - "as julle in My bly en my woorde in julle" hou ook in: "Laat u wil geskied.")
4. Was die wondergenesing van die verlamde man alleen 'n weldaad aan hom, of moes dit tot iets anders dien (3:12, 13)?
5. Kan 'n mens genade verkondig, sonder om sonde en oordeel te noem? Sou u sê dat oppervlakkige skuldbesef kan lei tot 'n oppervlakkige lewe? Het Petrus die Jode se sonde oorgesien of goedgepraat?
6. Maak sonde wat onwetend gedoen word, jou skuldig voor God? Is daar ook onvergeeflike sondes?
7. Sou u sê, met die oog op Christus se dood, dat God ook ons sondes ten goede mag gebruik in sy raadsplan? Maar maak dit ons dan onskuldig voor God?
8. Wat sou u sê, is die ooreenkoms tussen Israel, die verbondsvolk of uitverkore volk van God, en ons Christene? Wat is die verskil tussen hulle en ons? Kan ons hulle nog die "uitverkore" volk van God noem - al glo hulle nie in Christus nie (raadpleeg hierby 4:12)?

# HANDELINGE 4

In hierdie hoofstuk word vertel van die gevolge van die genesing van die kreupelgebore man en die prediking van Petrus tot die menigte wat saamgestroom het. Baie Jode glo in Christus. Petrus en Johannes word gevange geneem en verskyn voor die Joodse Raad. Hulle laat hulle los na ernstige dreigemente. Die gemeente lê die saak van die nood wat dreig, in die gebed in die hande van die Here.

## *Petrus en Johannes gevangenes (4:1-4)*

**4:1.** Die vyande van Jesus is ook die vyande van sy volgelinge (Joh. 15:20, 21). Die groot samekoms in die pilaargang van Salomo kon nie verborge bly nie. Die *priesters* en die *bevelvoerder van die tempelwag* en die *Sadduseërs* storm op hulle af. In Joh. 7:46-49 lees ons ook van die tempelwag wat magteloos was om Jesus gevange te neem. Sy "woorde" het hulle verhinder. Later, toe sy uur gekom het om te ly, gee Hy Homself aan hulle oor (Joh. 18:2-8).

Die priesters was altyd sy aartsvyande. Eindelik het hulle, onder leiding van die hoëpriester, Hom aan Pilatus oorgegee en by hom aangekla as 'n misdadiger (Joh. 18:28).

Ook die Sadduseërs het Hom met 'n verbete haat gehaat. Hulle was die verligte party in die Sánhedrin of Joodse Raad, waartoe ook die geslag van die hoëpriester behoort het (Mark. 12:18-34) (vergelyk aantekeninge agter in *Die Blye Boodskap* oor Sadduseërs en Sánhedrin).

### *Die opstanding van Jesus 'n struikelblok*

**4:2.** Waaroor is hulle ontevrede of bekommerd? Hulle *leer* die volk - en dit is alleen die reg van die rabbi's (Matt. 7:29; Joh. 7:15, 46, 11:48, 12:19). Die optrede teen die apostels is juis daarom so 'n verskriklike *sonde* - hulle verwerp Christus opnuut. Tweedens tree hulle op omdat hulle *"in Jesus die opstanding uit die dode verkondig" (*23:8 - die Sadduseërs glo nie aan die opstanding nie - Mark. 12:18-27). Nog erger vir die Joodse leiers is dat die opstanding *in Jesus* verkondig word (Joh. 11:25). Dit maak veral die Sadduseërs kwaad. Die opstanding is en bly 'n aanstoot - ook by "verligte teoloë" van ons tyd. Maar ons? (1 Kor. 15:16-20). Ons rus - ons troos in die aangesig van die dood - lê vas in die opstanding van Jesus.

**4:3.** Die apostels word formeel deur die bevelvoerder van die tempelwag gearresteer en opgesluit. Hulle is verhoorafwagtend. Hulle word ook verhinder om verder te preek.

### *Ook goeie reaksie*

**4:4.** Gelukkig is daar ook 'n ander reaksie op die prediking van Petrus. Mense glo (2:41, 47, 5:14). Die gemeente groei aan tot 5 000 manne - daarby moet nog vroue getel word (Matt. 14:21). Die werk van God gaan voort. Dit is die eintlike werklikheid waaroor dit gaan - die vervolging is bysaak en soms selfs 'n bydraende faktor tot die groei van die gemeente (8:3, 4, 11, 19-21).

## *Wees bereid om rekenskap te gee (4:5-12)*

**4:5, 6.** Die Sánhedrin - bestaande uit 70 man - kom offisieel byeen. Hulle is owerstes (eintlik 'n versamelnaam van alle raadslede). Hulle bestaan uit ouderlinge of oudstes, skrifgeleerdes en priesters. Hier word spesiaal die hoëpriester en sy familie by name genoem. Dit is dieselfde regbank voor wie Jesus tereggestaan het (Matt. 26:57; Joh. 18:13, 14). Hulle is haastig - die saak is dringend - daarom vind dit die volgende môre plaas. Dit is vir hulle erns om die aanhangers van Jesus die Nasaréner stil te maak.

***Deur watter mag en Naam?***

**4:7.** Nou word die getuies van Jesus tot verantwoording geroep. Dat 'n siek man genees is, kan hulle nie ontken nie, maar hulle wil twee dinge weet: "Deur watter *mag* en deur watter *Naam* het julle dit gedoen?" Vanselfsprekend weet hulle dit al, maar dit is 'n regsgeding - vandaar die formele vraag. "Mag" - "dunamis" in Grieks, is die woord waarvandaan ons woord dinamiet kom. Dit is meer as gewone krag - dit is wonderkrag (Matt.l2:24). Die *Naam* is die oorsprong van die krag. Die apostels het die Naam genoem (3:6, 16). Nou moet hulle voor die regbank getuig.

***Vervul met die Heilige Gees***

**4:8.** .....vervul met die Heilige Gees . . ." beteken dat Jesus se belofte waar is (Matt. 10:19, 20). Die uitdrukking word meermale gebruik (4:31; 13:9, 52). Hier sien dit nie op die blywende inwoning van die Heilige Gees nie (Hand. 2). Dit word in die oomblik van krisis spesiaal aan Petrus gegee. Petrus spreek die vergadering aan soos Lukas hulle aandui (5).

**4:9.** "Ondervra . . ." hou die gedagte in om iets teen mekaar op te weeg - om argumente vir en teen 'n saak te beoordeel (1 Kor. 4:3, 4; Luk. 23:14). Dit is gewoonlik 'n regsterm. Hulle het geen kwaad gedoen nie - dit gaan immers om 'n weldaad aan 'n siek man. Wie word oor 'n weldaad voor die gereg gedaag? Eintlik is die regters die skuldiges. Ons moet net onthou dat dit by Petrus allereers om die grootheid van Christus gaan.

***Geen selfverdediging, maar verkondiging***

**4:10.** Hier *preek* Petrus. Hier gaan dit nie om selfverdediging nie, maar is hy 'n getuie van Jesus Christus. As verteenwoordigers van die *hele volk* rig hy hom deur die Sánhedrin tot die hele volk. Dit gaan om Israel se sonde en Israel se redding. Jesus se werk gaan voort - die genesing van die man was maar die aanloop daartoe om voor die Sánhedrin te getuig. Hy soek geen uitvlugte of verskonings nie - hy sê waarop dit aankom. Die Sánhedrin hoor nou self die prediking wat hulle die volk nie wil laat hoor nie (Calvyn). En hulle ontvang terselfdertyd 'n antwoord op hulle vraag (3:6, 16; 4:7). Petrus stel ook die *hoofsaak* waarom dit gaan duidelik. "Jesus, die Gekruisigde - waaraan julle skuldig is - maar wat God opgewek het, het dit gedoen wat julle sien in die man wat hier gesond voor julle staan. Julle - Raadslede en volk - staan aan die verkeerde kant. Julle weerstaan die werk van God en verbeur julle eie verlossing" (2:23; 3:15). Dit is skerp en duidelike prediking uit die mond van 'n aangeklaagde. Dink aan Paulus voor Agrippa (Hand. 26). Ondanks die Joodse Raad se voorsorg word Jesus se opstanding tog verkondig. Onthou hulle dit? (Matt. 27:62-66; Matt. 28:11-15).

**4:11.** Weer gee Petrus sy Skrifbewys. *Hy werk met die Bybel.* Dit is ook ons enigste wapen - die swaard van die Gees (Ef. 6:17). Hy haal Ps. 118:22 aan: Jesus self het dit ook gedoen (Matt. 21:42 - sien ook 1 Pet. 2:6-8). Dit is 'n belangrike bewysplek dat Jesus *moes* ly - *Hy is as hoeksteen verwerp.* Let op die toepassing: "die steen wat deur *julle, die bouers,* verag is, wat 'n hoeksteen geword het" (Matt. 23:2, 3). *Hulle* bou aan die tempel of die volk van God - *hulle* die bouers - maar die *hoeksteen,* waarop die mure moet rus, *verag hulle (*Jes. 28:16). Dit baat nooit om te bou - aan die tempel van die Heilige Gees - en dan die hoeksteen, Jesus Christus, te verwerp nie.

***Die enigste Saligmaker***

**4:12.** Dié vers is 'n *kernuitspraak* in die Bybel. Buite Christus word niemand - geen enkele mens, salig nie - ook nie 'n heiden wat nooit van Hom gehoor het nie. Paulus sê dat selfs sulke mense geen verskoning het nie (Rom. 1:18-21; 2:14-16). Ook die Jode gaan verlore - al noem sommige mense hulle nog "die uitverkore volk" (Rom. 9:6-8; 11:7; Openb. 2:9). Hier

waar Petrus preek, is die saligheid nog vir die Jode - indien hulle die prediking glo. Só bly dit - vir Jode en heidene. Die wat in Christus glo, word gered (Hand. 16:31). In Christus het God finaal die verlossing geopenbaar (1 Kor. 2:20). Afstamming van Abraham baat nie (Matt. 3:7 e.v.). Deur die geloof in Christus is ons kinders van Abraham (Rom. 4:11, 12; Gal. 3:29). Weer benadruk Petrus die *"Naam"* - na sy Persoon is Christus nie meer op aarde nie, maar deur sy *Naam* en *krag* werk Hy tot redding van mense.

In hierdie getuienis van Petrus is die Naam en krag van Christus duidelik geopenbaar. Hy was waarlik vervul met die Heilige Gees - die Gees het deur hom gepraat. Die Joodse Raad het die evangelie van Jesus Christus gehoor - hulle is nie gekonfronteer met twee gevangenes nie, *maar met Jesus Christus self.* So moet ons elke dag leef en bely.

### *Wat moet ons met hierdie manne doen? (4:13-22)*

**4:13.** Dit is merkwaardig dat Petrus se getuienis selfs die Joodse Raad tot nadenke stem. Petrus tree op met vrymoedigheid - hy sê wat hy verplig is om te sê en hy doen dit met gesag. Die gesag van Jesus is agter hom (Matt. 7:29); ook die krag van die Heilige Gees (Hand. 1:8). Hulle is veral verwonderd dat ongeletterde mense só kan praat (Joh. 7:15). Hulle is nie skrifgeleerdes of deskundiges van die vak nie. Dan kom daar herkenning - hulle het hul as metgeselle van Jesus herken. Dit beteken: Eerstens kom hulle leer en leermetode ooreen met dié van Jesus (Joh. 14:26; 15:14, 20; 17:18). Tweedens dring die besef tot hulle deur dat hulle nog nie klaar is met Jesus nie - Hy werk nog voort deur sy apostels. Hulle besef wat dit beteken om 'n leerling of volgeling van Jesus te gewees het. Die dood van Jesus het dit nie beëindig nie. Hy het nie skrifgeleerdes om Hom versamel nie, maar ongeletterde mense, maar hulle ontvang van Hom wondermag en vrymoedigheid om soos skrifgeleerdes te preek. NOU STAAN DIE JOODSE RAAD VOOR DIE WESENLIKE, DIE PERSOON: JESUS CHRISTUS. Dit besef hulle nou. Dit is in werklikheid geen regsaak nie, maar 'n saak van *geloof.* Die werklike vyandskap is nie teen die twee manne nie, maar teen Jesus. Dit blyk uit die verdere verloop van die saak.

**4:14.** Hoewel hulle Petrus en Johannes herken as metgeselle van Jesus, soek hulle nog uitweë. Maar hier staan die man wat genees is, by hulle. Hoe graag hulle van Jesus wou wegkom, hulle kon nie. Die manne doen wat Hy gedoen het (Joh. 11:45-50).

**4:15.** Hulle stuur die manne uit om in hul afwesigheid te beraadslaag. Hoe weet Lukas, die skrywer, wat binne die Raad gebeur het? Moontlik was die Fariseër - Saulus van Tarsus - ook daar (7:58; 8:1-3), maar ook ander priesters het later gelowig geword (6:7). Hulle kon dit aan Lukas vertel het.

**4:16.** Hulle weet nie wat om te doen nie, maar begryp wel dat hulle iets moet doen. Dit is egter algemeen bekend dat dit om 'n "weldaad" gaan (9). Aan die ander kant kan die hele volk "verlei" word (Joh. 11:47). Dit help egter nie om dit te ontken dat Jesus opgestaan het en nog besig is om kragte te werk nie (Matt. 28:13).

**4:17.** Eindelik volg 'n besluit van die Raad - 'n magtelose besluit! Vergeet wat verby is, maar waarsku hulle met die oog op die toekoms! Intussen kan hulle deur nie op te tree nie, voorkom dat die saak verder bekend raak. Hulle is veral begaan oor die volk - die hele volk wat dit te wete mag kom. Indien hulle dreigemente slaag, kan hulle net wen. Dit is opmerklik dat hulle vermy om die Naam van Jesus te noem: ". . . hierdie Naam . . ." Weer is dit duidelik: die ongeloof in Jesus gee die deurslag - nie die misdaad van die apostels nie. (So bly dit tot vandag toe.) Dat hulle, volgens vers 13, "metgeselle van Jesus is", gee die deurslag.

**4:18.** Nou praat die Sánhedrin as die hoogste gesag in Israel. Hulle moet waak oor die godsdiens van die volk en hulle reik 'n amptelike bevel uit. Oortreding daarvan is 'n misdaad.

Om te *"leer"* is die spesifieke werk van die skrifgeleerdes. Dit is opmerklik dat hulle die doen van wondere ignoreer. Sou hulle dit verbied, sou hulle erken dat die apostels 'n wonder gedoen het. Ons het ook in die kerke die besondere amp van die "leraar", maar elke Christen is kragtens die amp van die gelowige geroepe om te *leer (Heidelbergse Kategismus,* Sondag 12: Vraag 32; Matt. 10:32; Rom. 10:10). Juis daarom moet ons almal die Bybel bestudeer, sodat ons in staat kan wees om Jesus te bely of in sy Naam ons medemense te leer.

**4:19, 20.** Ons kan Petrus en Johannes se antwoord met reg 'n *gevleuelde woord* noem. Dink aan die drie manne in Babel wat in die brandende vuur gegooi is, se antwoord aan Nebukadnésar (Dan. 3:15-18). Die apostels onderskei duidelik - hier is stryd tussen die gebod van God en dié van die mense. 'n Mens moet jou ouers en owerhede gehoorsaam wees (Ef. 6:1-9; Rom. 13:1-7). Jy moet God egter meer gehoorsaam wees - daarom het ook Paulus nooit opgehou om die evangelie te verkondig nie - teen die wil van die owerheid in. Johannes die Doper vermaan selfs vir koning Herodes (Luk. 3:19, 20), en Natan vir koning Dawid (2 Sam. 12:1-12). Wat is die Here se opdrag aan Petrus en Johannes? (1:8). Later waarsku 'n Fariseër self (5:39). Let wel, die Sánhedrin waag dit nie om te verklaar dat hulle opdrag God se wil is nie. Hulle dreig net verder (21).

Die apostels kan nie swyg nie, al sou hulle wou (Jer. 20:9; 1 Joh. 1:1-4).

**4:21, 22.** Hulle dreig nog meer en laat die apostels los - egter sonder om hulle vry te spreek. Eintlik staan hier: "hulle het nie aan 'n wyse kon dink om hulle te straf nie." Vir hulle was daar genoegsame rede, maar hulle was bang vir oproer onder die volk. *Hulle durf nie straf nie.* Dit is die werklike rede (Matt. 25:5 e.v.). So volg die apostels in die voetstappe van hulle Meester en ontmoet dieselfde teëstand (Matt. 10:24; Joh. 13:16; 15:20).

Die stilswyende erkenning van die wonder is selfs ook 'n oorweging, al sê die Sánhedrin dit nie (22).

### *Vrae (*4:1-22)

1. Waarom word Christene vervolg? Het dit daarmee te doene dat hulle die Volk *leer (*soos rabbi's) en dat hulle die opstanding van Jesus verkondig? Hoe raak dit beide die Fariseërs en Sadduseërs?
2. In watter opsig word die opstanding van Jesus hier op aarde al m ons lewe 'n werklikheid (Rom. 6:1-6)?
3. Was Petrus se prediking in hoofstuk 3 'n bediening van die Woord as sleutel wat die koninkryk van God oop- en toesluit - in die gevolge wat ons hier sien (Luk. 2:34)?
4. Waarom is die vraag van die Sánhedrin: "Deur watter Naam het julle dit gedoen?" Het dit vir ons betekenis om die Naam van die Here te bely of sy Naam aan te roep, ens.? Gaan dit dan nie om sy Persoon nie?
5. Het Petrus homself voor die Joodse Raad verdedig of het hy opgetree as getuie van Jesus Christus? Wat wil dit vir ons sê?
6. Waarvan het hy die Joodse Raad beskuldig?
7. Waarom kan Jode wat nie in Christus glo nie - en selfs heidene wat nie van Hom weet nie - nie gered word nie (lees ook Rom. 1:18-21)?
8. Waarom was die Raad met Petrus en Johannes in verleentheid?
9. Hoekom is hulle veral begaan oor die *leer* van die apostels?
10. Wanneer mag ons nie gehoorsaam wees aan "mense" nie - al is dit die owerheid of selfs ons ouers?

### *Die gemeente roep die Here aan (4:23-31)*

**4:23.** Petrus en Johannes is losgelaat. Hulle haas hulle na "hulle eie mense" - dit is die gemeente of 'n deel van hulle wat êrens byeen is. Hulle het beslis alreeds gebid vir die gevange apostels (12:12). Dit was seker nie die hele gemeente nie, maar hoofsaaklik 'n intieme groep. Ons moet onthou dat die gemeente nou alreeds meer as vyfduisend getel het (4:4).

**4:24.** Dan verhef hulle eendragtig die stem tot God (1:14; 12:5). Hulle is eendragtig in hulle lof en dank. Hier is dit duidelik uit die bewoording dat iemand uit die groep as voorbidder opgetree het. Die lof - tweede deel van die vers - is 'n gewone uitdrukking by Israel om die Here te prys (Ex. 20:11; Neh. 9:6; Ps. 146:6 - sien ook Hand. 14:15; 17:24). Niemand kan hulle skade aandoen teenoor die Almagtige nie. Dit is die grond van die vaste vertroue in die Here (*Kategismus*, Sondag 52:128).

**4:25.** In die gebed kies hulle 'n aanhaling uit die Skrif wat op hulle omstandighede toepaslik is (Ps. 2:1). Ja, die geveg teen God en sy Gesalfde is vergeefse moeite. Die gemeente hou aan die belofte vas. Ons kan hulle gerus altyd hierin navolg. Teenoor alle magte in die wêreld is ons veilig in sy hand.

**4:26.** Die aanhaling uit Ps. 2:2 is 'n duidelike heenwysing na Christus. Span 'n mens saam teen sy Gesalfde, doen jy dit ook teen die Here. Die Naam Christus of Messias beteken letterlik Gesalfde. 'n Gesalfde van die Here is afgesonder en deur die Heilige Gees bekwaam - gesalf - tot sy amp of roeping. (*Kategismus*, Sondag 12 - kyk ook na die bewysplekke uit die Bybel; Jes. 61:1.)

**4:27, 28.** Nou volg die toepassing op die aanhaling uit die Skrif. Ps. 2 is in Christus, en wat met Hom gebeur het, vervul. Dit word ook vervul in wat nou met Petrus en Johannes gebeur het. Dit is egter droewig dat die owerstes en die volk Israel saamspan met Pontius Pilatus en heidene teen Jesus, die gesalfde Kneg van die Here (3:26). Dit gebeur alles in Jerusalem - die stad van Dawid

- met die Seun van Dawid (Matt. 23:37). Jesus is ook die *Heilige*

- Sondelose (Luk. 1:35; Hebr. 7:26, 27).

Die dinge moes egter só gebeur volgens die raad van God - ook op grond van die profesie van Ps. 2 (2:23; 10:42). Ook daarom mag hulle dit nie vreemd vind dat hulle moet ly nie - Christus self het dit ook vooruit aan hulle gesê (Joh. 15:20, 21).

**4:29, 30.** Hier sien ons die ware gebed van die ware bidder. Dit kom daarop neer dat hulle nie bid dat die dreigemente of gevare weggeneem moet word nie, maar dat hulle getrou sal bly te midde van die gevare. "Laat ons tog asseblief nie ophou om Jesus te verkondig, omdat ons bang is nie! Kom wat wil, maak ons getrou! En bevestig wat ons doen deur tekens en wonders deur die Naam van Jesus." Bid gerus só vir die kerk van ons tyd - eintlik beteken dit net dat ons bid: "Laat u koninkryk kom!" Dit is al wat van belang is - nie ons gemak of gerief of veiligheid nie (Ef. 6:18-20).

**4:31.** Die bidders ontvang meer as waarvoor hulle bid - die Heilige Gees laat die aarde skud. Weer lees ons: "hulle is almal vervul met die Heilige Gees . .." Dit is dieselfde woorde as in 2:4, en dit beteken dieselfde. Dit gaan nie om die eenmalige koms of uitstorting van die Heilige Gees nie. Hier gebeur waarvan ons lees in 4:8 - hulle ontvang opnuut krag om met vrymoedigheid die Woord van God te verkondig (1:8; 5:42).

### *Nuwe groei en bloei (4:32-37)*

**4:32, 33.** Die dreigemente van die Joodse Raad het niks gebaat nie - eintlik gebeur die teendeel van wat hulle wou hê. Die gemeente groei nie alleen vinnig aan nie, maar hulle is ook *een van hart en siel.* Hulle word na mekaar gedryf en staan mekaar by in die dreigende nood (2:44 beskryf soortgelyke toestande). Ook die uiting van die liefde in die mededeelsaamheid word herhaal (2:44). Met groot krag gee die apostels getuienis van die opstanding van die Here Jesus (1:8; 1:22). Die Here doen deur die Heilige Gees wat Hy beloof het. "Groot *genade* was oor hulle almal." Ook hier kan dit wees dat dit deur *guns* vertaal kan word (2:47) - guns by die volk.

**4:34, 35.** Die Jode het weinig gedoen om die wet van Moses uit te voer wat die armes betref (Deut. 15:4; Luk. 16:20; Hand. 3:2). Hier is almal bereid om mekaar te help. Ons kan hieruit nie aflei dat almal al hulle eiendomme verkoop het nie, maar dat hulle oor die algemeen wel gewillig was om dit te doen. Dit was geen kommunisme nie, maar Christelike liefdebetoning (5:4).

**4:36, 37.** Hier maak ons kennis met Joses wat ook Bárnabas genoem is. Later is hy Paulus se metgesel op die eerste sendingreis (Hand. 13, 14). Hy was 'n *Leviet* - waarskynlik die eerste uit die priesterstam wat tot geloof kom (6:7). As iemand wat sy grond verkoop en die opbrengs aan die gemeente gee, word hy as voorbeeld genoem. Hy was 'n geliefde man in die gemeente met groot invloed (9:26, 27; 11:22-24).

***Vrae (*4:23-37)**

1. Wat is die eerste ding wat 'n Christen moet doen in groot blydskap of in groot nood (4:24, 25)?
2. Wie is die Gesalfde van die Here? Is elke gelowige gesalf met die Heilige Gees (vergelyk Ef. 1:13; Openb. 7:3; 2Kor. 1:21)?
3. Kan ons bid om verlossing uit aardse vervolging? Indien wel, hoe moet ons dit doen (4:29, 30)?
4. Hoe het die Here dié gebed verhoor (vers 31)?
5. Wat was die uitwerking van die dreiging van die Joodse Raad op die gemeente? Is dit ook vir ons van belang in die beoefening van die gemeenskap van die heiliges en armsorg?

# HANDELINGE 5

### *Buitengewone kerklike tug (5:1-16)*

**5:1, 2.** Selfs in die eerste gemeente het alles nie goed gegaan nie. Die Bybel steek dit nie weg nie. Bárnabas het 'n mooi voorbeeld gestel (4:36). Ananias en Saffira is man en vrou - by name bekend, dus welbekendes in die gemeente. Hulle stem in die saak saam - daarby staan albei ewe skuldig. Die bekende Joodse naam, *Ananias,* beteken: "Die HERE is genadig" of "Die HERE antwoord" (9:10). Wat is hulle sonde? Hulle gee voor dat hulle alles gee, maar hou 'n deel agter (4). Hulle soek na eer (Matt. 6:1-4). Ewe plegtig word dit afgedra aan die apostels - dit is huigelagtig!

**5:3, 4.** Die Here openbaar aan Petrus hoe die saak staan - daarom kon hy kras optree. Satan - die teëstander van Christus - is aan die werk (Matt. 16:22, 23; Joh. 13:27; Openb. 12:1-4). Tog gee Petrus die skuld aan Ananias - hy moes die Satan uit sy hart weer. (Dink aan Adam en Eva in die Paradys - Satan kry sy straf, maar hulle ook: Genesis 3.) Hy lieg vir die Heilige Gees, terwyl hy voorgee dat hy deur die Gees sy goeie werk doen. Pasop vir Satan! Hy boots die werk van die Gees na om self daardeur geëer te word. Hier blyk duidelik dat die Gees God is en 'n Persoon is (4, einde van die vers). As hy liewer sy geld gehou het - of sy grond glad nie verkoop het nie - sou niemand hom daaroor verwyt het nie. Mens mag egter nie met die Heilige Gees speel nie (8:18-22; Matt. 12:31, 32; 1 Kor. 5:5).

**5:5, 6.** Is die oordeel nie te kras nie? Ons dink hier aan die Ou Testament (Jos. 7:24-26; 2 Thess. 2:4; 1 Kor. 5:5). Ja, Christus doop met die Heilige Gees en met vuur (Matt. 3:11). Dit beteken oordeel oor hulle wat die Gees misbruik of laster. Mense wil in ons tyd die Here dikwels na eie smaak dien en Hom na die menslike vlak neertrek. Onthou: "vervul met die Heilige Gees" beteken nie dat ek beskik oor Hom nie, maar dat Hy geheel oor my beskik. Die reaksie by die gemeente is *vrees (*Jes. 6:5; 33:14; Luk. 5:8). Mense is destyds haastig begrawe - jongmanne is geskik en gewillig vir die werk. 'n Dooie is onrein (Deut. 21:22, 23; Joh. 19:31).

**5:7-10.** Uit die samestelling van die sin kan ons hier aflei dat Saffira nie alleen maar gekom het nie, maar na haar man gevra het. Waarskynlik lê die geld nog daar. Sy was blykbaar onrustig of wou ook deel in die vreugde en eer van haar man. Petrus vra haar uit - moontlik omdat hy nie seker was of sy mede-aandadig was nie, of om aan haar nog geleentheid te gee tot bekering. Weer volg dieselfde vermaning en oordeel - sy is net so skuldig as haar man. Hulle het saamgespan om vir die Heilige Gees te lieg. Soos haar man, word sy dadelik begrawe.

Dit is nooit goedkoop om in Jesus te glo nie (Luk. 9:23-25; 13:22-30). Skynheiligheid en selfhandhawing of eersoekery sit in ons bloed. *Die* Here eis volkome oorgawe (Rom. 12:1).

**5:11.** Weer kom skrik en vrees oor die gemeente. Hier pas heilige erns (Jes. 33:14; Luk. 12:4, 5; 7:16). Hier is vir die tweede keer sprake van die *gemeente* of *kerk (ekklêsia* - Matt. 16:18). Jesus bou op die rots van die belydenis - die Christus die Seun van die lewende God (Matt. 16:16). Hy is heilig en ook sy gemeente moet dit wees (l Kor. 1:2).

**5:12.** Op die gemeente het hierdie tug 'n seënryke uitwerking. Weer doen die apostels tekens en wonders en die gemeente lewe uit Christus (1:14; 2:42; 4:32). Die eendrag bly voortbestaan - dit is 'n vrug van die Gees (Gal. 5:22, 23).

**5:13.** Daar kom 'n steeds duideliker skeiding tussen die gemeente en die omringende Joodse wêreld (Luk. 5:11). En tog bly hulle in agting by die volk - hulle het niks gedoen om aanleiding te gee tot vervolging nie (2:47; 4:33). Wanneer vervolging kom, is dit vyandskap

teen Christus self (4:26). Die Jode besef duidelik die erns van 'n keuse om Christen te word, want die Christene word meer en meer 'n "nuwe volk" - los van die Jode. Dit is 'n waagstuk om by die gemeente aan te sluit. Besef ons tradisie-Christene dit nog?

**5:14.** Die uitwerking van die tug oor Ananias en Saffira word nog verder beskryf. Die gemeente groei. Dit is nie soos dikwels in ons tyd geredeneer word nie: "Moenie streng optree nie, dan verstrooi jy mense! Wees taktvol en positief en liefdevol - en moet tog niemand seermaak nie! " Lees wat Jesus self doen (Joh. 6:60-69). Die tug is 'n liefdesmiddel om mense tot berou en bekering te bring (*Kategismus*, Sondag 31). Dit gaan nou nie alleen daarom dat dit risiko's inhou teenoor die Jode om vir Jesus te kies nie. Dit is in geen opsigte goedkoop om 'n Christen te wees nie (Rom. 8:34; Gal. 4:9). Hulle word nou "gelowiges" genoem.

**5:15, 16.** Weer bekragtig die Here die werk van die apostels deur wonders en tekens. Wat Jesus in Galiléa gedoen het, doen die apostels nou in Jerusalem. Die Heilige Gees het nie alleen met die Joodse Pinksterfees binne Jerusalem gekom nie (2:1-4), maar Hy werk ook nou binne Jerusalem. Die Jode in Jerusalem gaan nie verlore voordat hulle ook gesien en gehoor het wat Galiléa gesien en gehoor het nie (Matt. 11:20-24). By hierdie tekens deur die apostels dink 'n mens aan die uitsprake van Jesus (Matt. 10:8; Joh. 14:12; Joh. 16:23).

***Vrae (*5:1-16)**

1. Eers die algemene vraag: Waarom, dink u, word die verhaal van Ananias en Safffra aan ons oorvertel? Het dit ook betekenis vir ons wat ons offers aan die Here betref ?
2. Voel ons nie ook maar goed as die mense goed van ons dink en praat nie? Wat sê Jesus hiervan (Matt.6:l-4)?
3. Is dit egter op sigself verkeerd vir 'n ryk mens om 'n groot bydrae vir die kerk te gee? Wat is dan wel verkeerd in dié geval?
4. Wat het Ananias en Saffira in hulle plan buite rekening gelaat?
5. Kan ons, uit wat Petrus sê, aflei dat die Heilige Gees nie maar die Gees van God is nie, maar die derde *Persoon* in die Drie-eenheid?
6. Het dit enige uitwerking op u wanneer u hierdie geskiedenis lees? Sou u dit vergelyk met die uitwerking op die gemeente in Jerusalem (5, 11)?
7. Sou u sê dat kerklike tug noodsaaklik is? Waartoe (11-16)?

### *Verlos deur 'n engel (5:17-20)*

**5:17, 18.** Die hoëpriester en sy aanhangers - die party van die Sadduseërs - sien hoe die apostels hulle bevele verontagsaam. Hulle merk ook hoe meer en meer Jode by die gemeente aansluit. Hulle hoor selfs van die tekens en wonders en is met *nydigheid* vervul - eintlik is hulle jaloers. Hulle verag die volk en tog wil hulle nie hul mag oor die volk verloor nie (13:45; Joh. 7:49; Hand. 5:26). Omdat die hoëpriester self 'n Sadduseër is, kan ook hy, soos die ander Sadduseërs, nie verdra dat die apostels die "opstanding" verkondig nie (4:1, 2). Hulle het juis dié prediking verbied (*4:*14, 18; Mark. 12:18-27). Dit is duidelik dat hulle eers behoorlik beraadslaag het, voordat hulle die apostels weer gevange laat neem.

**5:19, 20.** Die Here beskik oor wonderbare middele. Hulle werk in Jerusalem is, volgens die raad van God, nog nie afgehandel nie. Daarom verlos Hy hulle deur 'n engel (vergelyk 12:6-12; 16:25, 26). Die engel bring ook 'n boodskap of bevel van die Here aan hulle (20). Hulle moet voortgaan met nuwe en opsetlike optrede - op bevel van die Here (4:19, 20; 5:29, 30). Hulle moet in die *openbaar* en in die *tempel* preek. Dit beteken dat die Here Hom nog spesifiek tot die Joodse volk as verbondsvolk rig - vir hulle is die tyd van genade nog nie

verby nie. Hulle mag ook nie verlore gaan, voordat hulle behoorlik gewaarsku is nie. Dit is die weg van die Here met alle volke (1:8; Matt. 28:19; 24:14). Die evangelie word hier genoem: "die woorde van hierdie lewe . . ." (Fil. 2:16; Joh. 6:68; Hand. 3:15). Die opstanding van Christus is die krag wat die prediking laat voortgaan (Joh. 11:25; Hand. 13:26).

### *Weer gevangenes (5:21-26)*

**5:21.** Die apostels gehoorsaam dadelik. Vroeg in die môre, toe die tempel oopgesluit word, is hulle op hul pos (vergelyk Jesus - Joh. 8:2).

Ook die hoëpriester en sy raadslede is op pad na die tempel. Die hele Sánhedrin vergader weer soos in 4:5, 6. In vers 17 het alleen 'n groep van die raad saam beraadslaag, maar tans word die hele raad opgeroep vir 'n offisiële vergadering. Dit is merkwaardig dat die raadslede nie eens die apostels, wat waarskynlik in die voorhof preek, opmerk terwyl hulle die tempel binnegaan na die raadsaal nie. Waarskynlik het hulle die apostels nie daar verwag nie - hulle is mos in die gevangenis, agter slot en grendel. Die Raad is eindelik byeen en stuur na die gevangenis om die apostels te laat haal.

**5:22-24.** Treffend teken Lukas die verleentheid van die tempel-polisie en die Raad. Die deure is gesluit, die wagte op hulle pos, maar die gevangenes het verdwyn. Wat sal hiervan word? Dring daar iets van die hand van God deur tot die verharde Raadslede? Owerheidsgesag rus op *mag*, maar ook op aansien of ontsag van die volk - en nou kan die owerheid nie optree nie. Hulle mag en aansien is op die spel. Dit is voorwaar moeilik wanneer 'n mens vir jouself moet veg. Dit is veel makliker om, soos die apostels, eenvoudig net aan die Here gehoorsaam te wees - dan is jou eie mag en aansien van geen belang nie (lees Ps. 37:1-9).

**5:25.** Eindelik kom daar inligting oor waar die apostels is. Hierdie "vriend" van die Raad weet van hulle verleentheid. Hy is blykbaar geen vriend van die apostels nie en selfs nie van die volk nie. En tog hoor ons in sy berig iets van die Goddelike ironie (Ps. 2:4). Die diensknegte van die Here *staan rustig* die volk en leer - en "julle het hulle in die tronk gesit".

**5:26.** Ons dink aan Jesus se gevangeneming (Joh. 18:1-8). Hy het Homself vrywillig oorgegee - sy volgelinge doen dit ook. In beide gevalle was die motief van die Raad: "vrees vir die volk" (Luk. 22:2; Mark. 14:2). Die Here het getoon dat hy sy apostels teen die Raad kon beskerm maar hulle *moes* nog eens van Hom getuig voor die Raad. Daarom moes hulle gaan. Verder moes hulle ook ly (40, 41). Besef ons dié waarhede nog?

### *Die apostels se getuienis voor die Raad (5:27-32)*

**5:27, 28.** Die groep apostels word die raadsaal binnegelei. Die raadslede sit in 'n halwe kring, terwyl die apostels tussen hulle staan. Die hoëpriester lei die ondersoek. Dit is opmerklik dat hy nie vra hoe die apostels bevry is nie - dit sou sy verleentheid nog vergroot.

Sy vraag behels drie punte: 1. Hulle hou aan om die bevel van die Joodse Raad te oortree (4:18). 2. Hulle vervul Jerusalem met hulle leer - 'n erkenning dat hulle invloed in Jerusalem grootliks toeneem (17; vrees of jaloesie vir hulle eie posisie). Die apostels het nooit gesê dat hulle hul "eie leer" verkondig nie - hulle verkondig die leer van die opstanding in Jesus Christus (3:6, 16; 4:10). 3. Die apostels beskuldig die Sánhedrin dat hulle aan die dood van Jesus skuldig is. Weer noem hy nie die Naam van Jesus nie - "hierdie Man . . .". Dit het die apostels herhaaldelik gesê (3:15; 4:10; Matt. 27:24-26). Die bloed van Jesus laat die Joodse leiers nie met rus nie. Hulle kom nie van Hom los nie, hoewel hulle eens anders gedink het (Joh. 11:50). Volgens die leer van die apostels staan die Raad in die beskuldigdebank. Indien die leer van die apostels die oorhand in Jerusalem sou kry, is dit klaar met die Joodse Raad. Dit gaan derhalwe vir hulle om lewe of dood. Dit is die eeu-oue vraag: *Vir of teen Jesus* - tot

vandag toe.

**5:29-32.** Petrus tree as spreekbuis vir die twaalf op - soos gewoonlik (1:15; 2:14). Allereers antwoord hy op die aanklag dat hulle die bevel van die Joodse Raad oortree (29; 4:16-21). Hulle het alleen maar aan God gehoorsaam gebly, soos hulle alreeds vir die Raad gesê het. Daarop herhaal hy bloot sy getuienis van die vorige geleentheid (30-32; 4:8-12). Weer moes dit die Raad tref dat hulle vreesloos sê wat hulle, volgens die bevel van Christus, moet sê (1:8). Hy stel God se werk teenoor die werk van die Raad. Hulle is die moordenaars van Christus, hoewel God dit so beskik het. Hy is "die God van ons vaders" - ook van die vaders van die Raad (3:13; 22:14). Hy het sy werk voortgesit - "Hy het Jesus opgewek wat julle omgebring het deur Hom aan 'n hout te hang." (Ons kan ook vertaal: "Hy het Jesus verwek" - volgens sy beloftes - 13:33.) In Jesus het God die Messias laat kom (Mark. 13:22; Luk. 1:69; 7:16; Joh. 7:52).

Die Raad het Jesus aan 'n hout opgehang (Deut. 21:22). Vreeslik is die daad van die Raad. Die Romeine het bedoel om Jesus aan die kruis te martel, maar volgens Deut. 21:22 het dit ook 'n geestelike betekenis - Hy is van God vervloek. Hulle ken die wet en die betekenis van hulle daad - Jesus is as Godslasteraar gedood as Iemand wat deur God vervloek is (Gal. 3:13; Matt. 26:65-67).

Ondanks die Jode se gruweldaad - of juis daardeur - bereik God sy doel (31). God maak Hom *Leidsman* en *Verlosser* - Hy is die enigste Verlosser (4:12). Dit was Hy van die begin af (13:23), maar by sy opstanding tree dit eers duidelik aan die lig (Rom. 1:4). In Hom is vergifnis van sondes ook vir Israel bedoel - natuurlik na *bekering.* Hier het ons weer die Griekse woord wat beteken: verandering van insig in die innerlike (2:38). Dit is die wortelbekering of bekering in beginsel. Daarop volg vanself die verandering van lewenskoers of rigting, "omdraai", waartoe ons daagliks geroep word (3:19).

Só word nie alleen die sonde van die Raad aan hulle tuisgebring nie, maar aan hulle ook die Verlosser en bekering tot Hom verkondig. Mooi só, goeie en getroue dienskneg!

Petrus sluit sy getuienis af (32). As getuies van hierdie dinge mag hulle nie swyg nie (29; 1:8, 22; Matt. 10:18). Dit gaan om "dinge" wat feite is - gebeurtenisse. (In ons tyd word Bybelse gebeure of feite in sommige kringe nie as van belang beskou nie. Kyk egter hoe die Twaalf Artikels die historiese feite bely.) Hulle is selfs nie alleen getuies nie - ook die Heilige Gees is Getuie van hierdie dinge (15:28; Joh. 15:26). Die Gees bevestig ook hulle getuienis (1 Kor. 2:4; Hebr. 2:4). Wie ontvang die Gees? (1 Kor. 2:9, 10). Die apostels bewys hulle gehoorsaamheid en dit is ook 'n bewys dat die Gees saam met hulle en deur hulle getuienis lewer. Daarom kan hulle nie swyg nie.

Hoe is ons gehoorsaam aan die Gees? Deur gehoorsaam te wees aan sy Woord (7:51; Ef. 6:17).

### *Gamáliël se raad (5:33-42)*

**5:33.** Die Joodse Raad is woedend. Dit is vir hulle duidelik dat die apostels nie van plan is om te swig voor hulle dreigemente nie. Hulle hou ook nie op om die Raad as moordenaars aan te kla nie. Daarby is hulle eie invloed op die volk in groot gevaar. Daaragter lê egter die haat teen Jesus, wat hulle nie as Messias wil erken nie. Hulle is só woedend dat hulle self op die manne wou afstorm en hulle gryp om hulle te vermoor - die deftige manne! (Matt. 26:67; Hand. 7:54; Joh. 13:16). Aan die ander kant is hulle in groot verleentheid (24).

**5:34.** Dan tree Gamáliël - 'n geëerde lid van die Raad - na vore. Hy was ook Paulus se leermeester (22:3). Hy is 'n Fariseër - wel van die meer liberale rigting, die skool van Hillel,

teenoor die ortodokse rigting van Shammai. Die Fariseërs was in elk geval Jesus se felste teëstanders (Matt. 23). Gamáliël tree dus hoegenaamd nie in die bres vir die dissipels nie. Hy was in eer by die volk en daarom luister die Raad graag na hom - hy sal raad gee om die invloed oor die volk te behou (26).

**5:35.** Hoe weet Lukas, die skrywer, wat Gamáliël gesê het? 'n Moontlike verklaring is dat hy dit van Paulus kon gehoor het, wat hier teenwoordig kon wees (35-39). Pasop! (35). Julle kan deur oorhaastige optrede net julleself benadeel.

**5:36-39.** Die hoofinhoud van Gamáliël se raad is: As die saak nie uit God is nie, sal dit vanself doodloop. Om dit te bewys, haal hy twee, by hulle bekende voorbeelde, aan: Theudas en Judas, die Galileër. Hulle leer was nie uit God nie en daarom kon dit nie voortbestaan nie (36, 37). Hy stel dan voor (38, 39): Bemoei julle nie verder met die mense nie, ignoreer hulle en dan gee hy sy redes. Is dit uit God? (4:29, 30). Uit vers 39 kan selfs afgelei word dat Gamáliël self nog nie seker was of die prediking van die apostels uit God is nie. Julle mag nie teen God stry nie (2 Kon. 13:12;Spreuke21:30).

Vir hulle was dit gerieflike raad, maar in elk geval 'n bewys van hulle inherente swakheid. Hulle ontwyk die keuse waarvoor Christus hulle stel.

**5:40.** Die plegtige raadsitting word afgesluit deur die apostels te laat gésel en weer die bevel te gee om nie in die Naam van Jesus te preek nie. Só koel hulle hul eie woede af en hoop om die apostels die les te leer dat dit vir hulle erns is.

**5:41, 42.** Wonderlik is die reaksie van die apostels - eintlik behoort Gamáliël nou te geweet het: dit is uit God (41, 42). Dink aan wat Jesus gesê het (Matt. 5:11, 12). En dan werk hulle met nuwe ywer (42). Lees hierby: Kol. 1:24; 1 Pet. 4:13; Fil. 1:29.

In Parys, Frankryk, is 'n monument ter nagedagtenis aan die vervolgde Hugenote. Die monument bestaan uit 'n aambeeld met 'n aantal gebreekte hamers. Die onderskrif lui: "Hamer maar voort, vyandige bendes. Julle hamers sal breek, maar God se aambeeld sal standhou."

***Vrae (*5:17-42)**

1. Waarom het die Here vir Petrus en Johannes uit die gevangenis verlos?
2. Wat is die hoofinhoud van die evangelie (vers20; Joh. 6:68)?
3. Is dit vir u moeiliker om aan die Here gehoorsaam te wees al kos dit offers en nood, as om vir uself te veg?
4. Waarom laat die apostels hulle tog oorreed om voor die Raad te verskyn (26)?
5. Waarvan beskuldig die hoëpriester die apostels?
6. Wat is die volle betekenis van die kruisdood van Christus (30)?
7. Het Petrus ook aan die Raad die evangelie van verlossing verkondig?
8. Is ons ook - soos die apostels - saam met die Heilige Gees getuies van hierdie dinge (32)? Wat is ons maatstaf (Ef. 6:17)?
9. Waartoe is Gamáliël se raad bedoel? Dit mag 'n uitweg vir die Raad wees, maar is dit die regte antwoord op die eis van die Bybel, soos Petrus dit stel (31, 32)?
10. Sou u ook bly wees om ter wille van die Here te ly (41, 42)?

# HANDELINGE 6

### *Die Eerste Diakens (6:1-7)*

Die verkiesing van die eerste sewe diakens is 'n baie belangrike voorwaartse stap in die ontwikkeling van die kerk. Tot dusver was daar alleen een "diens" of amp in die gemeente - die apostels. Vanweë die groei van die gemeente kon hulle nie meer alles behartig nie. Hulle hooftaak word duidelik omskryf (Matt. 28:19; Mark. 16:15, 16; Hand. 1:8, 21). Nou word daar 'n verdere *diens* of *besondere amp* bygevoeg. Uiteindelik word die buitengewone en eenmalige amp van die apostels geheel deur die besondere ampte, *ouderlinge en diakens, vervang (*14:23; 15:2, 22; 16:4; 20:17; 21:18). Later word ook gepraat van *"leerouderlinge" (*1 Tim. 5:17). Die Here rus mense ook toe met besondere genadegawes om die besondere dienste te kan verrig (Rom. 12:6-8).

Hier kry ons ook die vaslegging van die reëlmatige kerklike armsorg. Die aanvanklike wyse van versorging van behoeftiges (2:44 e.v.) word nou vervang.

**6:1.** Die aanwas van die gemeente maak dit noodsaaklik dat die apostels hulp kry. Ook aan Moses het die Here hulp gegee (Num. 11:23-25). Die gemeente bestaan nog net uit Jode, maar die Jode was in twee groepe verdeel. Sommige Jode is in die verstrooiing gebore - buite Palestina. Hulle was van huis uit Griekssprekend. Hulle probeer dikwels om terug te keer en hulle in Jerusalem te vestig. Hulle het selfs hulle eie sinagoges in die stad (9). Dit is menslik verstaanbaar dat jy jou eie groep bevoordeel. Die mense is nie ontevrede met die apostels nie, maar daar ontwikkel 'n gevoel dat die Hebreërs hulleself bevoordeel. Later het weer 'n stryd ontwikkel tussen voormalige Jode en heidene wat in Christus glo (Hand. 15).

**6:2.** In die wyse waarop die apostels die saak hanteer, sien 'n mens die hand van die Here. Hulle ruim nie alleen die ontevredenheid uit die weg nie, maar tref ook 'n reëling vir die komende eeue. Die diakenamp word ingestel. Hulle eerste taak is om die Woord te bedien - vandag die taak van die leraar - en dit is ook nie reg dat predikante allerlei ander dinge doen wat nie by hulle amp hoort, indien die Woord daardeur skade ly nie.

**6:3.** Let op die vereistes hier gestel aan 'n diaken (1 Tim. 3:8, 12). *"Uit julle . . ."* beteken dat hulle uit die kring van die gemeente moet kom. *"Van goeie getuienis"* beteken van wie altyd goed gepraat word (10:22; 16:2; 22:12). *"Vol van die Heilige Gees"* kan hier nie beteken dat hulle, soos alle gelowiges, die Heilige Gees ontvang het nie. Dit gaan om die besondere gawe of gawes van die Gees wat hulle nodig het in hulle bediening, waarvan *wysheid* spesiaal genoem word. Groot eise word aan die diakens gestel, maar die Here bekwaam hulle ook om die verpligtinge te kan nakom (Rom. 12:6-8).

**6:4.** Die apostels vat hulle eie werk saam as *bid* en *preek (*2:42; 1:8; 5:20). Dit is die wesenlike dinge waarom dit gaan. Indien alle leraars dit doen, soos dit hoort, is hulle getrou aan hulle opdrag.

**6:5.** Almal stem in en kies sewe manne - almal met Griekse name. Dit wil nie sê dat almal juis Griekssprekend was nie - ook sommige apostels het Griekse name, soos Andréas en Filippus. Dit lyk in elk geval asof hulle die Griekssprekendes terdeë in ag geneem het. Net van twee van die sewe word iets besonders bygevoeg: Stéfanus en Nikoláüs. Stéfanus sou seker uitblink in geloof en die krag van die Heilige Gees - hy was besonder begaaf en besiel met 'n groot en lewende geloof (6:8-7:60). Nikoláüs was 'n "Jodegenoot" - hy was 'n heiden wat reeds vroeër tot die Joodse geloof oorgegaan het.

**6:6.** Die apostels aanvaar die keuse van die gemeente. Hulle bid om die goedkeuring van God en lê hulle die hande op. Dit is 'n *teken* en geen *oordrag* van genade of krag of die Heilige

Gees nie. Dit is van dit alles egter wel 'n teken - die Here gee sy genade en gawes aan hulle wat Hy vir 'n besondere diens afsonder (Rom. 12:6). Daarom word by die handoplegging ook gebid.

**6:7.** Weer vertel Lukas van nuwe seënryke groei (2:41; 4:4; 5:14). Ook priesters sluit aan - by herhaling. Voorheen weet die Bybel net van vyandskap van priesters teen die evangelie (4:1; Joh. 7:48). Dit is die hoogtepunt, maar ook die einde van die opbloei in Jerusalem - hierna kom die vervolging en verstrooiing van die gemeente.

***Vrae (*6:1-7)**

1. Wat is die roeping van die apostels?
2. Waarom is diakens nodig? Is hulle vandag nog nodig? Of is 'n *"welsynstaat"* 'n beter oplossing vir die vraagstuk van armoede? Sou u sê dat die diaken-amp by ons tot sy reg kom? Twee van die eerste diakens was byvoorbeeld bekende evangeliste - Stéfanus en Filippus. Onderskat ons diakens nie moontlik hulle roeping nie (vgl. opmerking by vers 8, 9)?
3. Wat beteken die handoplegging (6)?
4. Wat is die derde stadium in die stryd tussen Jode en Christene?
5. Wat is 'n "Hellenis" (8, 9)?

### *Stéfanus, die eerste martelaar vir Christus, gevange geneem (6:8-15)*

In die stryd van die Jode teen Christus breek nou 'n derde stadium aan. Eers is die apostels gewaarsku en beveel om nie die evangelie te verkondig nie (4:21). By die volgende geleentheid is hulle weer verbied om te preek en daarop gegésel (5:40). Nou tree die derde stadium in - Stéfanus sterf as martelaar. Daarop volg dan 'n wrede vervolging van al wat Christen is en die gemeente word verstrooi.

Die Here het nou klaar gewerk met die amptelike Jodedom. Paulus sou nog later op sy sendingreise in heidense lande eers die Joodse sinagoges opsoek en die evangelie aan hulle verkondig, voordat hy hom tot die heidene wend. Maar die Here stuur nou duidelik sy werk weg van die Jode af - die Joodse sinagoge en Christelike kerk kan nie onder een dak leef nie (Openb. 2:9). Hulle het hul eie Messias gekruisig - en tog word sy evangelie nog aan hulle verkondig. Die apostels moes in Jerusalem begin en daar bly totdat Jerusalem hulle verdryf. Toe gaan die Blye Boodskap verder na Samaria, Antiochië, Asië, Europa - na die eindes van die aarde (1:8). Christus hou Hom by sy program - al moet nood en selfs die marteldood daartoe meehelp.

**6: 8, 9.** Die diaken, Stéfanus, was waarskynlik alreeds 'n "evangelis" - soos ook Filippus was (8:5, 26 e.v.; 21:8). Hoewel hy met die oog op armversorging gekies is, kon hy nie nalaat om ook die evangelie te verkondig nie. Dit is trouens die roeping van elke gelowige (8:4; 11:19-21). Stéfanus begin blykbaar hoofsaaklik arbei onder die Jode uit die verstrooiing - die "Helleniste" - blykbaar in hulle sinagoge (s). Daar begin sommige van die Helleniste met hom redetwis. Ook sy wonders en tekens moes hulle tot weerstand aangespoor het, omdat hy dit in die Naam van Jesus gedoen het (3:6). Dit is moontlik dat Saulus van Tarsus by dié redetwis betrokke was (7:58).

**6:10, 11.** Stéfanus se wysheid kom van die Heilige Gees en die redetwisters was nie daarteen bestand nie (Sag. 4:6). Toe smee hulle 'n komplot - soos teen Jesus (Matt. 26:59; Mark. 14:56). Stéfanus sou dan lasterlike dinge teen Moses en God praat. Wat die lasterlike dinge is, word nader aangedui (13, 14). Dit is opmerklik dat Stéfanus later, in sy verdediging voor die Joodse Raad, by Moses begin (7:2 e.v. - ook Genesis, 'n boek van Moses, word deur die Jode as "Moses" beskou).

**6:12-15.** Volksoplope of "betogings" was destyds al 'n beproefde middel om jou sin te kry. Ook met Jesus was dit só (Mark. 15:11-13, ens.). Vroeër was die "volk" die apostels goedgesind en die Joodse Raad magteloos (5:26). Nou word die "volk" onder die indruk gebring dat Stéfanus teen Moses en God is - en dit slaag. Menslik gesproke is die saak van die Christene nou 'n verlore saak in Jerusalem. Nou het die ouderlinge en skrifgeleerdes die moed om Stéfanus te gryp en voor die Raad te bring. Die "getuies" is byderhand (13, 14; Deut. 19:15). Ons weet dat beide Jesus en sekerlik ook Stéfanus nie teen Moses en die wet praat nie, maar dit anders verklaar as die Fariseërs en skrifgeleerdes (Matt. 5:17). Die keuse is ook hier *vir* of *teen* Jesus - soos dit vandag nog is.

En Stéfanus (15) se gesig vertoon iets besonders - almal sien dit, want aller oë is op hom gerig. Daar is glans en rus op te lees - iets soos die glans van 'n engel (Matt. 28:3). Moontlik het Paulus (Saulus van Tarsus) hierdie besonderheid aan Lukas meegedeel (22:20).

***Vrae (*6:8-15)**

1. Is daar 'n ooreenkoms tussen die klagte teen Stéfanus en Jesus en Paulus in Hand. 24:1-8?
2. Wat is die ooreenkoms?
3. Is dit 'n gegronde aanklag?

# HANDELINGE 7

### *1. Stéfanus verdedig homself (7:1 -50)*

Om hierdie lang verdediging van Stéfanus te begryp, wil ons alleen die hooflyne aantoon. Wat wil hy eintlik vir die Joodse Raad sê?

Voordat ons dit doen, wil ons tog maar net kyk na twee probleme, waar Stéfanus dinge sê wat in stryd is met wat ons in die Ou Testament lees.

Hy sê: "Broeders en vaders, luister! Die God van die heerlikheid het verskyn aan ons vader Abraham toe hy in Mesopotámië was, voordat hy in Haran gewoon het.. ." (2). Uit Gen. 12:1 blyk egter dat Abraham eers deur God geroep is, nadat sy vader Tera uit Mesopotámië vertrek en in Haran gaan woon het. Dié twee uitsprake sluit mekaar nie uit nie. Hoewel daar voor Gen. 12:1 geen aanduiding is dat God vroeër aan Abraham verskyn het nie, kon dit tog wel gebeur het.

Die volgende probleem kry ons in vers 16. Daar lees ons dat Abraham 'n graf gekoop het van die seuns van Hemor. Volgens Gen. 23; 50:13 het Abraham egter 'n graf gekoop van Efron en uit Gen. 33:19 blyk dat Jakob 'n stuk grond van die seuns van Hemor gekoop het. Hiervoor kan ons geen afdoende verklaring gee nie. Moontlik het Stéfanus, wat uit die hoof aanhaal, hom vergis. Lukas kon ook verkeerd oorgeskryf het - of die fout kon selfs ingesluip het by 'n latere oorskrywing van die verhaal. Sulke vergissings is selfs 'n bewys van die waaragtigheid van die Bybelse verhaal - Stéfanus praat soos enigeen sou praat, wanneer hy na 'n bepaalde gebeurtenis verwys. Aan die bewyskrag van sy betoog doen dit geen af-breuk nie.

Ons kyk nou na die rede van Stéfanus. Waarvan is hy beskuldig? Hy word beskuldig dat hy lasterlike dinge sou gesê het teen die wet van Moses en die tempel (6:13, 14). In sy rede kan ons twee hoofsake onderskei.

Allereers wil hy aantoon dat die volk vanaf die vroegste tye die ware gesante van God vervolg het en nie na hulle wou luister nie. Daarteenoor laat hy sien dat God sy gesante verhoog en verheerlik, hoewel die volk hulle woord verwerp. Dit verduidelik hy veral met die voorbeelde van Josef en Moses (9-15; 23-36). Josef, wat deur sy broers gehaat en as slaaf verkoop is, gebruik God om hulle te red in die tyd van hongersnood. Moses het, hoewel hy in weelde kon leef aan die hof van Farao, gekies vir sy eie volk - destyds 'n slawevolk - maar hulle het hom verwerp (23-28; 35). God roep en gebruik hom om die volk uit te lei (35, 36). Maar selfs in die woestyn wou hulle nie na hom luister nie (38-41). Ook aan die latere profete was hulle ongehoorsaam en het God met afgodediens getart (42, 43).

Net soos die volk deur die eeue heen, só is die Jode van sy tyd nog (51-53). Moses het alreeds geprofeteer van Christus (37; Deut. 18:15). Soos hulle vaders Moses en die profete weerstaan het, doen hulle dit ook met Christus.

Stéfanus wil tweedens aantoon dat die Jode die tempel as sodanig te hoog skat. God woon nie in 'n huis met hande gemaak nie. Hy verskyn aan Abraham (2); aan Moses (30-34). Hy verwys ook na die uitspraak van Salomo (47; 2 Kron. 6:18) en Jesaja (Jes. 66:1, 2 by vers 48-50). Ons dink aan die uitspraak van die Here Jesus self (Joh.4: 19-24).

Soos die apostels verdedig Stéfanus homself hoegenaamd nie, maar preek hy vir die Jode. Hy staan as getuie van Jesus Christus voor die Joodse Raad (4:8-12; 5:29-32). Veral in sy toepassing praat hy reguit met hulle (51-53). Op die paar verse gaan ons 'n bietjie meer in besonderhede in.

**7:51.** Het Stéfanus op hierdie tydstip rede om as 't ware in heilige toorn te ontbrand? Ja! Die

Joodse Raad het Jesus gevonnis en oorgelewer aan Pilatus om gekruisig te word. Hulle het die apostels gevange geneem, gedreig en selfs gegésel. Hulle het toegelaat dat teen hom, Stéfanus, opgetree word. Hy het ook nie in sy rede om reg en vrylating gevra nie. Hulle kon wel sien hoe baie hy van die Ou Testament (Moses en die profete) dink en self daaruit opmaak dat die klag sonder grond is. Hy kies vir Jesus, wat meer is as die tempel waarvoor die Jode ywer, sonder om vir God te ywer. Daarom vermaan hy ook met woorde uit die mond van Moses, vir wie hulle voorgee om te stry (Ex. 33:3, 5).

Stéfanus se aantyging dat die Jode "onbesnedenes van hart en ore" is, is vir hulle 'n verskriklike belediging. Ook daarmee gebruik hy die Bybel wat hulle ken - "Moses en die profete" (Lev. 26:41; Deut. 10:16; Jer. 4:4; 6:10; 9:26). Hulle dien God nie van harte nie al is hulle besny. Hulle soek hulself en hul eie sin en wil en luister nie na die Woord van God nie (Rom. 2:25 e.v.).

Hulle "staan altyd die Heilige Gees teë". Hulle verset hulle teen die werk van die Heilige Gees wat op Pinkster uitgestort is, deur vervolging en spraakverbod. Maar hulle vaders het ook die Gees weerstaan in die Ou Verbond (1 Pet. 1:11; Jes. 63:10). Dit sê Stéfanus "vol van die Gees en krag" (6:5, 8).

Ons moet onthou dat *besnydenis van hart* vir ons dieselfde sê as *wedergeboorte.* 'n Wedergebore mens weerstaan nie die Gees nie, maar is gehoorsaam aan die Gees - dit beteken dat die Woord van God vir hom die Woord van die Gees is. Wees gehoorsaam aan die Woord en jy is gehoorsaam aan die Gees (1 Pet. 1:22, 23; 2 Pet. 1:21). Net soos die Jode vertrou het op die uitwendige besnydenis, kan ons vertrou op die uitwendige teken van die doop - en tog verlore gaan.

**7:52, 53.** Hier dink 'n mens aan die woorde van die Here Jesus (Matt. 23:31). Die profete het in die reël in tye van verval opgetree wanneer die priesters hulle werk versuim het. Hulle roep dan tot bekering - maar tevergeefs (Dan. 9:6; 2 Kron. 36:16). Die volk het selfs die profete doodgemaak (2 Kron. 24:20, 21). Eindelik het hulle Christus, die Regverdige, ook verraai en vermoor. Hy was die ware Profeet (Deut. 18:15; 1 Pet. 1:11). As Regverdige het Hy voor Pilatus gestaan, nadat Hy deur die Jode as Godslasteraar veroordeel en oorgelewer is (Matt. 27:19). Ook soos die apostels, huiwer Stéfanus nie om die Joodse Raad verantwoordelik te hou vir Jesus se dood nie. Dit is egter nog genade dat dit vir hulle gesê word - 'n waarskuwing en oproep tot bekering.

Met hierdie finale aanklag het Stéfanus sy eie dood as 't ware beseël. Hy kon dit egter doen omdat Christus vir hom die ware lewe is. Vir hom was die vraag nie: "Wat word van my?" nie, maar: "Here, wat wil U hê moet ek doen?" (9:6).

### *Stéfanus gestenig (7:54-60)*

**7:54.** Die Joodse Raad het met kalmte geluister na Stéfanus se rede. Dit het blykbaar indruk op hulle gemaak. Sy welsprekendheid en Skrifkennis het hulle gevange gehou. Hy praat met gesag, soos 'n skrifgeleerde. Hulle was gewoond om te redeneer oor die ou geskiedenis van Israel. 'n Volk in verdrukking luister ook graag na sy roemryke verlede en koester hom in die lig van eertydse helde.

Maar die toepassing kon hulle nie verdra nie. Dat hulle, die yweraars vir die wet, van wetskennis beskuldig word en selfs dat hulle die sedes van Moses verander het, het hulle in woede laat ontbrand (6:14). Arme blinde leiers van blindes (Joh. 5:39; 8:47). Hulle is blind van woede en kners op die tande, gedryf deur die haat vir Jesus en hierdie dienskneg van Hom.

**7:55.** Wat 'n teëstelling! Woedende raadslede teenoor 'n man vol van die Heilige Gees en die oë gerig op die hemel. Ja, ook by Stéfanus tree 'n verandering in. Hy weet dat sy einde op hande is en hy berei hom vir die dood voor. Hy sien nie meer die woedende raadslede nie, maar 'n hemelse visioen. Die Heilige Gees bring hom in 'n visioenêre toestand (Openb. 1:10, 11; 4:1, 2). In die Grieks staan eintlik: ". . . en heerlikheid van God gesien . . ." Die lidwoord "die" ontbreek. Hy sien iets van die heerlikheid van God. Hy sien Jesus aan die regterhand van God staan - op die ereplek (1 Kon. 2:19). Dit is asof Jesus opstaan en Stéfanus inwag om hom te verwelkom.

**7:56.** En dan sê Stéfanus wat hy sien. Ook daarin verkondig hy die evangelie, soos dit hom as profeet betaam. Ook sy vyande moet hoor dat God hom begunstig - God is aan sy kant (Hebr. 4:14; 9:11, 12). Hy weet wat hy sien en wat dit vir hom beteken. Hoe het Stéfanus Jesus herken? Moontlik het hy Hom op aarde gesien. Maar selfs al sou hy nie die Here ontmoet het nie, is dit geen probleem nie - verlig deur die Heilige Gees, weet hy wat hy sien. Is dit nie 'n wonderlike hoogtepunt waarmee die prediking tot die Sánhedrin beëindig word nie! Is 'n mens dan tog só blind? (Luk. 16:27-31).

**7:57.** Die Sánhedrin kon hulle nie meer bedwing nie. Hulle skreeu soos besetenes en storm soos een man op hom af. Hulle vergeet al hul waardigheid en stop selfs hulle ore toe om nie meer te hoor nie.

**7:58.** Hulle sleep hom op ruwe wyse die stad uit en stenig hom (Deut. 13). Calvyn merk op dat Deut. 13 beslis gebied om 'n valse profeet te stenig, maar ook duidelik omskryf wat 'n valse profeet is. Hoe kon die Jode Stéfanus stenig in die lig van sulke uitsprake? (Matt. 27:2; Joh. 18:31). Waarskynlik is Stéfanus nie formeel veroordeel nie, maar het die volk die hofsaal binnegedring en hom gedood. Hulle het egter wel onthou dat die getuies die eerste klippe moes gooi - volgens die wet van Moses (Deut. 17:7). Om behoorlik te kon gooi, moes hulle hul oorkleed uittrek - die is neergelê by die voete van Saulus. Blykbaar het Saulus 'n leidende rol gespeel by die teregstelling. Lukas sou egter spesifiek sy naam noem, met die oog op sy latere bekering en ywer in diens van Christus (9:1-6, 15, 16).

**7:59, 60.** Wat 'n treffende "sterfbed" vir Stéfanus! Sy laaste woorde is 'n weerklank van die kruiswoorde van sy Here: "Here Jesus, ontvang my gees" (Luk. 23:46). "Here, reken hulle hierdie sonde nie toe nie!" (Luk. 23:34). Die geloof in Jesus Christus werk wondere in die lewe van sy volgelinge.

Die uitroep: "Here Jesus, ontvang my gees!" druk ook die wete uit dat hy na sy Here in die Heerlikheid gaan (Matt. 27:50). Sy gees - siel (Openb. 6:9; 20:4) - leef voort met Christus in die hemelse heerlikheid.

Hy kniel neer toe die klippe begin reën - om in gebedshouding te sterf. Ja, weer het die Satan verloor! Stéfanus se martelaarsbloed praat nog tot vandag toe en sy sterwe is nog altyd vir elke gelowige stryder 'n troos en krag - soos met Stéfanus is die Here met elkeen wat in sy Naam glo en in Hom lewe, opdat hy ook in Hom kan sterwe (Openb. 14:13).

### *Vrae (*7:1-60)

1. Hoe sou u die klaarblyklike "foute" van Stéfanus in vers 2 en 16 verklaar?
2. Wat is die hoofpunte in die verdediging van Stéfanus voor die Joodse Raad?
3. Sou u sê dat Stéfanus reg opgetree het in vers 51-53? Het hy nie daarmee die Jode uitgedaag en sy eie dood veroorsaak nie?
4. Wat is 'n "onbesnedene van hart"? Kan ons dit ook wees - "ongedooptes van hart"?
5. Toon aan hoe Stéfanus se aanklag teen die Jode en sy dood ooreenkom met wat Jesus self gesê het

en hoe Hy self ook gesterf het.

# HANDELINGE 8

### *Die evangelie buite Jerusalem (8:1-4)*

**8:1-4.** Die Jode het nou duidelik getoon dat hulle weier om na die evangelie te luister. Die gemeente moes daarby ook die opdrag van Jesus uitvoer (1:8). Die evangelie moes verder gaan, al moes die gemeente in Jerusalem deur wrede geweld en vervolging uitmekaar gedryf word. In Openb. 6 trek 'n ruiter op 'n wit perd deur die wêreld - gevolg deur oorlog, honger en dood. Dit word nie gesê wie die ruiter op die wit perd voorstel nie. Die aanneemlikste verklaring is egter dat dit die triomftog van die evangelie van Jesus - en daarmee Jesus self - is, wat uittrek om die wêreld te verower. En sy agterryers is: oorlog, honger en dood. Só werk die Here! Oorlog, honger en dood is sy instrumente om sy koninkryk te laat kom. Hier sien ons iets daarvan.

Dit is eienaardig dat Lukas nou eers vertel van die verdere vervolging van die gemeente en daarna - soos 'n nagedagte - vermeld dat Stéfanus begrawe is. Klaarblyklik wil Lukas eintlik by die "hoofpersoon" in die boek Handelinge kom: *Saulus of Paulus.* Verder is dit ook vir Lukas belangrik dat die vervolging voortgesit en die gemeente verstrooi is.

"Saul, Saul, waarom vervolg jy My?" (9:4; 22:20). Die plan om Stéfanus te stenig, het wel nie van Saulus uitgegaan nie, maar hy het dit van harte goedgekeur. Dit blyk ook uit sy verdere optrede - moontlik het Stéfanus se toespraak en sy sterwensgebed (7:59, 60) nog daartoe bygedra dat Saulus nou uit reaksie só verbete optree. Daarbenewens was hy ook besig om teen die Heilige Gees te veg in sy eie innerlike - hy skop teen die prikkels (9:5). Hy weerstaan die roepstem van die Here en wil die stem van sy gewete op dié wyse stilmaak.

Saulus gaan woes te kere. Onder sy leiding slaan die Jode aan alle kante toe (3; 9:1). Hy spaar niemand nie - mans en vroue gaan tronk toe. Daarom is daar 'n groot vlug uit Jerusalem - Christene versprei na alle windstreke (1, 4). Hierin sien ons duidelik die hand van die Here (4). Saulus en sy medestryders bewerk die teendeel van wat hulle wil bereik - die evangelie gaan steeds verder en verder die wêreld in. Die vlugtelinge is boodskappers van Christus (11:19-21).

Die apostels het egter in Jerusalem gebly (1), waarskynlik bly hulle om die vervolgdes by te staan en beskikbaar te wees, indien hulle benodig sou word - vir raadpleging, ens. (14; 9:26, 27; 15:1, 2). Blykbaar het hulle nou meer onopsigtelik opgetree - die gemeente het "ondergronds" gegaan en die oorblywendes het nie meer vryelik in die openbaar opgetree nie. Dat dit nog lewensgevaar ingehou het, blyk uit 12:1, 2 toe Herodes ook begin saamwerk in die vervolging. Die apostels se hooftaak in Jerusalem was nou nie meer "sending" nie, maar om die bestaande gemeente by te staan en op te bou. Die Here Jesus het immers beveel: "leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het" (Matt. 28:19).

### *Die evangelie in Samaria (8:5-13)*

**8:5.** Filippus, die diaken (6:5), volg Stéfanus se voorbeeld. Later word hy 'n "evangelis" genoem (21:8). Uit 8:1, 14 lei ons af dat hierdie Filippus nie die apostel met dié naam is nie. Hy kom as vlugteling, maar ook as prediker in Samaria aan (8:1). Die apostels het in Jerusalem gebly. Blykbaar kom hy in 'n vername stad aan. Moontlik was dit Sigem naby Sigar, waar Jesus self die evangelie verkondig het (Joh. 4:5 e.v. - let veral op 39-42). Nou geld nie meer die verbod van Matt. 10:5 nie, maar die bevel van Matt. 28:19, Mark. 16:15 en Hand. 1:8. Gelukkig geld die bevel vandag nog.

**8:6.** Merkwaardig - in die eerste stad buite die Joodse gebied gaan dit net soos in Jerusalem. Hy *preek* en *doen tekens (*2:14, 43). En die menigte *luister* na die woorde van Filippus (2:37) en is beïndruk deur die tekens wat hy doen - dit versterk of bekragtig sy woorde (Mark. 16:15-18).

**8:7, 8.** Filippus doen genesingswonders waaronder veral duiweluitdrywing genoem word, moontlik veral met die oog op die bedrywighede van Simon die towenaar, wat sy krag van die duiwel ontvang het. Teenoor die mag van Christus het Satan ook in besonder sy mag oor mense ten toon gestel. Die reaksie van die duiwels sien ons ook by Christus (Mark. 5:7, ens.). Ook ander siekes is genees, soos Jesus vroeër in Galiléa en die apostels in Judéa gedoen het. En die gevolg was groot blydskap - die ware blydskap kan Jesus alleen gee, omdat Hy verlos van alle ellende (Matt. 11:28). Dit beteken nie dat ons altyd uit aardse ellende verlos word nie, maar dat ons altyd rede het om God te prys, omdat ons in Christus vrede met Hom het (Rom. 5:1-5).

**8:9-11.** In Samaria - 'n half-heidense land - was towery aan die orde. In Galiléa het die duiwel anders gewerk - by die Jode was towery verbied (Deut. 18:9, 10). Sy Satanswerk maak van Simon die towenaar selfs 'n valse Messias (5:36, 37; Matt. 24:24). Hy het 'n groot aanhang - in die hele landstreek van Samaria. "Hy is die groot krag van God", laat 'n mens dink aan die Messiasverwagting van die Samaritane (Joh. 4:25). Hy het selfs 'n sekere blywende greep op die mense deur sy towerye.

**8:12.** Waar Christus werk, word die Satan oorwin (Matt. 12:26-29). Die mense *glo* die woorde van Filippus aangaande die koninkryk van God (sien aantekening by 1:6). Hy verkondig die Naam van Jesus Christus - dit is Jesus as die Christus (4:10). Na die geloof volg die doop (Mark. 16:16; Hand. 2:38). Teenoor Simon handhaaf Filippus dat Jesus die krag van God is (1 Kor. 1:24). Manne en vroue word gedoop - nie alleen manne ontvang die verbondsteken, soos in die Ou Testament nie (Gen. 17:10). Die vrou is in haar ereposisie herstel (vergelyk aantekening by 1:14).

**8:13.** Simon self glo en laat hom doop. In die lig van vers 18, 19 kan ons aanvaar dat Simon geen ware geloof gehad het nie - hoogstens 'n "wondergeloof" - hy verbaas hom oor die tekens en wonders (Matt. 7:22, 23). Simon erken dat Filippus hom oortref. Hy het dit blykbaar ook maar as 'n soort *towerkrag* vertolk. Bygeloof het by hom 'n groot rol gespeel (18, 19).

### *Petrus en Johannes na Samaria (8:14-17)*

**8:14.** Die apostels in Jerusalem verneem dat baie mense in Samaria tot geloof in Jesus gekom het - waarskynlik van oor die hele landstreek. Filippus is deur vervolging gedwing om na Samaria te gaan. Die apostels gaan uit eie beweging, volgens Jesus se opdrag (1:8). Die blye tyding dat die Samaritane glo, is vinnig versprei (vergelyk 11:1). Soos gewoonlik tree Petrus en Johannes op die voorgrond (3:1; 4:13).

**8:15, 16.** Vanselfsprekend sou die Christene in Samaria al die Heilige Gees ontvang het - anders sou hulle nie geglo het nie (16:14). Ook die Joodse Christene van voor Pinkster het deur die Gees die geloof ontvang (Luk. 11:13; Joh. 3:6; 6:63). Elke ware gelowige glo alleen deur die Heilige Gees (1 Kor. 6:11; 12:13; Gal. 3:5; Tit. 3:5). Die apostels doop nie die gelowiges oor nie - hulle beskou die doop van Filippus as geldig. Wat hier plaasvind, is dat die Heilige Gees ook in die *gemeente* van Samaria woning maak, soos met Pinkster in die gemeente van Jerusalem. Dit is 'n uitbreiding van Pinkster in Samaria (Joh. 7:39). Daar het 'n nuwe kring uit 'n nuwe volk tot stand gekom en nou word vir hulleself en die Joodse gelowiges geopenbaar dat hulle deel het aan die inwoning van die Heilige Gees en daarom 'n

deel is van die ware kerk van Jesus Christus (10:44; 19:6). Wat doen die apostels? Hulle bid (1:14; Luk. 11:13).

**8:17.** Behalwe om te bid, lê die apostels ook die hande op die gelowiges. Soos by 6:6 verduidelik, is die handoplegging niks meer as 'n *teken* nie. Die apostels kon die Gees nie meedeel nie (10:44). Volgens 2:1-4 kan ons aflei dat dieselfde tekens hier gehoor en gesien is - egter nie by almal wat teenwoordig is nie. Simon die towenaar het beslis nie die Gees ontvang nie (18-23).

### *"Mag jou geld saam met jou vergaan! (8:18-25)*

**8:18.** Simon die towenaar sien die tekens van die koms van die Heilige Gees. Dit is duidelik dat sy bekering nie eg is nie. Daarom maak hy twee verkeerde afleidings: 1. Hy koppel die ontvangs van die Gees aan die handoplegging. Dit maak van die handoplegging 'n soort magiese towerkrag. Die handoplegging is bloot 'n teken van erkenning - die apostels ontvang die Samaritane as deel van die kerk (6:6). 2. Simon meen dat die gawe van die Gees gekoop kan word - en dan seker ook met "wins" verkoop kan word.

**8:19.** Hier kom Simon se motief duidelik aan die lig. Hy wil die gawe ontvang om die Heilige Gees mee te deel tot sy eie voordeel. Dit is duidelik dat hy van Christus en sy diens nog niks begryp nie (Matt. 16:24-26). 'n Mens mag nie smous met die Heilige Gees nie. *Ons moet duidelik verstaan dat die skrywer Lukas nie sê dat die Gees meegedeel is deur die apostels by die handoplegging nie, maar dat hy Simon se opvatting weergee. (*Die uitdrukking "toe Simon sien" (18), kan ook beteken *insien of begryp* - hy begryp dit so uit sy magies-stoflike oogpunt.)

**8:20.** Petrus se skerp teregwysing toon die gruwelike aard van Simon se sonde. Hy vervals die evangelie - die duiwel is hier aan die werk. In ons tyd bestaan in die opsig groot gevare. Oral en altyd wanneer 'n mens die Heilige Gees en sy gawes van die evangelie losmaak en dit aan subjektiewe menslike ervaringe vasknoop, tree dié sonde na vore - vervalsing van die evangelie. Hy spreek 'n vloek oor Simon uit. Geld het menige mens al na die hel gesleep! Pasop vir Mammon! (Matt. 6:24). 'n Mens kan nie die gawe van God met geld koop nie (Matt. 16:26).

**8:21, 22.** Simon staan nog geheel buite die evangelie of die bedieningsamp (Ps. 78:36, 37). Sy hart is nie reg voor God nie - dit is nie 'n pad waarop God kan loop of 'n huis waarin Hy kan woon nie (Ps. 68:5). Gelukkig kan Simon nog verlos word van die vloek - "bekeer jou . . ." "Bekeer" is hier die wortelbekering - hoewel Simon uiterlik alreeds sy geloof bely het, staan hy nog buite die Here. Hy moet nog tot geloof of insig kom (vergelyk opmerkings by 2:38; 3:19). Hoe kan Simon as onbekeerde of ongelowige dan tot God bid? Petrus vermaan tot die gebed, wat die eerste vrug van verandering van gesindheid of bekering is (9:11). *Die Blye Boodskap:* ". . . bid die Here om jou hierdie gesindheid van jou hart te vergewe." Die Here sal gewis vergewe, indien hy daarom bid, maar Petrus wil benadruk dat die Here *alleen* en nie hulle as apostels nie, kan vergewe.

**8:23.** Hier gee Petrus die rede waarom Simon moet bid om vergewing. Hy gaan nie alleen self verlore nie, maar hy is ook 'n struikelblok vir andere. *Bitter gal* is die beeld van iemand wat mense goddeloos, bitter, maak in hulle doen en late (Job 20:14). Hy is 'n band van ongeregtigheid vir die volk - hy verlei die volk tot ongeregtigheid (Jes. 58:6). Let op die teenoorgestelde hiervan (Ef. 4:3; Kol.3:14).

**8:24.** Die ernstige vermaning van Petrus wek reaksie by Simon. Hy voel homself onwaardig om te bid - soos die tollenaar (Luk. 18:13); of soos Farao (Ex. 8:28; 9:28; 10:17). Sy reaksie toon in elk geval dat die aanslag van die Satan afgeweer is. Daarom swyg Lukas verder oor

die geval Simon die towenaar.

**8:25.** Klaarblyklik bly die apostels nog vir 'n tyd in dieselfde omgewing, waar hulle kragtig getuig, waarna hulle dan geleidelik terugkeer na Jerusalem. Sover hulle gaan, het hulle steeds die evangelie verkondig. Só het nie alleen vlugtelinge nie, maar ook die apostels begin met die verdere uitvoering van die opdrag van Jesus (1:8).

***Vrae (*8:1-25)**

1. Waarom lyk dit of Lukas haastig is om te vertel van Saulus (1, 3) en nie dadelik vertel dat Stéfanus begrawe is nie?
2. Moet alleen predikante die evangelie verkondig (4)? Sou u sê dat "kerkmense" in ons tyd hulle roeping uitlewe? Motiveer u antwoord.
3. Hoe kan Filippus die evangelie aan Samaritane verkondig in die lig van Matt. 10:5?
4. Waartoe het die tekens wat Filippus gedoen het, gedien? Is 'n *wondergeloof* altyd 'n *ware geloof (*vergelyk vers 13)?
5. Wat was die doel van Petrus en Johannes se reis na Samaria (14)?
6. Het Petrus deur handoplegging die Heilige Gees meegedeel (15-17)? Was Simon die towenaar se afleiding in vers 18 reg?
7. Wat was Simon se sonde?

### *Filippus en die man uit Afrika (8:26-40)*

In hierdie geskiedenis het ons 'n soeker wat vind (Luk. 11:9). Aan die ander kant sien ons ook hoe Christus 'n mens soek en vind (Luk. 19:10). Verder word hier aan ons verhaal van die eerste bekeerling uit Swart Afrika. 8:26. Filippus is weer die instrument van die Here om eerste die evangelie aan iemand uit Afrika te verkondig. Waarskynlik was hy nog in Samaria. Hy kry 'n opdrag van 'n engel (26; Hebr. 1:14; Hand. 5:19; 10:3; 12:7). Die pad word duidelik aangedui - "na die Suide" - omdat daar twee paaie tussen Jerusalem en Gasa was. Dit is ook die "eensame pad", teenoor die meer gebruikte pad. Die opdrag is duidelik omlyn - Filippus weet wat om te doen. Ons hoef nooit te dink dat ons opdragte minder duidelik is nie - ons het immers elke dag die Woord van God (2 Tim. 3:16, 17).

**8:27.** Filippus gehoorsaam onmiddellik. En dan sien hy die reisgeselskap. Die Ethiopiese howeling kom van 'n land suid van Egipte, tussen Egipte en die huidige Abessinië of Ethiopië. Die Here hou sy beloftes (Ps. 68:32). Dié man is uit die nageslag van Gam (Gen. 10:6 e.v.). Die vloek van Noag geld nie die verkondiging van die evangelie aan die swart volke nie (Gen. 9:22, 25, 26). Dié man was 'n hooggeplaaste amptenaar van die koningin. Hy het in Jerusalem kom aanbid. Moontlik was hy 'n proseliet - iemand van heidense afkoms wat glo in die God van Israel (6:5 - Nikoláüs).

**8:28.** Dié man lees uit die boekrol van Jesaja. Waarskynlik het hy dit in Jerusalem gekoop; dit is die Griekse vertaling of Septuaginta. Die gesprek met Filippus sou ook in Grieks wees. (Vers 32 en 33 is 'n aanhaling uit die Griekse Bybel.)

**8:29.** Filippus huiwer waarskynlik om met die hooggeplaaste man te praat. Miskien huiwer hy ook vanweë die man se velkleur - 'n Swartman. Daarom kry hy duidelik 'n opdrag van die Heilige Gees. Ons moet altyd twee dinge onthou: die krag van die Gees en Woord (Sag. 4:6; Rom. 1:16) en dat ons natuurlike vooroordele nie by God geld nie (Gal. 3:26-29; Kol. 3:11).

**8:30.** Filippus hardloop na die wa - miskien om hom in te haal - maar dit kan ook wees vanweë sy angstigheid om die opdrag uit te voer. Hy is nou seker wat om te doen - hy aarsel nie meer nie. Hy hoor die man lees - hardop soos die gewoonte was - en hy ken die Bybel

sodat hy ook weet waar hy lees. Dadelik besef Filippus hy en dié man het 'n gemeenskaplike basis - die Bybel. As ons dit tog maar altyd onthou teenoor andersdenkende Bybelgelowiges! Dan praat Filippus: "Verstaan u wel wat u lees?" Dit is 'n goeie vraag en aanknopingspunt in enige gesprek oor die Bybel. Christus kom tot ons en ons kom by Christus deur die Woord (Matt. 5:17; Luk. 24:25; Joh. 5:39; Hand. 19:10). Die vraag bring Filippus ook by die man se insig en gemoedstemming.

**8:31.** Uit die man se antwoord is dit duidelik dat hy 'n soekende mens is. Hy verstaan nie, omdat Hy Christus nie ken nie. Sy nood is dieselfde as dié van die Émmaüsgangers (Luk. 24:13-31). Sy reis na Jerusalem was teleurstellend - daar kon hy nie 'n antwoord op sy vrae en soeke kry nie. Die man verwag iets van Filippus - daarom nooi hy hom uit om op te klim. Alles toon die man se heilbegeerte - die Here was besig met hom - Hy het sy hart voorberei.

**8:32, 33.** Dit is merkwaardig dat die man juis dit lees - die profesie van die lydende Kneg van die Here (Jes. 53:7, 8, soos in die destydse Griekse Bybel). Dit is 'n profesie wat die Joodse rabbi's vandag nog nie begryp nie. Alleen in die lyding van Christus kan ons dit begryp. " . . . die Seun van die mens *moet* ly..." (Mark.8:31).

**8:34.** Dit is opmerklik dat hy vra van die "skaap" en die "lam": "Van *wie* sê die profeet dit?" Hy weet die *skaap* is *iemand.* Hy weet ook die profeet is 'n *kneg* van die Here, maar dit bevredig hom nie. Sonder die kruis bly die Ou Testament 'n geslote boek (2 Kor. 3:14-16).

**8:35.** Filippus het 'n uitnemende teks om Christus te verkondig - die Verlosser wat Homself vir ons oorgegee het tot in die dood aan die kruis. Waarlik, dit is nie moeilik om Jesus te verkondig aan 'n heilbegerige soeker nie! Die man kry 'n duidelike antwoord op sy vraag.

**8:36-38.** 'n Verlorene is gevind (Luk. 19:10). Petrus se belofte is waar (2:39). Indringend is die vraag van Filippus en mooi is die belydenis van die kamerling (37). Dit laat 'n mens dink aan Matt. 16:16 en Joh. 11:27. Op die geloofsbelydenis volg vanselfsprekend die doop (Matt. 28:19 - sien oor die kinderdoop Hand. 2:39).

**8:39, 40.** Filippus het sy boodskap afgelewer - sy werk is afgehandel. Die Heilige Gees maak 'n vinnige en wonderlike einde aan hulle saamwees (39 - vergelyk 1 Kon. 18:12; 2 Kon. 2:16; Eseg. 3:14; 8:3). Filippus mag nie na Ethiopië saamreis nie - die tyd daarvoor het nog nie aangebreek nie. Die kamerling is bly - gelukkig - salig. Hy gaan as 'n nuwe mens na sy land terug. Filippus sit sy werk voort in Asdod en dan gaan hy al werkende na Cesaréa (21:8). Waarskynlik het hy in Cesaréa gebly, want hy en sy gesin woon later daar. Dan word hy nie *diaken* nie, maar *evangelis* genoem.

### *Vrae (*8:26-40)

1. As u dink aan Filippus se opdrag in vers 26, kan u dan sê dat ons altyd só 'n duidelike opdrag het? Filippus was gehoorsaam aan die engel - waaraan moet ons altyd gehoorsaam wees? Wat is die hoofrede indien ons nie gehoorsaam nie?
2. Baie mense besit die Bybel, maar verstaan nie wat hulle lees nie - waarom nie (30, 31)? Is dit alleen "predikantewerk" om te verduidelik?
3. 'n Mens moet "Skrif met Skrif vergelyk" en die "Bybel in sy verband lees" - hoe kom dit hier aan die lig (32-35)?

# HANDELINGE 9

### *Saulus ontmoet Jesus (9:1-8)*

**9:1, 2.** Ons kom nou by 'n baie merkwaardige verhaal. Een van die felste vyande van Christus word verander tot een van die ywerigste werkers van alle tye in sy koninkryk. Dit is Saulus van Tarsus - die latere bekende Paulus.

Ons het al terloops van Saulus verneem (7:58; 8:1, 3). Later, vanaf 12:25, volg Lukas eintlik net vir Paulus op sy togte oor land en see en deur dorpe en stede.

Lukas sluit aan by sy laaste verwysing na Saulus - hy hou nog aan om te doen waarmee hy begin het (8:1, 3). Hy word so gedryf deur sy hartstogtelike haat vir Christus dat hy as 't ware dreiging en moord uitasem. Hy het later self dikwels met droefheid na hierdie periode terugverwys (Gal. 1:13; 1 Thess. 2:14; 2 Thess. 1:4). Hy was beslis invloedryk - moontlik omdat hy 'n ywerige instrument vir die Joodse Raad of self 'n lid van die Raad was. Hy nader die hoëpriester persoonlik en kry volmag van hom om die Christene - onder die Jode - te vervolg. Waarom juis na Damaskus? Moontlik omdat Christene daarheen gevlug het. 'n Ander moontlikheid is dat Damaskus 'n plek was waar godsdiensvryheid beoefen is. Daar was in elk geval dissipels van Jesus in Damaskus (10, 19). Die hoëpriester moes ook 'n bepaalde gesag oor die sinagoges uitgeoefen het. In die sinagoges is mense gestraf - selfs gegésel (Matt. 10:17). Joodse sinagoges het hulle eie regspraak beoefen oor hulle lede.

Hier word Christene "mense van die Weg" genoem - dit is mense van die bepaalde lewenswandel of opvatting (19:9; 24:14, 22). Hulle word gesien as 'n Joodse sekte.

**9:3, 4.** Soos 'n bloedhond is Saulus op pad na Damaskus. Dan word hy ineens neergevel en kom voor die lewende Christus persoonlik te staan. 'n Lig uit die hemel omstraal hom onverwags. Saulus se reis word nie alleen onderbreek nie, maar die Christene in Damaskus spring die vervolging vry en dieselfde reis loop daarop uit dat Saulus die evangelie in Damaskus verkondig (20). So kan die Here in sy vrymag omstandighede ten goede aanwend.

Die lig uit die hemel beteken iets van God se heerlikheid - daarom kon Saulus nie bly staan nie (Eseg. 1:28; Dan. 8:17). Hy bly egter by sy volle bewussyn - hy hoor die stem van die Here en antwoord daarop. "Waarom vervolg jy My?" Met die "My" ontvang Saulus die eerste openbaring van Jesus Christus. Nou weet hy wat Gamáliël nie geweet het nie (5:34-39). Hulle is inderdaad besig om selfs teen God te stry, soos Gamáliël gewaarsku het. Wie sy dissipels vervolg, vervolg Jesus self (Matt. 10:40; 25:45). Op die "waarom?" antwoord Saulus nie - later sê hy wel waarom (1 Tim. 1:13) - hy het dit *onwetend* gedoen. Saulus meen hy stry vir God en in werklikheid rus sy optrede onder die oordeel van God.

**9:5.** "Wie is U, Here?" Die vraag is 'n blyke van genade - hy vlug of verset hom nie. "Here", die Griekse woord "Kurie" wil sê dat Saulus Jesus as *Here* sien. Hieruit kan ons aflei dat hy 'n gedaante sien (1 Kor. 9:1). "Ek is Jesus ..." Dit is die Naam waarop Saulus Hom ken - Saulus se aartsvyand.

Die volgende woorde: "Dit is hard vir jou om teen die prikkels te skop", kom nie in die betroubaarste handskrifte van die Nuwe Testament voor nie - *Die Blye Boodskap* laat dit uit - so ook die eerste sin van vers 6: "En terwyl hy bewe en verbaas was, sê hy: Here, wat wil U hê moet ek doen." In latere verhale van die gebeure sê Paulus self egter wel dat die dinge gesê is (22:10; 26:14). Omdat dit in die lig van 22:10 en 26:14 wel gesê is, wil ons egter tog ook hier kortliks daarop ingaan.

"Dit is hard vir jou om teen die prikkels te skop" beteken dat Saulus homself seermaak deur

sy verset teen die Here. Hy dink dat hy die gemeente - en daarmee vir Jesus - seermaak, maar is self die lydende party. Die "prikkel" is waarskynlik 'n skerppuntstok waarmee osse of ander trekdiere "geprik" word om vorentoe te beur - skop hulle agtertoe, dan kry hulle net seer. Saulus was getuie van die krag van Jesus by die marteldood van Stéfanus en ook by ander Christene sou hy kon sien dat dit hier nie om mensekrag gaan nie - maar hy het hom daarvoor blind gehou.

**9:6.** Dit is 'n mooi vraag en 'n goeie vraag vir elke mens wat tot bekering kom: "Here, wat wil U hê moet ek doen?" (22:10). Trouens, ons moet dit elke dag vra (Joh. 15:10; Joh. 13:34). Opmerklik is die antwoord van die Here: ". . . gaan na die stad en dit sal vir jou gesê word wat jy moet doen" (11, 12, 19). Die "dissipels" sou hom wel onderrig Wie Jesus is (Matt. 28:19 - "leer hulle"). Die Here gebruik sy dissipels, sy lewende kerk, om aan mense sy wil uit sy Woord bekend te maak. Ons moet ons daartoe bewapen met sy Woord. Selfs in hierdie wonderlike ontmoeting met Saulus neem Hy nie ons werk uit ons hande nie (1:8). Daarmee word ook Saulus se beskeidenheid op die proef gestel - ons moet gewillig wees om van mense te leer.

**9:7.** Saulus se metgeselle - waarskynlik lede van die tempelpolisie - sien die lig en hoor dat daar gepraat word, maar verstaan die woorde nie en sien niemand nie. Dit is nie teenstrydig met 22:8, 9 nie. Hulle het wel die geluid gehoor, maar kon die woorde nie onderskei of *verstaan* nie. Hulle *verstaan* niks en *sien niemand nie.* Saulus het die woorde *verstaan* en die *gedaante van Jesus gesien (*lKor.9:l;Deut.4:12;Dan. 10:7).

**9:8, 9.** As 'n blinde word Saulus na Damaskus gelei. Dit moes ook dien as 'n teken vir hom (Joh. 9:40, 41). Vir drie dae is hy in 'n geweldige krisis - hy eet of drink selfs nie. Hy moet tot berou en belydenis van sonde kom. Hy moet leer om hom geheel in diens van die Here te stel (Gal. 1:12, 15).

***Vrae (*9:1-9)**

1. Meen u dat elke mens, soos Paulus, die dag en datum van sy bekering moet kan aanwys (Luk. 1:41, 42, 66; Jer. 1:5; Ps. 71:6)?
2. Maak ons nie ook soms die fout van Paulus deur Jesus te weerstaan, wanneer ons nie duidelik uit sy Woord kan onderskei, wie waarlik sy gemeente is nie (4)?
3. Wat ons "kerkisme" sou noem is 'n bedekte wyse om ander volgelinge van Jesus te vervolg en dan raak dit Hom self. Ons mag nie dwalinge goedpraat nie, maar ons moet die Skrif ken om onsself duidelik in die lig daarvan te ken en die geeste te kan onderskei.
4. Op watter wyse kan ook u en ek teen die prikkels skop?
5. Vers 6 behoort elke Christen se lewensvraag te wees - elke dag - of hoe?
6. Waarom sê Jesus nie self vir Paulus wat hy moet doen nie (6)?
7. Vergelyk 9:7 en 22:8, 9 met mekaar - is dit in stryd met mekaar (vergelyk ook die aantekeninge by 22:9)?

### *Saulus leer Jesus beter ken (9:10-19)*

**9:10-12.** 'n Origens onbekende dissipel, Ananias, word nou deur die Here gebruik. Die Here verskyn aan hom in 'n visioen. Dit dui daarop dat hy 'n gewigtige opdrag ontvang. Christus roep hom soos God vroeër vir Samuel geroep het (1 Sam. 3:10). Hy roep Ananias by die naam - Hy ken hom en het hom vir 'n bepaalde doel nodig (Joh. 10:3, 27).

"Staan op ..." beteken dat hy iets moet gaan doen en dit dadelik moet doen. Noukeurig dui die Here die adres aan en die naam van Saulus - "van Tarsus" die plek van sy herkoms. Só is

Saulus bekend by die herberg of mense waar hy tuis is. "... want kyk, hy bid." Ananias se sending is vir Saulus gebedsverhoring en vir Ananias 'n gerusstelling. Saulus blaas nie meer dreiging en moord nie, maar bid.

Ook aan Saulus het die Here intussen iets openbaar in 'n visioen. Hy sien 'n man na hom kom en sy naam word selfs aan hom bekend gemaak - "Ananias" - wat hom die hande oplê dat hy weer kon sien. Só het die Here alreeds aan Saulus openbaar dat Hy sy gebed verhoor. Die handoplegging het die betekenis dat Saulus erken en aanvaar word as Christen (8:17).

**9:13-14.** Ananias praat teë - wel op geldige gronde. Tog sou ons sê dat hy blindelings moes gehoorsaam op die bevel van die Here. Ook andere het by soortgelyke geleenthede teëgepraat (Ex. 3:11; Jer. 1:6; Luk. 1:18; 1:34). Die Here weet egter wanneer die besware uit ongeloof of uit geloof kom - wat nog moeilikhede in die weg sien. Sagaria (Luk. 1:18) word stom, omdat hy nie glo nie. Maria (Luk. 1:34) kry 'n verduideliking - so ook Ananias. Hier word die gelowiges vir die eerste keer "heiliges" genoem (32, 41; 1 Kor. 1:2). "Heiliges" is mense wat die Heilige Gees ontvang het en daarom aan die Here behoort en aan Hom toegewy is - hulle is ook geroep om *heilig* te lewe.

Ananias weet ook van Saulus se opdrag (1, 2). Almal "wat u Naam aanroep", beteken dat hulle Hom erken en eer as Seun van God en Messias. Die uitdrukking beteken dat alreeds in dié tyd die Christene 'n bepaalde "belydenis van hulle geloof" moes doen en Christus aanbid het (1 Kor. 1:2; Jak. 2:7).

**9:15, 16.** "Gaan" *maar gerus*, sê die Here. Saulus is 'n uitverkore werktuig van die Here (Rom. 1:1, 2; Gal. 1:8). En die onbekende en moontlik eenvoudige Ananias moes meewerk aan die uitvoering van die besluit van God. "My Naam dra" beteken eintlik "swaar dra". Saulus het 'n swaar werk. Hy moes onder die moeilikste omstandighede die Naam van Jesus dra - allereers voor "nasies", dit is *heidennasies (*Gal. 1:8), en voor "konings" of "owerhede" (26:2 e.v.). "En die kinders van Israel" - hy het die evangelie gewoonlik eers aan die Jode in hulle sinagoge verkondig, voordat hy na die heidene gegaan het - dit is die Jode wat in die verstrooiing buite Palestina gewoon het (13:5, 14; 14:1, ens.). Hierdie boodskap moes Ananias aan Saulus oorbring.

Hy sou vir die Naam van die Here ly. Sy opdrag sal hom in botsing bring met konings en Jode (Matt. 5:11; Joh. 16:2). Uit die sinsverband is duidelik dat Ananias dit nie vir hom moet sê nie - Saulus se pad sal 'n lydenspad word. Hy sal ondervind "hoeveel hy vir my Naam *moet* ly" (2 Tim. 3:11; lees hierby 2 Tim. 3:12 - met die oog op ons self). Gelukkig kon Saulus, die eertydse vervolger van die gemeente, later in sy eie vervolging sing (16:24, 25; Rom. 5:3, 4; 8:35-39).

**9:17-19.** Ananias gaan nou sy opdrag uitvoer. Ontroerend is sy begroeting: "Saul, broeder . .." Jesus het hom gestuur - dié Jesus wat jou op die pad ontmoet het. Hy sê nie wat Saulus moet preek nie (Gal. 1:12). Hy sê dat hy weer sal sien en die Heilige Gees ontvang. Volgens sy opdrag sou hy ook die hande op hom lê (12) en hom doop (18). By die ontvangs van die Gees is besondere tekens nie nodig nie - dat hy weer kon sien is genoegsame teken. Hier gaan dit nie om Saulus se roeping tot apostel nie, maar om sy bekering. Hy word opgeneem in die kring van die Christene. Van sy oë val iets soos skille af - dit bewys 'n wonder. Hy laat hom gewilliglik doop - die bewys dat hy deur Jesus oorwin is. Nou kan hy weer normaalweg lewe - hy neem voedsel om sterk te word. Hy het immers werk om te doen (20). In die paar dae saam met die dissipels is toe vir hom gesê wat hy moet doen (6). Hulle het hom in die leer van Christus onderrig (Matt. 28:19).

### *Saulus, die vervolger van Jesus, word self vervolg vir Jesus (9:20-25)*

**9:20.** 'n Man met die geaardheid van Saulus kon nie anders nie. Hy moes, na sy wonderlike ervaring, dadelik begin om te getuig - om sy innerlike rus en kalmte te herwin. As kenner van die Skrif wie se oë oopgegaan het, was dit nie vir hom moeilik om te preek nie. Hy het nou geleer om die Bybel te sien in die lig van die vervulling in Christus (2 Kor. 1:20; 3:13-16). Daar was meer as een Joodse sinagoge in Damaskus - die sinagoge is eintlik die "leer-huis" van die Jode, waar onderrig gegee word en onderling geredeneer word. (Die tempel is die enigste heiligdom waar offers gebring is.) Hy preek dat Jesus die *Seun van God is (*Matt. 16:16). Dit is die aanvegbare punt vir die Jode. Dat Jesus voorgee dat Hy die Messias is - 'n verskynsel van die Messianisme wat herhaaldelik voorgekom het (5:35-37) - is nie so erg vir die Jode nie. Maar dat Hy beweer dat Hy die Seun van God is, is vir die Jood Godslastering (Joh. 10:33). *"Die* Seun van God" bedoel ook dat Hy die enigste Seun van God is (Joh. 1:14).

**9:21.** Die hoorders is verbaas (Matt. 12:23). Hulle hoor wat hulle nie verwag nie - veral nie van 'n man soos Saulus nie ( 1, 2; Gal. 1:13, 23).

**9:22.** Saulus ontvang al meer krag van die Heilige Gees - hoe meer die teëstand teen hom opbou (1:8). Hy bring die Jode in verwarring. Hy werk immers met die Skrif wat die Jode ook ken en die Jode kon hulle nie teen hom verweer nie. Hy bewys dat Jesus die Christus is, maar, hoewel die Jode geen antwoord op sy betoog het nie, stem hulle ook nie toe dat hy die waarheid verkondig nie. Hy sou wel hoofsaaklik verkondig het dat die Skrifte in Jesus vervul is - dit kon die Jode nie ontken nie, maar hulle wou nie glo nie (Joh. 10:25-27).

**9:23-25.** Indien Saulus nie weerlê kon word nie, moet hy sterf soos sy Here (Joh. 11:44-50). Daartoe het hulle selfs die stadsowerheid se medewerking (2 Kor. 11:32, 33). Voordat Saulus met sy eintlike werk - sending onder die heidene - begin, is daar al moordplanne teen hom (Gal. 2:7). In hulle oë is Paulus 'n renegaat - hy kom om Christene gevange te neem en nou verkondig hy Christus. Daarom moet hy dood.

God bewaar Saulus egter. Hulle kon hom waarskynlik nie in die groot stad opspoor nie en daarom bewaak hulle die poorte (2Kor. 11:32, 33).

Saulus het al klaar 'n kring dissipels vergader - hier staan in Grieks "sy dissipels" of volgelinge. (Vanselfsprekend is hulle dan ook dissipels van dié Jesus wat Paulus verkondig - 1 Kor. 3:4, 5.) Uit 'n venster van 'n huis op die stadsmuur word hy neergelaat in 'n mandjie en ontkom aan die Jode se vervolgsug.

### *Saulus terug in Jerusalem (9:26-31)*

**9:26.** Saulus gaan nou terug na Jerusalem. Hy kom nie daar aan met 'n aantal geboeide gevangenes nie, maar hy kom self as 'n "gevangene" van Jesus Christus. Hy kom ook met dié bepaalde doel om by die Christelike gemeente in Jerusalem aan te sluit en dan spesifiek om Petrus te ontmoet (Gal. 1:18). Op grond van Gal. 1:17, 18 lyk dit asof hy nie dadelik vanaf Damaskus na Jerusalem is nie, maar eers vir 'n tyd in Arabië was. In dié tyd was daar ook moontlik oorlog tussen Arétas van Damaskus en Herodes Antipas van Judéa - sodat dit moeilik mog wees om terug te keer. Ons kan egter wel begryp dat die gemeente in Jerusalem hom nie vertrou nie en vir hom bang is. Hulle weet dat hy die gemeente vervolg het - moontlik is hy 'n verraaier, kon hulle dink.

**9:27, 28.** Bárnabas het meer geweet van Saulus se ervaringe. Hy het gewect van sy ontmoeting met die Here, sy bekering en dat hy selfs vrymoediglik die Naam van Jesus gepreek het. Saulus se hele prediking het gegaan om die Naam van Jesus (1 Kor. 2:2). Dit is duidelik dat hy deur Christus self gebruik word. Moes hy 'n apostel wees, dan hoort hy by die ander apostels (1 Kor. 9:1 e.v.; 15:7 e.v.; Gal. 1 en 2). Hy bly en werk nou saam met die

apostels - hy doen dieselfde as vroeër in Damaskus (20-22).

**9:29.** Saulus word as 't ware die opvolger van Stéfanus, vir wie se dood hy medeverantwoordelik was. Hy preek vir die Helleniste - die Griekssprekende Jode. Hy het self buite Palestina in Tarsus opgegroei en is 'n uitnemende kenner van Grieks en die Griekse denkwyse. Hier word dus nou weer sendingwerk in Jerusalem gedoen, maar blykbaar net vir 'n kort tydjie (Gal. 1:18). Weer kom die magteloosheid teen sy argumente tot uiting in die begeerte om hom dood te maak (22, 23).

**9:30.** Die Here het nog baie werk vir Saulus - daarom mag hy nie nou doodgemaak word nie. Hy word gehelp om weg te kom na sy geboortestad. Hy moes homself verder rustig voorberei totdat die Here hom roep (11:25, 26). Tarsus is geleë in Cilicië, waar Paulus en Bárnabas nie met hulle eerste sendingreis was nie. Tog word in 15:23, 39 gepraat van broeders of gemeentes ook in Cilicië. Ons kan daaruit aflei dat hy ook in die tyd in Tarsus nie kon nalaat om die Naam van Jesus te verkondig nie. Verder sou hy hom besig hou met studie en sy werk as tentmaker (18:3).

***Vrae (*9:10-30)**

1. Is dit altyd sonde indien 'n mens besware sien in verband met 'n opdrag of roeping (13, 14)? Wat sou u sê is die onderskeidende maatstaf wat 'n mens self kan toepas (vergelyk Job. 42:2-6)?
2. Wie is die "apostel van die heidene" en waarom (15)?
3. Waarom wou die Jode in Damaskus Paulus doodmaak?
4. Waarom was Paulus in besonder goed toegerus as apostel van Grieks-sprekende Jode en heidene?
5. Op watter grond kan Paulus 'n apostel genoem word, hoewel hy nie een van. die "twaalf" was nie?

## *Petrus tree weer na vore (9:31-43)*

**9:31.** Die gemeentes deur die hele Judéa, Galiléa en Samaria geniet vrede. Hier word Galiléa die eerste keer in Handelinge genoem as gebied van sendingwerk. Jesus het veral daar gewerk en nou verneem ons die eerste keer weer van Christene aldaar. Moontlik het vlugtelinge uit Jerusalem ook daarheen uitgewyk - selfs Galileërs wat tydens Pinkster en daarna in Jerusalem was. Toe die vervolging beëindig is, sou baie weer uit verskillende oorde terugkeer na Jerusalem, maar van sendingwerk in Jerusalem self hoor ons nie weer nie - wel van die gemeente in Jerusalem (15:2; 21:17, 18). Die kerk in die algemeen, seker ook in Jerusalem, het egter steeds vermeerder, waarskynlik hoofsaaklik as gevolg van hulle vrome lewenswandel. (Matt. 5:16).

**9:32-35. *Enéas genees***

Petrus reis rond in die gemeentes - hy doen as 't ware kerkvisitasie. Waarskynlik het die reis plaasgevind voor Saulus se koms na Jerusalem (26-30). Lukas wou eers die verhaal van Saulus afhandel. voordat hy met die verhaal van die gemeentes in Palestina voortgaan. Dit moet egter na Saulus se bekering wees, want dit is 'n tyd van vrede vir die gemeentes. Lidda is op die grens van die Joodse land.

Enéas is lank bedlêend, omdat hy verlam was. Petrus laat duidelik blyk dat die genesing nie sy werk is nie, maar dat Jesus Christus hom genees. Enéas is dadelik gesond - hy staan dadelik op. Dit is ook 'n blyke van sy geloof in wat Petrus gesê het.

Die wonder het gevolge - mense kom tot geloof (Joh. 4:48). Dit is opmerklik dat ons nie lees dat Petrus ook preek nie. Enéas was seker 'n lid van die gemeente - maar buitestaanders hoor ook daarvan en kom tot geloof, want Enéas was in Lidda goed bekend - selfs in die nabygeleë vlakte van Saron. Hier is egter nog net van Jode sprake - Jode kom tot geloof in Jesus. Eers in

hoofstuk 10 is sprake van die eerste heidene wat tot geloof kom - en daartoe ontvang Petrus 'n spesiale opdrag.

### *9:36-43. Tabita word uit die dood opgewek*

**9:36.** Sedert die tyd van die Makkabeërs (150-37 v.C.) het die belangrike hawestad Joppe aan Judéa behoort. Hier was 'n "dissipelin" Tabita of Dorkas. Dit is opmerklik dat vroue-gelowiges deurgaans ook "dissipels" genoem word. Dit dui ook op die verskil tussen die Joodse en Christelike opvatting. Die vrou word meegereken en tree selfs op die voorgrond (vergelyk opmerkings by 1:14). Van haar word 'n pragtige getuienis gegee (1 Tim. 2:10). Eintlik staan hier: "sy was *vol* of *vervul* van goeie werke ..." (Matt. 12:33-37).

**9:37.** Tabita sterf. Sy is waarlik dood - dit blyk daaruit dat hulle haar lyk was en in die bovertrek neerlê (1 Kon. 17:19; 2 Kon. 4:21e.v.).

**9:38.** Lidda is ongeveer 15 km vanaf Joppe. Die dissipels in Joppe stuur vir Petrus en smeek hom om dadelik na Joppe te kom. Hulle vra nie dat Petrus Tabita uit die dood moes kom opwek nie - miskien het hulle dit gehoop. Jesus het immers dooies opgewek (Matt. 9:18-26; Luk. 7:11-17; Joh. 11:43, 44). Jesus belowe ook dat hulle selfs groter werke as Hy sou doen (Joh. 14:12). In elk geval is dit bloot natuurlik dat hulle in hul groot verleentheid graag vir Petrus by hulle wil hê om raad en troos te gee.

**9:39.** Petrus reageer dadelik en by sy aankoms gaan hy ook onmiddellik na die bovertrek waar die lyk is - omring deur weduwees aan wie sy goed gedoen het. Hulle wys aan Petrus die klere wat Tabita vir hulle gemaak het. Weduwees het destyds gewoonlik in moeite en sorge geleef - daarom is Israel altyd vermaan om om te sien na die weduwees (Jer. 7:4-7; Luk. 18:1-8).

**9:40, 41.** Petrus stuur almal uit - niemand moet sien *hoe* die wonder gebeur nie. Dit moet dien om die Woord te bevestig en mense tot geloof te bring. Hy gaan nie demonstreer dat hy 'n dooie kan opwek nie, maar gaan eers bid - *die Here vra of Hy dit wil doen (*1 Kon. 17:20; 2 Kon. 4:33). Die Here maak aan hom, op die een of ander wyse, bekend dat Tabita weer sal lewe - eers dan tree hy op. Hy volg daarin die weg wat deur Jesus aangewys is (Mark. 5:41;Luk.7:14; Joh. 11:33).Uit Tabita se reaksie is dit duidelik dat sy leef en dan help Petrus haar op die been (Mark. 5:41). Dan eers roep hy die heiliges - en spesiaal die weduwees - en stel haar lewend in hulle midde. Lukas kon hierdie verhaal van Tabita self verneem het.

**9:42, 43.** Dit is geen wonder dat die hele Joppe van die opspraakwekkende gebeure hoor nie. In die eerste plek is Tabita aan die gemeente teruggegee om haar werk voort te sit. Maar dit dien ook tot uitbreiding van die gemeente - dink aan Jerusalem na die opwekking van Lasarus (Joh. 11:45; 12:11). Petrus bly nog vir 'n tyd by Simon, 'n leerlooier. Vir 'n Jood is dit nie die beste verblyfplek nie, want die leerlooier werk gedurig met onrein diere en dit sou ook nie aangenaam ruik nie. Moontlik moes dit Petrus voorberei op die gesig van die onrein diere (10:9 e.v.). Hy kon selfs om veiligheidsredes daar vertoef het.

### *Vrae (***9:31-43)**

1. Sou u sê dat daar iets besonders in verskuil is dat ons in Handelinge net hierdie een keer lees van Galiléa (31; Matt. 11:20-24)?
2. Wat is die doel van die wonders wat Petrus hier gedoen het?
3. Werk wonders geloof of versterk en bevestig dit die alreeds bestaande geloof?
4. Waarom word wonders gewoonlik in die Nuwe Testament "tekens" genoem?
5. Het ons in ons erediens ook tekens?
6. Kan tekens, ook by ons, geloof gee?

# HANDELINGE 10

## *Die Romeinse offisier Cornelius (10:1-8)*

Nou tree die finale fase van Christus se opdrag in werking. Die evangelie van Jesus Christus gaan nou oor die grense van die ou verbondsvolk - Israel, Samaria was nog nie deur en deur heidene nie. Hulle het ten minste in die boeke van Moses geglo. Nou gaan die evangelie na die heidene (1:8; 2:39). Dit is opmerklik hoe breedvoerig Lukas die verhaal beskrywe. Dit is vir hom belangrik - hy was immers ook voorheen 'n heiden. Hy wil dit baie duidelik maak dat God die heidene en Jode in Christus gelykstel (Ef. 2:19-22). Hy gee vier maal 'n beskrywing van Cornelius (10:3-6; 10:22; 10:30-32 en 11:5-10).

### *Cornelius word voorgestel*

**10:1.** Keiser Augustus het die stad Cesaréa aan Herodes (die Grote) geskenk. Herodes het daar 'n hawe gebou en verder gesorg vir 'n teater en sirkus en selfs vir 'n tempel vir die "goddelike" Augustus; na wie hy die stad vernoem het. Cesaréa behoort tot Judéa en word die hoofsetel van die goewerneur, waar hy 'n sterk garnisoen soldate aanhou. Die bevolking was oorwegend heidene, hoewel daar ook heelwat Jode gewoon het. Ons bevind ons nou eintlik in heidensegebied.

Cornelius is 'n gewone Romeinse naam. Hy was 'n "centurio" - onderoffisier. Waarskynlik het hy heelwat dienstyd agter die rug en kon al redelik weelderig leef - hy het heelwat huisslawe (7). Hy het ook 'n groot huis (27). Die Italiaanse afdeling was die kern van die Romeinse leer - egte Romeinse burgers. Dit is duidelik: Cornelius kom uit 'n tipies heidense milieu.

**10:2.** Die Romein, Cornelius, het egter in die God van Israel geglo, en dit was vir hom groot erns. Hoewel hy hom bepaald nie laat besny het nie, het hy tog getrou meegedoen aan die Joodse godsdiensoefeninge. Dit geld ook van sy hele huis - sy gesin en selfs slawe en soldate (7). Om "aalmoese te gee" is 'n tipiese kenmerk van Joodse weldadigheid en om in die algemeen te leef na die wet van God (9:36; 24:17). Dit geld vanselfsprekend nog vir die Christen (1 Joh. 4:20). Hy was ook 'n bidder by uitnemendheid - daarom ontvang hy genade (Matt. 7:7, 8).

### *'n Engel verskyn aan Cornelius*

**10:3.** Cornelius sien 'n visioen soos Ananias (9:10, 12). Die negende uur - 3 nm. - is die tyd van die gebed (3:1). Hy was derhalwe seker in gebed. Die engel kom bepaald doelbewus na hom toe. Hy sou gewis bid om meer lig in sy godsdienstige oortuiging.

**10:4.** Cornelius is bevrees (Rigt. 13:22; Luk. 1:12; 24:5). Tog is hy nie sprakeloos van vrees nie. Hy stel 'n vraag aan die engel. God sien Cornelius se werke en hoor sy gebede. Hy ontvang daarop genadeloon (Matt. 25:21, 34-36).

**10:5, 6.** Hy ontvang 'n duidelike opdrag - die naam en adres van Petrus word aangegee (9:43). Dit is belangrik om daarop te let dat die Here nie met Cornelius handel buite die apostels om nie (1:8). Die apostels moes ook na Samaria gaan (8:14). Die apostels is die toegeruste en aangewese stigters van die kerk in die nuwe bedeling (Joh. 20:21-23). Die engel sê egter nie wat Petrus aan hom sal sê nie - dink aan Saulus (9:6). Die Here gebruik mense gewapen met sy Woord en versterk deur die Heilige Gees, om sy werk te doen - onder alle nasies (Matt. 28:19; Mark. 16:15, 16).

**10:7, 8.** Cornelius het 'n sterk behoefte aan lig - hy is heilbegerig en reageer dadelik. Twee huisslawe, wat sy huislike omstandighede ken, en 'n godsdienstige soldaat - al drie manne sou saam met Cornelius die Here gedien het - stuur hy na Joppe, ongeveer 50 km vanaf Cesarea. Dit beteken 'n reis van ongeveer 10 uur.

***Nooit nie, Here!***

**10:9.** Dat die verloop haastig was, blyk daaruit dat die manne die volgende dag teen 12 nm. al naby Joppe was. Intussen is die Here ook besig om Petrus voor te berei. Petrus klim op die platdak van die huis om rustig te kan bid. Dit kan die bokamer van die huis wees (9:37).

**10:10, 11.** Die Here gebruik Petrus se honger om iets aan hom te openbaar. Só het die Satan Christus se honger gebruik om hom te probeer verlei (Matt. 4:2, 3). Hy het klaarblyklik klaar in die huis gevra om ete, want hulle was besig om dit klaar te maak. Daarop sien hy 'n gesig - wat aanpas by sy honger. Hy bly egter by sy bewussyn en kan selfs standpunt neem (14). Hy sien "die hemel geopen" (Matt. 3:16; Joh. 1:51; Hand. 7:56). Petrus moet sien dat wat in die hemel voor die aangesig van God bestaan, op aarde nog nie bestaan nie en daarom op die aarde moet kom. Verborge dinge word aan hom geopenbaar, wat alreeds in die raad van God vasstaan (Ef. 3:5, 6). Die woord "laken" is hier in 'n Griekse mediese term, wat bewys dat Lukas, die *geneesheer*, aan die woord is.

**10:12-14.** Die laken bevat allerlei diere - rein en onrein (Lev. 11: 29 e.v.; 11:41 e.v.; 20:25). Dit is simbool van die mensdom in sy volle verskeidenheid (11:3; Joh. 4:9; Hand. 10:14, 19). Petrus hoor 'n stem - van waar word nie gesê nie. Die stem kom vanselfsprekend uit die hemel. Petrus weet dat dit die stem van die Here is (14:19). Die Here wil hê dat Petrus sélf die stryd in homself moet oorwin. 'n Stem uit die hemel beteken dat God iets wil tuisbring wat vir die hele wêreld van betekenis is (Matt. 3:17; Joh. 12:28; Hand. 9:4). Petrus sou spoedig weet waarom hy só 'n belangrike opdrag ontvang. Die woordjie "slag" is hier die gewone wyse van doodmaak van 'n offerdier - keelafsny. Die Here wil 'n saak van geestelike betekenis by Petrus tuisbring. Van gaarmaak sê die Here niks nie - die visioen wil iets simbolies tuisbring. Petrus weier beslis: "Nooit nie, Here! " Hy spreek sy Heiland, wat hy liefhet (Joh. 21:17), beslis teë. Sy rede is egter gegrond - hy sou die opdrag van die Skrif verbreek. Vir hom lyk dit moontlik na 'n versoeking of 'n toets van sy getrouheid (Lev. 11; Eseg. 4:14; Jak. 1:13). Petrus kon nog nie insien dat die seremoniële wette in Christus vervul is nie. Dink aan wat Jesus self sê (Matt. 15:11; vergelyk Hand. 10:15).

**10:15, 16.** "Wat God rein gemaak het, mag jy nie onheilig ag nie." Die gebooie van God in die Ou Testament gegee - ook die seremoniële wette - moet as sy gebooie eerbiedig word, totdat Hy dit self verander of ophef. Lees oor die betekenis van die seremoniële wette die *Nederlandse Geloofsbelydenis,* Art. 25 (Hand. 15; Gal. 1:11-14; 3:10-14, 24, 28, 29; 4:11, 12; 5:3, 4). Die gesig word drie maal herhaal - Petrus moes weet dat dit die Here groot erns is.

## *Die weifelende Petrus kry gevleuelde voete (10:17-23)*

**10:17, 18.** Ons kan aanvaar dat Petrus wel besef het dat die gesig beteken dat hy maar onrein diere mag eet. Hy besef egter ook dat daarmee iets meer bedoel word - daarom is hy verleë - hy wonder wat die gesig alles mag beteken. Dan gee die Here self die oplossing. Juis toe is die manne van Cornelius by die deur en vra of Simon die leerlooier hier woon. Daarop vra hulle of Simon wat ook Petrus genoem word, daar tuis is - hulle vra presies soos die engel gesê het (5).

**10:19-21.** Die gesig het op Petrus 'n groot indruk gemaak, maar hy kan nog nie besluit wat dit alles in werklikheid beteken nie. Hoe moeilik dit is om met 'n tradisie te breek, veral vir 'n Jood vir wie dit gaan om die uitdruklike wette van die Here en wat nougeset daarin opgevoed

is, blyk uit sy latere optrede (Gal. 2:11-14). Toe ontvang hy 'n direkte opdrag van die Heilige Gees. Uit homself sou Petrus nooit na die huis van Cornelius gegaan het nie (11:1-3). Maar hy weet nou dat die Here hom stuur (4:19, 20 - aan God moet 'n mens gehoorsaam wees; vergelyk ook Joh. 16:13).

Petrus moet sy houding van afwagting en twyfel laat vaar - daar is werk om te doen. Waarom sou Petrus twyfel? Hy sien dadelik dat die manne Romeine is - waarvan een selfs 'n soldaat is. Vir Petrus is die einde van alle teëspraak dat die saak van God kom: "Ek het hulle gestuur" (11:12).

Dan kom hy dadelik na benede en meld homself aan. Hy is bereid om saam te gaan - hy weet hy *moet* gaan - maar die Here het nie aan hom gesê wat hy moet gaan doen nie. Dit was nie nodig nie, daarvoor gebruik die Here die boodskappers van Cornelius. Die Here lei deur sy Gees, maar Hy gebruik ook mense om te lei - by ons ook. Hy roep *inwendig* en *uitwendig* - Hy bewerk ons harte deur sy Gees, maar gee ook die geleenthede en gebruik mense. *Ons moet ook onthou dat die roeping tot Petrus gekom het toe hy besig was om te bid.* Bid vir geleenthede en bid vir afvallige medemense - en die Here maak deure oop - hy bring geleenthede en mense op u drumpel.

### *'n Geskiedkundige reis*

**10:22, 23.** Die manne bring hulle boodskap noukeurig oor. "Regverdig" moet ons hier nie godsdienstig opneem nie, maar dat hy regverdig optree teenoor mense. Daarby vrees hy God. Hy glo in die God van die Jode en van hom word ook goed gepraat - hy is 'n voorbeeld in die samelewing (Luk. 7:1-10; Hand. 6:3). Hy het 'n goeie naam by die Jode. Die manne vlei of prys nie vir Cornelius nie - hulle wil dit alleen vir Petrus maklik maak om te besluit. Dan vertel hulle ook van die gesig wat Cornelius gesien het en van die opdrag van die engel (3-6). Nou weet Petrus - hy is deur Christus self geroep (Joh. 1:43) en met dieselfde naam "Simon Petrus" word hy nou gestuur na die huis van Cornelius. Hy weet die saak is van die Here.

En dan begin Petrus dadelik om die opdrag van die Here toe te pas in verband met die gesig wat hy gesien het (13). Hy nooi die heidene na binne en herberg hulle - hy bly en eet saam met hulle. Die volgende oggend vertrek hulle na Cesarea - saam met ses Joodse gelowiges (11:12). Petrus wou getuies saamneem - anders kon die reis tot skade vir die gemeente dien (11:1-3; 11:12).

### *Vrae (***10:1-23)**

1. Waarom kan ons beweer dat die laaste fase van Christus se opdrag hier in werking tree? Gaan die fase vandag nog voort?
2. Sou daar 'n spesiale rede wees waarom Comelius juis met die *apostel*, Petrus, in verbinding moes tree? Kon dit nie maar enige ander Christen wees nie? Of waarom bring die engel self nie maar die volle boodskap oor nie?
3. Het die gesig van Petrus net vir hom as Jood, met die oog op die heidene, betekenis, of kan ons dit ook toepas in ons verhouding teenoor anderskleuriges in ons land? Ons vooroordeel lê alleen op 'n ander vlak, of hoe?
4. Maak die uitspraak in verse 15, 16 die Ou Testament minderwaardig teenoor die Nuwe Testament?
5. Hoe sou u u eie *inwendige* en *uitwendige* roeping as Christen omskryf ?
6. Wat beteken *regverdig* in godsdienstige sin (vergelyk ook Rom. 3:21-24)?

## *Petrus ontmoet Cornelius (10:24-33)*

### *Jood en heiden ontmoet mekaar in Christus*

**10:24-26.** Petrus en sy geselskap het waarskynlik gedeeltelik in die nag gereis, vanweë die hitte oordag en omdat hulle haastig was. Cornelius het hulle nie bloot *verwag* nie, maar vurig of verlangend gewag volgens die Griekse woord. Hy was seker dat Petrus sou kom en tref selfs vooraf reëlings - sy familie en vriende het hy bymekaargeroep. Toe Petrus die huis wou binnegaan - eintlik was hy op die punt om in te gaan - tree Cornelius hom tegemoet en val voor hom neer as teken van eerbetoon. Hier sien ons dat Cornelius nog geensins alleen die God van Israel vereer het nie - hy is gewoond aan die veelgodedom en bewys aan Petrus goddelike eer (14:11). Petrus skrik en help hom gou op (Deut. 6:4). Veral vir die Jode na die Babiloniese ballingskap was dit 'n groot gruwel om ander gode te aanbid. Esra het selfs die heidense vroue van Jode na die ballingskap laat wegstuur, sodat die volk nie weer tot afgodery verlei sou word nie (Esra 9, 10).

**10:27-30.** Nou gaan Petrus binne en vind 'n groot aantal mense wat hom inwag. Dan spreek Petrus hulle toe. Eerstens benadruk hy dat dit geen willekeur of hoogmoed is wat Jode verhinder om die huise van heidene binne te gaan nie. God het dit só gebied (Ex. 34:15 e.v.; Deut. 7:2 e.v.; Esra 9:2). Jesus het sy apostels verbied om na die heidene te gaan (Matt. 10:5). God het egter aan Petrus getoon wat hy nou moet doen (9-16). Alle verskille tussen rein en onrein mense - in seremoniële sin - het nou weggeval. Petrus vertel van God se besluit en van sy oorwinning oor homself as Jood. Menslike vooroordele mag ons nie verhinder om met mekaar om te gaan nie. Wat God rein verklaar het, mag geen mens onheilig ag nie (15). Petrus het egter later weer gestruikel (Gal. 2:11-14).

Hy het nou sonder teëspraak gekom, as gevolg van die openbaring. Dan vra hy waarom Cornelius hom laat roep het - hoewel hy dit al van die boodskappers gehoor het (22), wil hy dit uit Cornelius se eie mond hoor. Dan sou hy presies weet wat hy moes sê.

**10:30-32.** Cornelius vertel presies wat hy ondervind het (2-6). "Jou gebed is verhoor" dui daarop dat Cornelius spesifiek om iets besonders gebid het en dat Petrus aan hom die oplossing van sy vraag of uitkoms uit sy stryd sal verkondig - "as hy kom, sal hy met jou spreek" (32).

**10:33.** Soos Petrus, het Cornelius dadelik gedoen wat die Here gesê het en hy prys Petrus dat hy gekom het - hy is welkom en hulle wil graag hoor wat hy te sê het - hulle is almal heilbegerig. Hulle is voor die aangesig van God saam om sy Woord te hoor, al weet hulle dat die *mens* Petrus sal praat (Matt. 18:20). Hulle erken dat hy die gesant van God is en beloof by voorbaat dat hulle gehoorsaam sal wees aan wat hy sê.

## *Petrus verkondig Jesus Christus (10:34-43)*

**10:34, 35.** Toe kom Petrus aan die woord. "... sy mond geopen ..." is 'n uitdrukking wat telkens voorkom, wanneer 'n belangrike toespraak volg (8:35; Matt. 5:2). Dit is 'n belangrike gebeurtenis - die eerste keer dat die evangelie aan heidene verkondig word. Volgens vers 44 het "almal" gehoor, waaruit ons kan aflei dat die eenvoudige visser, Petrus, in Grieks gepreek het. Grieks was destyds die algemene spreektaal - ook bekend aan die Romeine. Hy is tans ten volle oortuig dat God geen aannemer van die persoon is nie - dat God geen onderskeid maak tussen mense en volke nie (11:17). Daarmee beroep hy hom op die Skrif (Deut. 10:17; 1 Sam. 16:17). Hy sien nou in dat God se onpartydigheid verder gaan as die volk Israel. Die woord vertaal deur "nasies" (*etnos)* beteken spesifiek "heidennasies" (Rom. 10:12). Die enigste onderskeid wat die Here maak, is *glo of nie glo nie* - "wat God vrees" (Rom. 4:16, 17). Ons kan hier dink aan die Bergpredikasie van Jesus (Matt. 5:20; 6:1).

***Die evangelie van vrede***

**10:36.** God het eers die "evangelie van vrede" (Rom. 5:1) aan Israel verkondig. In Jesus is God se Woord vervul en die vrede ten volle verwerklik. *Vrede tussen God en mens is die samevatting van die inhoud van die evangelie (*Luk. 19:42; Ef. 2:17; 6:15). Hy, Christus, is die Here van almal - uit alle volke die wat in Hom glo (Matt.28:18, 19).

**10:37, 38.** Die gebeure in verband met Jesus was ook by hulle bekend (26:26; Luk. 24:18). Hy het begin optree in Galiléa en deur die hele Judéa. Al sou Jesus self nie die hele Judéa deurgereis het nie, het die apostels dit in sy Naam gedoen (1:8). "Na die doop van Johannes" dui nie alleen die aanvangstyd van Jesus se werk aan nie, maar Johannes se optrede is ook 'n deel van die openbaring van die evangelie aan die Jode (Joh. 1:6, 7). In vers 38 verklaar hy Jesus se werk meer in besonderhede. Hy noem Hom *Jesus van Násaret*, omdat Hy só aan Cornelius bekend sou wees (2:22; 3:6). By die sending soek die apostels bekende aanknopingspunte (17:22-24). *God het Hom gesalf.* Dit beteken dat Hy deur God gestuur of afgesonder is - Hy is nie 'n gewone mens nie, maar is deur God gesalf met die Heilige Gees (Matt. 3:16, 17; Luk. 4:18). Deur die Heilige Gees het Hy *krag* gehad om die duiwel te weerstaan en te oorwin (Matt. 4:10, 11); tekens en wonders te doen (Luk. 24:19); gely en gesterf en daardeur alles volbring wat nodig was vir ons saligheid. Petrus benadruk dat Hy mense van die duiwel verlos het. Daarmee kom hy tot die terrein van die geeste, waar Cornelius en ons nood lê (Matt. 8:16, 17; Ef. 6:12). Gelukkig is Jesus se krag groter as dié van die Satan (Matt. 4:24; 1 Joh. 3:8). *God was met Hom (*Joh. 3:2; 10:30).

***Kruis en opstanding***

**10:39, 40.** "Ons is getuies ..." (1:8; 1:21; 2:14 ens.; vergelyk ook vers 41 - Hy verskyn net aan sy getuies; vers 42). Op die woord van sy "getuies" moet die mensdom glo. Ons het hulle getuienis in die Nuwe Testament. En dan volg die vernaamste - sy kruisdood en opstanding. Daarsonder is sy evangelie geen evangelie nie (Rom. 8:34; 1 Kor. 2:2). Vergelyk ook Petrus en die ander apostels se prediking by alle vorige geleenthede. Die dood en opstanding bly altyd die sentrale tema.

**10:41, 42.** Cornelius sou kon sê dat hy wel gehoor het van Christus se dood, maar van die opstanding en verskyninge weet hy niks nie. Daarom benadruk Petrus dat Jesus aan hulle as sy uitverkore getuies verskyn het om dit oor te vertel (Joh. 6:70; 17:6; Hand. 1:8). Na sy opstanding het Jesus anders opgetree as voor sy dood (Joh. 14:22). Hulle, die apostels, is in heel besondere sin sy getuies - hulle het saam met Hom geëet en gedrink na sy opstanding (Luk. 24:41, 43; Joh. 21:12). Deur saam met hulle te eet en te drink, toon Jesus dat Hy na sy opstanding nog 'n ware mens is. Hy is die tweede Adam (1 Kor. 15:45). Hy het hulle beveel om openlik aan die *"volk"* - dit is Israel - te verkondig. Maar hy verkondig nou die evangelie aan heidene! Waarskynlik praat hy soos hy gewoond is om tot sy eie volk te praat. Hy kon selfs nou nog twyfel oor die uitkoms van sy sending na Cornelius. Later (45) is hy en die ander Jode verras dat die heidene ook die Heilige Gees ontvang. Waarskynlik was hy nog nie geheel versoen met die gedagte dat onbesnedenes tot die volk van God kan behoort nie (2:38; 11:3; 15:1). Dit is ook opmerklik dat Petrus hulle nie nou al oproep tot geloof nie en nadruk daarop lê dat Jesus bestem is as Regter van lewende en dode. Ook Paulus doen dit later (17:31; 24:24). Johannes die Doper lê in sy prediking tot die Jode ook nadruk daarop (Matt. 3:10). Eers moes aan die Jode en die heidene verkondig word dat hulle nie verskoon sal word nie, omdat hulle skuldig is (Rom. 1:18-21; 2:1, 17, 23, ens.). Veral by die heidene was die skuldgevoel swak ontwikkel. Daarom moet ook Cornelius en sy mense weet dat hulle onder die oordeel van God staan (Matt. 28:18; Joh. 5:22, 27). Juis omdat Jesus oordeel, moet alle mense tot Hom vlug.

**10:43.** Hier kom die oproep tot geloof. Maar dit kom ook volgens die belofte van die Skrif - die Skrif wat Cornelius reeds ken (2). Deur na die profete te verwys, maak Petrus die saak meer geloofwaardig. Hy verwys samevattend na die boodskap van die profete. Daaruit volg drie dinge:1. Die Messias bring vergewing van sondes (5:31; Jes. 53:5). 2. Die vergewing word deur sy *Naam* ontvang. In sy *Naam* openbaar Hy *Homself (*3:6, 16). En alleen in wat Hy gedoen het, is vergewing moontlik. 3. Die vergewing van sondes word ontvang deur elkeen wat in Hom *glo (*Joh. 3:16; Rom. 10:11). Hier verkondig Petrus tog die evangelie ook aan die *heidene* - *"elkeen* wat in Hom glo". Die vorm van die werkwoord "glo" in Grieks beteken om aan te hou of te volhard om te glo (Matt. 13:18-23 - daar is mense wat "net vir 'n tyd" glo en dit is geen ware geloof nie).

***Die Heilige Gees en die doop ook vir die heidene***

**10:44.** Dit is asof die Heilige Gees Petrus se preek kortknip. Wou hy nog meer sê, of het hy klaar gepraat? Nee, hy was nog besig om te praat. Uit menslike oogpunt kan ons sê dat die hoorders genoeg gehoor het. Hulle het geglo in Jesus Christus as die Seun van God (11:15). So bly die hele verhaal duidelik die werk van God - Hy doen en dikteer die gang van die saak volgens sy wil. Dit kom nie voort uit menslike beplanning of oorwegings nie. Petrus hoef nie verleë te wees met wat hy verder sou doen nie. Hy sou ook nie later homself in verleentheid hoef te verdedig voor die Joodse Christene nie. Die wesenlike dinge het God self sigbaar gedoen (11:17, 18).

Die wonder vind plaas - die Heilige Gees val op almal wat die Woord gehoor het. Dit is merkwaardig dat almal wat hoor, die Gees ontvang - almal het geglo. Met Pinkster het 3 000 geglo, maar gewis nie almal wat gehoor het nie (2:41). Dit is en bly merkwaardig dat die geloof in die Messias van die Jode uiteindelik nie-Jode se voorreg geword het. Van die ou verbondsvolk het maar 'n klein persentasie Christene geword.

**10:45, 46.** Hier tree nou duidelik aan die lig die verskil tussen besnedenes en onbesnedenes - Christene wat voorheen Jode was en die wat heidene was. Die verdeling het soms byna gelei tot 'n skeuring in die Christendom. Veral Paulus was die instrument in die hand van die Here, wat duidelik die eenheid in Christus alleen, besnydenis of nie, verkondig het (Rom. 4:9-12; Gal. 3:28, 29; 5:2, 3). Die besnydenis was vroeër die maatstaf (Ex. 4:24-26 - God wou Moses selfs doodmaak, omdat sy seun nie besny was nie). Hulle was verbaas dat die onbesnedenes ook die Heilige Gees ontvang het. Aanvanklik kry hulle hoogmoed 'n knak, maar uiteindelik is hulle bly en dankbaar (11:15 e.v.).

Hulle hoor en sien die Pinkstertekens (Hand. 2:1-4). Dit duur selfs vir 'n tyd. Dat dit dieselfde tekens is, blyk uit wat Petrus sê (47; 11:15). Die reaksie is ook dieselfde - Petrus en sy metgeselle is verbaas. Die Joodse Christene moes dien as getuies dat die Gees waarlik tot die heidene gekom het. Dit is opmerklik dat die Gees telkens só by die uitvoering van 'n nuwe stap in Jesus se program kom (1:8 - Judéa, Samaria, tot aan die uiterste van die aarde).

**10:47, 48.** Petrus sou moontlik nog twyfel of hy die mense kon doop op belydenis van hulle geloof. Nou twyfel hy egter geensins nie. Die gelowiges uit die heidene is nou deur God self gelykgestel aan dié uit die Jode, daarom volg die doop. Die Samaritane is eers gedoop en daarna het hulle die Gees ontvang (8:16). Hier neem God die inisiatief, maar dan kan die doop met water nie geweier word nie. Christus het die doop uitdruklik beveel (Matt. 28:19). Ook die doop stel die gelowiges uit die heidene gelyk aan dié uit die Jode. Die doop is 'n teken en seël van die genade wat God vrymagtig skenk.

Dit is opmerklik dat Petrus nie self die doop bedien nie. Die doop is deur 'n ander man bedien - een van die Christene uit Joppe (Joh. 4:2; 1 Kor. 1:14 e.v.). Hulle is gedoop in die Naam van Jesus (2:38 - vergelyk aantekening daar). Cornelius en sy mense vra Petrus om 'n paar

dae te bly - bepaald om hulle *nog* meer in te lig. Daarna keer Petrus terug na Jerusalem, maar hy neem die Joodse manne uit Joppe met hom saam. Hulle was sy getuies van wat gebeur het (11:12).

### *Vrae (*10:24-48)

1. Waarom het die Jode nie met heidene omgegaan nie (vers 24-30).
2. Waarom word die evangelie die "evangelie van vrede" genoem? In watter opsig ondervind 'n mens die *vrede (*Rom. 5:1)?
3. Christus is deur God gesalf **-** is u ook gesalf ?
4. Wat is die kern van die evangelie van Jesus Christus (39, 40)?
5. Is Jesus se menslike natuur na sy opstanding vergoddelik (41)?
6. Waarom vind Petrus dit nodig om met hierdie heidene te praat oor die eindoordeel (42)?
7. Glo u dat ook u sondes waarlik vergewe is (43)?
8. Vers 44 is belangrik: Wat moet ons hier verbind? *Petrus* en die koms van die *Heilige Gees* of die *evangelie* en die *Heilige Gees?*
9. Werp dit vir u ook lig op 8:18?
10. Sommige mense glo dat hulle die Heilige Gees ontvang wanneer hulle as kindertjies gedoop word? Kan ons met ons sintuie die werking van die Gees bepaal of Hom bind aan enige uitwendige handeling?
11. Waarom, sou u sê, was dit nodig dat die Heilige Gees hier met uitwendige tekens kom?
12. Waarom was die Jode só verbaas oor die tekens van die Heilige Gees (46-48)?

# HANDELINGE 11

## *Petrus doen verantwoording voor die gemeente in Jerusalem (11:1-18)*

### *Die strydvraag*

**11:1-3.** Berigte kom in Jerusalem aan oor die gebeure in Cesaréa. Mense het nie goed gehoor nie en vorm dadelik hulle mening. Moontlik het hulle wel goed gehoor, maar kon nie afsien van hulle vooringenome mening nie. "Die apostels en broeders" dui daarop dat dit gaan om die leiers of ampsdraers in die gemeente. Allereers was die apostels daartoe geroep om te waak oor wat gebeur (8:14). Maar dit raak ook die gemeente - die broeders (6:2-5). Dat meer en meer mense gelowig word, is verblydende nuus, maar dat heidene gelowig word, is onverwags. Aanvanklik bly dit by die verrassing - dit lyk nie asof daar enige beswaar bestaan by die kerke in Judéa nie (18).

Ná die berig kom Petrus in Jerusalem aan. Hy kon selfs nog na die paar dae in Cesaréa ook ander plekke, soos sy voorneme was, besoek het (9:32; 10:48). Nou tree manne na vore "uit die besnydenis" en *twis* met Petrus. Daar ontstaan 'n woordestryd. Hulle wag nie totdat Petrus verslag doen nie, maar val hom dadelik aan. Vir hulle is dit vanselfsprekend en duidelik dat Petrus die wette van Moses oortree het. Ons moet hierby net in gedagte hou dat Petrus self sy bedenkinge gehad het. Ons moenie hier al dink aan die latere sogenaamde "Judaïste" nie - dié groep Christene uit die Joodse volk wat verwag het dat Christene uit die heidene ook die Mosaïese wette - veral die besnydenis - moes onderhou (Hand. 15:1, 5; Gal. 5:2). Hier was dit gewis vir alle Joodse Christene iets nuuts en moeilik om te begryp. Petrus kry eintlik die hele gemeente teen hom. Dink aan Petrus en sy Joodse metgeselle se reaksie (10:45).

Dié mense het nie beswaar dat Petrus vir heidene gepreek het nie. Dit het die Fariseërs ook gedoen (Matt. 23:15). Die een groot beswaar is dat hy saam met heidene geëet het. Hy het onrein kos geëet (10:12, 13). Daarom is wat Petrus gedoen het, verkeerd. Ons moet onthou dat Petrus presies net soos hulle gedink het (10:13). Ongelukkig bring die mense 'n *bysaak* as strydpunt na vore en vergeet die hoofsaak - dat die Here sondaars uit die heidene red. In wese verag hulle die heidene en beskou hulleself as beter. (Hier moet ons goed na onsself kyk.)

### *Petrus verantwoord hom teen die klag*

**11:4-14.** Petrus het dit nie moeilik om homself te verdedig nie. Hy vertel breedvoerig wat gebeur het. Eintlik gee hy hier getuienis van wat die Here deur die Heilige Gees en Woord gedoen het - hy, Petrus, was daarby betrokke, maar hy was self instrument van die Here, ondanks homself. Hy was selfs aanvanklik onwillig. Lukas, die skrywer, gee opsetlik 'n opsomming van die verloop van die gebeure weer, ter wille van die belangrikheid daarvan - onthou, hy was self 'n heiden.

Petrus vertel presies van die gesig en sy eie verset (5-10; vergelyk 10:10-16); die aankoms van die manne vanaf Cornelius (11; 10:17-22); dat hy ses manne van Joppe saamgeneem het - hy moes genoeg getuies hê (12; 10:23); dan vertel hy van die gesig van Cornelius (13, 14; 10:1-6; 10:22, 30-33).

**11:15.** "Skaars het ek begin praat, of die Heilige Gees kom op hulle net soos op ons in die begin" (*Blye Boodskap).* Vergelyk hierby aantekening by 10:44. L.W. "net soos op ons in die begin..." Hier verwys hy duidelik na wat op Pinkster (Hand. 2:1-4) gebeur het.

**11:16.** Hier sê hy iets nuuts waarvan ons nie in hoofstuk 10 lees nie. Ons moet onthou dat Petrus hier aan die woord is en sy eie gedagte weergee. By 10:44, 45 vertel Lukas wat plaasgevind het. Hy dink aan wat Jesus self gesê het (1:5). Die gebeurtenis het Petrus beter

laat begryp wat Jesus bedoel het, maar hom ook laat insien dat Jesus se belofte vervul is - ook aan die heidene. Deur Jesus se woord aan te haal voor die Joodse Christene in Jerusalem, versterk hy sy saak - vir hulle is Jesus se uitspraak die Woord van God. Dink aan Petrus se gewaarwording: "Ek het in die heidene hier voor my dissipels van Jesus, net soos ons Joodse dissipels." Dit is ook by ons soms so wanneer jy in 'n vreemdeling of voormalige heiden 'n "broer of suster in Jesus Christus" teëkom. Wonderlik is die werke van die Here!

**11:17.** Petrus benadruk dat God self, in die gawe van die Gees, die gelykstelling tussen Jode en heidene aan die lig bring. Hoe kon hy, Petrus, God in sy werk weerstaan? (4:19, 20; 5:29).

**11:18.** Die gemeente is tevrede en berus - meer nog: hulle prys God vir sy genade aan die heidene. "Bekering" beteken hier tot insig of tot geloof kom - die wortelbekering. Ook hulle ontvang die "ewige lewe" (Joh. 10:27, 28; Ef. 2:1-7).

***Vrae (*11:1-18)**

1. Moet die kerk altyd toegee aan mense met "gemoedsbesware" of "gewetensbesware"? Wat staan die kerk of kerkraad dan te doene? En wat moet beswaardes doen?
2. Wat was die Christene uit die Jode se groot beswaar? Is dit nie ook by ons dikwels só nie? Ons mag vir anderskleuriges preek, maar mag nie saam met hulle eet nie? (Ons meen wél dat dit vanweë kultuurverskille nodig is om afsonderlik te vergader, maar mag ons 'n *beginsel* daarvan maak?) 3. Waarom is wat hy in 10:16 vir Petrus sê van groot belang?

## *Christene in Antiochië (11:19-30)*

**11:19.** Nou sluit Lukas weer aan by die vlugtendes na die marteldood van Stéfanus (8:1). Die vervolging het 'n einde gemaak aan die sendingwerk in Jerusalem en Judéa. Dit het ook die finale skeiding gebring tussen die Jode en Christene. Ons het al gesien dat hulle die evangelie, al vlugtende, in Samaria verkondig het (8:1 e.v.). Hier vertel Lukas nou dat hulle selfs verder gegaan het. Moontlik het hulle 'n nuwe woonplek gesoek, maar tegelykertyd ook die evangelie verkondig. Sommige Helleniste wat in Jerusalem gewoon het (2:9-11; 6:1, 9), sou moontlik terugkeer na hulle oorspronklike woonplekke. Al die vlugtelinge was Joodse Christene. Eindelik kom sommige van hulle in Antiochië aan - 'n groot en ryk stad, waar die goewerneur van Sirië gewoon het. Hier was baie Jode en ook Jodegenote of proseliete - heidene wat die Joodse geloof aanvaar het (6:5). Hulle verkondig die evangelie alleen aan Jode.

***Die evangelie aan heidene verkondig***

**11:20.** Dit is opmerklik dat hier genoem word dat manne uit Ciprus en Cirene sendingwerk begin doen onder Grieksprekendes ("heidene") die vertaling "Grieksprekende Jode" is hier onaanvaarbaar - vergelyk *Die Blye Boodskap).* Ciprus is 'n nabygeleë eiland, maar Cirene is in Libië in Noord-Afrika. Waarom het die manne van Cirene dan nie teruggekeer na Afrika nie? Dit is 'n duidelike aanduiding dat die Here die koers van die evangelie noordwaarts stuur. Uit die Nuwe Testament is daar geen blyke van sendingwerk in Afrika nie - behalwe die Ethiópiër (8:26 e.v.). Later het daar wel in Noord-Afrika gemeentes ontstaan, maar die dele is eindelik geheel verower deur die Mohammedane.

Lukas, die skrywer, laat nie blyk of die manne geweet het van Petrus se sending na Cornelius nie (10:1 e.v.). Het hulle op eie inisiatief die evangelie aan die heidene begin verkondig? Ons kan uit die orde van Lukas se vertelling aflei dat hulle wel bewus was van wat in Cesaréa plaasgevind het, want in vers 19 sê hy uitdruklik dat hulle tot dusver die evangelie alleen aan Jode verkondig het. Daarby sou ten minste Jodegenote, wat alreeds besny is, ingesluit wees (6:5). Nou eers begin hulle ook vir onbesnedenes te preek. Lukas, wat self uit Antiochië afkomstig was, kon moontlik een van die bekeerde heidene gewees het. Hier in Antiochië

hoor ons ook die eerste keer van die stryd teen die "Judaïste", wat geëis het dat bekeerde heidene ook besny moes word (15:1, 2).

**11:21.** "Die hand van die Here was met hulle . . ." (Luk. 1:66). Dit beteken dat die krag van die Here hulle deel is en hulle werk seën. Hier blyk dat "gelowig" word en "tot die Here bekeer" maar dieselfde beteken - hulle kom tot insig en glo.

***Bárnabas na Antiochië***

**11:22.** Ook die berig van hierdie seënryke werk kom in Jerusalem (8:14; 11:1). Nou het die gemeente in Jerusalem geen beswaar, soos toe Petrus hom moes verantwoord nie (11:3 e.v.). Hulle vaardig ook geen apostel af nie en ons lees hier ook niks van die ontvangs van die Heilige Gees nie (8:14-17; 10:19, 20, 44). Nee, hulle stuur Bárnabas, 'n Grieksssprekende Jood, afkomstig uit Ciprus (4:36). Bárnabas se bestemming was Antiochië, maar hy moes "die land deurgaan" - hy het eintlik die verstrooide Christene te voet gevolg en oral by gelowiges aangedoen.

**11:23, 24.** Toe hy in Antiochië aankom, sien hy "die genade van God". Dit beteken God bring ook die heidene tot geloof en 'n heilige lewe - dit verbly Bárnabas. En tog *vermaan* hy hulle ook om aan die Here getrou te bly, met "'n hartlike voorneme". 'n Mens se hart - jou diepste innerlike - moet aan die Here verbonde bly. Hulle moet in die geloof volhard (2 Tim. 4:7). Dit is ook moontlik dat 'n mens weer kan uitval (2 Tim. 4:10; Hebr. 6:4-6). Waarom tree Bárnabas so op? Hy was 'n goeie man en vol van die Heilige Gees en geloof (4:36; 9:27 e.v.). Slegs in 15:36 lees ons iets van Bárnabas wat teen hom tel. Hy het die gawe van die Gees om sy ampswerk te kan doen (6:5) en sy hele lewe word beheers deur die geloof in Jesus - *hy leef uit die geloof (*Rom. 1:17). Ook hier, soos in Jerusalem aan die begin (2:41, 47), is vinnige groei. Bárnabas word ook vir sy toekomstige sendingwerk voorberei (13:2-4).

***Bárnabas gaan haal vir Saulus***

**11:25.** Barnabas besef dat hy hulp nodig het. Dan dink hy aan 'n ou bekende - Saulus van Tarsus (9:26, 27). Oor Saulus se omstandighede en wat hy in Tarsus gedoen het, swyg Lukas. Hy moes in elk geval wag totdat die Here hom roep vir die taak wat vir hom beskik is (9:15). Moontlik is Bárnabas gelei deur die gedagte dat hier in Antiochië vir Saulus die ideale geleentheid is om te werk. Hy is die man vir 'n wêreldstad en hy is uitnemend toegerus om onder Grieke te werk - hy ken hulle, want hy leef dag vir dag saam met hulle. Hoe Bárnabas vir Saulus gevind het, word ook nie gesê nie - ook Tarsus is immers 'n groot stad. Hy kry hom egter en bring hom saam na Antiochië' Ook vroeër het Bárnabas vir Saulus ingetree (9:27, 28).

**11:26.** Vir 'n volle jaar werk hulle in die stad saam. Hulle doen waarskynlik min sendingwerk, maar bearbei die bestaande gemeente. Hulle rus die gelowiges toe met die *leer* van Jesus (Matt. 28:19). Ons kan aanneem dat heidene ook na hulle geluister het en dat die groei van die gemeente sou voortgaan. Dit wil nie sê dat al die mense op één plek vergader het nie - hulle kon selfs by onderskeie "huisgemeentes" onderrig gegee het. In Antiochië het nou 'n groep mense ontstaan wat 'n onderskeidende naam moes ontvang. Hulle was nie meer alleen Jode of 'n Joodse "sekte" nie, maar baie van heidense afkoms het ook by hulle aangesluit. Om hulle te onderskei, ontvang hulle toe die benaming "Christene". Volgens die vorm van die werkwoord moes Saulus en Bárnabas die naam aan die gelowiges gegee het (vergelyk hierby *Kategismus,* Sondag 12). Christus is die ampsnaam van Jesus - Hy is die *Gesalfde* van die Here. Ook ons is deur die Heilige Gees tot "Christene" gesalf. Die naam kom selde voor (26:28; 1 Pet. 4:16).

***'n Profeet voorspel 'n hongersnood***

**11:27, 28.** Hier is die eerste keer van Christelike *profete* sprake. Die profesie is 'n besondere gawe van die Heilige Gees. Hulle het ook, soos in die Ou Testament, die Woord van God of Godsopenbaring aan die gemeente bekend gemaak. Hulle het egter vir die mense van hulle tyd gepraat - dit het slegs betekenis gehad vir die wat hulle gehoor het en het nie gegeld as die Woord van God vir alle tye nie (1 Kor. 14:3). Vir die destydse Christene was die enigste Heilige Skrif die Ou Testament. Toe die Nuwe Testament op skrif gestel is, was die profesie in die bepaalde vorm nie meer nodig nie. Die profetiese *amp* as sodanig het egter bly voortbestaan in die voortgaande verkondiging van die evangelie (Rom. 10:14, 15; 12:6-8; 1 Kor. 12:8-10; 12:28).

Die profeet Agabus (21:10) profeteer deur die Heilige Gees - die Gees openbaar aan hom wat hy moet sê (1 Kor. 12:7, 10). Dit was nie 'n hongersnood waarin baie mense van honger omgekom het nie, maar 'n algemene skaarste. Ook heidense skrywers vertel van die skaarste in die tyd van Claudius. Volgens 12:10 moes die Tiriërs en Sidoniërs voedsel van Herodes Agrippa kry.

***Kollekte vir die gemeentes in Judéa***

**11:29, 30.** Die dissipels of lede van die gemeente - nie buitestaanders nie - dra *elkeen na sy vermoë* by (1 Kor. 16:2; 2 Kor. 8:12). Lukas benadruk dat *elkeen persoonlik* iets doen. Die profesie van Agabus bring die mooi openbaring van liefde vir die gemeentes in Judéa tot openbaring - ook omdat hulle verarm is vanweë die vervolging. Dit open die oë van die gemeente vir die nood wat alreeds in Judéa bestaan. Later tydens die hongersnood sou hulle selfs nie met geld kos kon koop nie (Rom. 15:27).

Die besluit is dadelik uitgevoer. Dit is opmerklik dat die geld deur Bárnabas en Saulus afgedra is aan die *"ouderlinge"* - en nie aan die apostels nie. Enersyds was die apostels nie net aan die gemeente in Jerusalem verbonde nie. Andersyds was hulle moontlik nie op die tydstip in Jerusalem nie, maar elders besig om sendingwerk te doen (22). Dit is in elk geval duidelik dat daar in Judéa alreeds ouderlinge was, soos ook later in ander gemeentes gekies is (14:23; 20:17). Die gemeentes begin nou 'n vaste orde aanneem en elke gemeente kry sy eie ouderlinge, wat die gemeente regeer.

In die opsig sou die gemeentes die voorbeeld volg wat reeds aan hulle bekend was uit die Ou Testament en uit die gebruike by die Jodedom van hulle tyd (Matt. 28:12; Luk. 7:3; Hand. 4:8- vergelyk ook 1 Tim. 5:17; Titus 1:5; 1 Pet. 5:1; Openb. 4:4). In die Ou Testament het "oudstes" 'n bepaalde regeermag in dorpe en stede gehad (Ex. 3:16; 24:1; Deut. 19:12; Jos. 20:4, ens.).

***Vrae (*11:19-30)**

l. Waarom het Christene hierna ook in Antiochië begin om die evangelie aan heidene te verkondig (11:20)?
2. Waarom is dit nodig om 'n gelowige Christen altyd te vermaan (23, 24)?
3. Bárnabas gaan haal vir Paulus - waarom het Paulus nie eerder onder die heidene begin werk nie (raadpleeg ook aantekeninge by 22:17-21)?
4. Wat is die betekenis van die naam "Christen" (26)?
5. Wat is die amp van die "profete" in die Nuwe Testament (27)?
6. Wat is die amp van die ouderlinge (30)?

# HANDELINGE 12

In hoofstuk twaalf verplaas Lukas ons in sy verhaal weer na Jerusalem. Die apostels was nou daar. Hier tree duidelik aan die lig dat God se werk voortgaan, hoewel 'n apostel gedood en 'n ander een uitgeskakel word - Petrus moes uit die stad vlug. God gryp selfs direk met sy oordele in wanneer Hy dit nodig ag. Verder toon hy aan hoe alles nou gereed gemaak word vir die wêreldsending. Die nodige manne is daar en die omstandighede is gunstig. In Jerusalem is die sendingwerk afgehandel - nou word Antiochië die middelpunt.

### *Herodes slaan toe*

**12:1.** Omstreeks dieselfde tyd toe die dinge in Antiochië gebeur. waarvan ons in 11:28-30 lees, begin Herodes die Christene in Jerusalem vervolg. Hier is sprake van Herodes Agrippa I wat vanaf 41-44 n.C. geregeer het oor die hele ryk - Judéa, Samaria en Galiléa - soos sy grootvader Herodes die Grote (Matt. 2:1 e.v.). Hy was die seun van Aristobulus en neef van Herodes Antipas, wat die Here Jesus bespot het (Luk. 23:7-11). Hy was 'n losbandige mens en het gewis nie die Fariseërs liefgehad nie, maar ter wille van hulle guns teen die Christene opgetree (3). Daarom lees ons ook van geen bepaalde aanleiding tot die vervolging nie (24:27; 25:9).

**12:2.** Nou sterf die eerste apostel - Jakobus, die broer van Johannes. Lukas wil duidelik aantoon watter Jakobus dit was, want ook Jakobus, die broer van die Here Jesus, het in Jerusalem 'n leidende aandeel in die gemeente gehad (17; 15:13 e.v.). Hy gryp een van die drietal leidende manne - in besonder Jesus se vertrouelinge (Matt. 17:1; 26:37). Lukas vind dit nie nodig om in besonderhede van sy teregstelling te vertel nie.

### *Petrus weer 'n gevangene*

**12:3.** Vir Stéfanus het die volk beskuldig dat hy dinge teen Moses en die tempel sê (6:13). Dit was die begin van die ommeswaai by die Joodse volk - tot toe was die gemeente in guns by die volk (2:47; 3:11; 4:16; 5:13). By Stéfanus begin dit anders word en dit word al meer 'n verbete haat, veral omdat "onbesnedes" in die gemeente opgeneem word en hulle met mekaar omgaan. En Herodes weet hoe hy die Joodse leiers en hulle volgelinge se guns kan wen. Veral die reaksie op Jakobus se dood spoor hom aan om verder te gaan. Hy arresteer Petrus - die leier en, in die oë van die Jode, die belhamel. Dit was vir die Joodse leiers en volk 'n blye dag - al haat hulle ook vir Herodes vanweë sy losbandige lewe en omdat hy die Romeinse Ryk verteenwoordig. Petrus was toe ook juis in Jerusalem (17). Voorlopig kon Herodes hom egter nie verhoor en teregstel nie, want dit was "die dae van die ongesuurde brode" (Ex. 12:15 e.v.). Dit is die week wat op die Paasfees volg.

**12:4.** Petrus beland in die gevangenis. In dié tyd het mense nie *gevangenisstraf* ontvang nie. Hy was bloot verhoorafwagtend. Indien só 'n mens nie vrygespreek word nie, word hy gedood, gegésel of moontlik verban. Hy tref buitengewone maatreëls om Petrus te bewaak - moontlik om te voorkom dat hy, soos voorheen, uit die gevangenis verlos word (5:19). Herodes wil die saak van Petrus voor die volk verhoor om indruk te maak - daarom wag hy tot na die Paasgety verby is. Hy wil hulle nie aanstoot gee nie.

**12:5, 6.** Herodes hou egter nie rekening met Christus en sy gemeente nie. Die gemeente weet wat met Jakobus gebeur het (2). Daarom bid hulle vurig en aanhoudend (2 Kor. 1:9-11; Ef. 6:18, 19). Die gemeente was gedurig met Petrus besig - en sugte en gebede styg na Bo.

Die feestyd is eindelik verby en Herodes beplan die verhoor. Hy tref die voorafgaande nag spesiale voorsorg - hoewel dit mag wees dat Petrus maar elke nag só streng bewaak is. Petrus self slaap rustig - hy is in die hande van sy Here. Let op wat Paulus en Silas later onder

soortgelyke omstandighede doen (16:24, 25).

***Petrus uit die gevangenis verlos***

**12:7, 8.** Op die laaste oomblik gryp die Here in. Daartoe gebruik Hy 'n engel (Hebr. 1:13, 14). Die Here sorg selfs vir lig in die donker nag, sodat Petrus kan sien hoe om te loop. Die engel maak die slapende Petrus wakker (1 Kon. 19:5). Die soldate slaap voort - ook daarvoor sorg die Here. Petrus moet gou maak - hy moet die Godgegewe geleentheid gebruik. Die boeie val van sy hande af - dit sou wel vas bly om die hande van die soldate. Daarop beveel die engel dat hy sy onderkleed - wat ook kon dien as deken of kombers - met sy gordel moet opbind, sodat hy maklik en vry kon beweeg. Hy moet sy sandale aantrek en ook sy bo-kleed - wat gewoonlik nie binnenshuis gedra word nie - omhang. Hy gaan dus na buite en sal ook nie as vlugteling uitgeken kon word nie, maar as 'n normale voetganger op straat aangesien word. Dan kom die bevel: "Volg my!"

**12:9-11.** Petrus volg die engel, maar hy weet nie of hy wakker is en of dit 'n droom is nie (Ps. 126:1). Hy meen dat hy 'n gesig sien (10:10-14). Twee van die vier wagte was by Petrus in die sel - daarom moes hulle nog by twee wagte verbygaan. Daarop kom hulle by die buitenste poort van die gevangenis en die ysterdeur gaan vanself oop. Die engel begelei hom nog 'n straatblok en dan verdwyn hy - blykbaar sonder om iets verder te sê. Petrus is nou vry en veilig - daarom kan hy nou self verder sy weg vind. Hy moet sy eie afleidinge maak. God eis ook van ons om ons eie verstand te gebruik en volgens omstandighede te handel. Dan kom Petrus tot homself (Luk. 15:17). Hy dink en onderskei normaal. Toe hy alleen in die nag op straat staan, buite die gevangenis, besef hy eers wat werklik gebeur het. Hy is deur die ingryping van die Here bevry (Ps. 34:8; 91:11). Die Here bevry ons nie altyd op só 'n manier nie, maar ook dikwels wonderbaarlik - indien ons maar tot onsself kom en waarlik oplet. Hy is nie alleen verlos uit die mag van Herodes nie, maar ook uit die bloeddorstige verwagtinge van die Joodse volk.

Soos sy vroeëre ervaringe, moes ook hierdie ondervinding hom toeberei vir sy toekomstige werk. Hy is uit twee storms op see gered (Matt. 8:23-27; 14:22-33). En hy is selfs na sy sondeval in sy amp herstel (Joh. 21:15 e.v.). Vers 11 is 'n lofprysing aan die Here - 'n dankgebed.

***Die biddende gemeente glo nie dat hulle gebed verhoor is nie***

**12:12.** Nadat Petrus die Here geprys het, gaan hy haastig na die huis van Maria - die moeder van Johannes Markus - 'n bekende vergaderplek van die gemeente; waarskynlik dieselfde vergaderplek van 1:13 en moontlik ook die plek waar Jesus die pasga geëet het (Mark. 14:14, 51, 52). Markus was 'n neef van Bárnabas, wat 'n Leviet was en hy kon moontlik self 'n Leviet wees (4:36; Kol. 4:10). Sy moeder, Maria, was 'n vermoënde weduwee. - Ons lees nêrens van sy vader nie en die huis word haar eiendom genoem. Hier was 'n groot aantal Christene saam in gebed - ter wille van Petrus.

**12:13.** Lukas vertel die verhaal in besonderhede ... Petrus klop aan die deur van die poort. 'n Slavin Rhodé - waarskynlik afkomstig van die eiland Rhodus; of haar naam kan ook beteken: Roos of Rosie. Die klein besonderhede vertel Lukas om die grootheid van die wonder tuis te bring. Selfs die gemeente, wat gewoond is aan wonders, glo dit nie (14-17). Dit is merkwaardig dat 'n slavin, en nie 'n man nie, deurwagter is (Joh. 18:17). Sy is nog só laat in die nag op diens, omdat binne 'n vergadering van Christene is en hulle op hul hoede is vir die vyande van die Here. Sy gaan nie om oop te maak nie, maar om te "hoor". Sy vra wie daar is.

**12:14.** Rhodé se hele reaksie wys dat sy Petrus goed ken en ook 'n Christin is. Sy is so seker en bly dat dit Petrus is, dat sy in haar opgewondenheid selfs nie oopmaak nie, maar die blye tyding eers binne gaan vertel (Luk. 24:41).

**12:15.** Die biddende gelowiges glo haar egter nie. "Jy is gek! " sê hulle kras en ongelowig. Dat hulle eindelik toegee en sê: "Dit is sy engel", is moeilik te verklaar. Bedoel hulle moontlik sy beskermengel (Ps. 91:11; Matt. 18:10)? Ons kan egter nie hieruit aflei dat elke gelowige sy eie beskermengel het nie, hoewel God wel engele gebruik om in bepaalde gevalle sy kinders te beskerm. Moontlik het hulle bedoel: "Dit is sy gees" - dan is hy waarskynlik reeds dood meen hulle (Luk. 24:37).

**12:16, 17.** Petrus hou aan om te klop en hulle kon nie anders as om oop te maak nie. Tot hulle verbasing sien hulle dat dit werklik hy is. Hulle het nie geglo dat hulle gebed verhoor is nie. Petrus beduie dat hulle moes stilbly - waarskynlik was daar uitroepe van verbasing en blydskap. Dan vertel hy aan hulle hoe die Here hom verlos het. Sy afskeidswoord is: "Vertel dit aan Jakobus en die broeders" - dit is die leidende broeders in die gemeente - waarskynlik die ouderlinge. Dié Jakobus is die broer van die Here Jesus. Jakobus die apostel, die broer van Johannes, is reeds dood (12:2). Van die ander apostel Jakobus, die seun van Alféüs (Matt. 10:3), is aan ons niks meer as sy naam bekend nie. Van Jakobus, die broer van Jesus, lees ons egter dikwels (Hand. 15:13; 21:18; 1 Kor. 15:7; Gal. 1:19). Dit word in elk geval aangeneem dat ons in al die verwysings met die besondere Jakobus te doene het. Hy het 'n leidende aandeel in die gemeente van Jerusalem gehad. Die apostels het klaarblyklik, veral na die dood van Jakobus en die gevangeneming van Petrus, die stad verlaat. Die gemeente sou ook daarop aandring dat hulle dit moes doen. Ook Petrus vertrek nou na 'n onbekende plek. Die Here het hom immers verlos omdat Hy nog vir hom werk het en hy mag homself nie onnodig in gevaar stel nie (Matt.4:5-7).

### *Vrae (*12:1-17)

1. Wie was die eerste apostel van Jesus wat doodgemaak is?
2. Waarom het die owerheid ook nou begin om die Christene te vervolg?
3. Sou die feit dat heidene hulle by die kerk voeg, bydra tot die haat van die Jode?
4. Het dit ook bygedra tot die selfstandigwording van die kerk, los van die Jodedom?
5. Sê die gevangeneming en verlossing van Petrus vir ons ook iets?
6. Waarom het die gemeente nie geglo dat hulle gebed verhoor is nie? Is dit ook op ons van toepassing?

### *Die Here reken met Herodes af*

**12:18, 19.** Net soos by die opstanding van Jesus (Matt. 28:11-15) was die Romeinse soldate nie by magte om die wonder van God te verhoed nie. Hier was geen sprake daarvan dat die wagte hulle plig versuim het nie. Die soldate was egter baie ontstel, omdat hulle bang was dat hulle gestraf sou word. Daarom kan ons ook die vrees van die wagte by die graf van Jesus begryp. Dink ook aan die tronkbewaarder van Filippi (16:27).

Ook Herodes verneem van Petrus se ontkoming en sit 'n soektog op tou om hom te vind. Hy verhoor die wagte, maar verklaarders verskil daaroor of hy hulle inderdaad tereggestel het. Dit kan ook beteken dat hy hulle weggestuur het. Dan was hy self oortuig dat die wagte onskuldig was en hier iets buitengewoons gebeur het. Hy het seker ook gehoor van Petrus se vorige verlossing (5:19-23). Herodes is teleurgestel en verlaat Jerusalem en gaan na Cesaréa, 'n heidense stad. Dit is die gewone woonplek van die Romeinse goewerneurs (23:33; 25:1).

**12:20.** Die Here was egter nog nie klaar met Herodes nie. Daarom vertel Lukas verder wat met hom gebeur. Hy word selfs as teëstander van die gemeente uit die weg geruim. Herodes was alreeds vir 'n lang tyd toornig op die Tiriërs en Sidoniërs. Hy oorweeg nou om teen hulle op te tree. Hy sou moeilik aan oorlog kon dink, want hy was self 'n Romeinse handlanger en

ook Tirus en Sidon was 'n Romeinse provinsie. Blykbaar gaan dit om die lewering van voedsel aan hulle. Hy dink dan aan 'n ekonomiese oorlog - 'n handelsboikot (1 Kon. 5:11; Esra 3:7) - Tirus en Sidon was feitlik 'n stadstaatjie wat nie self voedsel kon produseer nie. Al die inwoners van die staatjie stuur eenparig 'n afvaardiging na Herodes. Die verhouding was selfs so versteur dat hulle nie self na Herodes kon gaan nie, maar 'n sekere Blastus as bemiddelaar gebruik om die goeie verhouding te probeer herstel. Hulle nood was inderdaad groot - moontlik was dit juis in die tyd van groot skaarste (ll:28).

**12:21.** Blastus was blykbaar 'n suksesvolle bemiddelaar, maar die koning wou sy verklaring in die openbaar doen - om te wys dat hy hulle meerdere is en aan hulle 'n guns bewys. Die Joodse geskiedskrywer, Joséfus, vertel ook van hierdie gebeurtenis. Hy meld dat daar in die tyd 'n fees in Cesaréa was ter ere van 'n oorwinning van keiser Claudius en dat Herodes op die tweede dag van die fees 'n kleed wat heeltemal uit silwer geweef is, aangehad het. Lukas praat van "'n koninklike kleed". Hy gaan sit op die offisiële sitplek van waar hy regspreek of verklarings doen (Matt. 27:19). In teenwoordigheid van die volk spreek hy die gesante uit Tirus en Sidon toe.

**12:22.** Die volk roep hom toe. Dit sou die Jode nooit doen nie - nee, hier is heidene aan die woord. Dit mog vleitaal wees of die spontane reaksie van die volk, omdat hulle bly is dat die boikot afgewend is - vir hulle sou dit immers ook groot skade beteken. Mense is in dié tyd maklik as gode beskou - deur hulleself of deur andere (Eseg. 28:2). Herodes wat beter moes weet, laat hom die vleitaal welgeval.

**12:23.** Dan gryp God self in, omdat hy die eer nie aan God gegee het nie (Dan. 4:31, 32; 5:22, 23). Die Here gebruik 'n engel om sy wraak uit te oefen (2 Sam. 24:16; 2 Kon. 19:35). 'n Dodelike plaag tref hom. Hier staan letterlik dat hy deur wurms geëet is, maar dit kan ook beteken dat hy getref word deur 'n siekte wat destyds aan wurms toegeskryf is. Joséfus praat van 'n akute maagsiekte. Die hoofsaak is dat hy getref word deur God self, vanweë sy ydele selfverheffing (Eseg. 28:2). Só verneder God hom voor die volk en voor die gesante van Tirus en Sidon, teenoor wie hy wou pronk.

### *Christus werk rustig voort*

**12:24.** Die dramatiese gebeure met Petrus en Herodes is afgeloop. *Maar die woord van God het gegroei en toegeneem (*6:7; 8:14; 17:13). Dit is die herhalende tema in die boek Handelinge. Die woord van God kan nooit anders nie - dit groei en neem toe (Joh. 6:63; 6:68; 1 Thess. 2:13; Hebr. 4:12). Waar met die Woord van God gewerk word, werk hy met mense. Hier wil Lukas juis benadruk dat die woord van God groei en toeneem, ondanks teëstand en vervolging. In werklikheid word dit eerder aangehelp deur die vervolging.

### *Vrae (*12:18-24)

1. Straf die Here 'n sondaar ook in hierdie lewe?
2. Gaan sy straf alleen oor ongelowiges of raak dit ook die kerk (Jes. 33:1, 14; Eseg. 9 ens.)?
3. Was die dood van Herodes die gevolg van 'n normale siekte of 'n buitengewone straf?
4. Is die vervolging van die gemeente vir die gemeente self 'n straf (Rom. 8.28; 8:35-39)?
5. Stem u saam met die uitspraak: "Die bloed van martelare is die saad van die kerk"?

# HANDELINGE 13

### *Handelinge 12:25 en Hand. 13*

**12:25.** Ons behandel 12:25 saam met hoofstuk 13, omdat dit 'n eenheid vorm. Lukas beskryf nou weer die verloop van sake soos gesien vanuit Antiochië as middelpunt. Dat hy bloot van *terugkeer* praat en nie sê waarheen Bárnabas en Saulus terugkeer nie, bewys dat Lukas self 'n inwoner van Antiochië was en moontlik ook Theófilus ten behoewe van wie hy die verhaal op skrif stel. Maar ook vir Bárnabas en Saulus is Antiochië die middelpunt en nie Jerusalem nie. Jerusalem het Christus verwerp en, hoewel daar nog 'n gemeente is, is dit nie meer die uitgangspunt van die sending nie. Dit is nou Antiochië.

Hulle het gedoen wat hulle in Jerusalem moes doen - die kollekte afdra (11:29, 30). Of hulle daar was tydens die vervolging deur Herodes, kan ons nie hieruit aflei nie. Hulle terugkeer was in elk geval na die dood van Herodes en dit word nie gesê hoe lank hulle daar vertoef het nie.

Hulle bring nou vir Johannes Markus, die seun van Maria, saam. Hy moet ook sendingwerk gaan doen (13:5).

### *Die eerste sendingreis (13:1-14:28)*

**13:1.** Hier begin die eintlike werk van Saulus of Paulus as apostel van die heidene. Ons moet egter net onthou dat die werk onder die heidene alreeds deur Petrus begin is (10:1 e.v.). Christus se werkprogram (1:8) was alreeds buite Judéa en Samaria. Hy was nou al besig met mense "aan die uiterste van die aarde" of "almal wat daar ver is" (2:39 - vergelyk aantekening en kyk ook na aantekeningby 11:20; 22:17-19).

Nou hoor ons van 'n aantal profete (11:27 - sien opmerkings daar oor *profete)* en *leraars.* Leraars vind 'n mens by 'n selfstandig georganiseerde kerk. Jesus is egter ook dikwels as Leraar (*Rabbi* is die Joodse benaming) aangespreek. In Handelinge en die sendbriewe hoor ons nie dikwels van leraars nie. In die opsomming van ampsdraers neem hulle gewoonlik die laaste plek in (1 Kor. 12:28; Ef. 4:11). Hulle is nie beskou as mense met besondere (charismatiese) gawes nie. Hulle werk in die gemeente is om mense te *leer* en hulle moes dit kan doen deur studie of besondere insig. Uit 1 Tim. 5:17 kan ons aflei dat daar onder die ouderlinge sommige was, wat in besonder as leraars opgetree het. In hierdie tyd was daar apostels en profete en het die behoefte aan vaste leraars nog nie so dringend bestaan nie. Na die dood van die apostels en die totstandkoming van die Nuwe Testament op skrif, het die amp as leraars naas die ouderlinge voortgegaan. Lukas noem naas Bárnabas en Saulus nog 'n paar name van wie ons origens niks weet nie. Moontlik wou hy die selfstandigheid van die gemeente beklemtoon en aantoon dat die gemeente nie herderloos agtergelaat is, toe Bárnabas en Saulus as sendelinge uitgestuur is nie.

## Bárnabas en Saulus geroep

**13:2.** Terwyl die gemeente in 'n *erediens* saam was, kom die opdrag van die Heilige Gees. Dieselfde Griekse woord word gebruik vir 'n diens in die tempel. Dit is die gebruiklike uitdrukking vir die besondere diens as "kultus" (Luk. 1:23; Hebr. 10:11; Rom. 15:16; Fil. 2:17, 25). Dit is 'n amptelike godsdiensoefening, wat gepaard gaan met die gemeenskaplike gebed (3). Die "dienaar" of "bedienaar" se diens staan in verband met die erediens. Om te "vas", was ook 'n deel van die godsdiensoefening vir die Jode. Die gemeente vas klaarblyklik hier in Antiochië met die oog op verootmoediging en leiding van die Heilige Gees oor wat

hulle verder te doen staan.

Die Heilige Gees reageer en gee leiding - ons kan aanneem dat Hy dit doen by monde van een van die profete (1 Kor. 14:29 e.v.). Ons moet daarop let dat Saulus se roeping (9:15) nou in die midde van die gemeente kom en die gemeente word die instrument wat die Here gebruik om hom uit te stuur (3). Ook Bárnabas was in die sending besig en met sy ervaring kon hy vir Saulus tot hulp wees in sy eerste werklike sendingopdrag. Die Heilige Gees praat hier in die eerste persoon tot die gemeente, wat die opdrag moet uitvoer. Nou weet nie alleen Bárnabas en Saulus van die opdrag nie, maar die hele gemeente. Hulle moet voortaan die bepaalde werk doen waarvoor God hulle afgesonder het (9:15). Selfs nadat Saulus en Bárnabas van mekaar skei, het Bárnabas nog voortgegaan met sendingwerk (15:39). Nou het God se tyd finaal aangebreek om doelbewus die sendingwerk onder die heidene te begin - al het dit reeds sporadies plaasgevind (10:1 e.v.; 11:20).

**13:3.** Onder leiding van die voorgangers gaan die gemeente voort om te vas en te bid. Deur te vas, kweek hulle 'n houding van ootmoed en afhanklikheid van God om hulle beter geheel in sy diens te stel. Hulle bid - in besonder dat die Here Bárnabas en Saulus se sendingwerk moet seën. Dan word hulle die hande opgelê - dit sou deur die profete en leraars gedoen word in teenwoordigheid van en namens die gemeente. Daarmee verklaar die gemeente dat hulle Bárnabas en Saulus erken as afgesante van God en hulle vir die doel uitstuur (6:6; 8:17; 14:26). En dan "laat hulle hul gaan". Ook hier is die gemeente self, of deur sy voorgangers, werksaam - hulle stuur die manne weg (Jes. 48:15, 16).

***Vrae (*12:25-13:3)**

1. Wat is *profete* en wat is *leraars?*
2. Waarom hou 'n gemeente 'n erediens (*Kategismus,* Sondag 38)?
3. Wie roep 'n mens tot 'n besondere amp? Wie word as instrument gebruik om iemand te roep en uit te stuur?
4. Sou u sê dat ons ook nog godsdienstige *vaste* moet onderhou?
5. Bid ons as gelowiges genoeg saam as gemeente of as Christene?
6. Waarom is die hande op Bárnabas en Saulus gelê?

## Bárnabas en Saulus op Ciprus

**13:4.** Nog eens word benadruk dat hulle - Bárnabas en Saulus - deur die Gees self uitgestuur is. Die gemeente was daartoe mede-werksaam of die instrument van die Gees. So glo ons nog altyd by elke beroep van 'n ampsdraer in die kerk. Indien dit nie só was nie, sou die kerk nimmer in die wêreld kon groei en bewaar word nie. Die verheerlikte Christus werk deur die Heilige Gees en gebruik sy Woord wat deur mense bedien word daartoe (2 Tim. 3:16-4:2). Celeúcië is die hawe van Antiochië van waar hulle per skip na Ciprus vertrek - Bárnabas se geboorteplek (4:36). Dit verklaar ook waarom hulle eers na Ciprus gaan - waar Bárnabas graag die blye evangelie aan sy eie mense sou wou verkondig.

**13:5.** Hulle kom in Sálamis, die vernaamste hawestad van Ciprus, aan. Hier begin hulle die metode toepas wat Paulus altyd later gevolg het. Hulle verkondig eers die woord in die Joodse sinagoge (13:14; 14:1 ens.). Hulle verkondig die "woord van God". Die Woord van God is en bly 'n eenheid - Ou en Nuwe Testament. Dit moet die Jode begryp - die koms van Christus is die vervulling van die beloftes van die Woord van God wat hulle ken en glo. Ons moet onthou dat die Jode buite Palestina nog nie die prediking van Christus gehoor het nie en Hom ook nog nie verwerp het nie. Eers wanneer die Jode bekeer is of die evangelie verwerp, het die apostels die vryheid om na die heidene te gaan (Rom. 9:1-5). Vergelyk 13:46 en

verder met Rom. 1:16. In die sinagoges tref die apostels dan gewoonlik ook heidene aan wat toenadering tot die Joodse godsdiens soek en hulle is gewoonlik selfs meer ontvanklik vir die evangelie (14:1).

Hier in Ciprus het hulle nog 'n aanknopingspunt gehad - die evangelie is reeds daar verkondig (11:19).

Johannes Markus is by hulle as helper. Dit moes Lukas meedeel met die oog op wat later sou gebeur (13; 15:36-39). "'n *Helper"* het ook sendingwerk gedoen, maar in medewerking met die apostels (19:22). Die uitdrukking "evangelis" sou op die soort helpers van toepassing kan wees.

**13:6.** Hulle trek die eiland al predikende deur (9:32; 11:19) - van oos tot wes. In Pafos aan die Weskus het hulle 'n besondere ervaring. Hier woon die Romeinse goewerneur en hier was ook 'n tempel van Afrodite - die Griekse godin van skoonheid of vrugbaarheid, wie se diens ook gepaard gegaan het met seksuele uitspattighede.

Hier ontmoet hulle 'n sekere Jood, Bar-Jesus ("seun-van-Jesus"). Die woord vertaal deur "towenaar" kan ook beteken dat hy in besit is van geheime wetenskap - 'n valse profeet. Hy tree dus valslik op in die Naam van die Here (Jer. 14:14 e.v.). Dat hy 'n Jood is, maak sy sonde soveel groter - vandaar Paulus se streng optrede teenoor hom (9-11).

**13:7.** Die Romeinse goewerneur, Sérgius Paulus, was 'n verstandige man. Hy was nie té trots om Bar-Jesus aan sy hof toe te laat nie en selfs gewillig om 'n onderhoud met Bárnabas en Saulus aan te vra - hy laat hulle roep. Hy versoek selfs om die woord van God te hoor - miskien was hy nuuskierig of selfs nie gelukkig met sy eie geestelike opvattinge nie. Veral die ontwikkelde mense van daardie tyd kon nie meer bevrediging vind in die heidense afgodediens nie. Daartoe het die Griekse wysbegeerte baie bygedra. Omdat die mens na die beeld van God geskape is, is daar by elkeen 'n ingeskape behoefte aan iets of iemand om te aanbid of op te vertrou. Só was daar in Athene selfs 'n altaar vir die onbekende God (17:22, 23).

**13:8.** Dit is opmerklik dat Bar-Jesus nou Élimas genoem word en Saulus (9) Paulus - albei by hul Griekse name. Dit kan ons verklaar uit die feit dat hulle nou by die Romeinse goewerneur verkeer. Die naam Élimas is blykbaar sy gewone naam en Bar-Jesus 'n bynaam wat kan beteken "Messiasseun", want Élimas is nie 'n letterlike vertaling van Bar-Jesus nie. Beide as Jood en valse profeet - instrument van die duiwel - kon Élimas nie anders as om die evangelie te weerstaan nie. Waarskynlik sou hy ook meeding om die guns van die goewerneur.

**13:9.** Dit is opmerklik dat Paulus nou leiding neem en nie Bárnabas nie. En voortaan neem hy deurgaans die leiding. Sonder ophef vermeld Lukas die feite - dit gaan vir hom nie om Paulus nie, maar om die evangelie van Jesus Christus. En van nou af noem Lukas hom konsekwent Paulus - nie omdat die goewerneur ook só heet en Paulus sy naam oorneem nie, maar omdat dit sy bekende Grieks-Romeinse naam was, wat hy voortaan in die Grieks-Romeinse wêreld konsekwent gebruik. In Israel was hy bekend as Saul uit die geslag van Benjamin (9:4; Fil. 3:5). Paulus tree egter nie in eie krag op nie, maar vervul met die Heilige Gees (4:8; 6:5; 7:55). Onbevrees hou hy die oë op Élimas (3:4, 12). Élimas moet iets belangriks verwag. Lukas wil duidelik aantoon dat Paulus nou begin optree as een van die heilige manne van God, deur wie Hy sy krag openbaar.

**13:10.** Hard is die oordeel oor Élimas (8:20). Die werk van God staan op die spel - God en Satan worstel nie alleen om die behoud van Sérgius Paulus nie, maar om die voortgang van die evangelie op Ciprus. Paulus is vol van die Heilige Gees en Élimas vol van die duiwel - daarom is hy ook vol bedrog en listigheid en 'n vyand van alle geregtigheid - dit is tipiese duiwelse eienskappe. Hy word net gedryf deur eiebelang - soos hy meen - maar in

werklikheid gebruik die duiwel hom. Die weë van die Here is reg (Deut. 32:4; Spr. 10:9; 2 Pet. 2:15). Paulus sluit hier duidelik by die Ou Testament aan en gebruik Ou-Testamentiese begrippe. Dit is ook van pas waar hy met 'n Jood te doen het.

**13:11.** Élimas word hard getref vanweë sy vreeslike sonde (5:3-5). God self - "sy hand" - tref Élimas in sy oordeel of vloek. Hy word in 'n oomblik blind en moet gelei word (Deut. 28:28). Hy was blind vir die waarheid en wou mense verblind - nou is hy letterlik blind. Sy blindheid is 'n voorbeeld en prediking ook vir andere (Joh.9:39-41).

**13:12.** Die reaksie van die goewerneur is begryplik. Hier sien hy wat gebeur. En hy is verslae - nie in die eerste plek oor die blindheid van Élimas nie - maar oor die leer van Paulus en Bárnabas. Saam met die teken gaan ook die verkondiging van die woord -die teken alleen kon nie tot geloof bring nie (Matt. 7:21-23). Sérgius Paulus, die goewerneur, glo. Ons kan aanneem dat Paulus en Bárnabas, nadat Élimas tot swye gebring is, rustig kon voortgaan om die evangelie aan die goewerneur te verkondig. Dit is opmerklik dat Lukas nie sê dat hy gedoop is nie - ons kan dit wel aanneem.

***Vrae (*13:4-12)**

1. Hoe bou Christus sy kerk?
2. Waarom gaan hulle elke keer eers na die Jode?
3. Waarom het mense oor die algemeen 'n behoefte aan 'n "god"?
4. Wat beteken "vervul met die Heilige Gees" en kan ons dit ook ondervind (Ef. 5:18)?
5. Waarom is Élimas só swaar getref?

## Paulus preek in Antiochië in Pisidië (13:13-52)

***Paulus en Bárnabas uitgenooi om te preek***

**13:13.** Die sendelinge vertrek vanaf Ciprus na Klein-Asië - die gebied waar Paulus lank en intensief gewerk het. Sy geboortestad, Tarsus, is ook in Klein-Asië. Klein-Asië is in verskillende provinsies verdeel, waarvan Asië, met Éfese as hoofstad, die belangrikste was. Klein-Asië is 'n land van berge en vlaktes en woestyngebiede. Sedert hulle vertrek uit Pafos neem Paulus die leiding - Lukas skryf: *"Paulus en sy metgeselle* het afgevaar ..." Dit gaan egter nie alleen om Paulus se werk nie, maar om wat die *groep* doen - almal is werkers vir Christus. Hulle land by Perge in Pamfilië, waar hulle blykbaar tans nie werk nie (14:25 - dus later wel).

Hier draai Johannes Markus om - hy gaan huis toe, na Jerusalem - klaarblyklik het hy verlang (15:36-38). Ter versagting kan ons daarop wys dat Markus nie, soos Bárnabas en Paulus spesiaal tot die werk geroep is nie.

**13:14.** Blykbaar vertoef hulle nie in Perge nie, maar druk deur na Antiochië in Pisidië. (Dit is 'n ander Antiochië as die een in Sirië van waar hulle uitgestuur is 13:1, ens.) Om daar te kom, moes hulle onherbergsame bergpaaie bewandel - moontlik het Markus daarteen opgesien. Miskien mik Paulus na Antiochië omdat daar 'n groot Joodse bevolking was. Op die Sabbat vind ons hulle dan ook in die sinagoge. Hulle woon met opset die erediens aldaar by en gaan sit onder die gewone gehoor.

**13:15.** Op die Sabbat is destyds in die reël 'n gedeelte uit die wet - dit is die vyf boeke van Moses vanaf Génesis tot Deuteronómium - en ook 'n gedeelte uit die profete gelees. "Moses" of die wet, die profete en die geskrifte is die hele Joodse Bybel. Dit was die offisiële deel van die erediens. Die "hoofde van die sinagoge" sorg vir die orde in die erediens en lees, indien nodig, self voor. Gewoonlik is daar net een hoof van 'n sinagoge, terwyl hier meer as een is.

Dit was klaarblyklik 'n groot sinagoge. Moontlik het hulle vooraf met Paulus en sy geselskap kennis gemaak en weet dat hulle wel iets te sê sou hê. Hulle word in elk geval uitgenooi om te praat (Luk. 4:20). Gewoonlik sou so 'n persoon dan preek oor die Skrifgedeelte wat gelees is. Volgens Paulus se preek ]yk dit egter of hy nie direk by die gelese gedeelte aangesluit het nie. Hy word genooi om 'n woord van opwekking te spreek - dit is vermaning en vertroosting. Daaraan het Paulus wel voldoen.

**13:16.** Intussen het die mense begin gesels en Paulus moes hulle met 'n handgebaar tot stilte bring (21:40; 26:1). Paulus rig hom tot die Joodse volk en ook tot die Jodegenote - voormalige heidene. Hy praat met mense wat almal die Skrifte ken en hoop op die vervulling in die koms van die Messias. Hier volg nou 'n voorbeeld van die gewone manier waarop Paulus telkens met die Jode sou gepraat het. Sy benadering is dieselfde as die rede van Petrus met Pinkster (2:14-36) en dié van Stéfanus (hoofstuk 7). Selfs nou nog benader hy die Jode as lede van die verbond van God met Israel. Wie is hy om hierdie Jode voor hom te verwerp of te beskuldig vanweë die verhardheid van die Jode in Judéa?

### *God verkies Israel om die Christus voort te bring*

**13:17-23.** Hy begin met die geskiedenis van Israel as slawevolk in Egipte (17; Ex. 1:8 e.v.; Hos. 11:1). Omdat God hulle uitverkies het, het Hy hulle verhoog en met 'n hoë arm daaruit gelei. Dan vertel hy van hulle omswerwing in die woestyn vir veertig jaar en dat hulle daarna die land Kanaän as erfdeel ontvang. Hy vermeld die 400 jaar wat die rigters regeer en dat die volk in die tyd van Samuel 'n koning begeer. Hul eerste koning is Saul, maar God sit hom na veertig jaar af. Hier gryp God in omdat Hy by Dawid en sy Seun - Jesus Christus - moes kom (Ps. 89:21; 1 Sam. 13:14; Jes. 44:28 - Dawid was ook maar 'n sondaar, maar hy het met sy ganse lewe die Here gesoek).

Teenoor dié agtergrond, wat die Jode ken, begin Paulus nou die evangelie van Jesus verkondig (23). Hy wil aantoon dat die hele geskiedenis op Hom moes uitloop en dat die Skrif in Hom vervul is (2 Kor. 1:20). Die belofte het God aan Dawid gegee (Ps. 132:11). Paulus se gedagtegang sluit aan by die geslagsregister van Jesus (Matt. 1:1-17). Alles wat God doen, is met die oog op die evangelie en Hy maak in Christus sy beloftes waar - vanaf Dawid tot Christus het God 'n vaste lyn gevolg. Ons moet onthou dat hy hier met Israeliete praat (Rom. 9:4, 5). Hulle is hoog bevoorreg, maar dan moet hulle die vervulde beloftes in Christus glo (9:6).

Gelukkig is die beloftes nie alleen vir Israel bedoel nie (2:39; 10; 15; Ef. 2:17, 18, 19). Ongelukkig het ook die Christendom - kinders van die beloftes - in ons tyd in 'n groot mate hardhorend en selfs weerbarstig geword.

### *Johannes die Doper*

**13:24, 25.** Lukas mag moontlik net 'n samevatting van Paulus se preek gee, of die geskiedenis van Johannes die Doper mag selfs by hierdie mense as bekend veronderstel word (19:1-5). Johannes hoort by Jesus - by hom begin die evangelie (Matt. 3:2). Sy betekenis is dat sy optrede en hele prediking na Jesus wys (19:4; Joh. 1:7). Johannes *moes* preek, voordat Jesus kom. Ook Johannes rig sy prediking tot Israel - die verbondsvolk. Hy verkondig die *doop tot bekering* - die doop geskied by hom na belydenis van sonde; dit wil sê na bekering (Matt. 3:6). Wie hom deur Johannes laat doop het, het daarmee verklaar dat hy bereid is om Christus te ontvang. Jesus se eerste dissipels kom uit die kring van Johannes se volgelinge (Joh. 1:36 e.v.). Paulus gaan blykbaar uit van die gedagte dat die Jode hier ook van Johannes se optrede weet. Hy gaan uit van die bekende dinge om by die onbekende - die opstanding en hemelvaart van Jesus - te kom.

Johannes het 'n moeilike werk gehad - hy moes die harte van harde mense bereik. Maar hy

moes hulle ook nie aan homself bind nie - hy moes hulle bring by Hom wat ná hom kom (25; Matt. 3:11; Joh. 4:28-30). Dit moes Johannes nadruklik sê want die Jode kon Johannes self as die Messias beskou het (Joh. 1:20). Skoene-uittrek was slawewerk; só sien Johannes homself teenoor Christus - minder as 'n slaaf.

Alle Jode verwag die Messias. Nou kan Paulus vanuit Johannes se optrede by sy Christusprediking kom.

***Die inwoners van Jerusalem verwerp Jesus as Christus***

**13:26.** Paulus kom nou in sy toespraak by die besondere vervulling van die beloftes aan die vaders - Jesus Christus. Dan spreek hy sy hoorders eers weer persoonlik aan. Hy benadruk dat hulle kinders van Abraham is - hulle is sy vleeslike nageslag. Daarop beroem die Jode hulle (Joh. 8:33), maar aan hulle kom ook die beloftes toe en daaraan wil hy hulle herinner (Rom. 9:4, 5; Ex. 4:22). Dit geld egter nie alleen die Jode van geboorte nie, maar ook die mense uit die heidene wat glo soos die Jode (proseliete of Jodegenote), sê Paulus. Hier sou ek liewer saam met *Die Blye Boodskap* vertaal: "aan *ons* het God hierdie boodskap van verlossing gestuur." Paulus vereenselwig homself met sy gehoor - hy het selfs ook, soos die ander Jode - aan die begin die Here Jesus verwerp. Christus, die Verlosser, skenk volkome verlossing (23; Ef. 3:1 en verder). Die verlossing in Christus was 'n verborgenheid wat vanuit die hemel geopenbaar is - vir Paulus self in Hand. 9 en vir alle mense deur die Heilige Skrifte van die apostels.

**13:27.** Die prediking van Jesus as Verlosser of Messias kon nie van Jerusalem uitgaan nie, want hulle het Hom nie geken nie (1:19; 2:5, 9). Paulus moet die Jode in Antiochië versigtig losmaak van dié in Jerusalem - dié Jerusalem wat hulle vereer. Nou eers kan hy die sonde van die Jode in Jerusalem na vore bring - hulle het nie gereken met die beloftes van die profete nie en selfs daaraan meegewerk om dit te vervul - die profete wat hulle elke Sabbat lees (Joh. 5:39; Luk. 24:25-27; 2 Kor. 3:15).

**13:28.** Hy benadruk sterk dat Jesus onskuldig was, maar hulle *moes* Hom veroordeel omdat die Skrif vervul sou word (27). Al het Pilatus die vonnis gevel, bly die Jode aanspreeklik vir Jesus se dood (2:23). Telkens word die onskuld van Jesus ook afgelei uit die feit dat Pilatus Hom onskuldig verklaar het (3:13). Hy beskuldig nie hierdie Jode wat nou na hom luister nie, maar die leiers in Jerusalem en hy het 'n duidelike saak. Daarby benader hy hulle met die beloftes aan die vaders - die Heilige Skrif - wat meer gesag as die owerstes in Jerusalem behoort te hê.

**13:29.** Die Jode se sonde kan nie goedgepraat word nie en tog was hulle mede-werksaam in die vervulling van die Raad van God (2:23; Joh. 13:1; Luk. 22:37; Joh. 19:28, 29). Só het die Jode alles volbring wat oor Hom geskryf is (Jes. 53:3-7; Hand. 8:32-35). Dit is merkwaardig: die Jode self wil die Skrif vervul sien en hulle word daartoe gebruik, sonder dat hulle dit besef - tot in sy graf is dit vervul (Jes. 53:9).

**13:30, 31.** Tot dusver het Paulus beskryf wat die Jode gedoen het, maar nou gaan hy vertel wat God gedoen het - en waartoe Hy die Jode nie gebruik het nie. Soos die apostels gereeld gedoen het, word die opwekking as werk van God, skerp gestel teenoor die sonde van die Jode. God maak al die Joodse planne tot niet en tot skande (2:24). Nou kom Paulus by wat hy in die eerste plek wou verkondig (1:22).

Dan praat hy oor die verskyninge. Dit is onbewysbaar, maar dit rus op sterk getuienis (1:3). So beroep Paulus hom op die verskyninge aan die twaalf apostels - later ook aan homself (1 Kor. 15:8). In elk geval is die twaalf daartoe geroepe (1:8; 1:22).

**13:32.** Hier verklaar Paulus waarom hy en Bárnabas hier is, - hulle is draers van die goeie

tyding - die evangelie. Hulle was wel nie getuies van Jesus se opstanding nie, maar hulle tree ook met gesag op en moet dit verkondig (2). Hulle is daartoe gestuur. Weer benadruk hy die vervulde beloftes (23-29). Mense wat hoop op die vervulling van die beloftes, se ore is gespits wanneer dit gesê word - daarom herhaal Paulus dit. Ook hierdie Jode sien uit na die koms van die Messias (2:39). Hier is dit: "ons as kinders"; van die verbond of van die vaders. Weer noem hy die Naam van Jesus - Hy, Jesus, is die enigste wat die Vader opgewek het. Daarom is Hy die Messias (2:32-36; Rom. 1:4).

## Paulus se Skrifbewyse (33-37)

**13:33.** Paulus haal Ps. 2:7 aan - die Seun van God is tot ewige Priester en Koning verhef. Hy haal dit aan om aan die Jode te preek wat die opwekking van Jesus deur God inhou - dit is 'n feit van 'n geheel enige betekenis.

**13:34.** Weer gaan dit om die opstanding van Christus. Dit is die hoogtepunt van Christus se werk en die eintlike inhoud van sy evangelie, omdat deur die opstanding die dood oorwin is (*Kategismus,* Sondag 17 - met teksverwysings). Aan die Jode preek hy 'n daad van die God van Israel (1 Kor. 15:12 e.v.). Aan sy opstanding kan geen Jood of Romein meer 'n verandering maak nie (Rom. 6:9; Hand. 3:15). Dan verwys hy na Jes. 55:3, soos in die Griekse vertaling van die Ou Testament van sy tyd. Wat die Here sê en doen, is betroubaar.

**13:35-37.** Hier haal hy aan uit Ps. 16:10 - ook Petrus het dit gedoen (2:27, 31). Paulus se redenasie gaan egter verder as dié van Petrus - Christus het nie alleen opgestaan nie, maar Hy kan ook nie weer sterf nie.

Dan gebruik hy presies dieselfde redenering as Petrus (2:31, 32 - vergelyk aantekeninge aldaar). Alleen Hy wat deur God opgewek is, het geen verderwing gesien nie - Dawid het dus van Christus geprofeteer (Openb. 1:18).

## Oproep tot geloof in Christus (13:3 8-41)

**13:38, 39.** Weer spreek Paulus sy hoorders as "broeders" aan. Wat nou kom, is baie belangrik - hulle moet dit weet en ter harte neem. Hy preek die evangelie nie deur die werke van die wet nie, maar deur die geloof in Christus (Rom. 3:21-24). Soos Johannes die Doper verkondig ook Paulus vergewing van sondes deur *Hom* - dit is Jesus Christus. Ons het met God te doen en Christus alleen staan tussen Hom en ons as Middelaar - anders sterf ons in ons sondes (Joh. 8:23, 24; Hand. 4:12).

"Deur die geloof geregverdig" is 'n bekende begrip by Paulus (Rom. 1:17; 3:21, 22; 5:1). Trouens, dit is die leer van die ganse Nuwe Testament (Hebr. 9:24-28; Openb. 5:5). Daarenteen word niemand deur die wet geregverdig nie (Rom. 2:17-25). *Geregverdig* beteken dat jy *regverdig* - onskuldig - *verklaar word,* ter wille van die regverdige Christus (*Kategismus,* Sondag 23: 59, 60 - dit is baie leersaam om die Skrifbewyse hier na te gaan). Selfs uit die Ou Testament was dit al duidelik dat wetsonderhouding geen mens voor God regverdig nie - daarom moes daar gereeld vir persoonlike en volksondes geoffer word (Hebr. 10:1-4).

**13:40, 41.** Daar is verlossing - die enigste verlossing - in Jesus Christus, maar dit moet geglo word. Daarom waarsku Paulus met 'n verwysing na die Skrif. Dit is altyd waar: die Skrif ken net één pad - dit is "Ja" vir Christus (Joh. 3:16). Daar is ongelukkig te veel mense wat meen dat 'n mens nie aan die Skrif gehoorsaam hoef te wees nie. Dit gaan egter om die ewige lewe en die ewige dood. Verwerp die Jode Paulus se woorde, dan verwerp hulle die prof ete - en dit het Goddelike gesag.

Paulus se Skrifbewys is Hab. 1:5 - volgens die Griekse Bybel van destyds. Verwerp 'n mens die Woord, dan is jy iemand wat die Woord verag - niks minder nie. Mense verwonder hulle agterna dat God so swaar straf, maar dan is dit te laat (Luk. 16:23, 24). "Verdwyn" beteken hier nie dat mense wat verlore gaan se bestaan beëindig sou word nie - dit is profetiese taal, wat die oordeel op die geskiedenis van die volk Israel toepas en nie op die ewige oordeel nie. So praat die Ou-Testamentiese profeet dikwels van die toekomstige dinge - in aardse beelde. Wat sê Openb. 14:9-11? God doen iets wat Israel nie sou glo as iemand hulle dit nie vertel nie. Wat is dit? Dit is die groot werk van God dat Hy die ou verbondsvolk verwerp, omdat hulle Christus nie aanvaar nie (Rom. 9 en 11).

N.B.: Paulus se preek is afgehandel. Dié skema sou hy seker telkens teenoor die Jode in hulle sinagoges gebruik het. Daarom gee Lukas dit hier so volledig en herhaal dit nie later weer nie. Die hoofpunte is:

1. Sy uitgangspunt is die geskiedenis van Israel wat uitloop op die koms van Christus.
2. Dan preek Hy Christus self en benadruk die opstanding, met Skrifbewyse uit die Ou Testament.
3. Hy sluit af met 'n vermaning om in Christus te glo.

***Vrae (*13:13-41)**

1. Hoe het Paulus die Jode in die verstrooiing benader?
2. Waarom sluit Paulus by koning Dawid aan om by Christus uit te kom?
3. Waarom is die Jode hoog bevoorreg, maar ook baie verantwoording verskuldig? Is dit met ons ook só?
4. Wat is die enigste objektiewe bron waaruit ons Christus ken?
5. Hoe het God die sonde van die Joodse leiers in Jerusalem ten goede gebruik?
6. Het ons enige "bewyse" dat Jesus uit die dood opgestaan het?
7. Wat is die nut van die opstanding van Christus vir ons (*Kategismus,* Sondag 17)?
8. Is u regverdig voor God (*Kategismus,* Sondag 23; Rom. 1:17)?
9. Is dit reg om God se oordele skerp te benadruk in ons prediking?
10. Wat is die hoofpunte van hierdie preek van Paulus?

## Baie mense vra na die evangelie (42-44).

**13:42.** Toe Paulus en Bárnabas die sinagoge verlaat, word hulle omring deur mense wat dringend vra om op die volgende Sabbat weer die preek te hoor. Volgens die vorm van die Griekse woord dring hulle *aanhoudend* daarop aan. Hier volg ons die vertaling van *Die Blye Boodskap*: "Terwyl hulle die sinagoge verlaat, het die mense vir Paulus en Barnabas gevra om hulle die volgende sabbatdag meer van hierdie dinge te vertel." Dit gaan nie alleen om "heidene" of proseliete nie, maar om baie uit die Jode en voormalige heidene, wat in die sinagoge was.

**13:43.** Eindelik vertrek Paulus en Bárnabas na hulle tuisplek. Ook toe volg baie godsdienstige Jode en Jodegenote hulle. Hier is duidelik 'n sekere skeiding: nie almal gaan saam met Paulus nie - maar wel baie van hulle. Wat van die ander (45)? Terwyl hulle aanstap huis toe, gesels hulle nog steeds. Hulle probeer die mense oorreed om te glo. Hulle moet tot 'n beslissende stap kom - "bly by die genade van God" (11:23; 14:22). Hier beteken dit dat hulle aan die verbond van God met Israel moet vashou en nie die Christus van die beloftes verwerp

nie. Israel is immers die volk aan wie God genade bewys het (Rom. 9:4, 5). Verwerp hulle Christus, dan verwerp hulle God se genade aan Israel. Christus bring vir Israel 'n krisis mee. Dit is opmerklik dat Paulus nie die woord *bekering* gebruik nie, maar die Jode positief benader as mense wat die genade besit en dit moet vashou. Dit is tipiese verbondsprediking. Hier sien ons Paulus se liefde vir sy volk (Rom. 9:1-3).

**13:44.** Gerugte oor die gebeure in die Joodse sinagoge het vinnig in die stad versprei. Veral die proseliete sou dit aan hulle heidense familielede vertel. Die volgende sabbat was daar 'n groot toeloop van mense. Hier is nie sprake van die sinagoge nie - wat blykbaar te klein was - maar moontlik 'n ander vergaderplek. En waartoe is hulle byeen? "Om die Woord van God te hoor." Die mense is heilbegerig - honger na die Woord. Dit is waarlik nie omdat Paulus só 'n wonderlike spreker was nie (1 Kor. 2:1-5). Dit het gegaan om *Wie* hy verkondig het; Jesus Christus en Hom as die gekruisigde (1 Kor. 2:2).

## Joodse nydigheid en heidense blydskap (45-49)

**13:45.** Wonderlik dat die Jode dit nie kon verdra dat die heidene ook die woord van God hoor nie. Hulle maak self proseliete - waarvan hier heelwat was (13:16). Moontlik was dit juis afguns en nyd omdat die heidene in groot getalle na die evangelie van Jesus luister. Wanneer die heidene vir 'n saak is, is die Jode daarteen. Of die besnydenis en die omgang met onbesnedenes - wat vir die Jode onrein is - hier ter sprake is, is onwaarskynlik (11:1-3). In wese is dit haat teen Jesus Christus wat na vore kom (Joh. 10:26, 31). Hulle magtelose nydigheid openbaar hulle deur die evangelie van Paulus en Bárnabas te belaster - en daarmee vir Jesus - want dit gaan daarom dat Paulus Hom as die Christus verkondig (1 Kor. 12:3). Hulle - die Jode - verklaar die verlossing deur Christus as duiwelswerk (Matt. 12:24).

**13:46.** Paulus en Bárnabas trek hulle die lastering van die Jode nie aan nie, maar praat rustig verder. Hulle is verplig om te praat - wat die Jode ook al sê of doen (4:19; 5:29). Maar hulle sê tog iets vir die Jode - hulle moes eers die woord van God aan die Jode as verbondskinders verkondig - maar nou is hulle vry om na die heidene te gaan (Hábakuk se profesie (41) gaan nou in vervulling). As gesante van Christus moes hulle by sy program bly (Matt. 10:5, 6; 15:24; Rom. 1:16). Selfs Paulus, die apostel na die heidene, moes eers na die Jode gaan. Die woord van God gaan van hulle weg, as hulle Christus verwerp (Rom. 3:1 e.v.). Hulle nasionale trots staan hier in hulle pad (Luk. 7:30). Hulle meen dat hulle die waardige volk van God is, maar hulle ag hulself die ewige lewe nie waardig nie. Dit is 'n skerp vermaning van Paulus om hulle tot besinning te bring. Dit is opmerklik dat Paulus hier van die "ewige lewe" praat, soos Jesus self dit dikwels gebruik het - as al die heil vervat wat die geloof in Hom bied (Joh. 10:28). Nou gaan hulle na die heidene (18:6).

Op dié wyse bevorder die Jode selfs die voortgang van die evangelie onder die heidene. Dit bly dan nie beperk tot die Jode nie, maar beweeg vryelik na die heidene - wat graag luister (48, 49).

**13:47.** Paulus beëindig sy vermaning aan die Jode met 'n Skrifbewys (Jes. 49:6 - vergelyk Matt. 21:41, 43). Die apostels staan op vaste grond. Die Skrif, wat die Jode as van Goddelike oorsprong beskou, gee hulle die reg en plig daartoe. Hulle roeping om na die heidene te gaan, is deur God vooraf bepaal - in die Skrifwoord word duidelik van heidensending gepraat. In Jes. 49:6 is die Woord bowendien gerig tot die "Kneg van die HERE" - die Messias - en dit is juis Hy wat Paulus stuur om sy werk onder die heidene te doen (9:15; 22:21). Hy dien as instrument van Christus self. Christus is die Lig van die nasies (Luk. 2:32; Joh. 8:12). Só bring Christus lig en saligheid tot aan die einde van die aarde (Ef.2:l-12).

**13:48.** Die heidene, teenwoordig by die vergadering, is bly - teenoor die nydigheid van die

Jode. Hulle ontvang die versekering dat die evangelie ook waarlik vir hulle bedoel is - die Woord van God het dit eeue tevore alreeds verkondig. Volgens die eie geskrifte van die Jode - wat hulle as heidene nie sou ken nie - is die evangelie ook vir hulle bedoel.

Hulle prys die Woord van God - beide die waarheid uit Jes. 49:6, wat vir hulle 'n deur open, en die prediking van Paulus en Bárnabas (1 Thess. 2:13). En daar het gelowig geword almal wat deur God verordineer was tot die ewige lewe (Joh. 10:28; 17:2). Hier gaan dit duidelik om die ewige uitverkiesing van God. Ook dit stel die skrywer Lukas hier as 'n algemene waarheid, by die eerste uitvoerige verhaal van wat in die heidenwêreld plaasvind (Ef. 1:3-6).

**13:49.** Op die vyandskap van die Jode volg hier wat vroeër herhaaldelik gebeur het. Die gemeente groei (2:414, 47; 5:14; 8:4, ens.). Hier wil die vorm van die Griekse woord tuisbring dat dit 'n steeds voortgaande proses is - mense wat gelowig word, dra die evangelie verder (1 Thess. 1:8).

## Christus se gesante moet verder (50-52)

**13:50.** Net só getrou as wat Paulus elke keer eers die evangelie aan die Jode verkondig het, was die Jode se nydigheid die rede waarom hy van stad tot stad vervolg of verjaag is (14:2, 19; 17:5; 18:5, 6, ens.). Dit is opmerklik dat die Jode hier van godsdienstige en vername vroue gebruik maak - waarskynlik ryk en invloedryke vroue, wat getroud was met mans in leiersposisies of owerheidspersone. Hulle gebruik die vroue om die aristokrasie, wat die wêreldlike mag in hande het, teen Paulus en Bárnabas op te stook. Dié manne weer gebruik hulle invloed om die volk op te stook. Só maak hulle ook die inwoners van die stad afkerig van die evangelie, en dit dien dan weer as aanleiding om Paulus en Bárnabas te verdryf. Dit gee aan die owerheid die geleentheid om hulle, onder voorwendsel dat dit tot oproer kan lei, te verbied om verder in die stadsgebied te preek. Hulle moes egter weg ook omdat hulle elders werk het.

**13:51.** Hulle skud die stof van hulle voete af. Dit is 'n Joodse gebruik, maar het deur Christus se opdrag (Matt. 10:14; Luk. 9:5; 10:10; 18:6) ook 'n simboliese teken geword. Hulle wil niks meer met só 'n stad te doene hê nie en die getuienis van die evangelie dien dan net tot hulle veroordeling. Hier tref dit vanselfsprekend net die ongelowige Jode. Later het Paulus weer die gelowiges in Antiochië besoek (52; 14:21). Hulle vertrek nou egter na Ikónium.

**13:52.** Ja, daar bly dissipels van Jesus agter en hulle is bly en gelukkig. Ook hier gaan God se werk voort ondanks die vervolging. Blydskap is 'n vrug van die Heilige Gees (48; 5:41; Gal. 5:22). Hoewel die leiers moes vlug, laat vaar God nie die werk van sy hande nie. Hulle is immers met blydskap en met die Heilige Gees vervul (Luk. 24:52; Hand. 5:41), al weet hulle só gou al wat geloofsvervolging kan beteken.

***Vrae (*13:42-52)**

1. Het God se verbond met Abraham verval?
2. Wat moet die doel van elke preek wees?
3. Om watter grondliggende rede het die Jode die Christene vervolg?
4. Hoe is 'n mens "waardig" voor God (46)?
5. Het u die ewige lewe ontvang (46; Joh. 10:28)?
6. Is u 'n uitverkorene van die Here (48)?
7. Mag ons die stof van ons voete afskud as 'n getuienis teen mense?

# HANDELINGE 14

***Paulus se tweede sendingreis voortgesit***

## Paulus en Bárnabas in Ikónium (1-6)

**14:1.** In Ikónium ondervind die gesante van Christus dieselfde ervaring as in Antiochië. Sommige Jode weier om te luister en die heidene aanvaar die evangelie. Later word heidene egter weer opgestook om hulle te vervolg. Weer gaan hulle na die Joodse sinagoge en preek daar. Die prediking is vrugbaar - 'n groot menigte word gelowig. Dit lyk asof hier selfs meer Jode en proseliete as in Antiochië glo.

**14:2.** Ook hier was egter "ongehoorsame Jode" - ongehoorsaam aan die evangelie (Joh. 3:36). Ongehoorsaamheid beteken sonde en hou die oordeel in (Joh. 3:18). Ongeloof lei tot haat en hulle stook weer kwaad teen die apostels by die heidene. Hoewel die Jode die heidene verag, gebruik hulle hul om hul doel te bereik. Die Jode self is magteloos om op te tree, want die mag is in die hande van die heidene. Hier gaan die haat nie alleen teen Paulus en Bárnabas nie, maar ook teen die "broeders" - dit is almal wat gelowig geword het (1 Thess. 2:14).

**14:3.** Ondanks die haat en opstokery van die Jode werk hulle daar vir 'n geruime tyd, met vrug. Hulle is gedurig besig met hulle plig en reg om te preek (5:29). Hulle preek vrymoedig in die Here (Matt. 28:19, 20; Hand. 1:8). Die Here self gee direk getuienis deurdat hulle tekens en wonders doen. Hy werk deur hulle en Hy toon dit. Hulle verkondig sy woord van genade en Hy bevestig dit met tekens en wonders.

**14:4.** Nie alleen die evangelie nie, maar ook die tekens en wonders bring verdeeldheid (Joh. 7:43). Waar Christus en sy woord en werke kom, kom verdeeldheid. Mense kies kant - vir die Jode of vir die apostels. Dit bring beroering en moontlik selfs betogings, wat die owerheid tot optrede moes dwing - dit is presies wat die Jode beoog.

**14:5, 6.** Eindelik word die owerheid betrek - nou staan die heidene voorop. Hulle neem die leiding, hoewel die Jode die eintlike skuldiges is (4:27). Die owerheid stem toe - die apostels word eintlik voëlvry verklaar - geen marteling teen hulle sou strafbaar wees nie. Toe dit duidelik word, vlug Paulus en Bárnabas die stad uit na Listre en Derbe en omstreke.

***Vrae (*14:1-6)**

1. Waaraan moet ons gehoorsaam wees?
2. Waarom bring Christus verdeeldheid op aarde (Matt. 10:34-36)?

## In Listre verhef tot gode en daarna gestenig (7-20)

**14:6, 7.** Vir ons doel is dit genoeg om te weet dat die Likaóniese landstreek 'n hoogliggende en ylbewoonde gebied in die binneland van Klein-Asië was. In Listre was daar geen Joodse sinagoge as aanknopingspunt nie - daarom beskik die Here hier 'n wonderteken om die aandag op die evangelie te vestig. Hulle het in elk geval - voordat die teken plaasvind - alreeds met mense oor Jesus gepraat.

**14:8.** Daar was klaarblyklik heelwat belangstelling in wat Paulus en Bárnabas verkondig (11). In sy beskrywing van die wonder gaan Lukas op besonderhede in. Daar was 'n man verlam in sy voete en hy kon nie loop nie (3:2 e.v.). Dit is klaarblyklik ook die eerste wonder in Listre en dit vind plaas voor 'n groot menigte - moontlik op 'n plein. Die man se naam is nie van belang nie, Hoewel hy tog duidelik baie bekend was by die inwoners - hulle weet dat

hy die gebrek van sy geboorte af gehad het. Christus herhaal in die heidenland wat Hy in Jerusalem gedoen het (Hand. 3). Die apostels doen ook dieselfde as wat Jesus persoonlik in Galiléa gedoen het (5:15; Mark. 5:28; 6:56).

**14:9, 10.** Dit is merkwaardig hoe die wonder met die verhaal in 3:2 en verder ooreenkom. Paulus verkondig die evangelie en hy sien dat die man luister - hy gee gehoor of glo in wat Paulus sê. Toe kyk Paulus skerp na hom (3:4). Hy sien in hom 'n medegelowige. (Selfs in ons tyd kan 'n prediker sien wanneer iemand met geloofsoorgawe luister - daar is geestelik kontak). Dié man se geloof was nie bloot 'n *wondergeloof* nie, hoewel hy ook dit geglo het (Hand. 3:16). Hier is dus eers prediking, dan geloof, dan genesing.

Dan praat Paulus hardop direk met hom, terwyl hy sy oë op hom hou: "Staan regop op jou voete!" Ook die omstanders moes dit hoor en weet hoe die man genees is (2:14). Die man spring dadelik op en begin rondloop (3:8).

**14:11-13.** Die wonder veroorsaak 'n opskudding. Die opgewonde menigte begin in hulle moedertaal praat - wat Paulus en Bárnabas nie verstaan nie. Selfs Paulus het in opgewonde oomblikke sy moedertaal, Hebreeus of Aramees, gebruik (Rom. 8:15; 1 Kor. 16:22). Hulle reken dat die gode in die gedaante van mense verskyn het (28:6). So iets word dikwels verhaal in die ou Griekse literatuur - byvoorbeeld van die Griekse digter Homerus. Hulle meen selfs dat hulle weet met watter gode hulle te doene het. Volgens hulle is Bárnabas die god Zeus of Jupiter - 'n hoofgod - en Paulus Mercurius of Hermes - die *boodskapper* van Zeus, omdat hy praat en optree (Gal. 4:14). Daar bestaan selfs 'n ou verhaal van Filémon en Baucis dat Zeus en Hermes hulle 'n keer in die omgewing van Listre as *mense* onder die mense begewe het. Dit maak die reaksie van die volk hier selfs meer begryplik. Volgens hierdie opvatting hoort by gode 'n priester en offers (Dan. 2:46). 'n Bode haas hom na die tempel van Zeus of Júpiter en die priester kom daar aan met sy offerandes vir sy "gode". Die volk sou opgewonde toekyk of selfs hulle heidense rites begin uitvoer (18; Ex. 32:l-6, 22, 24).

**14:14-17.** "Maar toe die *apostels*, Bárnabas en Paulus . . ." Hier word beide Bárnabas en Paulus *apostels* genoem. Wat Paulus betref, kan ons sê dat hy, as die ontydig-geborene (1 Kor. 15:8), spesiaal deur die Here geroep is as apostel (Gal. 2:7, 8) van die heidene. Hy was nie een van die twaalf nie (1:21, 22). So is daar ook andere *apostels* genoem wat nie aan die twaalf behoort het nie (Rom. 16:7; 1 Kor. 15:7; Gal. 1:19 beskou Jakobus waarskynlik ook as 'n apostel). Ons moet onthou dat die woord "apostel" beteken "gesant". Ons kan onderskei tussen "apostels van Christus" en "apostels van die gemeentes". Die twaalf is dan apostels of *gesante* wat deur Christus self aangestel is, terwyl die gemeentes ook *apostels of gesante* aanstel, wat gewoonlik diens doen as leraars of profete.

Bárnabas is tog baie duidelik deur die gemeente van Antiochië uitgestuur as hulle gesant om sendingwerk te gaan doen. Daarom word hy saam met Paulus 'n apostel genoem (13:2-4).

Paulus en Bárnabas kom eers agter wat gaande is, toe die priester begin om te offer. Moontlik was hulle selfs binne die stad en die plegtigheid buite die stad, sodat hulle eers later daarvan hoor. Volgens Joodse gebruik skeur hulle hul klere as teken van rou en droefheid (2 Kron. 34:18, 19). Só 'n verering laat 'n apostel groot skrik (10:25, 26). Daarom is dit so absurd dat die Jehovahs-getuies die Here Jesus bloot as 'n mens beskou, terwyl Hy toegelaat het dat mense Hom aanbid (Matt. 28:9, 17). Hierdie mense is besig om die evangelie te verheidens - dit is selfs erger as die Jode se verwerping daarvan.

Nou is daar nie tyd om 'n toespraak te hou nie. Hulle tree vinnig op. Nou kon hulle nie anders as om duidelik die afgodery te veroordeel nie en te roep tot bekering van die nietige afgode (17:22-25; 1 Thess. 1:9). Hulle is geen gode nie, maar mense, net soos die skare. Hulle

evangelie is juis die evangelie van die enige ware God, wat alles geskape het. Nou baat dit nie om van Jesus Christus te praat nie - nou gaan dit om die "monoteïsme" teenoor die "politeïsme" - dit is die diens van *een God* teenoor die diens van *baie gode (*Deut. 6:4; vergelyk ook Ps. 115 - die lewende God teenoor die nietige of dooie gode; Jer. 10:11; Ex. 20:11; Hand. 2:24). Die mense sou kon vra waarom hulle dan nog nooit van die enige ware God, die Skepper van hemel en aarde, gehoor het nie. In dié lig moet ons verse 16 en 17 benader. God het iets toegelaat - hoewel Hy dit nie goedgekeur het nie (Rom. 1:18-21; Hand. 17:30; 1 Pet. 4:3). Hoewel die nasies nie sy wil volbring het nie, het Hy tog oor die heelal regeer. Hy het Hom selfs teenoor die heidene nie onbetuig gelaat nie (17). Hy het aan hulle voorspoed en vreugde op aarde gegee (Rom. 1:18 e.v.). Dat hulle die ware God nie ken nie, is nie sy skuld nie - Hy het getuig in die natuur en geskiedenis (*Ndl. Geloofsbelydenis*, Art. 2). Selfs die *harte* is met vrolikheid vervul - God het ook hulle diepste innerlike in die oog gehou (Ps. 104:15).

**14:18.** Uit die vers spreek 'n bedekte tragiek - die mense wil Paulus en Bárnabas as gode vereer en dit kos moeite om hulle te verhinder om offers te bring. Aan die ander kant lees ons van niemand wat gelowig geword het nie - behalwe die man wat genees is, Tog het daar ook 'n gemeente ontstaan (20; 16:1), al sê Lukas hier niks daarvan nie.

**14:19.** Die Jode van Antiochië is egter soos bloedhonde op hulle spoor - soos Paulus self vroeër (8:3; 9:1). Moontlik was die heidense skare teleurgesteld dat Paulus en Bárnabas nie werklik gode was nie. Die Jode kon hulle toe nog wysmaak dat húlle die ware aanbidders van die enige God is en die apostels afvalliges. Dink daaraan hoe maklik die Joodse leiers in Jerusalem die volk se guns vir Jesus kon laat omswaai in vyandskap (Matt. 26:1-5; 27:20-23). Hier tel die heidene klippe op om Paulus te stenig. Die owerheid steur hulle nie daaraan nie - wat maak dit saak as 'n Jood gedood word (2 Kor. 11:25). Toe dit lyk asof Paulus dood is, word hy uitgesleep buite die stad - miskien om die "lyk" uit die pad te kry en moeilikhede te voorkom. Waarom is Paulus gestenig en nie ook Bárnabas nie? Waarskynlik was dit die Jode se invloed. Hulle het gesien dat Paulus die eintlike leidende persoon is. Maar God het Paulus nog nodig en bewaar hom (20).

**14:20.** Daar was tog dissipels in Listre. Hulle het waarskynlik op 'n afstand gevolg en gesien waar hulle Paulus se liggaam laat lê het, en wou hom gaan begrawe. Toe hulle rondom hom gaan staan - soos mense gewoonlik doen rondom die lyk van 'n dierbare - staan Paulus self weer op. Calvyn meen dat God Hom op wonderbare wyse genees het (2 Kor. 6:9). Hulle bly nog die nag in Listre oor en die volgende dag is hulle al weer op pad na Derbe.

***Vrae (*****14:7-20)**

1. Was daar meer apostels as die twaalf? Kan 'n mens onderskei tussen twee "soorte" apostels?
2. Waarom het mense in die Bybelse tyd hulle klere geskeur?
3. Sou Jesus toelaat dat mense Hom aanbid, indien Hy bloot 'n mens was?
4. Gaan mense, wat nooit van die God van die Skrifte gehoor het nie, verlore?

## Vanaf Derbe terug na die sendende gemeente om verslag te doen (21-28)

**14:21.** In Derbe het die apostels klaarblyklik kort vertoef - Lukas sê in elk geval weinig oor hulle werk aldaar. Dit mag wees omdat hulle hier in vrede kon werk of omdat Paulus vanweë sy liggaamlike toestand wou terugkeer - na die ervaring in Listre. Daarbenewens was hulle ook hier aan die grens van die Romeinse ryk en wou waarskynlik nie verder gaan nie. Hier het ook 'n aantal mense gelowig geword - hoeveel word nie gesê nie. Daarna vertrek hulle terug na Listre, Ikónium en Antiochië - ondanks die vyandskap daar ondervind. Hulle ag dit

veral noodsaaklik om die jong dissipels van Jesus te versterk - hulle het gesien hoe Paulus en Bárnabas vervolg is en kon moontlik moed verloor.

**14:22.** Ja, Paulus en Bárnabas het nog werk in die plekke waar hulle voorheen die evangelie verkondig het. Nou gee hulle nie aandag aan verdere openbare sendingwerk nie, maar doen nasorgwerk aan die gemeentes. Hulle vermaan hulle om te volhard in die geloof (Kol. 1:23). Hulle moenie moedeloos word nie. Vervolging is nie vreemd nie, maar dit is die weg waarlangs God se koninkryk beërf word (Ef. 3:13; 1 Thess. 3:3; 2 Thess. 1:6 e.v.; 2 Tim. 3:12). Vergelyk wat Jesus self sê (Joh. 15:20). Hoewel Christus die Satan oorwin het, het ons nog met hom te doene op weg na die heerlikheid van Christus (1 Joh. 3:8). God het geen behae in 'n goedkoop geloof nie, maar in 'n gelouterde geloof (Rom. 5:3-5).

**14:23.** Hulle laat ouderlinge kies in elke gemeente. Daar moet leiers en bewakers van die gemeente wees. Paulus en Bárnabas sou nie self ouderlinge aanstel nie, maar gee leiding in die verkiesing deur die gemeentes (2 Kor. 8:19). Hier kan ons aanneem dat die ouderlinge se taak allereers sou wees om die Woord te verkondig (Tit. 1:9). Hoe ernstig die saak vir hulle is, blyk daaruit dat hulle bid en vas en die ouderlinge aan die Here opdra, in Wie hulle glo. Hulle is dus in veilige hande en Paulus en Bárnabas kon rustig vertrek. Van diakens is hier geen sprake nie. Waarskynlik het een amp voorlopig alles gedoen en is diakens pas gekies wanneer hulle benodig word (Hand. 6; Fil. 1:1).

**14:24, 25.** Dit is van belang dat hulle op hul terugreis wel die evangelie in Perge verkondig (13:13). Van die vrug op die arbeid word niks gesê nie. Klaarblyklik het hulle gou hiervandaan vertrek.

**14:26-28.** Eindelik kom hulle in hulle tuisgemeente aan, Antiochië, wat hulle uitgestuur het. Die eerste sendingreis is ten einde. Van hier is hulle uitgestuur nadat hulle aan die genade van God opgedra is - sendingwerk is moeilike werk en kos genade (13:2). Die gemeente word saamgeroep en Paulus en Bárnabas vertel - nie van wat hulle gedoen het nie - maar van wat God met hulle gedoen het. Ja, ook wat Hy onder die heidene gedoen het - Hy het deure oopgemaak (16:14; 1 Kor. 16:9; 2 Kor. 2:12; Openb. 3:7, 8).

Die apostels vertoef dan vir 'n tyd in die midde van die gemeente - om nuwe kragte op te doen. Daar kom ook spoedig nuwe probleme na vore (15:1).

***Vrae (*****14:21-28)**

l. Hoe word die verklaring van die *Kategismus* van die bede: "Laat u koninkryk kom?" in hierdie gedeelte bevestig (Sondag 48)? Let veral op die woorde: "bewaar en vermeerder u kerk."

2. Waarom is ouderlinge in die gemeentes gekies?

# HANDELINGE 15

Met hierdie hoofstuk begin die verhaal van 'n nuwe stryd in die kerk. Dit is nie 'n stryd teen vyandige Jode of heidene nie, maar 'n stryd binne die kerk van Christus. Dit is veral die stryd van Paulus, die apostel na die heidene, teen bepaalde Joodse Christene, wat ons die "Judaïste" noem. Hierdie Judaïste eis dat die heidene wat in Christus glo, ook verplig is om hulle te onderwerp aan die Joodse seremonies. Veral die besnydenis word op die spits gedryf. Die gelowiges uit die heidene moes hulle laat besny, was die standpunt van die mense.

Verder is hierdie hoofstuk van groot belang met die oog op kerklike samekomste en kerklike besluite. Dit word die eerste "sinode" van die kerk genoem, omdat ons hier die eerste keer 'n vergadering van apostels en ouderlinge (ampsdraers) van verskillende kerke het om oor 'n gemeenskaplike saak uitspraak te gee. Verklaarders meen ook dat Paulus in Gal. 1, 2 duidelik na hierdie vergadering verwys. Daar mag hieroor verskil van mening wees, maar die brief aan die Galásiërs gaan oor dieselfde saak - naamlik die verhouding tot gelowiges uit die heidene en die besnydenis. Dit is ook moontlik dat die brief aan die Galásiërs juis aan die betrokke gemeentes gerig is, wat Paulus op sy eerste sendingreis gestig het (Hfst. 13 en 14). Dit is moontlik die "landstreek" bekend as Galásië.

### *Die nuwe probleem (1, 2)*

**15:1.** Twee faktore lei veral tot die probleem wat nou opduik. Eerstens het die Christelike kerk nou finaal met die Jodedom gebreek - eintlik is hulle uit die Jodedom verdryf (8:1; 12: 1 e.v.; 13:45; 13:50, 51; 14:5, 6). Tweedens het die gelowiges uit die heidene nou só talryk begin word dat hulle meer en meer 'n getalle-oorwig begin vorm het. En ons lees nêrens dat heidene tot dusver besny is nie - hulle is wel gedoop volgens die bevel van Christus (Matt. 28:19; Mark. 16:15, 16; Hand. 10:45-48).

In Antiochië kom sekere mense aan uit Judéa - hulle is nie afgevaardig nie, maar kom uit eie beweging (24). Die gemeente in Jerusalem het vroeër vir Bárnabas afgevaardig (11:22), nadat hulle Petrus se optrede met Cornelius goedgekeur het (11:18). Ons kan selfs aflei dat Petrus saam met die heidene geëet het (11:3). Die gemeente in Jerusalem het nog nie hulle opvatting in die opsig verander nie - soos dit later blyk (15:7-11). Ook Bárnabas het, toe hy hierheen gestuur is, nie enigiets in die opsig van die gelowiges uit die heidene gevra nie (11:22-24). Die manne wat nou uit Judéa aankom het derhalwe verskil van die besluit in 11:3, 17, 18. Moontlik was hulle voorheen Fariseërs (5), wat die wet baie sterk benadruk het (Matt. 23). Hulle kom ook nie uit Jerusalem nie, maar uit Judéa - só asof hulle die apostels en ouderlinge in Jerusalem vermy. Hoewel nie amptelik soos Paulus en Bárnabas nie, *leer* hulle - hulle verkondig doelbewus en aanhoudend hulle standpunt in die gemeente. Hulle tree op wanneer die gemeente vergader vir 'n erediens. Dat hulle uit Judéa kom, sou bepaald indruk maak - veral op die Christene uit die Jode.

Ook hier moet ons onthou dat hulle opvatting nie vreemd is nie. Hulle ken die wet - of die Woord van God - en hulle staan op die eis daarvan. Jesus self het gesê: Matt. 5:17-20. En daarmee is seker ook Gen. 17:10 ingesluit. Daarom meen hulle is die heidene nog buite die verbond, solank hulle nie besny is nie. Hulle moet die teken van die verbond dra (Ex. 12:48; vergelyk hierby Rom. 4:1-12; Gal. 3:29).

**15:2.** Paulus en Bárnabas kom in heftige verset teen die opvatting van die Judaïste - en die stryd word al hewiger hoe langer dit duur. Paulus en Bárnabas se hele werk is hier in gedrang (Gal. 3:13). Die basiese vraag is: word 'n mens salig *alleen* deur die werk van Christus, of moet daar nog iets bykom - is dit Christus *plus* die besnydenis? Die gemeente is verstandig

genoeg om die twisappel vir meerdere advies of beslegting na Jerusalem te verwys. Paulus en Bárnabas het klaarblyklik die volle steun van die gemeente maar dit gaan hier om 'n moeilike beginselsaak en (Gal. 2:2) omdat Paulus in die opsig 'n besondere openbaring ontvang het. Hoewel Paulus van sy saak oortuig is, laat hy hom afvaardig om moontlike verwarring by die gemeente uit die weg te ruim. Verder moet daar beginseleenheid in die hele kerk kom. In Jerusalem sou elke Joodse Christen-kind wat gebore word, nog op die agste dag besny word en in Antiochië word heidenkinders nie besny nie. Volgens Gal. 2:1 het Paulus Titus, 'n voormalige heiden, ook saamgeneem. Hulle word na die "apostels en ouderlinge" afgevaardig - derhalwe na 'n "amptelike" kerkvergadering. Dit is merkwaardig dat die apostels nou weer in Jerusalem terug is (12:17). Moontlik het hulle van tyd tot tyd na Jerusalem teruggekeer (1 Kor. 9:5 - vergelyk Hand. 21:18 toe die apostels blykbaar nie daar was nie).

**15:3.** Die georganiseerde gemeente sorg vir hulle afreis - hulle word uitgelei - en moontlik selfs van reismiddele voorsien. Hulle is duidelik amptelike afgevaardigdes. Op hulle reis oor land doen hulle by gemeentes aan en vertel van die bekering van die heidene. Van die gemeentes het ons vroeër gehoor (9:32; 8:25, 40; 11:19).

Die gemeentes was Joodse Christene (11:19). Op sy reis bring Paulus baie duidelik die regte beginsel onder die aandag. God bring heidene tot bekering sonder die besnydenis en hulle ontvang die Heilige Gees (Gal. 3:2). Paulus en Bárnabas reis nie met vrees na Jerusalem nie, maar is seker dat hulle saak reg is. Die gemeentes reageer met blydskap - dink aan Petrus (11:18).

**15:4.** In Jerusalem word hulle ontvang deur die gemeente - al die gelowiges - maar ook deur die apostels en ouderlinge, na wie hulle afgevaardig is (2). Onthou dat ook Paulus 'n apostel is - selfs Bárnabas is 'n apostel genoem (14:14). Die afgevaardigdes was dus gelykwaardig - soos ook die gemeentes en alle Christene gelykwaardig is. Die apostels was in algemene sin ampsdraers en kon hul amp in alle gemeentes uitoefen (2 Kor. 11:28). Daarom het die amp verdwyn sodra die kerk in die wêreld gevestig was. Hulle het geen opvolgers nie - hulle amp was 'n buitengewone amp (1:21; 1 Kor. 9:1; Gal. 2: 8).

Weer vertel Paulus van die werk onder die heidene - dinge wat God deur hulle gedoen het (14:27). Paulus begin nie om die strydpunt uiteen te sit nie - Hy vertel van die werk van God onder die heidene. Dit is 'n werk wat geen mens kan keer nie (11:17).

**15:5.** Terwyl Paulus verslag doen, staan daar in die vergadering manne op - voormalige Fariseërs - wat weer die eis stel dat die heidene besny moet word. Dit is moontlik van dieselfde manne wat in Antiochië was, wat ook deurgereis het om hulle standpunt te kom verdedig (1). Dit kon egter ook mense uit Jerusalem se gemeente wees, wat dieselfde opvatting sou hê (vergelyk aantekening by vers 1). Hier word naas die besnydenis nadruklik bygevoeg dat die heidene ook die wet van Moses moes onderhou - dit beteken ook die offers, Sabbat, ens. (Gal. 4:10). Die suurdeeg van die Fariseërs werk ook nog hier (Mark. 8:15). Só kom die twispunt dan aan die orde.

### *'n Amptelike vergadering (Hnd_15:6-11)*

**15:6.** Nou word 'n amptelike vergadering van die apostels en ouderlinge belê. Die gemeente en sprekers uit die kringe van die oud-Fariseërs praat nie saam nie. Op die vergadering het slegs ampsdraers gepraat: Petrus en Jakobus en ook Paulus en Bárnabas. Eintlik is alle gemeentes hier verteenwoordig - Paulus en Bárnabas verteenwoordig die nuutgestigte gemeentes in Klein-Asië. Ons kan dus praat van die eerste kerklike sinode.

**15:7.** Die saak is nie duidelik nie en word van groot belang beskou. Daar was 'n langdurige en indringende bespreking. Daar was gewis ook persone onder die apostels en ouderlinge wat

simpatiek gestaan het teenoor die standpunt van die oud-Fariseërs. Op 'n geleë oomblik kom Petrus aan die woord. Hy bly die leidende apostel (2:14; 3:11, ens.). "Julle (apostels en ouderlinge) weet" ... (11:1; 11:18). Hy kon die Heilige Gees nie verhinder nie en hoe kan hulle dit nou wil doen? Hy kan en moet daaroor praat, omdat God hom uitverkies het om die evangelie vir die eerste keer na die heidene te bring. Dit het "lank gelede" gebeur (in ons ore klink dit vreemd, maar daar kon al 'n hele aantal jare verloop het - volgens Gal. 2:1 was dit nou minstens 14 jaar na Paulus se bekering).

**15:8.** God ken die harte - Hy sien nie op die besnydenis nie, maar die besnedenheid van hart - dit is die ware geloof (1 Sam. 16:7; Deut. 10:16; Rom. 2:27, 29; 1 Kor. 7:19). Ook ons moet waak teen die vertroue op die uitwendige teken van die doop - God sien die hart aan (1 Kor. 10:1, 2, 5). God het self vir die heidene getuienis gegee (10:44). Hulle het die Heilige Gees ontvang en wie daarteen is, weerstaan die Gees.

**15:9.** God self het geen onderskeid gemaak nie - hulle harte is gereinig deur die geloof. Dit is die wesenlike saak waarom dit gaan. Hulle is destyds op bevel van Christus gedoop (Matt. 28:19; Hand. 10:48). Ons mag die doop nie onderskat nie - dit is 'n bevel van Christus. Maar ons mag dit ook nie oorskat nie - die doop stort nie self genade in ons, soos die Roomse kerk leer nie. *Hulle is gereinig deur die geloof* - ons ook (vergelyk aantekeninge by 1:5).

**15:10.** Hier het ons die laaste woorde uit die mond van Petrus wat Lukas in Handelinge opteken. Dit is sy finale konklusie en 'n baie belangrike uitspraak: *Geen besnydenis nie.* Hy stel die saak sterk - "waarom *versoek* julle God?" Hulle verwerp die duidelike openbaring van God en bring daardeur die oordeel van God oor hulle. Die Jode roem in die wet - Petrus noem dit 'n juk (Matt. 11:30; 23:4). Die wet is seremonieel van aard en wys op toekomstige dinge. Die bloedige teken van die besnydenis is, soos alle bloedige offers, vervul in die eenmalige offer van Christus aan die kruis (Kol. 2:20-23; Gal. 5:1). Nooit kon Israel die wet volkome onderhou nie. Gelukkig het Christus dit vervul (Matt. 5:17) en ons vrygemaak van die vloek van die wet (Gal. 3:13, 14). Ons moet in gedagte hou dat die Jode, en veral die Fariseërs, die wet van die Here verkeerd vertolk het (Rom. 3:20-26). Die wet moes hulle laat besef dat eiegeregtigheid nie voor God standhou nie en hulle by Christus bring. Dit is belangrik dat Petrus hier van "dissipels" praat - daarmee word ook Joodse Christene van die besnydenis vrygestel.

**15:11.** Hier gaan dit om drie sake waarin by Jode en heidene geen onderskeid is nie: Almal moet *glo* in die *genade* en word só alleen *gered.* Geloof, genade en redding is by almal eenders (Ef. 2:4-9). Petrus bestry die verbinding van die onderhouding van die wet as voorwaarde tot redding. Die weg is genade en geloof alleen. Die redding word geskenk deur die genade in Christus en word alleen deur die geloof ons eiendom. Petrus kan dit met dankbaarheid sê, omdat ook hy van die juk en vloek van die wet verlos is. So bly hy getrou aan wat hy self ondervind en gesê het (11:17).

**15:12.** Petrus se woorde het indruk gemaak. Die "menigte" kan hier sien op die vergadering van ouderlinge en apostels. Moontlik was dit 'n ope vergadering wat ook deur die gemeente bygewoon is, sodat selfs die voormalige Fariseërs nou stilbly. Eintlik het die Here selfs Paulus en Bárnabas se saak in hande geneem. Dit was nie eens nodig dat hulle die saak verdedig nie. Petrus het dit gedoen en nou - nou kan hulle vrymoediglik opnuut vertel van die tekens en wonders wat God deur hulle onder die heidene gedoen het. God se groot dade sê veel meer as wat 'n pleitrede sou sê (Joh. 9:24, 25). 'n *Teken* dui op iets anders - dit wys op die heerlikheid van God of die krag van die evangelie. 'n *Wonder* gaan bo die gewone dade van mense uit. - Die groot wonder is dat God van heidene Christene maak - mense wat in sonde en misdade dood was, maak Hy lewend (Ef. 2:1-10). Die apostels is God se werktuie (14:27; 15:4).

### *Jakobus formuleer 'n voorstel (Hnd_15:13-21)*

**15:13.** Waarom het die vergadering nie maar dadelik die saak afgehandel nie? Na Petrus se toespraak en Paulus en Bárnabas se verhaal, kan daar mos geen besware meer wees nie? Niemand kon iets daarteen inbring nie. En tog sou die Joodse Christene nog nie alles kan dra of heeltemal verwerk nie (Joh. 16:12). Daarom moes Jakobus nog praat. Hy was die broer van die Here Jesus en het 'n leidende rol in die gemeente gespeel (21:18; Gal. 1:19; 2:9). Hy wil nou binne die grense van die reg van God die saak vir die Joodse Christene makliker maak. So het Paulus ook voorgeskryf (1 Kor. 8). Dat Jakobus nie alleen op eie insig staatmaak nie, maar ook só gelei word, blyk uit vers 28.

**15:14.** Jakobus gee Petrus gelyk - en ook vir Paulus (Gal. 2:9). Dit is opmerklik dat hy Petrus nog op sy naam Simon noem - die Here Jesus het hom ook altyd só genoem (Matt. 17:25; Mark. 14:37; Joh. 21:15) - selfs al het Jesus self sy naam verander (Matt. 16:18). Petrus sou onder die Joodse Christene as Simon bekend gewees het en Jakobus praat nou spesiaal met hulle. God self het *begin* - Hy het Petrus na die heiden, Cornelius, gestuur.

Vroeër het God 'n volk of volgelinge uit 'n volk gekies, maar nou kies hy sy volk of volgelinge uit alle volke - die heidene.

**15:15-17.** Ook Jakobus beroep hom op die profete - soos die apostels herhaaldelik doen (13:47). Hy haal uit Amos 9:11, 12 aan. Hy haal net een plek aan en tog sê hy: ". . . hiermee stem die woorde van die *profete* ooreen .. ." Daarmee dui hy alle profesieë as 'n eenheid aan. Jakobus haal ook vry of verklarend aan - nie woordeliks nie. Wat wil hy uit die profete bewys? Dat God na die heidene omsien. Dit is nie allereers 'n bewys dat heidene nie besny hoef te word nie, maar dat God hulle aanneem as sy dissipels. Heidene het tot bekering gekom en daarmee is die profesie vervul. God bou die vervalle hut van Dawid weer op in die koms van Christus - die Seun van Dawid (Luk. 1:32). Dit is duidelik dat die profesie geestelik en nie aards verstaan moet word nie. Dit gaan nie om die herstel van die Joodse volk nie, maar om die koms van die koninkryk van God. En dan wil Jakobus veral bewys dat God in die herstelde ryk ook die heidene insluit (Sag. 8:23). Die vervalle hut van Dawid is eers waarlik herstel, toe dit in Christus 'n Lig vir die nasies geword het (13:47).

Petrus het gepraat van die werk van die Heilige Gees en Jakobus praat van die werk van Christus - dit mag nooit geskei word nie. Die Naam van God is immers ook uitgeroep oor die nasies - dit is die heidene. Die Skrifwoord praat dus nie van besnydenis of seremoniële wet nie, maar dat die Here die nasies soek en sy Naam oor hulle uitroep.

**15:18.** Hierdie woorde kom uit Jes. 45:21. Dit kom daarop neer: God voer sy ewige raadsbesluit uit of Hy maak dit vooruit bekend - voortdurend in die tyd van die profete en ook nou. Die bekering van die heidene is 'n bewys van God se groot werk (Lees hierby Openb. 4, 5 - indien u *Kom, Here Jesus!* van skrywer hiervan besit, sou dit baie help om dit beter te begryp).

**15:19.** Nou stel Jakobus sy persoonlike slotsom. Hy stel sy voorstel aan die sinode - wat uiteindelik die besluit word. In hierdie vers sê hy wat negatief nie gedoen moet word nie (10). Ook hy wys die eis van die Judaïste af - die praktyk moet bly soos Paulus onder die heidene opgetree het en soos Petrus bepleit het. Sy slotsom gaan dus oor alles wat tot dusver gesê is - nie alleen oor wat hy self gesê het nie. God kies ook syne uit die heidene en hulle kom tot bekering (16:14). Maar sy voorstel gaan alleen oor die Christene uit die heidene - dit raak nie die bekeerde Jode nie - hulle kan dit nog nie dra nie (Joh. 16:12). Met die verloop van tyd sal die ware eenheid wel kom.

**15:20.** *"Maar"* ons moet aan hulle skrywe, dui tog daarop dat wel bepaalde bykomende laste op die heidene gelê moet word. Hoofsaak bly egter dat aan Paulus gelyk gegee word - die

heidene is vry van alle seremoniële wette - maar hulle moet tog in die toekoms iets doen wat hulle tot dusver nie gedoen het nie. Dit is die uitsondering en dit kan ons dan verklaar as 'n vereiste ter wille van die "swakheid van hulle medegelowiges" - die Joodse Christene (Rom. 14:13-15; 1 Kor. 8:4-7).

Die vier dinge wat dan uiteindelik die besluit van die sinode word, is (ons volg *Die Blye Boodskap)*:

1. Hulle moenie vleis eet wat aan die afgode geoffer is nie. Dit is vir die Jode onrein - daarom wou Daniël nie in Babel die koning se kos eet nie (Dan. 1:8), al sou dit selfs nie seremonieel onrein diere gewees het nie. Die Jode het immers self wyn gedrink (Dan. 1:8; Mal. 1:7). Die Jode wat die vreeslikheid van die afgodery in hulle eie geskiedenis ervaar het, was uiters gevoelig vir selfs die skyn daarvan (Eseg. 22:1-4), ten spyte van wat Paulus sê (1 Kor. 10:19).
2. Hulle moet hulle onthou van "porneia" - dit is onsedelikheid of hoerery. Hier sien ons die oorsprong van ons woord "pornografie. Die heidene het geheel 'n ander begrip van onsedelikheid gehad as die Jode. Hier is derhalwe alleen bedoel die soort onsedelikheid wat deur die heidene nie as verkeerd beskou word nie. Wat ons bloedskande sou noem, is as geoorloof beskou en by afgodsfeeste is prostitusie op 'n groot skaal "wettig" gepleeg. In 1 Kor. 5:1 het Paulus tereg rede om vertoornd te wees.
3. Hulle moes verder geen dier wat verwurg is, eet nie. Verklaarders meen dat dit hier hoofsaaklik gaan om 'n dier wat nie geslag is nie, sodat sy bloed nie uitgelaat is nie. Dit word beskou as aas - soos 'n dier wat aan siekte dood is of deur 'n wilde dier verskeur is. Dit is vir die Jood onrein (Eseg. 4:13, 14).
4. Hulle mag nie bloed eet nie (Lev. 7:26; 17:10). Hierdie uitdrukking kan egter in Grieks ook sien op die gebruik by heidene om hulle eie bloed te laat deur 'n aar af te sny of selfmoord -bloedstorting. Die beste is moontlik om dit te sien in verband met Deut. 12:23 e.v. - om warm bloed te eet, is 'n teken van barbaarsheid.

Ons kan begryp dat die wens van Jakobus - en die ander ouderlinge en apostels - is dat tussen gelowige Jode en heidene volkome gemeenskap sou kom. Hulle sou ook saam moes eet en daarom moes die voormalige heidene dit nie onnodig moeilik maak vir die uit die Jode nie. Dit is bloot 'n eis van liefde (1 Kor. 8:13). Hulle moes ook die Here saam dien in die eredienste - dan mag daar nie onderlinge tweespalt of verdeeldheid wees nie (Rom. 12:16; 15:5; 2 Kor. 13:11; l Pet. 3:8).

**15:21.** Waarom verwag Jakobus die dinge van die heidene? Afgesien van die redes in vers 20 is die dinge vir eeue volgens die wet van Moses in die sinagoges aan die Jode en Jodegenote verkondig (Matt. 23:15) en gelees (13:15), sê hy. Jakobus skryf die prediking van Christus onder die Jode nog nie af nie en dit sou dit baie bemoeilik om Jode tot geloof in Christus te bring, indien die hele seremoniële wet oorboord gegooi word. Ook baie Christene uit die heidene kom uit die proseliete of Jodegenote, wat ook die wet ken. Dit gaan hier bloot om besondere eise en nie om die hele wet nie. Maar dit is selfs vreemd dat die vier dinge tog ook weer nie direk, op die wyse, in die wet van Moses voorgeskryf word nie. Dit lyk eerder of hy dit bloot vereis as algemeen menslike norme - dinge wat by die heidene in die algemeen voorkom, maar die Jode aanstoot gee (hoewel Jakobus dit uitdruklik voorskrifte van Moses noem).

### *Die besluit van die vergadering (Hnd_15:22-29)*

**15:22.** Almal is dit met Jakobus se voorstel eens - ook die voormalige Fariseërs en die hele

gemeente. Hulle meen die besluit is só belangrik dat hulle selfs 'n afvaardiging na Antiochië stuur. Dit blyk dat hulle die afgevaardigdes met groot versigtigheid kies - hulle moes die onrusstokers kon weerlê en ook die gemeente oortuig (32). Die manne moet die gemeente kan oortuig dat die brief nie deur Paulus en Bárnabas self opgestel of voorgesê is nie. Dat hulle saam reis, blyk dat ook Paulus en Bárnabas dit met die besluit eens is. Van die afgevaardigde, Judas, weet ons verder niks nie. Silas is later Paulus se reisgenoot op sy tweede sendingreis (40). Hy word ook Silvanus genoem en was ook, soos Paulus, 'n Romeinse burger (16:37). Hy was waarskynlik 'n Jood uit die verstrooiing wat in Jerusalem gewoon het. Hy tree ook op as "skrywer" vir Petrus, wat aan die gemeentes "in die verstrooiing" skryf (l Pet. 1:1; 5:12).

**15:23.** Volgens die aanhef van die brief is dit duidelik 'n amptelike dokument "van die apostels en ouderlinge en broeders". En dit is nie bloot aan die gemeente van Antiochië gerig nie, maar ook aan die in Sirië en Cilicië - waar tans gemeentes uit die heidene bestaan. Dit is egter opmerklik dat die gemeentes wat Paulus en Bárnabas op hulle eerste sendingreis gestig het, nie genoem word nie. Moontlik was die gedagte dat hulle self verantwoordelik is om die sake daar te verduidelik - dit was daar nog geen strydpunt nie (16:4).

**15:24.** Die onrusstokers word skerp aangeval - hulle het sonder opdrag en geheel onnodig die gemoedere van die gemeente verontrus (Gal. 1:8, 9; 3:1, 2; 5:1-4). Hulle is dwaalleraars.

**15:25, 26.** Hulle benadruk dat die besluit eenparig was en in hul oë só belangrik dat hulle selfs 'n afvaardiging stuur. Spesiaal word genoem dat Paulus en Bárnabas ook in Jerusalem *geliefde* manne is. Daarby ontvang hulle selfs 'n besonder eervolle getuienis - hulle het met lewensgevaar die evangelie aan die heidene gebring (14:19, 20).

**15:27.** Dan noem hulle Judas en Silas die afgevaardigdes met hulle opdrag. Weer doen hulle moeite om tuis te bring dat dit gaan om dieselfde eenparige besluit, wat die twee afgevaardigdes ook mondeling moet verduidelik - nader moet toelig (32).

**15:28.** Nou volg 'n belangrike uitspraak: "Want die Heilige Gees en ons het besluit..." Hulle kon dit sê, omdat die apostels saam besluit het aan wie Jesus beloof het (Joh. 16:13, 14). Aan hulle is die onfeilbare leiding van die Heilige Gees toevertrou. Hier besluit hulle om 'n uitdruklike bevel van God (Gen. 17:10-12) uit te skakel - die gelowiges uit die heidene is nie daaraan onderworpe nie. Dit kon God alleen doen deur middel van die onfeilbare leiding van die Heilige Gees aan hulle. Dit hou ook in dat ons dit vandag nie meer só kan toepas op ons sinodebesluite nie. Ons het wel die onfeilbare Woord van God in die Nuwe Testament (Hebr. 1:1; 2 Pet. 3:15, 16). Ons is altyd en oral gebind aan die Woord - in Ou en Nuwe Testament - en geen sinodebesluit of kerkraadsbesluit of persoonlike besluit kan op goddelike onfeilbaarheid staatmaak nie. Dit is altyd onderworpe aan die Woord van God en kan op grond van die Woord verander word. Wanneer ampsdraers gebind word aan die handhawing van die *Drie Formuliere van Eenheid, "omdat hulle in alles volgens die Woord van God is",* bind hulle hul in werklikheid aan die Woord van God self (*Nederlandse Geloofsbelydenis,* Art. 5). Ons stel nie ons belydenisskrifte vooraf twyfelagtig nie, maar hulle moet eers verander word, indien bewys kan word dat hulle in stryd met die Bybel is. Hulle is nie gelyk aan of staan nie bo die Heilige Skrif nie.

Uit die brief is dit duidelik dat bepaalde eise tog aan die heidene gestel word ter wille van die Joodse Christene.

**15:29.** Dan word die besluit oorgedra soos dit wesenlik deur Jakobus voorgestel is (19-21). Dit word egter op só 'n wyse gestel dat die Christene in Antiochië nie gedwing word nie, maar: "As julle jul hiervan onthou, sal julle goed doen." Dit kom neer op 'n vriendelike versoek.

Hierdie besluit is van groot betekenis en tog word weinig daarna verwys - slegs by 16:4; 21:25. Vir die latere kerk beteken dit egter dat die seremoniële wette van Moses afgeskaf is. Selfs die onderhouding van die vier punte mag in geen opsig as 'n verdienstelike werk beskou word nie (Kol. 2:20-22). Ons verlossing is geheel uit genade en word alleen ons eiendom deur die geloof (Ef.2:8, 9).

***Vrae (*15:1-29)**

1. Ons word *alleen deur die geloof in Jesus Christus* verlos. Daarom is die opvatting: "Jesus *plus* iets anders", verkeerd. Die Judaïste leer: *"Jesus plus die besnydenis."* Hoe beoordeel u die volgende: Jesus *plus die onderhouding van die sabbat; Jesus plus die grootdoop en onderdompeling; Jesus plus die sigbare ontvangs van die Heilige Gees en die talewonder of wonders van genesing; Jesus plus die goeie werke* byvoorbeeld in die Roomse kerk?
2. In watter opsigte was die apostelamp 'n buitengewone en eenmalige amp (Hand. 1:21, 22)?
3. Wat beteken *besnydenis van hart?*
4. Wanneer *oorskat* 'n mens die doop en wanneer *onderskat* jy dit?
5. Wat beteken dit om God te versoek?
6. Waarop wys die besnydenis? Wys die doop op dieselfde gebeure? Waarom is die besydenis deur die doop vervang?
7. Wat is die onderskeid tussen 'n *teken* en 'n *wonder?* Is 'n wonder ook 'n teken en is alle tekens ook wonders?
8. Is die Joodse volk nog die uitverkore volk van God (15:17)?
9. Hoe sou u Jakobus se voorstel beoordeel?
10. Kan ons ook sê: "Die Heilige Gees en ons het besluit"?
11. Maak die besluit (28, 29) die Ou Testament van minder betekenis (*Ndl. Geloofsbelydenis,* art. 5, 7, 25)?

### *Die ontvangs in Antiochië (30-34)*

**15:30.** Die afgevaardigdes vertrek klaarblyklik so gou moontlik en belê dadelik 'n vergadering toe hulle in Antiochië aankom. Hulle sou hier die hele gemeente saamroep, want die saak raak almal. Alle Christene - uit die Jode en heidene - moet aanwesig wees.

**15:31.** Die brief is hardop voorgelees. Die brief bevat vermaning en vertroosting aan beide voormalige Jode en heidene. Dat hulle daaroor bly is, bewys dat hulle daarmee instem. Die dwaalleer is weerlê. Die Jode kon voortgaan met hulle seremonies en besnydenis. Die heidene kon die besnydenis nalaat en moes, ter wille van die liefde en eensgesindheid, bepaalde gebruike, wat die Jode aanstoot gee, nalaat (19-21).

**15:32.** Judas en Silas het die brief oorhandig. Dan neem hulle die woord om die brief toe te lig. Hulle doen egter meer as dit - hulle is ook profete. Dit kan beteken dat hulle besondere openbaringe ontvang of dat hulle ten minste die evangelie kon bedien. Hulle bemoedig - of vermaan - en versterk die gemeente. Hulle vervul hul opdrag (27), maar doen meer as dit - hulle help om die gemeente op te bou (14:21, 22).

**15:33, 34.** Die afgevaardigdes, Judas en Silas, bly vir 'n tyd in die gemeente - uit vrye beweging of omdat hulle gevra is om te bly. Dit dui in elk geval op die goeie verhouding wedersyds. Daarna het hulle vertrek met die opdrag om groete (vrede) aan die apostels oor te bring. Meer manne moes met die afvaardiging saamgereis het, hoewel hulle nie amptelik afgevaardig was nie, want Silas bly agter (40), terwyl Lukas praat van "hulle".

### *Paulus en Barnabas skei van mekaar (35-39)*

Hierdie verhaal is 'n wanklank wat 'n mens droewig stem. In die gemeente is daar blydskap en eensgesindheid. Tussenin die twee invloedrykste en mees geliefde ampsdraers kom daar egter tweedrag - selfs verwydering.

**15:35.** Daar is nou rus in die gemeente. Ook Paulus en Barnabas bly vir 'n tyd in Antiochië en help in die opbou van die gemeentes. Hulle gee onderrig en verkondig die blye boodskap van die woord van die Here (13:1; 8:4, ens.). Hulle onderrig die gemeente, maar verkondig die evangelie ook na buite - aan ongelowiges. Hier is hard en baie gewerk - deur 'n groot aantal medewerkers - in die gemeente en na buite.

**15:36.** Paulus, die apostel na die heidene, kon egter nie lank hier bly nie. Hy beplan 'n nuwe reis - hy is immers daarvoor afgesonder (9:15; 13:2, 3). Sy werk lê nie in die gemeente Antiochië nie, maar in die Grieks-Romeinse heidenwêreld. Vanselfsprekend wend hy hom tot Barnabas - sy vroeëre metgesel. Blykbaar was hy allereers van plan om die nuutgestigte gemeentes op die eerste sendingreis te besoek. Hy wou weet hoe dit gaan en nasorgwerk doen.

**15:37.** Barnabas is dadelik gewillig, maar wil ook vir Markus saamneem. Dit is begryplik - Markus is sy neef (Kol. 4:10).

**15:38.** Paulus weier om Markus saam te neem. Die vraag of Paulus Markus dan nie wil vergewe nie, is hier nie ter sprake nie. Hy ag Markus nie geskik vir die werk nie, want hy het die diens verlaat. Moontlik is daar meer ongenoemde redes - Lukas wou blykbaar nie oor al die narighede uitwei nie. Barnabas was 'n sagmoedige mens (4:36 e.v.; 9:27; 11:24, 25) en sou eerder probeer om Markus persoonlik te help as om in die eerste plek te let op sy geskiktheid as sendeling. Paulus egter was vurig van gees en vir hom was die werk alles - hy wou Markus nie as 'n blok aan die been saamsleep nie. Gelukkig het die verhouding tussen Paulus en Markus later weer reggekom (Kol. 4:10; 2 Tim. 4:11; Filem. 24). Markus het later selfs 'n belangrike sendingwerker geword (1 Pet. 5:13). Ten slotte het die sagmoedige Barnabas Markus dus beter deurgesien as Paulus.

**15:39.** Daar kom verbittering tussen die twee vriende - daar het duidelik harde woorde geval. Van 1 Kor. 9:6 kan ons aflei dat dit ook weer tussen hulle reggekom het - Paulus het nog steeds in dankbaarheid aan hom gedink. Uit die kwaad is egter die goeie gebore - die werk word verdeel. Bárnabas en Markus reis na Ciprus, terwyl Paulus en Silas se reis in Europa - Korinthe - eindig. Van Bárnabas hoor ons verder niks. Moontlik was hy meer aangelê vir gemeente-opbou as vir sendingwerk. Selfs op die eerste reis het Paulus spoedig op die voorgrond getree as die leier (13:13e.v.).

***Vrae (*15:30-39)**

1. Sou u Paulus se optrede In 15:38 goedkeur?
2. Kan 'n mens die verbittering tussen Paulus en Bárnabas begryp? Sou u dit kon goedpraat (Matt. 5:21-26; Rom. 12:16-18, 21)?

### *Die tweede sendingreis van Paulus - met Silas as metgesel (15:40-18:23)*

## Paulus en Silas vertrek

**15:40.** Paulus *kies* Silas as metgesel. Hy soek sy man uit en neem leiding. Sy metgesel moes egter in staat wees om selfstandig op te tree onder moeilike omstandighede (17:14). Hulle word deur "die broeders" - waarskynlik die ouderlinge en leraars - aan die genade van God opgedra en vertrek dan. (Ons kan hieruit nie aflei dat Bárnabas en Markus nie ook dieselfde

behandeling ontvang het nie.) Soos voorheen word hulle weer deur die gemeente uitgestuur (13:3).

**15:41.** Hulle reis oor land deur Sirië en Cilicië en versterk die gemeentes (14:22, 23). Hoe die bepaalde gemeentes ontstaan het, word nie vertel nie. Moontlik het voortvlugtendes met die vervolging in Jerusalem alreeds die evangelie hier verkondig (8:4; 11:19). Hulle moes seker ook versterk of ingelig word oor die dwalinge van die Judaïste (15:28-29).

# HANDELINGE 16

***Paulus se tweede Sendingreis voortgesit***

## Sinodebesluit in (Suid-) Galisië verduidelik (16:1-5)

**16:1, 2.** Vanaf Cilicië reis hulle na Derbe en Listre (14:6-21). Die gemeentes is op die eerste sendingreis gestig. Hier in Listre was die jong man Timótheüs, wat waarskynlik tydens die eerste sendingreis gelowig geword het (1 Tim. 4:12). Sy moeder was 'n Jodin (2 Tim. 1:5). Sy vader was 'n Griek. Sy moeder was ook 'n *gelowige* - dit is 'n Christin (om te glo of gelowig te wees, word in Handelinge altyd gebruik in die sin dat iemand in Christus glo - 4:4; 9:42, ens.). Timótheüs was bekend in die gemeentes van Listre en Ikónium - hy het besondere gawes gehad en hulle het dit geweet. Paulus het inligting oor hom ingewin. Hy het moontlik selfs eers besluit om Timótheüs saam te neem, nadat hy in Ikónium was - terwyl Timótheüs klaarblyklik 'n inwoner van Listre was.

**16:3.** Paulus wil Timótheüs saamneem. Hy het blykbaar behoefte aan 'n ekstra helper of moontlik het juis Timótheüs se besondere aanleg hom daaraan laat dink. En dan laat hy Timótheüs eers besny. Maar is dit reg met die oog op die besluit (15:28, 29)? Ja, die heidene hoef nie besny te word nie, maar die Jode is deur die besluit nie vrygestel van die besnydenis nie. En as gevolg van sy Joodse moeder word Timótheüs as 'n Jood beskou (1 Kor. 7:14). Hy het dit ook gedoen ter wille van die Jode in daardie streke. Die Jode sou ook vir Paulus kon beskuldig dat hy die huwelik van Timótheüs se moeder met 'n Griek goedkeur, indien hy hom nie laat besny nie. Die Jode in die verstrooiing is nog lank deur Paulus bearbei en hy moes sorg dat hulle nie sodanige vooroordele teen hom daarop nahou nie. Ook sou hy voortaan altyd eers in elke stad die sinagoge opsoek en daar preek - en Timótheüs moes saamgaan (16:13; 17:2). Die Jode kon dit selfs as hoerery beskou dat 'n Joodse vrou met 'n heiden getroud is (15:29).

**16:4.** Lukas meld nou spesiaal dat Paulus ook die brief uit Jerusalem, oral waar hy kom, verduidelik. Hy hoef nie eksemplare van die brief af te gee nie - Silas is getuie van die inhoud van wat hy sê. Die stede Derbe, Listre, Antiochië en Ikónium lê in 'n gebied wat ook bekend is as "Suid-Galásië". Aanvaar ons dat Paulus se brief aan die Galásiërs aan hierdie gemeentes gerig is, dan moes dit al voor hierdie besoek geskryf gewees het. Dan het die Judaïste nie alleen in Antiochië (15:1) nie, maar ook in hierdie gemeentes verwarring kom stig, nadat Paulus en Bárnabas teruggekeer het na Antiochië (in Sirië). Waarskynlik is die brief tydens die sinode in Jerusalem geskryf - of kort daarna (Gal. 2:9).

**16:5.** Dit laat 'n mens dink aan die begin in Jerusalem (2:47; 5:14). Dit beteken ook dat daar nou 'n einde aan die verwarring wat die Judaïste probeer saai het, gekom het. Inwendig is die geloof versterk en uitwendig groei die gemeente - dit gaan hand aan hand (Matt.5:16).

## Die Heilige Gees dwing hulle na Europa (16:6-10)

**16:6.** Paulus en Silas sit hulle reis voort deur Frígië, wat ook 'n deel van die Romeinse provinsie Galásië is - die streek waarin hulle tans is. (Só sien ons die "en Galásië - 18:23.) Hulle is nog in dieselfde landstreek en sou ook Ikónium en Antiochië besoek het, wat op die eerste sendingreis gestig is (13:14; 14:1). Die Heilige Gees verhinder hulle om in Asië - ook 'n Romeinse provinsie -die woord te verkondig. Die Gees *lei* 'n mens, maar kan jou soms verhinder om 'n bepaalde koers in te slaan (20:23; 21:4, 11). In die provinsie Asië is die latere sewe gemeentes waarvan ons lees (Openb. 2, 3). Gewoonlik werk die Gees met gewone

menslike oorlegginge en neiginge. Wanneer dit nie gebeur nie, bestaan daar-voor 'n besondere rede. Hoe die Gees dit aan Paulus tuisgebring het, word nie gesê nie.

**16:7-8.** Dan probeer hulle koers kies na die Ooste - na Bithinië -maar weer laat die Gees hulle dit nie toe nie. Hier staan eintlik "die Gees van Jesus" (vergelyk *Die Blye Boodskap).* Jesus se werk en die werk van die Heilige Gees is een (2:33). Die verhoogde Heiland stuur die Gees en werk deur die Gees. Daarom is Paulus en ons almal gehoorsaam aan Jesus, wanneer ons aan die Gees gehoorsaam is. Hulle trek Mísië deur en kom by Troas aan - sonder om die evangelie te verkondig.

**16:9.** Daar sien Paulus in die nag 'n gesig. Hy het duidelik begryp dat dit 'n openbaring van die Here is en geen droom nie (10:9 e.v.). Hy sien 'n Macedóniese man staan - hy herken hom moontlik aan sy klere en sien hom oorkant die see. "Kom oor na Macedónië en help ons!" En dan weet Paulus, hy kan help, want hy het die evangelie van Jesus Christus.

**16:10.** Paulus is dadelik gewillig - anders as Petrus (10:14); egter wel soos Filippus (8:26). Hulle soek met ywer na 'n skip. Hy sien in dat sy werk ook in Macedónië nodig is.

Lukas skryf: "omdat *ons* versekerd was dat die Here *ons* geroep het. . ." Ook hy, Lukas, is nou by die geselskap. Moontlik vertel hy vanweë sy eie beskeidenheid nie hoe dit gekom het dat ook hy nou 'n medewerker van Paulus geword het nie. Voortaan kry ons telkens die "ons"-gedeeltes (16:10-17; 20:5; 21:18; 27:1-28:16). Lukas het Paulus dus dikwels op sy reise vergesel.

***Vrae (*15:40-16:10)**

1. Waarom laat Paulus vir Timótheüs besny?
2. Waarom het die Heilige Gees vir Paulus verhinder om na Asië en Bithinië te gaan?
3. Het die gesig in Troas ook vir ons, in die algemeen en in besonder as Europeërs, betekenis?
4. Hoe weet ons dat Lukas, die skrywer, vanaf Troas saam met Paulus gereis het?

## In Filippi - die eerste Christen in Europa (16:11-15)

**16:11, 12.** Toe hulle 'n skip kry, vaar hulle oor na Macedónië - nie reguit oor die "Hellespont" nie, maar verby die eiland Samothráce en land by Neápolis, die hawestad van Filippi. Dit was blykbaar 'n skip met vrag bestem vir Filippi. Van hier is 'n groot pad dwarsoor Griekeland na die Adriatiese see, van waar 'n mens na Rome kan oorvaar. Paulus volg dus die gewone roete van reisigers. Filippi is oorspronklik deur die Macedóniese koning, Filippus, gestig. In 168 v.C. is dit verower deur die Romeine en in die tyd van keiser Augustus het dit 'n kolonie van oud-soldate geword. Hier woon dus nie alleen Grieke nie, maar ook Romeine en hul nasate. Hier neem die sendelinge se werk in Europa 'n aanvang. Paulus het later met groot dank en lof na die gemeente in Filippi verwys - van geen ander kerk het hy soveel liefde ondervind nie (Filip. 1:3-7; 4:15). Hulle kom as vreemdelinge in die stad aan en wag blykbaar 'n paar dae - totdat die Sabbat aanbreek. Lukas behandel die verblyf alhier redelik breedvoerig, waarskynlik omdat dit die aanvang van 'n nuwe werkperiode was.

**16:13.** Hulle begin op die Sabbat en preek eers tot die Jode (13:14; 14:1), soos dit Paulus se gewoonte was. Hier was geen sinagoge nie, maar buite die stad langs 'n rivier het die Jode 'n bidplek gehad, waar hulle op die Sabbat vergader het. Hier was alleen 'n groepie vroue teenwoordig en geen sprake van 'n hoof van 'n sinagoge nie. Soos die gewoonte onder Jode was, gaan hulle sit om die woord te verkondig (Matt. 5:1; Luk. 4:20). Meer as een van hulle het die woord gedoen.

**16:14.** 'n Vrou afkomstig van die stad Thiatíre uit die landstreek Lidië - vandaar haar naam

Lídia, word nou genoem. Blykbaar was sy 'n weduwee, wat purperstowwe, waarvoor Thiatire beroemd was, verkoop het. Sy was 'n godsdienstige vrou, wat beteken dat sy 'n proseliet of Jodegenoot was, van heidense afkoms (10:2; 13:16). *Sy het geluister* - dit beteken met oorgawe of aandag (Joh. 10:27 - "my skape *luister* na my stem"). Lukas wil te kenne gee dat Lidia 'n geruime tyd *geluister* het, voordat die Here *haar hart geopen het (*Luk. 24:31, 45). Hier werk die verheerlikte Heiland self - deur die Heilige Gees. Die doel van die opening van haar hart is "om ag te gee" (8:6) op die Woord. Dit is meer as om net te luister - sy neem dit ter harte. Lukas wil tuisbring dat die gepreekte Woord nie self die hart open of sonder meer ingang vind nie, maar dat hier 'n opsetlike daad van die Here bykom - die geloof is 'n gawe van God (Ef. 2:8; Joh. 3:3; 6:63).

Hier kom 'n waarheid aan die lig wat vir sommige mense 'n probleem inhou. Dit kom hierop neer: As die Here my hart nie open nie, kan ek nie glo nie. Daarom kan ek niks daaraan doen dat ek nie glo nie. So 'n mens kan in voortdurende twyfel en stryd leef of selfs onverskillig word en sê: "As dit God se wil is dat ek gered word, sal Hy my die geloof gee en ek sal nie verlore gaan nie. As dit nie sy wil is nie, sal ek verlore gaan al probeer ek ook hoe hard" (vergelyk Luk. 13:24). Oor Luk. 13:24 wil ek terloops opmerk dat die Here daar doel op die mense wat *te laat* probeer om in te gaan, wanneer Hy kom om te oordeel. In werklikheid het hulle nooit probeer terwyl hulle die geleentheid daartoe gehad het nie.

Laat ons dit so begryp. My sorg is nie of die Here my die geloof gee nie, maar of ek luister en ag gee op sy roepstem deur sy Woord. Ek moet gehoorsaam wees en glo. Net hierna, in vers 31, hoor ons: "Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word." Paulus en Silas sê nie: "Jy sal gered word indien die Here jou die geloof gee", nie. Hulle lê die verantwoordelikheid op die tronkbewaarder - *hy moet glo.* So openbaar die Here aan ons ons verantwoordelikheid. En dit bly só vir elkeen tot in die hel - as hy nie wil glo nie. Hy *skenk* die geloof langs die weg van *luister* en *gehoorsaam wees* aan sy Woord - en ons moet dit eenvoudig doen. (Joh. 10:26, 27; Matt. 11:28-30; 16:24, 25).

**16:15.** Lídia sou haar geloof dan bely en word gedoop - sy en haar huis. Dit kan haar gesin wees of haar personeel, wat ook tot geloof kom. Ons hoef nie te aanvaar dat hier kinders of selfs klein kindertjies ook gedoop is nie - hoewel dit nie onmoontlik is nie (vergelyk aantekeninge by 2:39; *Kategismus,* Sondag 27:74). Dat Lídia, 'n gebore heidin, die Jode wat 'n nuwe geloof bring, uitnooi om by haar tuis te gaan, is geen geringe saak nie. Dit sou moontlik selfs haar kliënte se teësin wek. Maar sy is baie dankbaar vir Christus se groot genade (Hebr. 13:2). Die apostels is vir hul verdere verblyf in Filippi versorg (Filip. 4:15).

***Vrae (*16:11-15)**

1. Hoe sou u in 16:14 die werk van die Here of die Heilige Gees, wat die geloof aan ons gee, en ons eie verantwoordelikheid om te glo, kan aantoon?
2. Is ons "huis", bediendes ingesluit, ook betrokke by die feit dat ons in Jesus glo?

## 'n Slavin verlos van die duiwel (16:16-18)

**16:16.** Paulus, Silas, Timótheüs en Lukas sou herhaalde kere na die bidplek van die Jode gegaan het. Hier is egter geen blyke van vyandskap van die kant van die Jode nie. Dit is wel moontlik dat hulle nie lank genoeg hier gebly het om die argwaan van die Jode te wek nie. Een bepaalde sabbat kom hulle 'n slavin teë wat hulle nog nie voorheen ontmoet het nie. Sy het 'n gees wat "Piton" genoem is - die Grieks-mitologiese naam van 'n bepaalde draak. Later is die naam gebruik om 'n "waarsêende gees" aan te dui. In werklikheid is sy deur die duiwel gebruik om mense te mislei. Satan werk dikwels deur "waarsêery" - ook in ons tyd. As slavin het sy hierdeur vir haar eienaar en eienares baie geld verdien. Haar optrede laat 'n mens dink

aan besetenes wat die Here Jesus teëgekom het (Mark. 1:24).

**16:17.** Sy volg Paulus en sy metgeselle en skreeu hardop. En dan sê sy "die waarheid" (Jak. 2:19). En tog is Satan se doel om deur haar die evangelie te dwarsboom (Mark. 1:34; Luk. 4:41). Die inwoners kon natuurlik die uitspraak: "God, die Allerhoogste" vertolk as hulle hoogste god - Jupiter of Zeus. Sy sê ook in die oorspronklike Grieks nie "die weg van verlossing" nie, maar , , 'n weg". Daarom is dit nie die waarheid nie - hoogstens 'n halwe waarheid - want die heidene glo in baie gode en weë van verlossing. Hierdie metode pas Satan vandag nog toe. Daarom *moes* Paulus optree. Hulle kon maklik deur die volk vereenselwig word met mense soos hierdie vrou - hulle praat sogenaamd dieselfde taal. In die kringe van die Wêreldraad van Kerke word nie alleen alle soorte "christelike" gelowe goedgevind nie, maar ook heidense en Kommunistiese opvattings.

**16:18.** Paulus lê buitengewone geduld aan die dag - hy laat die slavin toe om "baie dae lank" agter hulle aan te loop en roep. Eindelik besef hy dat die saak van God te veel skade ly. Hy tree op teen die verstorende werking van die duiwel. Hier gaan dit nie in die eerste plek om die redding van die meisie nie, maar om die saak van God. Hy spreek nie die slavin nie, maar die bose gees aan (Mark. 1:25). Sy word immers deur die duiwel beheers (Joh. 13:27). Paulus tree nie in eie gesag op nie, maar in die Naam van Jesus Christus (2:38; 3:16; Mark. 16:17). Die oorwinning oor die duiwel vind in die openbaar plaas en dien tot 'n groot bevordering van die evangelie; ook omdat die slavin baie bekend was.

***Vrae (*16:16-18)**

1. Het die slavin die waarheid gepraat?
2. Sou U op grond van Paulus se optrede kan sê dat 'n Bybelse rolprent, wat in die eerste plek bedoel is om geld mee te maak en nie om die waarheid te verkondig nie, 'n goeie hulpmiddel kan wees om die Bybel te begryp?
3. Waarom het Paulus die duiwel stilgemaak?

## Paulus en Silas in die moeilikheid (16:19-22)

**16:19.** Die optrede van die eienaars van die slavin laat 'n mens dink aan die Gadaréners (Matt. 8:34). Geldsug of Mammon is 'n magtige god (Matt. 6:24; 1 Tim. 6:10). Ter wille van geld word die grootste skat van die wêreld verwerp - die bevryding in Jesus Christus. Die duiwel het meer skietgoed en hy gebruik dit - slaag lis nie, dan gebruik hy geweld. Maar weer sou hy nie slaag in sy doel nie - al moes Paulus en Silas tronk toe en uiteindelik uit Filippi padgee. Die gesante van Jesus stuit nou teen 'n invloedryke egpaar in Filippi. Hulle gryp, of laat hulle gryp, deur hulle slawe of bediendes en sleep hulle na die regbank (Jak. 2:6). Die regters sit op die mark of "forum" - wat 'n saamkomplek van die volk is.

**16:20, 21.** Merkwaardig is die aanklag. Hulle verswyg hulle eie werklike rede, maar praat, soos hulle voorgee, in belang van die stad, met 'n aanklag wat die regters wel moet behandel. Dit laat 'n mens dink aan die verhoor van Jesus, wat allereers voor Pilatus as oproermaker aangekla is (Joh. 18:30). Hier is die klag: "hulle bring die stad in oproer . . ." Die soort klag moes die regters wel ondersoek (14:5). Dit is duidelik dat daar in Filippi min Jode was, maar dat die Jode se andersoortige godsdiens en sedes wel bekend was. En hierdie Jode propageer nou die vreemde Joodse godsdiens. Hier sou ook iets van rassehaat agter skuil (18:2). Hulle het die verskil tussen Jode en Christene nie geken nie. Dan beroep hulle hul daarop dat hulle Romeine is, vir wie dit nie geoorloof is om Joodse gebruike aan te neem nie. Die Romeine laat wel die Joodse godsdiens as wettig toe, maar dit wil nie sê dat hulle dit openlik mag propageer nie. Hier gebruik die Satan die Romeinse trots en handhawing van die afgodery as wapen teen Christus.

**16:22.** Die saamgestroomde volksmenigte raak ook opgesweep - ook hulle rassegevoel en "godsdiens" is geraak (19:23-34). En sonder enige verdere ondersoek of kans om hulle te verdedig, tree die regters op. Dit was niks buitengewoons in die tyd nie - in ons tyd in bepaalde lande ook nie. Wanneer Romeinse liktore 'n man gésel, is dit wrede marteling (2 Kor. 11:23-25). Die Romeinse regters verwag geen probleme vir hulleself deur 'n paar Jode te laat gésel nie.

***Vrae (*16:19-22)**

1. Sou u sê dat 'n Bybelse rolprent deur filmmaatskappye gemaak word om die evangelie te verkondig of dit beter te verstaan?
2. Kan 'n mens dit sien en beoordeel in die lig van hierdie gedeelte?
3. Kan ons *Kategismus* Sondag 35:98 ook op Bybelse rolprente toepas?
4. Is dit ook van belang *wie* jou medegetuie is in die koninkryk van God?

## Paulus en Silas in die tronk (16:23-25)

**16:23.** Paulus en Silas is vreeslik geslaan - meer as wat onder dergelike omstandighede die gewoonte was. Daarna word hulle in die tronk opgesluit met die opdrag aan die sipier om hulle sorgvuldig te bewaak. Waarom die opdrag spesiaal gegee is, is nie duidelik nie. God beskik dit bepaald so dat die bevel gegee word - hulle latere verlossing moenie aan menslike faktore toegeskryf kan word nie (26). Waarom word hulle opgesluit? Tronkstraf was onbekend (vergelyk aantekening by 12:4). Intussen is hulle egter wel onskadelik - hulle kan nie verder preek nie. Die regters sou later finaal besluit wat om te doen.

**16:24.** Hulle word in die binneste of onderaardse deel van die tronk opgesluit met hulle voete in 'n blok vasgemaak. Dit beteken nie alleen dat hulle veiliger bewaak word nie, maar ekstra lyding moet verduur. Hulle word dus soos die ergste misdadigers behandel. Ook dit beskik die Here om hulle verlossing des te duideliker as sy daad te laat sien.

**16:25.** "Omtrent middernag . . ." Waarskynlik het hulle nou eers werklik uit die beswyming vanweë die geseling reggekom - dit kan ons aflei uit die wyse waarop Lukas dit in Grieks stel. Eers teen middernag was hulle in staat om te bid, maar dan sing hulle ook lofliedere tot eer van God (Luk. 6:22, 23; Hand. 5:41; Rom. 5:3, 4). Ook in die gebed uit die diepte van nood, moet God se lof verkondig word (Fil. 4:4). Dit gebeur hardop - uit volle bors - vir sover hulle verswakte liggame daartoe in staat is. Die ander gevangenes luister - seker met verbasing. Dit moes voorwaar vreemd geklink het. (Ek persoonlik het ook dikwels met verwondering mense in die tronk hoor sing - uit die dodeselle. 'n Terdoodveroordeelde het selfs met 'n loflied sy dodemars na die galg afgestap in my teenwoordigheid.) Hierdie soort optrede is in die geskiedenis dikwels herhaal deur Christen-martelare. Onse Here is getrou en gee krag om te sing in die nood.

***Vrae (*16:23-25)**

1. Sou dit vreemd wees indien u as Christen of sendeling moet ly?
2. Wat moet ons gedrag wees indien ons ter wille van Christus ly (Matt. 5:11, 12)?
3. Kan u siekbed ook 'n getuienis vir andere word?
4. Waarom het Jesus nie gesing aan die kruis nie (Matt. 26:37-39; 27-46; 1 Petrus 1:18-20; 4:12-16)?

## "Glo in die Here Jesus Christus..." (16:26-34)

**16:26.** God werk onverwags deur 'n groot aardbewing. Aardbewings was 'n gewone verskynsel in Macedónië. Paulus en Silas sou dit sien as 'n verhoring van hulle gebed. Waarskynlik het selfs die regters hierin iets bonatuurliks gesien - vandaar hulle bevel (35). Die bedoeling van die aardbewing is nie om die gevangenes te bevry nie, maar om die majesteit van God te toon en te bewys dat Hy sy hand oor Paulus en Silas hou. Die gevangenes vlug nie, hoewel al die deure oopgaan - hulle sou moeilik in die donker in 'n aardbewing kon vlug. Bowendien het God nog werk vir Paulus en Silas in die tronk.

**16:27.** Die sipier word wakker. Toe hy merk dat die deur oop is, meen hy dat almal ontvlug het. Sy enigste uitweg is selfmoord (12:19). In so 'n geval straf die Romeine die verantwoordelike beampte meedoënloos.

**16:28.** Paulus weet op die een of ander wyse dat al die gevangenes nog daar is en hy sien wat die sipier se plan is. Hy roep hardop en dringend na die sipier om homself nie om die lewe te bring nie - "ons is almal hier".

**16:29.** Die sipier vra ligte en toe hy Paulus en Silas sien, val hy bewend voor hulle. Hy weet op die een of ander wyse dat die twee manne by die wonder betrokke is. Hulle besondere gedrag - moontlik het hy ook die lofliedere gehoor - maak indruk op hom. En Paulus het sy lewe gered, toe hy selfmoord wou pleeg. Eintlik het die Here hom daar gebring - selfs die aardbewing het ook gedien tot sy redding.

**16:30.** Hy lei Paulus en Silas na buite - moontlik na 'n binnehof. Hulle is in elk geval bevry van die sel en die blok. "Menere, wat moet ek doen om gered te word?" Hieruit hoef ons nie meer af te lei nie as dat hy raad vra om uit die moeilikheid met die owerheid te kom. Dit kan vir hom gaan om redding uit aardse nood. Ons kan egter aanneem dat hy in Paulus en Silas se vrede en gedrag iets anders raaksien - sy eie geestelike nood - hy verlang ook na die innerlike rus wat hulle besit.

**16:31.** Paulus ken net één antwoord: "Glo in die Here Jesus Christus . . ." Die man hoef niks te doen nie - hy moet net glo (Joh. 6:29). Hy moet sy geloof stel op - vertrou op - Jesus (Matt. 11:28-30; Joh. 3:16). Alleen Hy kan redding - saligheid - gee (4:12). En selfs nie hy alleen nie - ook sy huisgesin word gered. Die evangelie is altyd ruim en nie bloot op één mens gerig nie, maar ook op sy huisgenote - vrou en kinders en bediendes. Vanselfsprekend moet die evangelie ook aan hulle verkondig word. Hierdie wonderlike waarheid vergeet ons dikwels, veral wanneer dit ons werknemers betref - vir die Bybel is hulle huisgenote en ook aan ons geestelike sorg toevertrou (11:14). Hulle verkondig aan hom nie alleen sy eie redding nie, maar ook sy verantwoordelikheid teenoor sy huis.

**16:32.** Vanselfsprekend moet die man en sy huis meer weet. Daarom kry Paulus en Silas nou geleentheid om die evangelie te verkondig aan hulle almal. Die woord wat hulle verkondig, het Jesus tot inhoud - Hy is die Christus (18:5; 28:31).

**16:33.** Die prediking is blykbaar onderbreek om hulle wonde te verpleeg. Hy weet nou beter met wie hy te doen het en dink nou eers aan hulle behoeftes, voordat hy verder wil hoor. Dit is egter die eerste vrug van die ontwakende geloof (Joh. 13:35). Hy erken met sy daad selfs dat onreg aan Paulus en Silas gedoen is. Daarna volg die doop van homself en sy huisgenote.

**16:34.** Eindelik bring hy hulle na sy huis - dit spreek van vriendskap en dankbaarheid en van eenheid in die geloof. Hulle ontvang nou 'n behoorlike maaltyd. En dan vertel Lukas van die hoogtepunt van die verhaal - daar was blydskap in die huis (8:39). Hulle het nou die vreugde vir tyd en ewigheid, wat hulle nooit weer sal verloor nie - geloof in God. Hier op aarde het hulle 'n Vader wat liefhet en sorg en hierna wag die ewige heerlikheid - wat 'n vreugde vir

elkeen wat glo!

***Vrae (*16:26-34)**

1. Gebruik God ook die natuur en lewensomstandighede om mense tot bekering te bring?
2. Wat is volgens vers 31 die antwoord wat elke mens moet gee wanneer hy die evangelie hoor? Maar kom die uitverkiesing nie hiermee in gedrang nie. (*Dordtse Leerreëls*, hfst. 1:1-5)?
3. Is u bediendes ook 'n deel van u "huis" (31)?
4. Is die vrug van die geloof van die sipier ook die vrug van u geloof?

## Paulus en Silas word uit die gevangenis uitgelei (16:35-40)

**16:35.** Wat 'n vreemde optrede van Romeinse regters is dit nie! Sonder verhoor of enige verdere getuienis word die manne, wat soos gevaarlike misdadigers behandel is, losgelaat. Dit is ongehoord. Het hulle die vorige dag maar net die twee Jode laat mishandel en in die tronk gegooi - met die opdrag tot veilige bewaring - om die klaers en volk tevrede te stel? Of om hul eie Romeinse haat op die Jode af te koel? Nee, hulle sou berig ontvang het van die gebeure in die gevangenis. Ook het hulle moontlik geskrik. Hier is iets bonatuurliks aan die gang en selfs Romeinse regters kan bygelowig wees (Matt. 14:1, 2). Daarom meen hulle dat dit die veiligste weg is om hulle stilletjies los te laat. Vanselfsprekend sien ons ook hierin die hand van die Here - Hy het nog werk vir Paulus en Silas.

**16:36.** Die sipier bring die boodskap aan Paulus en Silas oor. Lukas herhaal die boodskap - dit is vir hom belangrik om die oorwinning van die Here te benadruk. Die sipier is baie bly en dankbaar - dit blyk uit die manier waarop hy die boodskap oorbring en hulle 'n reis in "vrede" toewens. Dit beteken dat hulle voortaan nie weer lastig geval mag word nie.

**16:37.** Die "magtelose gevangene", Paulus, staan egter nou op sy regte. Hy teken skerp en duidelik die onreg wat hulle aangedoen is. Dan beroep hy hom daarop dat hulle "Romeinse burgers" is. Dit beteken nie dat hulle aan die Romeinse volk behoort nie - hulle was albei Jode - maar *regsgeldig* het hulle die Romeinse burgerskap besit. Hierin sien ons ook weer die hand van die Here. Hy het Paulus as apostel van die heidene gekies en nie vir Petrus of een van die ander nie, omdat Paulus deur hierdie regsposisie meer vryhede in die Romeinse ryk sou ondervind (22:25-28; 25:10-12). Ook Silas was dus 'n Romeinse burger. Hierdie burgerskap hou bepaald groot voorregte in, want Paulus stel duidelik en skerp eise aan die owerhede. Verskeie Romeinse wette verbied nadruklik dat Romeinse burgers gegésel mag word. Paulus sou beslis nie eis dat die reg in die openbaar herstel moes word, ter wille van homself nie, maar ter wille van die saak van die Here (Fil. 1:12). Verder moes die regters leer om nie dadelik en impulsief teen die predikers van die evangelie op te tree nie - só word ook die latere evangeliedienaars beskerm en hulle reg om die evangelie te verkondig, bevorder. Daar kom omstandighede waaronder 'n Christen nie ook die linkerwang moet draai, as hy op die regterwang geslaan word nie (Matt. 5:3). Die bevordering van die saak van die Here eis dit dan.

**16:38.** Die regters skrik toe hulle die boodskap kry - hulle het hul vergryp teen Romeinse burgers en kan selfs by die keiser aangekla word.

**16:39.** Nou kom die gestrenge regters as smekelinge voor Paulus en Silas. Hulle sou seker pleit dat Paulus en Silas tog asseblief nie die saak verder sou voer nie. Dan lei hulle die gevangenes gewilliglik uit die tronk en versoek hulle om uit die stad te vertrek - hulle word nie uitgedryf nie (13:50). Dan vergeet hulle van Paulus en Silas en die evangelie van Jesus. Hulle kon die onrus wat die prediking verwek, nie verdra nie. So ontvang hulle ook nie die

ware rus nie. 16:40. Paulus meen dat dit beter is om maar te vertrek. Hy mag nie sy lewe onnodig in gevaar stel nie - die Here het nog werk vir hom. Later sou dit anders word (21:13). Hulle gaan eers na die huis van Lidia, waar nou alreeds 'n bepaalde kring "broeders" aanwesig is - 'n gemeente - om hulle te versterk. Dit is nou gewis nodig, omdat die gelowiges in Filippi gesien het wat met Paulus en Silas gebeur het en wat ook met hulle kan gebeur. Uit die verband kan ons aflei dat Timótheüs en Lukas nog vir 'n tyd in Filippi agtergebly het, om die werk voort te sit. Die gemeente was waarskynlik nie meer so baie klein nie en daar kon moontlik al ouderlinge en diakens gekies gewees het (Fil. 1:1). So vertrek Paulus en Silas uit Filippi.

***Vrae (*16:35-40)**

l. Moet 'n Christen altyd die linkerwang aanbied as hy op die regterwang geslaan word? Wat sou u sê, is in die geval deurslaggewend?

2. Het die Here Paulus se Romeinse burgerskap, hier en elders, ten goede gebruik? Kan u ook u bevoorregte posisie gebruik in belang van die koninkryk van God?

# HANDELINGE 17

***Paulus se tweede sendingreis voortgesit***

## Paulus en Silas in Thessalonika (17:1-9)

**17:1.** Dit is merkwaardig van Paulus - al word hy verjaag of moes hy gedwonge 'n plek verlaat, gee hy nie moed op nie. Hy gaan eenvoudig verder en begin weer op 'n ander plek van voor af. Hy vervul altyd en oral sy roeping deur die krag van die Heilige Gees. Paulus reis vanaf Filippi met die sogenaamde "Via Egnatia" en hy gaan deur twee stede, Amfipolis en Apollónië, sonder om daar te werk. Vermoedelik was hier geen Joodse sinagoges as aanknopingspunte nie. Paulus sou hulle nie alleen uit liefde vir sy eie volk (Rom. 9:1-5) eerste opsoek nie, maar ook ter wille van moontlike kontak deur middel van die proseliete of Jodegenote met ander heidene (13:16; 14:1). In Thessalonika was daar wel 'n sinagoge van die Jode. Dit was 'n groot handelstad met 'n goeie hawe.

**17:2, 3.** Hier praat Lukas alreeds van 'n vaste gewoonte van Paulus (13:5). Hy gaan volgens gewoonte na die Joodse sinagoge en praat of redeneer drie sabbatte met hulle. Hy sou wel ook gedurende die drie weke op weeksdae gepreek het. Volgens 1 Thess. 2:9 het hy vir sy brood hier gewerk en tog intussen ook die evangelie in die week verkondig. Die Jode hou van redenasies uit die Skrif, en volgens hulle geskrif bekend as die "Misjna", selfs ook buite die Skrif. Paulus het klaarblyklik moeite gehad om hulle te oortuig - hy moes sterk weerstand oorwin (5). Hy het die Skrif te uitgelê - eintlik beteken die Griekse woord dat hy die Skrifte "geopen" het (Luk. 24:32). Hy kon egter die harte nie open nie (16:14) - dit kan God alleen doen. Vir die Jood wat die vervulling in Christus nie sien nie, bly die Ou Testament 'n geslote boek (2 Kor. 3:14). Hy huiwer egter nie om aan te toon - uit die Skrif - dat die Christus moes ly en uit die dode opstaan nie (3:14, 15; 2:23-30). Teenoor die Joodse valse Messiasverwagting verklaar hy: "Hierdie Jesus, wat ek aan julle verkondig, is die Christus." Hy wat moes ly en opstaan, is die ware Messias. Daar was ook valse Messiasse (5:36 e.v.). Wat die Skrifte leer, is in die bepaalde Jesus vervul (1 Thess. 4:14). Vergelyk vir Paulus se metode van prediking Hand. 13:15-41. Ons kry altyd die drie elemente: 1. die Messias moes volgens die Skrifte ly en opstaan; 2. die Messias wat die Skrif preek, is Jesus; 3. ek, Paulus, verkondig die Jesus en julle moet dus my prediking glo.

**17:4.** Soos gewoonlik is die Jode verdeel. Sommige - eintlik "enkele" - Jode is oortuig. Die gemeente in Thessalonika was oorwegend gelowiges uit die heidene (1 Thess. 2:14). Hier staan: "hulle is oortuig". Dit is nie Paulus se oorredingskrag maar die Skrif en die Gees wat hulle oortuig het (16:14; 1 Kor. 2:3-5). Hulle kies vir Paulus - en daarmee vir Jesus. 'n Groot getal Grieke wat ook die sinagoge besoek en moontlik van hulle vriende en familie, kom ook tot geloof (10:2-13:16). Afsonderlik word 'n aantal vroue genoem - hulle was uit vooraanstaande families. Opmerklik is dat hier afsonderlik van vroue gepraat word. Hulle mans het klaarblyklik heidene gebly (1 Kor. 7:13, 14). Ook hierin moet ons die hand van God sien - dit sou die invloed van die gemeente in die stad ten goede kom. Bowendien het die vrou die grootste invloed op die gesin en huishouding en kon kinders, bediendes en slawe geredelik beïnvloed.

**17:5.** Hier, in die tweede stad, kry Paulus en Silas die eerste keer te doen met die afguns en haat van die Jode in Macedónië. Hulle kom in beweging en span hulle met ywer in om kwaad te stig (5:17). Hulle is afgunstig - Paulus het meer sukses by die Jode-genote as hulle. Hulle verbied Paulus om tot die heidene te preek (1 Thess. 2:16). Die patroon is oral dieselfde - die Jode werf die medewerking van die straatvolk - straat-opstootjies moes die owerheid tot

optrede dwing (13:50; 14:19; 18:12, 13). Op grond van Filip. 4:16 meen ons dat Paulus langer as drie weke in Thessalonika gewerk het. Daar was ook blykens 1 Thess. 1:1-12 alreeds 'n bloeiende gemeente. Paulus het dus blykbaar ná die drie sabbatte gewoonweg onder die heidene gewerk (13:46, 47). Paulus en Silas was blykbaar tuis by 'n sekere Jason - waarskynlik ook 'n tentmaker, soos Paulus, omdat hy daar vir sy brood moes werk (1 Thess. 2:9; 2 Thess. 3:8; Hand. 18:1-3). Onder leiding van die Jode val die gepeupel Jason se huis aan - op soek na Paulus en Silas. Thessalonika was 'n "vrystad", bestuur deur 'n senaat en volksvergadering - vandaar die uitdrukking "voor die volk bring".

**17:6, 7.** Paulus en Silas was egter nie tuis nie - hulle het waarskynlik elders gepreek, of die moeilikheid sien kom en hulle versteek. Die volk gryp toe maar vir Jason as medepligtige - of hy self 'n Christen was, maak vir hulle geen saak nie, want daar was Christene by hom tuis. Hulle sleep Jason na die owerhede en die klag teen hom is dat hy oproermakers huisves (16:20, 21). Blykbaar is dit dieselfde klag as in Filippi. Hulle bring die hele beskaafde wêreld in beroering (Joh. 18:36). Uiteindelik het die Christendom die heidendom met al hulle heidense praktyke en vergoddelikte keiser omver gegooi. Ons kan egter aanneem dat die klaers hier oordryf en buitendien sê Jesus: sien Joh. 18:36. Moontlik het hulle hier al, deur middel van Joodse reisigers, gehoor van die gebeure in Galásië en Filippi en vanselfsprekend ook uit Jerusalem berigte ontvang. "En Jason het hulle ontvang." Dan volg die motivering - dit laat sterk dink aan die klag van die Joodse Raad met Jesus se verhoor (Joh. 19:12). Paulus het bepaald die koningskap van Jesus verkondig (1 Kor. 15:25). Wie aan die keiser goddelike eer gee, kan nie die ware God dien nie - dit weet die Jode ook baie goed. En tog gebruik hulle dit as aanklag, omdat hulle weet dat die owerheid dan sal moet optree. Dit is huigelagtig van die Jode. Hulle erken God immers as Koning (Ps. 99:1).

**17:8.** Die menigte en die stadsowerheid is in opskudding. Hulle wil geen opstand hê nie - anders kan hulle moontlik die vryheid van hulle stad verloor. Die Romeinse owerheid kan ingryp en die stad direk deur 'n goewerneur regeer.

**17:9.** Jason gee 'n bepaalde "genoegsame" waarborg. Wat dit was, sê Lukas nie en ons kan dit ook nie vasstel nie. Hy stel in elk geval die owerheid tevrede. Jason en sy metgeselle word losgelaat. Die owerheid tree kalmer en versigtiger op as die in Filippi. Moontlik het hulle verneem wat in Filippi gebeur het (16:37-39). Ons kan hier selfs dink aan invloed van die aansienlike "vroue" (4).

***Vrae (*17:1-9)**

1. Sou u sê dat dit reg is om uit die Bybel te redeneer (1 Tim. 6:5; 2 Joh. 7-11)?
2. Is die feit dat Paulus op die Sabbat in die sinagoges gepreek het, die bewys dat hy die Joodse Sabbat onderhou het (20:7; 2 Kor. 16:2; Openb. 1:10)?
3. Alhoewel Paulus hier nie lank gewerk het nie, was dit tog baie vrugbaar. Waarom was dit so vrugbaar (1 Thess. 2:12)? Waarom moet ons *werk* met die Woord soos om Bybelstudie te doen in die lig van wat Paulus in 1 Thess. 2:12 sê?

## Paulus en Silas in Beréa (17:10-14)

**17:10.** Liewer as om die risiko te neem om self in die gedrang te kom, laat Paulus en Silas hulle oorreed om dieselfde nag uit Thessalonika te vertrek. Moontlik is die huis van Jason selfs bewaak. Dit kan ook wees dat Jason se "waarborg" behels het, dat hy Paulus en Silas sou wegstuur. Paulus was klaarblyklik bekommerd oor die gemeente en het selfs vanaf Athene vir Timótheüs daarheen gestuur om hulle te versterk en te bemoedig (1 Thess. 3:1-8). Ja, hy het hulle nie in die steek gelaat nie, maar die gevaar ontwyk om verder te kan werk.

Toe hulle die volgende stad, Beréa, bereik, gaan hulle weer na die Joodse sinagoge met hul blye boodskap. Beréa lê in 'n ander provinsie as Thessalonika. Weer moes hy moontlik deur die stad Pella gaan, waar hy nie optree nie, waarskynlik omdat daar geen sinagoge was nie. Die sinagoge bly, waar moontlik, sy beginpunt.

**17:11.** Hier in Beréa vind Paulus en Silas 'n ander gesindheid by die Jode. Hulle staan nie bevooroordeeld nie, maar ondersoek saam die Skrifte. Hulle toets die nuwe prediking aan die Skrif. Dit doen hulle elke dag - aanhoudend (Luk. 24:25-27; Joh. 5:46, 47). Hulle beskou die saak as van groot gewig.

**17:12.** Hierdie houding dra vrugte - baie word gelowig. Uit die verband is dit duidelik dat die *baie*, Jode was. Hier kom aan die lig dat God sy volk nie geheel verstoot het nie (Rom. 11:1-4). 'n Oorblyfsel is behoue (Rom. 9:27). Net soos in Thessalonika is hier weer sprake van die aansienlike Griekse vroue (17:4) en manne. Vir die Griekse vrou het die evangelie 'n besondere troos ingehou, want haar posisie in die huwelik was nie maklik nie. Blykbaar bly die sinagoge die sentrum van die gemeente - 'n ideale toestand. Van die gemeente as sodanig hoor ons nie weer nie.

**17:13, 14.** Die Jode in Thessalonika hoor egter wat in Beréa aan die gang is en, soos in Listre (14:19), kom hulle kwaad stook. Dit is opmerklik dat alleen Paulus se prediking genoem word - hy is die leier en gewoonlik die woordvoerder. Weer sweep hulle die heidense menigtes teen die Christene op (5).

"Die broeders" - medegelowiges of ampsdraers - stuur Paulus weg. Silas en Timótheüs bly egter agter. Waarskynlik het Lukas in Filippi agtergebly, want hy skryf eers weer van "ons" by 20:4 (16:10).

***Vrae (*****17:10-14)**

1. Is daar 'n verskil tussen "redeneer" uit die Bybel en die Skrifte "ondersoek"?
2. Is die Joodse volk as geheel verwerp?
3. Was dit nie lafhartig van Paulus om Beréa te verlaat nie?

## Paulus alleen in Athene (17:15-17)

**17:15.** 'n Paar Christene uit Beréa begelei Paulus na Athene. Blykbaar wou die gemeente hom nie alleen laat reis nie. Moontlik het hulle per boot na Athene gegaan. Paulus stuur met die manne, nadat hulle van Athene teruggekeer het, 'n boodskap aan Silas en Timótheüs om so gou moontlik na hom te kom. Lukas praat egter eers weer van Silas en Timótheüs toe Paulus al in Korinthe was (18:5). Uit 1 Thess. 3:1 blyk egter dat Timótheüs en moontlik ook Silas, al by Paulus in Athene was, maar dat Timótheüs na Thessalonika gestuur is. Waarskynlik is Silas saam met Timótheüs en het hulle selfs tot in Filippi gegaan. Paulus was bekommerd oor die jong gemeentes en angstig om te weet hoe dit gaan (1 Thess. 3:1 e.v.; Filip. 2:19).

**17:16.** Klaarblyklik het Paulus in Athene getalm om te begin om die evangelie te verkondig, terwyl hy wag vir Silas en Timótheüs. Moontlik het hy nog die omstandighede deurgekyk of was hy selfs neerslagtig en onrustig oor wat in Beréa en Thessalonika kon gebeur het. Hy dwaal in die stad rond asof hy onseker is wat om te doen of waar om te begin. Hier in Athene is hy in die groot kultuursentrum van die ou tyd - hier is die tipiese Grieke wat na wysheid vra (1 Kor. 1:21). Die teëstand van die kultuur is dikwels 'n magtiger verhindering vir die evangelie as die vervolging deur die Jode. Hier werk die Satan immers met lis - hy kom met die mag van die leuen of halwe waarheid. Die menslike wysheid of verstand is op die troon - alles moet "bewys" word, terwyl die evangelie kinderlike geloof vra (Matt. 11:25). Daarbenewens sien hy baie afgodsbeelde in Athene - vandag nog word Athene deur toeriste

besoek om die afgodstempels te kan sien. Die heidense afgodediens was ook 'n groot aansporing vir kunstenaars om beelde te maak. Dan kom daar in sy innerlike 'n opstand teen al die bewyse van afgodery - en hy is alleen - hy kon met niemand daaroor praat nie.

**17:17.** Ook hier was 'n sinagoge. In die sinagoge het nie alleen Jode nie, maar ook Jodegenote dienste bygewoon. Hy praat met die Jode en godsdienstige mense. Hy kon nie ledig bly nie. Hier is egter geen sprake van Jode wat tot bekering gekom het nie - ook nie van vervolging deur die Jode nie. In Athene was mense blykbaar te beskaaf vir die soort optrede. Die gesprekke in die sinagoge sou hoofsaaklik op die sabbatte plaasvind (13:14, 42, 44; 16:13; 17:2; 18:4). Gedurende die week het hy op die mark met mense gepraat - wie hy ook al teëkom. Groepe mense het tog seker soms om hom vergader. Die mark was die algemene saamkomplek van mense en in Athene was dit selfs gebruiklik dat filosowe hulle teorieë op die mark wêreldkundig maak.

## Paulus se toespraak op die Areópagus (17:18-34)

**17:18.** Die wysgere is ook op die mark doenig. Hulle praat en redeneer - dit is hulle leefwyse. Hulle merk Paulus op en hoor dat hy besig is om te preek. Hulle was Epikuriërs en Stoïsyne. Hulle val Paulus aan en redeneer met hom - daar ontstaan selfs 'n langdurige debat. Die Griekse woord vir "praatjiesmaker" is eintlik "korreltjiepikker". Hulle bedoel dat hy hier en daar 'n gedagte van iemand anders opgepik het en nou voorgee dat hy baie weet. Sommige merk egter op dat hy vreemde gode verkondig - hulle hoor hy praat van die evangelie van Jesus en die opstanding. Paulus vorder - selfs die wysgere gee aandag - hulle ag dit die moeite werd om met hom te redeneer.

**17:19.** Eindelik neem hulle hom na die Areópagus - dit kan 'n plek wees wat as 'n verhoog dien, waar 'n wysgeer geleentheid kry om sy saak te stel. Dit mag selfs voor die hofgebou op die trappe wees, waar die vergadering plaasvind - sodat die spreker dan bokant die hoorders uitstaan. Dit kan selfs 'n verhoor voor die hof van Athene beteken, wat die Areópagus genoem word - wat dan offisieel kennis sou neem van Paulus se leer, maar geen uitspraak daaroor gee nie. Hy bring immers 'n nuwe godsdiens, maar dit is klaarblyklik nie gevaarlik nie (32, 33).

**17:20.** Die wysgere praat nie van godsdiens nie - daarvoor is hulle seker te "verlig" - maar net van "vreemde dinge". Hulle ag dit egter belangrik genoeg om aan te hoor en te oorweeg.

**17:21.** Hierdie vers is 'n opmerking van Lukas, die skrywer. Dit gaan by die mense nie om heilbegeerte of selfs weersin teen die godsdiens nie. Elkeen het reg op sy eie opinie, maar hulle hou hul altyd besig om iets nuuts te sê en te hoor. Woordespel en gedagtespel is hulle tydverdryf. Die vraag is nie of iets *goed* is nie, maar of dit *nuut* is. (In ons gedagte sien ons een van die soort mense in ons tyd voor 'n *nuwe* kunswerk. Die beoordeling is nie: dit is *goed* of *mooi* nie, maar *"dit is nuut"* - dan is dit "goed".)

**17:22.** Paulus begin praat. Dit is die beroemde rede van Paulus voor die Areópagus. Hieroor is en word baie deur teoloë geredekawel. Vir ons is dit 'n meesterlike benadering van die heidense luisteraars. Selfs die heidene het 'n bepaalde godsdienstigheid. Die ware God laat Hom ook selfs nie tot hulle onbetuig nie (Rom. 1:18-20; 2:14, 15). In die natuur en geskiedenis en deur hulle eie gewete praat Hy met hulle. Athene is vol tempels en afgodsbeelde - daarom kan Paulus sê dat hulle in elke opsig baie godsdienstig is. Daarmee kry hy die aandag en belangstelling van sy hoorders - hy sê egter nie dat hy hulle soort godsdienstigheid goedkeur nie.

**17:23.** Waarom sê hy dit? Hy het hulle heiligdomme betrag (16). Hulle gees spreek uit al die tempels en afgodsbeelde. En dan vind hy sy aansluiting om by sy preek te kom, in 'n

altaaropskrif: "Aan 'n onbekende god." Daar is selfs berigte van ou heidense skrywers oor sulke opskrifte op altare in Athene. Die ou kerkvader Hièronimus sê selfs dat buite Athene nooit sulke opskrifte op altare gevind is nie. Dit bewys dat daar in Athene mense is wat *soek* na die ware God. Daar bestaan selfs 'n verhaal dat 'n sekere Epimenidés tydens 'n pes in Athene 'n aantal skape by die Areópagus as soenoffer losgelaat het. Oral waar só 'n skaap gaan lê, is dan 'n altaar opgerig vir "die onbekende God" en só is die pes beëindig. Só is daar ook ander verhale. Daaruit kan Paulus tereg aflei dat hulle in die bestaan van die onbekende God glo uit sy werke (Rom. 1:18-20). Hulle het die een of ander reddingsdaad aan Hom toegeskryf.

". . . wat julle aanbid sonder om daarvan kennis te hê, verkondig ek aan julle" (*Blye Boodskap).* Dit wil nie sê dat hy die "onbekende god" van die Atheners aanvaar nie, maar dat hulle self erken dat daar iets aan hulle godsdiens ontbreek. Daarom is hulle godsdiens geen ware godsdiens nie - hulle ken nie die ware God nie. Die ware God spreek nie alleen deur sy werke nie, maar Hy het ook sy Naam geopenbaar en Hy alleen mag gedien word. Só gee Paulus 'n ander inhoud aan die woorde op die altaar. Vir Paulus beteken: "om God te ken" dieselfde as om Hom te eer en dien - te vrees (Jes. 19:21). En om sy Naam nie te ken nie, beteken om Hom te verwerp (Ex. 5:2; Joh. 4:22). Daarom is dit klaar duidelik dat die heidene hulle moet bekeer.

**17:24, 25.** "Die God . . ." Daarmee stel hy die enige ware God teenoor die baie gode van die heidene (Jes. 42:5). Die heidendom ken geen God wat alles uit niks geskape het nie. Elke god het by hulle sy eie terrein en geeneen van hulle is absolute Skepper of heerser nie. Dit leer alleen die Bybel. Daarom woon Hy ook nie in tempels met hande gemaak nie (1 Kon. 8:27; Jes. 66:1, 2; Hand. 7:48).

Hy, die ware God, is geheel onafhanklik - Hy het nie behoefte aan diens deur mensehande nie (Ps. 50:9 e.v.). Hy het niks nodig nie (Ps. 51:18; Jer. 7:22). Dit beteken nie dat Paulus die diens van God verwerp nie. Ons dien Hom nie omdat Hy ons nodig het nie, maar ons dien Hom juis omdat ons nie sonder sy diens kan bestaan nie - ons is in alles van Hom afhanklik. Die diens van God word deur sy wese bepaal (Joh. 4:24).

**17:26.** Vir die Griekse wysgere, wat allerlei skeppingsteorieë het en selfs in die blinde noodlot glo, is dit nodig om te hoor van die Skepper en dat Hy uit één bloed of één mens al die nasies van die aarde gemaak het (Gen. 1:26, 27; 2:7, 21-23). Hulle moes die aarde bevolk (Gen. 11:4, 7, 8; Mal. 2:10), hoewel hulle almal van een bloed afstam, God beskik ook oor die tye en grense van volke se woonplekke (Deut. 32:8; Ps. 74:17). "Die tye van die nasies .. ." kan ons ook in verband met Christus se toekoms verstaan (Luk. 21:24; Openb. 16:14; Openb. 20:7-9). Hoofsaak is egter dat Paulus bedoel dat God oor die lotgevalle van nasies bepaal (Job. 12:23). Hy praat as gelowige oor die beskikking van God (Ps. 115:16; Dan. 2:21).

**17:27.** Waartoe het die Here die mense geskep? *Dat hulle Hom kon dien.* Die doel van die skepping is die verheerliking van God se Naam - daarom beteken "om God te soek" om in die regte verhouding of noue gemeenskap met Hom te leef (15:17; Deut. 4:29; Jes. 55:6). Hy is by ons - altyd - maar Hy wil gesoek wees. Hy vra 'n bewuste daad van die mens om Hom te soek en te dien. Hy is egter alomteenwoordig en gee selfs aan die goddelose asem (Dan. 5:23).

**17:28.** "Want in Hom lewe ons . . ." (Job.12:10; Dan. 5:23). Alle menslike lewe is sonder God onmoontlik. Daarop verwys hy selfs na 'n aanhaling van 'n Griekse digter: "Ons stam ook van Hom af" (*Die Blye Boodskap).* Die mens stam van God af (Luk. 3:38) en is geskape na die beeld van God, maar is nie self goddelik - soos die Griekse Stoïsyne dit bedoel nie.

Daarom gee Paulus 'n ander inhoud aan wat die Griekse digter sê. Hy gebruik die aanhaling bloot om aan te toon dat God geestelik gesoek en gedien moet word (25). Aan die een kant is God oneindig hoog bo ons verhewe - Hy is transendent - geheel anders as ons. En tog het Hy ons gemaak en is ook naby ons (Jes. 57:15; Matt. 1:22, 23). Die Grieke leer die verwantskap tussen God en mens en maak van hulle gode eintlik mense. Aan die ander kant maak hulle weer van die mense gode. Paulus leer egter dat God anders is en dat die mens deur Hom gemaak is en Hy tog by hom woning maak. Dit kan nie op hulle gode van toepassing wees nie, maar kan alleen ten volle waar wees van die enige ware God - die God van die hemel.

**17:29.** Hier stel Paulus sy slotsom. Hy redeneer vanuit die mens. As die mens geestelik is en deur God geskep is, kan God nie deur beelde en die handewerk van mense gedien word nie. Daarom is selfs hulle digter by die verkeerde adres. Paulus aanvaar nie hulle afgode nie (1 Kor. 10:19), maar hy hou rekening met die heidene wat die afgode dien. Dit is vir "ons" sê hy, waarby hy homself insluit, verkeerd om te dink dat God só gedien kan word (19:26; Jes. 40:18; Rom. 1:23). Hulle maak gode van "menslike kuns en uitvinding" - volgens hulle eie begeerlikhede. Hier raak Paulus 'n punt aan waarin hy ook by die Griekse wysgere se opvatting aansluit - ook hulle onderskei tussen gees en stof. Die Bybel dryf die spot met die afgodsbeelde (Ps. 115:4-8; 135:15-18; Jes. 44:12-20). God kan met niemand gelykgestel word nie (Jes. 40:18-25). Die Griekse wysgere stel hulself bo die volksgeloof van die afgode en spot selfs ook daarmee. Dit is ook een rede waarom Christus juis in hierdie tyd - die volheid van die tyd - gekom het (Gal. 4:4). Ook by die heidendom was daar vanweë die leer van Griekse wysgere, meer en meer 'n afkeer van die diens van die afgode. Daarom was hulle meer vatbaar vir die evangelie van Jesus.

**17:30.** Vanweë die onvermoë van die mens om God te vind en te dien soos dit hoort, het God nou van sy kant af iets gedoen om die mens uit sy nood van onkunde te verlos. Die nood van die heidene is dat hulle die ware God nie ken nie, hoewel God naby hulle is (1 Pet. 1:14). Dat God die tye van onkunde oorgesien het, beteken nie dat Hy hulle as onskuldig beskou nie (Rom. 1:20; 2:12). Nee, God laat die tyd nie só aanhou nie - Hy gryp in. Hy stuur predikers na die heidene en bewys nog genade aan hulle. Hulle moet hulle bekeer - tot die ware insig van die diens van God kom - 'n nuwe tyd het aangebreek (2 Kor. 6:2). Die evangelie kom tot alle mense. Hier beteken bekering (*metanoia)* om geheel tot nuwe insigte te kom en te breek met die heidendom (2:38; 3:19). Hulle moet nie alleen hul onkunde erken nie, maar ook hulle skuld - hulle staan skuldig teenoor die ware God, met hulle wysheid en al (1 Kor. 1:21-25).

**17:31.** Paulus roep tot bekering op grond van die oordeel van God wat gewis kom (Matt. 3:10). Die dag van die oordeel is klaar vasgestel (Matt. 24:42-44; Mark. 13:32 - hier moet ons die "Seun" verstaan in sy menslike natuur). 'n Mens mag jou nie met die verdraagsaamheid van God in die verlede gerusstel nie. Die oordeel gaan oor die hele mensewêreld. Selfs die Areópagiete sal nie vryspring nie (Ps. 9:9; 96:13; 98:9). Dan sê hy ook hoe en deur Wie die oordeel sal plaasvind: Jesus Christus. Hy noem Hom nie by die Naam nie, maar praat van , , 'n Man wat Hy aangestel het" (Joh. 5:22). Die sekerheid dat Hy sal kom om te oordeel, lê daarin dat Hy uit die dood opgestaan het - dit moet egter geglo word. Christus se werk is deur die Vader verseël deur Hom uit die dood op te wek. Daar moes Paulus in sy prediking kom - *by die oordeel en die opstanding en die redding van die oordeel, deur die geloof in Christus.*

**17:32.** Hier word Paulus se toespraak deur die Griekse wysgere onderbreek. Sommige spot, andere sê: "Ons sal u weer hieromtrent hoor." Hulle draai die rug in ongeloof op Paulus en op Christus. Hulle wysheid of menslike verstand kan dit nie vat nie - dat iemand uit die dood opstaan (24:25).

**17:33.** Elkeen gaan sy koers - ook Paulus. Hy was in elk geval 'n getroue getuie van Christus. Dit is moeilik om mense te bereik wie se eie verstand hulle god geword het (Matt. 11:25;

16:24, 25).

**17:34.** En selfs hier was Paulus se optrede nie sonder vrug nie - al het weinig mense geglo. Moontlik het hierdie optrede en latere werk daartoe meegewerk. Uit die enkeles wat gelowig word, noem Lukas twee name: Dionisius, die Areopagiet - dus een van die regters - en 'n vrou, Dámaris. Hy het blykbaar nog 'n tyd in Athene gebly om te wag vir Timótheüs en Silas. Waarskynlik was 'n sekere Stéfanus en sy gesin die eerste bekeerlinge in Athéne (Acháje - l Kor. 16:15).

***Vrae (*Hand. 17)**

1. Het ons 'n gemeenskaplike basis waardeur ons selfs heidene godsdienstig kan benader (dink aan Paulus se toespraak op die Areópagus)?
2. Kan 'n mens, wat die God van die Bybel nie ken nie, gered word?
3. Hoe kan God enersyds alomteenwoordig wees en andersyds eis dat ons Hom moet soek?
4. Wat was die uiteindelike struikelblok vir die wyse manne van Athéne?
5. Waarom spot mense wanneer hulle geen antwoord op 'n saak het nie? Word u as Christen deur spot ontsenu?

# HANDELINGE 18

***Paulus se tweede sendingreis voortgesit***

## Paulus in Korinthe (18:1-11)

**18:1.** Paulus vertrek alleen uit Athene, nadat Timótheüs by hom was - en moontlik Silas ook - maar hy het Timótheüs na Thessalonika teruggestuur (l Thess. 3:1 - vergelyk opmerkinge by 17:15). In Athene is hy nie vervolg of weggestuur nie. Hy het uit eie beweging vertrek, waarskynlik omdat die vrug op sy arbeid só skraal was. Nie Athene, die ou sentrum van wetenskap en kuns nie, maar Korinthe, die losbandige handelstad, was sy vrugbare werkterrein (9, 10; 1 Kor. 1:2; 2 Kor. 1:1). Helaas is die menslike wyses en geleerdes en kunstenaars dikwels te ryk in hulleself, om arme sondaars voor Jesus te word (Mark. 2:17). Hy vertrek dus na Korinthe. Die stad was 'n kruispunt van land- en seeweë. Teenoor die rustige Athene was dit 'n woelige stad - en ook vol groot afgodstempels wat gepaard gegaan het met die uitspattige afgodediens: Afrodite, Melkart, Isis, Sibéle is almal ryklik vereer in Korinthe. Daarbenewens was dit 'n groot handelstad.

**18:2.** In Korinthe aangekom, soek hy na verblyf. Hy het die verblyfplek by Aquila en Priscilla gekry. Miskien het hy hulle by die sinagoge ontmoet of omdat hulle dieselfde ambag beoefen het - tentmakery. Die Jood en Jodin dra albei Romeinse name. Waarskynlik het hulle deur die bearbeiding van Paulus Christene geword. Hulle is bannelinge uit Rome, omdat keiser Claudius die Jode uit die stad verban het.

**18:3.** Die bydraes uit Filippi was blykbaar nou uitgeput en Paulus moes nou werk vir sy lewenstog (Fil. 4:15, 16). Aquila was ook 'n tentmaker en daarom werk hulle vir 'n tyd saam.

**18:4.** In Korinthe was daar blykbaar net een sinagoge. Paulus is elke sabbat daar en redeneer (17:2, 17) met die Jode en Grieke. Hier sou "Jodegenote" ter sprake wees - Grieke wat in die Ou Testament geglo het; anders sou hulle nie in die sinagoge wees nie (14:1; 17:4).

**18:5.** Uit die verband blyk dit dat Paulus eers werklik met vuur en ywer begin met die werk toe Timótheüs en Silas aankom uit Thessalonika. Moontlik het Timótheüs lewensonderhoud uit Filippi saamgebring en kon Paulus die evangelie nou voltyds verkondig. Hy het nog steeds volhard om die Jode in die sinagoge te bearbei - hy gee kragtig getuienis (2:40; 8:25; 10:42; 1 Kor. 1:6). Hierna hoor ons nie weer in die boek Handelinge van Silas nie.

**18:6.** Die Jode bly egter onoortuigbaar - hulle verset hulle (13:45).

Hulle belaster Jesus selfs. Daarop skud hy, volgens Joodse gebruik, sy boklere uit - daar mog geen stof van die sinagoge aan bly nie, as teken dat hy alle gemeenskap met die Jode verbreek (Matt. 10:14; Hand. 13:51). Ook sy afskeidsgroet is tipies Joods (Lev. 20:9; Eseg. 33:4). "Ek is rein", beteken dat hy nie aan hulle bloed skuldig is nie, hoewel hy self 'n sondaar is (23:5; Rom. 7:19). Hy neem afskeid van die Jode in Korinthe.

**18:7.** Hy verlaat die sinagoge en soek 'n ander plek om die evangelie te verkondig. Hy hoef nie lank te soek nie - vlak naas die sinagoge woon Titus Justus, 'n voormalige heiden en waarskynlik 'n Romein. Hy het 'n groot huis gehad, en was klaarblyklik 'n vermoënde man. So voorsien die Here, want nou kon ook heidene sonder belemmering sy dienste bywoon.

**18:8.** Die werk in die sinagoge was ook nie tevergeefs nie, want Crispus, die hoof van die sinagoge, en sy gesin word gelowig. Sy moedige stap spoor ook andere aan om by die Christene aan te sluit. Baie Korinthiërs - Jode en Jodegenote - word ook gelowig (1 Kor. 1:14). Crispus is deur Paulus persoonlik gedoop - blykbaar is die doop verder aan Timótheüs

en Silas oorgelaat.

**18:9, 10.** Waarskynlik wys hierdie gebeure terug op verse 6 en 7, toe Paulus aanhoudende weerstand van die Jode ondervind het en besluit om weg te gaan van die sinagoge. Dit kan weer, soos in die verlede, lei tot vervolging (17:5, ens.). Aan die ander kant het Paulus sy eie volk lief en dit was vir hom baie swaar dat hulle Christus verwerp (Rom. 9:1-4). Dit lyk selfs asof Paulus in Athene en nou in Korinthe 'n bietjie in die put van moedeloosheid was. Hy kon homself afvra - na 17:32, 33 en 18:5, 6 - of dit die moeite werd is om aan te hou (1 Kor. 2:3, 4). Die gesig in die nag kan ons selfs voor vers 7 plaas - Lukas wou sy verhaal nie onderbreek nie en daarom vertel hy nóú eers daarvan. Dit is immers duidelik uit verse 7 en 8 dat daar eindelik weer 'n verandering kom - mense luister en glo. Paulus het dus nie meer rede gehad om moed te verloor nie. Hy sien 'n visioen van die Here (10:17). Hy herken Hom, want hy het Hom tevore al gesien (9:4, 5). Die Here sê aan hom hy moenie vrees nie en hy moet aanhou om te preek (Matt. 28:20). Dit hou ook in dat hy op die regte pad is - hy hoef nie daaraan te twyfel nie (Jer. 1:8; Ex. 3:12). Hy sal selfs in Korinthe geen vervolging ondervind nie. Eintlik sê die Here: "Ek het nog baie *volk* in hierdie stad" - die benaming "volk" - (*"Laós"* in Grieks) is die gebruiklike aanduiding vir die verbondsvolk, Israel (Rom. 9:25, 26). So stel die Here die gelowiges uit die heidene gelyk aan Israel.

**18:11.** Paulus bly anderhalf jaar in Korinthe, seker omdat hy nie hier vervolg is nie en omdat daar oneindig baie werk in die groot stad was - en veral omdat die Here beloof het om met hom te wees. Die Here beskerm hom en seën sy arbeid - hy werk rustig en kry selfs geleentheid om die gemeente op te bou - "te leer" hou altyd iets meer as bloot sendingwerk in (Matt. 28:19; Hand. 11:26). Omdat Korinthe op die kruispad na soveel lande en stede lê, kry hy ook kontak met mense uit baie dele - selfs uit Rome - dink aan Aquila en Priscilla (2, 3).

***Vrae (*****18:1-11)**

1. Waarom was Korinthe 'n meer vrugbare werkterrein vir Paulus as Athene?
2. Kan u ook, soos Paulus vir die Jode, van u bure, medewerkers en werknemers sê: "Ek is rein"?
3. Waarom het die Here Paulus hier in 'n gesig bemoedig?
4. Hoe kan die Here in vers 10 sê: "Ek het baie mense in hierdie stad", terwyl hulle nog ongelowig is?
5. Hoe het Paulus, volgens Matt. 28:19, sy volle opdrag in Korinthe uitgevoer volgens vers 11?
6. Is ons taak om as sendelinge bloot die mense tot bekering te roep, of moet ons meer as dit doen?

## Paulus word deur die Jode aangekla (12-17)

**18:12.** Eindelik lyk dit asof Paulus vervolging nie gaan vryspring nie. Die Jode het blykbaar van die nuwe Romeinse goewerneur, Gallio, simpatie verwag. Hulle het gemeen dat hulle hom tot optrede teen Paulus sou kon beweeg. Gallio was 'n broer van die beroemde Latynse wysgeer, Séneca. Uit sy goewerneurskap kan ons aflei dat Paulus in 50 n.C. in Korinthe begin werk het, omdat ons uit die geskiedenis weet wanneer Gallio in Korinthe goewerneur was.

Die Jode het klaarblyklik lank vooruit beplan en gewag vir die geleë oomblik om teen Paulus op te tree. Om indruk te maak, kom hulle eendragtig, soveel as moontlik, gelyktydig en bring Paulus voor die goewerneur. Of hulle dit met geweld gedoen het, weet ons nie. Gallio sit in die openbaar - waarskynlik selfs in die buitelug - op sy regterstoel.

**18:13.** "Hierdie man probeer om die mense oor te haal om God op 'n manier te dien wat in stryd is met die wet", is die klag teen Paulus. Met "wet" sou die Jode seker nie die Wet van

Moses bedoel nie, maar die Romeinse wet (16:20, 21).

**18:14-16.** Paulus wou homself verdedig, maar Gallio ag dit nie die moeite werd nie. Hy rig hom tot die Jode en laat hulle verstaan dat hulle na hom gekom het met 'n saak wat nie daar hoort nie - dit gaan immers nie om 'n oortreding of kwaadwillige skelmstuk me. Hy spreek selfs sy minagting vir die Jode uit. Hy begryp duidelik dat dit 'n geskil is oor die Joodse godsdiens - hy kon immers sien dat ook Paulus 'n Jood is. Dit gaan om 'n rusie oor Joodse godsdienstige sake - hulle woord en wet en name waaroor hulle onderling twis. Waarskynlik is die naam van Jesus genoem (15:2; 23:29; 25:20).

Dan laat Gallio hulle van die regterstoel verdryf. Waarskynlik het die Jode bly aandring en Gallio moes hulle hardhandig laat verwyder.

**18:17.** By só 'n openbare verhoor is daar gewoonlik baie nuuskieriges. Die meeste van hulle sou Grieke wees, wat ook nie te lief vir die Jode was nie. Hulle geniet die regter se optrede terdeë en gryp die hoof van die sinagoge - wat as aanklaer sou moes optree - en gee hom 'n afranseling voor die regter. Gallio laat hulle rustig begaan - hy trek hom daar niks van aan nie.

***Vrae (*****18:12-17)**

1. Wat is die ooreenkoms tussen die klag teen Christus voor Pilatus en van die Christene in Korinthe voor Gallio?
2. Was daar al in die tyd van Paulus 'n anti-Joodse gevoel by mense? Waarom?

## Paulus sluit die tweede sendingreis af (18:18-22)

**18:18.** Paulus hoef hier nie te vlug nie, maar kan rustig nog enige dae vertoef en dan uit eie beweging vertrek. Hy reis per skip na Sirië - dit was in elk geval sy doelwit. Uiteindelik het hy eers in Éfese in Asië aangekom en daarna per skip na Cesaréa - verby Antiochië in Sirië - en vandaar oor land terug na Antiochië gereis. Aquila en Priscilla het saam met hom gegaan en in Éfese agtergebly (26). Dit is nie duidelik wat bedoel word met die gelofte van Paulus en die feit dat hy dan sy hare sny nie. Ons dink dadelik aan die Nasireërsgelofte (Num. 6; Rigt. 13:5; 16:17). Die gelofte kon met sy werk in Korinthe in verband staan. Omdat hy aan die begin probleme ondervind het, het hy moontlik 'n bepaalde gelofte aan die Here gedoen. Ons dink ook aan die verskyning van die Here aan hom (18:9). Dit is egter vreemd dat hy 'n Joodse gelofte aflê in 'n gemeente wat bepaald hoofsaaklik uit voormalige heidene bestaan. Aan die ander kant moet ons in gedagte hou dat die Christendom nog nie eiesoortige godsdiensoefeninge en gebruike ontwikkel het nie. Hulle was nog aangewys op Joodse gebruike - so "vas" gemeentes ook (13:3). Dat hy sy hare afsny, wil dan te kenne gee dat hy dit as dankoffer aan die Here gee. Ons lees egter nêrens dat die Christene, na die opstanding van die Here, nog enige sondoffers gebring het nie. Hulle het besef dat Christus volkome die enige soenoffer gebring het (Hebr. 9:23-26; 10; 14, 18).

**18:19-21.** In Éfese aangekom, waar hy nog nie tevore was nie, laat hy Aquila en Priscilla agterbly. Hier was die setel van die Romeinse goewerneur en die beroemde tempel van Artémis of Diana (19:28) - dus 'n ideale werkterrein vir Paulus. Hy spring aan die werk deur, soos gewoonlik, die sinagoge te besoek (17:2; 18:4). Hier vind iets besonders plaas - die Jode weerstaan hom nie, maar versoek hom om langer te bly. Sy werk word op prys gestel. Dit is egter merkwaardig dat Paulus weier om sendingwerk te doen, ter wille van 'n reis na 'n fees in Jerusalem (20:16). Moontlik het hy verneem dat die apostels in Jerusalem is en wou hy 'n belangrike saak met hulle bespreek - dan gaan dit nie om 'n Joodse fees nie, maar om 'n kerklike vergadering.

Hy beloof egter om weer terug te kom, "as God wil" (Jak. 4:15). Die toekoms is nie in sy hande nie en daarby weet hy nie wat God met hom voor het nie. Vroeër het die Heilige Gees hom verhinder om na Asië, waar Éfese geleë is, te kom (16:6). Hy is nou haastig en haal 'n skip na Cesaréa.

**18:22.** Paulus wou waarskynlik so gou moontlik in Antiochië kom. Hy wou egter ook in Jerusalem aandoen. Daarom gaan hy op om die broeders te groet - waarskynlik in Jerusalem. Hy het uitdruklik sy voorneme uitgespreek om na Jerusalem te gaan (21). Ook na sy eerste sendingreis was hy in Jerusalem (15:2). Cesaréa was ook die hawestad van Jerusalem. Hy sou seker graag in Jerusalem aan die apostels en ander ampsdraers wou vertel van sy seënryke werk in Europa (15:12). Daarna reis hy na Antiochië - die gemeente wat hom as sendeling uitgestuur het.

***Vrae (*18:18-22)**

1. Sou U sê dat dit reg was van Paulus om nog, volgens Joodse gebruik, 'n gelofte te doen (Gal. 4:10)?
2. Waarom was Éfese 'n ideale werkterrein vir Paulus?
3. Het die Jode in Éfese Paulus goedgesind gebly - ook later (19:8, 9)?
4. Wat het Paulus in Antiochië gaan doen, sou u sê?

### *Die begin van Paulus se derde sendingreis (18:23)*

**18:23.** Hy bly 'n tyd lank in Antiochië. Lukas vertel nie hoe lank Paulus daar gebly en wat daar gebeur het nie. Dan vertrek hy weer - hy besoek die gemeentes in Galásië en Frigië wat op die eerste sendingreis ontstaan het (hoofstuk 13, 14). Hy versterk hulle, deur vir hulle te preek.

## Apollos in Éfese en Korinthe (18:24-28)

**18:24.** Lukas onderbreek die verhaal van Paulus om eers te vertel wat intussen in Éfese gebeur het - waarheen Paulus op pad is. Eers stel hy Apollos aan die leser voor (4:36 - waar hy Bárnabas voorstel). Hy was 'n Jood uit Alexandrië, 'n welsprekende man wat die Skrifte goed geken het. Hy was dus bekend met Jode en Grieke en daarby 'n Skrifkenner, soos Paulus. Hy kon met die Skrif werk.

**18:25.** Apollos het onderwys ontvang in die Christelike geloof - deur wie en waar sê Lukas nie. Elke Christen was sendeling (8:4) en hy sou wel by iemand van Christus gehoor het. Dit is egter duidelik dat sy kennis nog nie voldoende was nie - hoewel hy oortuig was van die waarheid van die evangelie. Hy was vurig van gees en kon nie swyg nie - wat hy geweet het, het hy sorgvuldig oorvertel. Blykbaar het hy net geweet van Johannes die Doper as voorloper van die Christus, maar in werklikheid niks of weinig van Christus self - moontlik wel dat Johannes Jesus gedoop het (26). Ons kan aflei dat hy soos Johannes gepreek het van die Christus, maar nie geweet het van sy dood en opstanding en hemelvaart nie.

**18:26.** Toe Apollos in Éfese aankom, begin hy in die sinagoge preek. Waarskynlik kry hy ook geleentheid soos Paulus en Bárnabas (13:15) na die lees van Moses en die profete, om 'n boodskap te lewer. Hy doen dit onbevrees. Toe Priscilla en Aquila hom hoor, het hulle hom huis toe geneem. Lukas noem Priscilla eerste (*Blye Boodskap)* - waarskynlik het sy as vrou dadelik aangevoel dat Apollos nie suiwer preek nie. Hulle sou Apollos in die eerste plek vertel het van Jesus se dood en opstanding. Priscilla en Aquila "ontdek" 'n man met talent wat later 'n beroemde prediker word (1 Kor. 3:4-8). Dit openbaar ook Apollos se beskeidenheid - hy laat hom leer.

**18:27, 28.** Apollos behoort ook aan die groep werkers in die ou kerk, wat as "apostels" van die gemeentes gesien kan word (14:14 - vergelyk aantekeninge daar). Hy tree selfstandig op - selfs teenoor Paulus (1 Kor. 16:12). Hy werk ook selfstandig as sendeling en in Korinthe word hy deur sommige gemeentelede teenoor Paulus afgespeel (1 Kor. 3:3-8).

By Apollos self ontstaan die begeerte om na Achája (Korinthe 19:1) te gaan. Waarskynlik het Aquila en Priscilla 'n hand hierin gehad - hulle het besef dat daar in Korinthe 'n behoefte aan só 'n werker soos Apollos bestaan. Die ander gelowiges moedig hom aan en gee selfs 'n brief van aanbeveling aan Apollos vir die Korinthiërs. In Korinthe was Apollos tot groot hulp vir die gemeente. Hy was ook onderlê en opgewasse teen die aanslae van die Jode en kon hulle in die openbaar weerlê. Die Heilige Gees het hom daartoe bekwaam en vir Priscilla en Aquila goed gebruik. (Uit 1 Kor. 1:21-29 begryp ons iets van die omstandighede van die gemeente.)

***Vrae (*****18:24-28)**

1. Wat is die verskil tussen die geloof van Apollos en die dissipels waarvan ons lees in hoofstuk 19:1-6? (Raadpleeg aantekeninge aldaar).
2. Het 'n "gewone" lidmaat ook die roeping om te waak oor die suiwerheid van die "leer" - al is sy 'n vrou?
3. Waarom was Priscilla in die oë van Paulus 'n besondere en geliefde vrou (Rom. 16:3)? Mag 'n vrou ook 'n "medewerkster" in die gemeente wees?
4. Was Apollos "skuldig" aan die wantoestande in Korinthe (1 Kor. 1: 21-29)?

# HANDELINGE 19

### *Paulus se derde sendingreis voortgesit (19:1-21:16)*

## Paulus in Éfese - hy ontmoet dissipels van Johannes die Doper (19:1-7)

**19:1.** Op die geskiedenis van Apollos volg die verhaal van die volgelinge van Johannes die Doper in Éfese. Die dinge staan eintlik in 'n mate van teëstelling tot die werk van Paulus. Naas Paulus was ook ander mense aan die werk in die heidense stede. Apollos het Johannes die Doper tereg as die *voorloper* van Jesus Christus gesien. Hierdie mense het egter vir Johannes bó Jesus verkies.

Paulus kom in Éfese aan nadat Apollos na Korinthe vertrek het. Later het Paulus vir Apollos in Éfese ontmoet (1 Kor. 16:12), terwyl hy nog steeds daar was. Of Apollos voorheen kontak gehad het met hierdie groepie dissipels van Johannes, weet ons nie. Paulus het al reisende gelowiges besoek en versterk, maar in Éfese begin hy weer met sy eintlike roeping: sendingwerk.

**19:2.** Hier ontmoet hy 'n groepie dissipels, maar hy merk dat hulle 'n bepaalde eie karakter openbaar. Hy kon merk dat hulle wel van Jesus weet, maar hulle kennis blyk gebrekkig te wees - selfs minder as die van Apollos. Vandaar die vraag: "Het julle die Heilige Gees ontvang toe julle gelowig geword het?" Die ontvangs van die Gees is vir Paulus beslissend (Rom. 8:15; 1 Kor. 2:12; Gal. 3:2). Bowe-al is van belang dat Petrus, na die uitstorting van die Gees, die doop en die ontvangs van die Gees ten nouste verbind het (2:38; 8:16; 15:8 - vergelyk ook Joh. 3:5). Waar die Gees nie aanwesig is nie, is die doop onwaaragtig. Die mense het nie eens gehoor dat daar 'n Heilige Gees is nie. Dan het hulle nie goed geluister na Johannes die Doper nie (Matt. 3:11).

**19:3, 4.** L.W. Paulus vra nie: "In Wie se Naam is julle gedoop" nie, maar: "Met watter doop .. .?" Hulle is met die doop van Johannes gedoop (Matt. 3:6). Waarskynlik is hulle nie deur Johannes self nie, maar deur een van sy volgelinge gedoop. Hulle het Johannes se doop losgemaak van sy prediking. Hy het gedoop met die oog op "Hom wat sal kom" (Ps. 118:26). In werklikheid het Johannes self gedoop met die oog op die geloof in Jesus Christus. Sy doop was dus 'n volwaardige en wettige doop in die *Naam* van Jesus Christus - die apostels is nie *oorgedoop* na Pinkster nie. Dat hierdie mense nog nie eens van die Heilige Gees gehoor het nie, beteken dat hulle nie van die werk van Jesus weet nie en Hom nie as die ware Middelaar ken nie. Klaarblyklik het van Johannes se dissipels sy prediking as 'n heilsame werk tot die opbou van die Joodse geloof beskou en dit só voortgesit (Joh. 3:25, 26). Daarom moes hulle nog gedoop word in die Naam van Jesus as die Messias.

**19:5.** Nadat Paulus aan hulle vertel het van Jesus en sy werk en die Heilige Gees, het hulle geglo. Lukas vind dit nie nodig om Paulus se hele prediking te herhaal nie. In 13:16-41 gee hy 'n voorbeeld van 'n preek van Paulus en hy herhaal dit nie elke keer volledig nie. Daarop word hulle gedoop in die Naam van die Here Jesus (vergelyk opmerkinge by 2:38).

**19:6, 7.** Paulus lê hulle die hande op (6:6; 8:17). Daarmee bewys hy dat hy die mense erken as lede van die Christelike kerk. Daarop kom die Heilige Gees op hulle en hulle het in tale begin praat en die boodskap van God verkondig. 'n Nuwe groep word nou by die kerk ingelyf - daarom volg ook hier die teken soos in 8:17; 10:44. Die Here gee self sy seël uit die hemel dat ook hierdie nuwe groep soos die Samaritane en die heidene by die kerk ingelyf is. Daarop noem Lukas die getal - twaalf mense.

***Vrae (*****19:1-7)**

1. Waarom vra Paulus aan die groepie dissipels of hulle die Heilige Gees ontvang het?
2. Waarom het hy hulle weer gedoop? Die doop van Johannes was tog 'n geldige doop?
3. Besondig 'n persoon, wat as kind gedoop is, hom indien hy hom weer laat doop as hy groot is? Is dit nie 'n miskenning van die werk van God wat alreeds aan hom gedoen is nie?
4. Waarom het die Heilige Gees Hom hier in sigbare tekens vertoon?

## Paulus se werk in Éfese word ryklik geseën (19:8-12)

**19:8, 9.** Ook in Éfese sit Paulus sy werk in die sinagoge voort. Hy is immers daartoe uitgenooi (18:19, 20). Vir drie maande lank volhard hy om in die sinagoge met die Jode te redeneer en hulle uit die Skrif te probeer oortuig. Maar, soos voorheen, bly sommige Jode volhard. Hier is dit blykbaar 'n minderheid van die Jode. Paulus gaan eindelik tog weg om 'n ander vergaderplek te kry. Die Jode volhard om van die Weg - dit is Jesus - kwaad te spreek (18:25, 26). Hy vorm die dissipels nou tot 'n eie kring los van die sinagoge. Blykbaar het weinig Jode Paulus gevolg - hulle het eintlik onverskillig gestaan, hoewel net 'n klein groepie inderdaad hulle vyandigheid openbaar het. Nou word hy 'n leraar in die skool van 'n sekere Tirànnus.

**19:10.** Paulus werk vir twee en 'n half jaar rustig in die skool van Tirànnus. Hy was altesaam drie jaar werksaam in Éfese (20:31). Dit was nodig, want die stad was die hoofstad en middelpunt van die provinsie Asië, sodat die evangelie vanuit Éfese deur die hele provinsie versprei is. Jode sowel as Grieke uit die hele Asië het na hom kom luister - hulle het mekaar van sy prediking vertel. Mede deur sy werk is ook die gemeente te Kolosse gestig (Kol. 2:1; 4:13), hoewel Épafras daar in besonder opgetree het.

**19:11, 12.** Hier vind ook baie tekens deur Paulus plaas. Die beskrywing van die wondere herinner duidelik aan wat ons van Jesus (Mark. 6:56) en Petrus (Hand. 5:15) lees. Éfese moes sien wat in Galiléa en Jerusalem gesien is (Mark. 16:17, 18). God gebruik Paulus daartoe, omdat Hy iets besonders voor het met die gemeente in Éfese. Die sentrum van die kerk skuif steeds verder weg van Jerusalem af - eers was dit Antiochië en nou word dit meer en meer Éfese. Later het die apostel Johannes ook in die stad gewerk volgens die oorlewering. Mense bring selfs doeke en voorskote na hom toe en, na aanraking met sy liggaam, word dit op siekes of besetenes gelê en hulle is genees. Dit klink na iets soos 'n magiese krag. Ons moet egter onthou dat God dit op die wyse doen. Aan die ander kant openbaar dit ook die besondere geloof van die mense in Éfese (Mark. 5:28, 34 - vergelyk hierteenoor Mark. 6:5, 6).

***Vrae (*****19:8-12)**

1. Calvyn het in Genéve mense toegerus om in ander lande te werk. Sou u sê dat Paulus dit ook in Éfese gedoen het?
2. Waarom was die werk van Paulus in Éfese vir die latere werk van groot belang?

## Die sewe seuns van Skeva (19:13-20)

**19:13.** Uit Matt. 12:27 en Luk. 11:19 leer ons dat bepaalde Jode alreeds die gawe ontvang het om duiwels uit te dryf. Hier was ook rondtrekkende "duiwelbesweerders" - seuns van 'n sekere Skeva. Hulle het bepaald allerlei metodes gebruik - met hoeveel sukses word nie vertel nie. Toe hulle verneem van Paulus se sukses, besluit hulle om sy metode te probeer en dit is om die Naam van Jesus te gebruik. Hulle hele uitgangspunt is magies en nie geloof in Jesus nie - hulle wil sy Naam as towermiddel gebruik. Dit blyk ook uit wat hulle sê: ". . . die Jesus

wat Paulus verkondig . . ." Hier probeer die duiwel om Jesus se werk af te breek. Maar Jesus het gekom om ook die werk van die duiwel te verbreek (Joh. 3:8).

**19:14.** Die sewe seuns van Skeva kom uit die geslag van die hoëpriester van Israel. Só sit die duiwel sy verset teen Jesus deur die Jode voort. Slaag hy nie met die Bybel nie, dan gebruik hy duiwelbesweerders.

**19:15, 16.** Die bose gees antwoord hulle egter (Mark. 1:24; Luk. 4:41). Die bose gees weet dat hy teen Jesus en Paulus nie bestand is nie, maar teen hierdie manne is hy opgewasse.

Daarop gebruik die bose gees sy slagoffer om die manne aan te val. Besetenes was blykbaar normaalweg sterk (Mark. 5:3 e.v.). Hulle behou wel hul lewe, maar moes wegvlug; gewond en met die klere van hulle liggame afgeskeur.

**19:17.** Die gebeure word in Éfese bekend by die Jode en Grieke (Luk. 5: 26; Hand. 5:11). Die plan van die Satan het die teenoorgestelde uitwerking as waarvoor hy dit wou gebruik. Die duiwel kan nie doen wat hy wil nie - al is sy eie dissipels daarby betrokke. 'n Duiwel laat hom nie deur 'n ander duiwel uitdryf nie (Matt. 12:25, 26). Dat hulle die Naam van die Here Jesus grootgemaak het, beteken nog nie dat hulle in Hom geglo het nie (Dan. 4:37; Matt. 9:33; 15:31). Tog beteken dit 'n sekere eerbied vir die Here Jesus en kom dit sy gemeente en die verkondiging van die evangelie ten goede.

**19:18.** Die gebeure het ook 'n uitwerking op die gelowiges. Dit is mense wat alreeds geglo het. Dit lyk vir ons asof hier nie bedoel word dat hulle self kom bely dat hulle nog towerpraktyke beoefen nie, maar juis die Here bely en die dade van ander towenaars bekend maak - om ook hulle tot bekering te bring. Dan kom dit daarop neer dat die gelowiges die Here prys omdat die Satan in die geval van die seuns van Skeva oorwin is. Uit ons vertaling - ook in *Die Blye Boodskap* - lyk dit asof die gelowiges hulle eie towerpraktyke bekend maak. Grosheide stem egter nie met die vertaling saam nie. Dit is ook logies dat die gelowiges nou met nuwe ywer spreek en die gevolge daarvan in vers 19 beskryf word.

**19:19.** Hier word nie vermeld dat die mense voorheen gelowiges was nie. Toe hulle egter, mede as gevolg van die episode met die seuns van Skeva en die hernude ywer van die gelowiges, tot geloof kom, verbrand hulle hul boeke met towerformules. Boeke was kosbaar - veral towerboeke - en dit beloop die aardigste bedrag van 50 000 dragmés (silwer muntstukke). Een dragmé is die normale dagloon van 'n arbeider (Matt. 20:2).

**19:20.** Die vers herinner aan wat in die eerste gemeente in Jerusalem gebeur het (2:43, 47). Hier is krag en groei deur die woord van die Here (Rom. 1:6; Hebr. 4:12). Hier in die groot stad Éfese het inderdaad iets buitengewoons gebeur - die hele bevolking is voor die Goddelike krag van die evangelie wat Paulus verkondig gestel. Daarom groei die gemeente - baie word gelowig. Dit blyk ook uit verse 24-27.

## Paulus wil vertrek (19:21, 22)

**19:21.** In Éfese verloop sake nou só dat Paulus aan 'n nuwe werkterrein dink. Hier is nou 'n goed gevestigde kerk. Hier was ouderlinge wat oor die gemeente kon waak en hulle bearbei (20:17). Daar is krag en groei - en Paulus is 'n sendeling, wat geroep is om nuwe terreine te ontgin. Voorlopig is hy angstig om Macedónië en Acháje, Korinthe, te besoek. Daarna wou hy na Rome gaan (Rom. 1:9-12). Hy wou egter eers na Jerusalem gaan nadat hy in Acháje was en voordat hy na Rome sou reis. Paulus sou seker nie nou al geweet het dat sy reis presies só deur die Here beplan is nie, maar dat hy in Rome as gevangene sou aankom (28:16).

**19:22.** Hy stuur twee van sy helpers vooruit na Macedónië - Timótheüs en Erástus. Of daar

destyds probleme in Macedónië was, weet ons nie. Blykbaar was dieselfde afvaardiging egter ook in Korinthe - waar wel ernstige probleme was (1 Kor. 4:17). Blykbaar moes die twee helpers ook maatreëls vir die kollekte tref (2 Kor. 8:1, 19; 9:2). Timótheüs is bekend in Macedónië - hy was saam op die tweede sendingreis (16:1-3). Erástus is minder bekend (Rom. 16:23 - die brief aan Rome is in Korinthe geskryf).

***Vrae (*19:13-22)**

1. Kan ons vandag nog praat van mense wat van die duiwel besete is?
2. Wat is die onderskeid tussen Paulus en die seuns van Skeva in die gebruik van die Naam van Jesus?
3. Waarom was Paulus se werk in Éfese so vrugbaar?
4. Wat laat Paulus besluit om uit Éfese te vertrek?

## "Groot is die Diana van die Efesiërs!" (19:23-40)

**19:23.** Nadat Timótheüs en Erástus vertrek het, kom daar 'n opskudding - wat byna 'n oproer genoem kan word - oor die Weg (9:2; 18:25, 26). Een ding is duidelik: die prediking van Paulus het nou algemeen bekend geword in Éfese en die gemeente het al groot invloed in die stad uitgeoefen.

**19:24.** Demétrius, 'n silwersmid, is die hoofpersoon in die stryd teen Paulus - en só ook teen die "Weg". Hy maak silwertempeltjies van Diana of Artémis - die natuurgodin of Astarte van Asië. Sy word afgebeeld as 'n godin met meer as twintig borste - wat blykbaar vrugbaarheid simboliseer. Haar tempel in Éfese is destyds beskou as een van die sewe wonders van die wêreld. Haar diens het met uitspattighede gepaard gegaan - die duiwel het goed geweet hoe om menslike godsdiens en menslike onsedelike drifte saam te voeg. Van heinde en verre het pelgrims na Éfese gestroom om Diana te vereer. Dit bied ook 'n verklaring van die vinnige verspreiding van die evangelie van Jesus vanuit Éfese. Paulus en die ander Christene het ook onder die pelgrims gewerk en hulle het weer die Blye Boodskap saamgedra na hulle woonplekke. Dit is ook waar Demétrius en die ander silwersmede in die gedrang kom met hulle handel in die afgodstempeltjies.

**19:25, 26.** Demétrius roep 'n vergadering van die silwersmede byeen, wat uit die tempeltjies van Diana geld maak. Dit gaan om hulle verdienste - hulle lewenstog. Uit vers 26 blyk duidelik watter krag die evangelie in Asië geword het. Nie alleen die handel met towerspreukboeke is in die gedrang nie (19:18, 19). Paulus se stryd is teen gode wat met hande gemaak is (17:29). Volgens die deursnee heiden is die beeld die god. Die bepaalde beeld het bowendien, volgens hulle, uit die hemel geval (Hebr. 9:11).

**19:27.** Demétrius reken ook op die godsdienssin van die ander silwersmede. Hulle inkomste is die "minste" - die grootste gevaar is dat die diens van Diana tot verval sal kom. Hy dink tog nog eerste aan haar tempel waaruit hulle geld maak, en daarna aan haar eer of majesteit. Sy motief is duidelik, maar sy woorde het indruk gemaak. En dit sal ook indruk maak op die volk wat vir Artémis of Diana vereer. Die tempel staan in Éfese en nou word die inwoners van Éfese ontrou aan 'n godin wat die hele wêreld vereer. Pelgrims kom van ver af.

**19:28.** Die manne is oortuig - of dit nou hulle geldelike inkomste of godsdienssin is wat geraak is - en hulle storm die straat in en begin skreeu: "Groot is Artémis (Diana) van die Efesiërs! " Hulle geskreeu is alleen gerig op die godsdienssin van die volk - hulle eie wins of verlies verswyg hulle wyslik.

**19:29.** Hulle geskreeu veroorsaak 'n toeloop van mense en uiteindelik 'n verwarrende oploop deur die hele stad. Hulle storm soos één man na die amfiteater - die plek waar die

volksvergadering wat die stad se sake bestuur, gewoonlik vergader. Hulle sleep twee manne saam - Gájus en Aristárchus - geen Jode nie, maar Macedóniese helpers van Paulus. Hulle is in elk geval buitelanders wat die roem van Artémis in die gedrang bring. Gájus kan ons nie maklik identifiseer nie. Aristárchus is seker die medereisiger van Paulus (20:4; 27:2). Hy was ook later 'n medegevangene van Paulus (Kol. 4:10; Filem. 24). Moontlik het hulle die huis waar Paulus tuis was, binnegegaan en die manne daar gekry, terwyl Paulus self nie tuis was nie. Paulus is vir hulle die eintlike skuldige (26).

**19:30.** Op die een of ander manier hoor Paulus self wat gaande is - hy hoor ook wat die oorsaak van die betoging is. Hy is nie bang nie en wou met die menigte praat. Die gelowiges keer hom egter - hulle besef dat hy met die opgesweepte menigte niks sou bereik nie en homself net in gevaar stel.

**19:31.** Paulus het selfs vriende onder die hoë amptenare van Asië - dit is 'n groep leiers wat blykbaar verantwoordelik is vir die keiserverering. Moontlik was hierdie "vriende" self ook Christene, hoewel dit onwaarskynlik was dat hulle dan nog "Asiarge" genoem sou word. Hulle het egter agting vir Paulus en stuur 'n boodskap aan hom om van die amfiteater af weg te bly. Paulus luister na die raad en bly weg.

**19:32.** Hier is sprake van die "vergadering" wat die gewone aanduiding van die volksvergadering is wat die stad se sake reël. Weens die verwarring weet die meeste van hulle nie eens waarom dit alles gaan nie.

**19:33.** Hier is nou die eerste keer sprake van die Jode. Ook hulle haat die Christene en wil nou handig van die geleentheid gebruik maak (17:5; 19:9). Hulle gee nie om met wie hulle saamspan teen die gehate Jesus nie. Die Jode stoot 'n sekere Alexander na vore (2 Tim. 4:14). Hy was blykbaar ook gemoeid met die ambagslui van Demétrius. Alexander tree op soos 'n egte redenaar en wink die volk tot stilte - hy wou blykbaar die optrede van die volk aan die owerheid verduidelik of verdedig.

**19:34.** Die menigte merk egter dat hy 'n Jood is en skreeu hom tot stilte. Hy het immers niks te sê waar dit gaan om die diens van Artémis - die godin van Éfese nie. Vir twee uur lank hou die rumoer aan en die uitroep word herhaaldelik gehoor.

**19:35.** Die "stadsklerk" - die Griekse woord dui eintlik net aan dat hy 'n hooggeplaaste amptenaar is. Hy lei beide die senaat en die volksvergadering. Hy bring die skare tot stilte. Dan spreek hy hulle besonder taktvol toe. Almal weet die dinge - ook dat die beeld van Artémis uit die hemel geval het - eintlik: dit kom van Zeus, hulle hoogste god, af. (Miskien het 'n meteoriet in die omgewing geval en het die mite só ontstaan. Meer voorbeelde daarvan is uit die ou tyd bekend.)

**19:36.** Dit kan nie weerspreek word nie. Weet die man dan nie dat Paulus dit juis weerspreek nie? Miskien wel, maar sy eerste taak is om die volk tot rus te bring en waarskynlik het hy nie sin daarin om nou geweld te gebruik nie. Moontlik was hy Paulus selfs goedgesind, want die Christene was altyd voorbeeldige burgers (Rom. 13:1-7).

**19:37.** Die twee manne, Gájus en Aristárchus (29), was nie tempelrowers nie en het ook nie die godin belaster nie. Hy verswyg egter dat hulle iets veel erger as dit gedoen het - hulle ontken die bestaan van die godin en ag dit groot sonde om haar te vereer. Daarvan sê hy egter niks, want hy wil rus in die stad hê.

**19:38.** Die stadsklerk weet teen die tyd dat Demétrius en sy ambagsmanne die eintlike onrusstokers is. Vir hulle wys hy die ordelike weg aan. Daar is gereelde geregsdae om sake by die hof aanhangig te maak (18:12). Soos Gállio trek die stadsklerk hom weinig van die saak van die ambagsmanne aan (18:14-16).

**19:39.** Nou volg 'n woord tot die vergaderde menigte. Behalwe regsake mag daar nog ander openbare kwessies wees wat die volk ontstel. Dit kan voor die wettige volksvergadering gelê word - hierdie vergadering is derhalwe nie wettig nie.

**19:40.** Die volk moet onthou dat die stadsvaders aan die Romeinse owerheid verantwoording verskuldig is. Hulle geniet wel heelwat vryheid van optrede in hul eie sake, maar daar is perke. Selfs die vryheid kan in gedrang kom as gevolg van "vandag" se oproer. (Joh. 11:48). Die goewerneur kan daarvan hoor en met sy soldate toeslaan. Selfs al sou hulle goeie gronde daartoe kan aanvoer, is dit geen uitgemaakte saak dat die goewerneur dit sal aanvaar nie. "Oploop" - die Griekse woord hou iets van 'n *komplot* in (23:12). Dan ontbind hy die vergadering min of meer offisieel en almal gaan huis toe.

***Vrae (*****19:23-40)**

1. Was die tempel van die godin Diana in Éfese ook van belang vir die uitbreiding van die koninkryk van God?
2. Kan Christene ook soms hulle godsdiens vir eie gewin aanwend?
3. In watter opsig was Demétrius oneerlik?

# HANDELINGE 20

***Derde Sendingreis voortgesit***

## Paulus na Griekeland en op pad terug (20:1-6)

**20:1.** Die oproer is verby. Paulus het nie nodig om te vlug nie, maar hy voer nou sy voorneme uit (19:21). Hy neem rustig afskeid van die gemeente. Hy sou ook eers bepaalde sake wou reël, wanneer dit weer rustig is. Hy laat dissipels na hom toe kom, waarskynlik die ouderlinge en ander leiers - sendinghelpers en leraars. Miskien het hy selfs uit gemeentes van die omgewing ook leiers na hom ontbied. Hy het hulle moed ingepraat of vermaan, want hy kon die dreigende gevare sien. Sy vertrek is geen neerlaag vir die evangelie nie - hy vertrek, maar Christus bly (14:21, 22). Ook uit sy briewe blyk steeds dat Paulus baie besorg oor die gemeentes was. Hy het in elk geval vroeër vertrek as wat hy van plan was (1 Kor. 16:8- vergelyk Hand. 20:16).

**20:2.** Hy reis die streke van Macedónië deur - moontlik Filippi, Thessalonika en Beréa - maar hy is haastig. Hy bly egter getrou aan sy roeping - hy bemoedig hulle met baie woorde. In die tyd van dreigende vervolging het hulle dit altyd nodig gehad. By die vorige geleentheid wat hy daar was, was hy feitlik elke keer verplig om die stede noodgedwonge te verlaat (16:39, 40; 17:10; 17: 13, 14). Hy doen egter nie nuwe sendingwerk nie. Hier het hy die tweede brief aan die Korinthiërs geskryf nadat hy goeie berigte van die gemeente van Titus ontvang het (2 Kor. 7:6, 7). Lukas meld alleen dat hy in Griekeland aangekom het - dit moes Korinthe gewees het (2 Kor. 1:15, 16, 23; 13:1, 10).

**20:3.** Hier bly hy drie maande - seker die hele tyd in Korinthe. Daar was baie probleme, maar hy het blykbaar rustig gewerk en kon selfs hier die brief aan Rome skryf. Toe hy alreeds van plan was om te vertrek, span die Jode teen hom saam. Hulle kon nie vergeet hoe hulle verneder is toe Paulus vroeër in Korinthe was nie (18:12-16). Hy was van plan om direk na Sirië (Antiochië) te gaan, maar die plan van die Jode veroorsaak klaarblyklik dat hy liewer oor land deur Macedónië reis. Dit is 'n terug*reis* en hy dink nie aan werk nie.

**20:4.** Saam met hom uit Korinthe en Macedónië reis 'n sewetal manne, wat almal by die naam genoem word. Erástus (19:22) het blykbaar in Korinthe agtergebly (Rom. 16:23). Van Tichikus lees ons meer (Ef. 6:21; Kol. 4:7; Tit. 3:12; 2 Tim. 4:12). Hy was duidelik 'n vaste medewerker van Paulus. Waarom reis soveel manne saam met Paulus? Moontlik het hulle die kollekte oorgebring (24:17; Rom. 15:25; 2 Kor. 8:18). Die kollekte is bedoel vir die verarmde gemeente in Jerusalem. Dit kan wees dat dit 'n veiligheidsmaatreël was. Dit lyk ook asof Paulus die reis oor 'n sonderlinge roete volg, moontlik om die vyandige Jode te ontwyk.

**20:5.** Die reisgenote gaan vooruit vanaf Filippi - blykbaar met die gedagte dat dit minder opvallend sou wees indien Paulus alleen reis. Hulle sou in Troas op hom wag, waar Paulus vroeër reeds gewerk het (2 Kor. 2:12 e.v.). Uit die vervolg blyk dat daar 'n gemeente was. Let daarop dat Lukas skryf: "en in Troas op *ons* gewag". Hieruit kan ons aflei dat Lukas sedert die tweede sendingreis nog altyd in Filippi gewerk het, want daar het hy laas van "ons" gepraat (16:17). Nou sluit hy weer by Paulus aan en reis saam na Jerusalem.

**20:6.** Na die viering van die Paasfees vertrek Paulus en Lukas na Troas. Dit is nie duidelik of Paulus self die Paasfees gevier het nie - dit mag bloot 'n tydsaanduiding wees. Die apostel bly sewe dae in Troas (19:21- Paulus is duidelik vertraag in Korinthe).

***Vrae (*20:1-6)**

1. Is u ook, soos Paulus, besorgd oor die werk van die Here? Waarom moet ons altyd besorgd wees (*Kategismus* Sondag 52:127)?
2. Waarom was Paulus in besonder besorgd oor die gemeente in Korinthe?
3. Hoe blyk die waarheid uit Paulus se lewe dat hy opreg soos die duiwe en versigtig soos die slange is? Is u dit ook?

## 'n Sondag in Troas (20:7-12)

**20:7.** Paulus is haastig en tog vertoef hy sewe dae hier in Troas. Dan lees ons dat hulle op die eerste dag van die week - dit is Sondag - bymekaar kom om brood te breek en die volgende dag vertrek Paulus. Die hele gemeente kom saam om Nagmaal te vier (2:42, 46). Blykbaar het Paulus spesiaal vir sewe dae gewag vir die geleentheid om Sondag saam met die gemeente Nagmaal te vier. Dit is wel 'n sterk aanduiding dat - altans by die voormalige heidene - die opstandingsdag van Christus vir hulle die "dag van die Here" (Openb. 1:10) geword het. Opmerklik is ook Paulus se opdrag in verband met die kollektes (1 Kor. 16:1, 2) - dit moet ook op die "eerste dag van die week" opsygesit word, klaarblyklik wanneer die gemeente saam is vir die erediens.

Paulus spreek die gemeente ook toe - of hou besprekinge (17:2). Hulle hou aan tot middernag omdat hy die volgende dag wou vertrek.

**20:8-10.** Daar was baie lampe, wat die vertrek bedompig en warm gemaak het. 'n Jong man met die naam Eútichus sit, vanweë gebrek aan ruimte of die warmte, op die vensterbank. Hy word oorval deur die slaap en val by die venster uit. Paulus se lang gesprek was vir hom te veel. Hy val van die derde verdieping af - dit was derhalwe 'n groot huis. Hy word as dood opgetel. Vanselfsprekend is daar 'n opskudding en selfs 'n gejammer. Paulus gaan na onder en strek hom uit op die jong man, asof hy só deur sy eie liggaam weer lewe aan die jong man wil gee (1 Kon. 17:2; 2 Kon. 4:34). Hy slaan ook sy arms om hom en spreek dan die gemeente aan (vergelyk Matt. 9:23-25; Mark. 5:39). Sy lewe is weer in hom. Ook uit **vers 12** blyk dat hy dood was en weer lewendig geword het. Die kerk in Troas het 'n besondere wonder nodig gehad tot hulle troos.

**20:11.** Paulus gaan weer boontoe en gaan voort met 'n Nagmaalsbediening. Hy gebruik self die sakrament. Daarna begin hy weer praat tot dagbreek - toe vertrek hy. Hieruit blyk duidelik Paulus se ywer vir die saak van die Here. Moontlik het hy ook hier laat deurskemer dat hulle hom nie weer sou sien nie (20:25, 38). Daarom het hy dwarsdeur die nag gepraat.

***Vrae (*20:7-12)**

1. Waarom vertoef Paulus, hoewel hy haastig is, sewe dae in Troas?
2. Preek u predikant te lank? Waarom?
3. Waarom kon die gemeente dwarsdeur die nag na Paulus luister?

## Paulus is haastig om in Jerusalem te kom (20:13-16)

**20:13.** Lukas en die ander reisgenote (20:4) reis per skip vooruit na Assus. Paulus gaan alleen te voet oor land, blykbaar weer om 'n moontlike aanslag van die Jode te vermy. Hy weet dat die Here sy weg in 'n bepaalde koers lei, maar dat sy taak nog nie afgehandel is nie - die Here het nog werk vir hom. Daarom stel hy homself nie onnodig in gevaar nie. Hy stap dus alleen oor die 40 km na Assus. Hy is op sy hoede - die wonder in Troas het opnuut die aandag op hom gevestig.

**20:14-16.** By Assus gaan hy aan boord saam met die ander manne en hulle vaar na Mitiléne. Etlike plekke word nog genoem waar hul verbyvaar of aandoen, maar eers by Miléte gaan Paulus weer aan land. Hy wou nie in Asië (Éfese) oorbly nie. Hy wil nie vertoef nie, omdat hy graag met die Pinksterfees in Jerusalem wil wees. Dit gaan nie om die Joodse Pinksterfees nie, maar hy wil met die apostels en gemeente oor sy werk, vooruitsigte, besware en seëninge praat (21:19 e.v.; 15:4). Met Pinkster verwag hy blykbaar heelwat van die leiers in Jerusalem. Dit is asof hy ook, soos sy Meester, gevare op pad ontwyk, omdat hy in Jerusalem gevange geneem moes word. Soos Jesus is hy ook haastig om daar te kom, toe sy uur gekom het (Joh. 13:27; Mark. 10:32-34; Matt. 23:37; Luk. 13:32). Jesus se "profeet" Paulus, moes in Jerusalem gevange geneem word. Hy reis doelbewus daarheen, omdat hy dit verwag (20:22, 23).

***Vrae (*20:13-16)**

1. Waarom is Paulus haastig?
2. Wat bedoel Jesus wanneer Hy sê: "Werk so lank dit dag is"? Pas Paulus dit toe? En u?
3. Het Paulus die Here nie versoek deur homself moedswillig in gevaar te stel nie?

## Paulus laat die ouderlinge van Éfese kom (20:17)

**20:17.** Die skip sou seker 'n aantal dae in Miléte moes vertoef en Paulus gryp die geleentheid aan om haastig 'n boodskap na Éfese te stuur, dat die ouderlinge hom daar moet kom sien. Daar was dus ouderlinge in Éfese en ons kry hier uit Paulus se toespraak 'n duidelike begrip van wat die ouderlinge se roeping in 'n gemeente is. Daarom is dit uiters belangrik. Sedert die begin van sy sendingwerk het Paulus gesorg dat daar in elke gemeente ouderlinge is (14:23). Hulle is ook ouderlinge van die *gemeente (*Grieks: *ekklesia)* of *kerk* van Éfese. Paulus het in sy sendbriewe, wat in hierdie tyd geskryf is, nog nie die woord "presbiter" vir ouderlinge gebruik nie. Lukas gebruik dit hier, soos dit later gebruiklik was toe hy die boek Handelinge geskryf het.

## Paulus roep sy eie optrede in Éfese in herinnering (20:18-21)

**20:18.** Dat die ouderlinge dadelik gekom het - moontlik onder moeilike werksomstandighede - sê baie vir hulle liefde en ontsag vir Paulus, en vir die werk van die Here.

Dan spreek Paulus die ouderlinge toe. Hy gaan uit van wat die ouderlinge weet (1 Thess. 1:5). Sy eie optrede en werk het 'n bepaalde eie karakter gedra. Hy het hom van begin tot einde ten volle vir sy taak gegee - nie alleen in Éfese nie, maar in die hele Asië, wat vanuit Éfese bearbei is. Hy het egter self ook die hele Asië deurreis (19:1; 20:1). Ook in 1 Kor. 3:15-27 praat hy van die karakter van sy eie werk. Dit gaan om sy eie gedrag, waaruit blyk dat hy sy werk steeds in dieselfde gesindheid doen. Hiervan is die ouderlinge getuies.

**20:19.** Paulus het die Here gedien - hy was sy dienskneg (*doulos*, wat eintlik beteken: *slaaf* - Rom. 1:1; 12:11). 'n Slaaf van die Here is nederig (Ef. 4:2). Dit is 'n heel besondere "slawediens" - in beskeidenheid, ootmoed, maar ook met gewilligheid. 'n Slaaf van Christus is van die Satan en ook van homself verlos - daarom is dit sy *vryheid* om die Here te mag dien.

Dan verwys hy na die aanslae van die Jode - dit het vir hom trane en beproewinge beteken. In werklikheid was die teëstand en haat van die Jode die grootste belemmering vir sy werk (7:52). 20:20, 21. Let op sy sekerheid: hy het niks teruggehou nie. Hy het nie alleen homself ten volle gegee nie - ook die evangelie het hy ten volle deurgegee (20:27). As sendeling het hy hulle die ware evangelie gebring en as leraar en herder - in die openbaar en in die huise -

het hy hulle onderrig of geleer.

Formeel het hy alles gedoen wat van hom verwag word. Hy het egter ook altyd kragtig getuig teenoor Jode sowel as Grieke om hulle te bekeer tot God en die geloof in die Here Jesus Christus (Matt. 28:19; Hand. 1:8; 2:40; 8:25; 10:42). Dit gaan om bekering tot God - deur die Grieke - en tot Christus deur die Jode en Grieke (24:24; 26:18; Kol. 2:5).

## Paulus se toekomsblik (20:22-25)

**20:22-23.** Paulus is nie alleen 'n slaaf van Jesus Christus nie, hy is ook *gebind deur die Gees.* Die Heilige Gees verplig hom om na Jerusalem te gaan (16:6, 7). Watter dinge vir hom wag, weet hy nog nie, maar die Here is duidelik besig om hom daarop voor te berei. Sy eie voorneme (19:21) word nou duidelik die bestiering van die Heilige Gees. Die Gees getuig kragtig dat boeie en verdrukking op hom wag (26:29).

**20:24.** Wat 'n mooi geloofsbelydenis van Paulus! Hy sien op Jesus Christus (Hebr. 12:2, 6, 7). Hy het sy lewe reeds verloor en is in Christus behoue (Matt. 16:25; Gal. 2:20). Vir homself is sy eie lewe nie kosbaar nie - die saak waarom dit gaan, is waartoe die Here hom nodig het (15:26; 21:13; 1 Thess. 2:8). Hy wil graag met blydskap sy loopbaan op aarde beëindig (2 Tim. 4:7; 2Kor.5:18).

**20:25.** Paulus is nou sterk met homself en sy dierbare gemeentes besig. Hy neem finaal afskeid - hy weet dat almal wat hy bearbei het hom nie weer sal sien nie. Tog was hy blykbaar later weer in Éfese (1 Tim. 1:3; 2 Tim. 4:20 - Miléte is die plek waar hy juis nou met die manne uit Éfese praat). Hy sien egter nie verder as verdrukking en boeie nie - meer het die Gees nie aan hom bekend gemaak nie. Dat hy weer losgelaat sou word, is nie aan hom bekend gemaak nie. Hy sou in elk geval vir 'n tyd gebonde wees en baie van hulle sou hom nooit weer sien nie.

## Paulus vermaan die ouderlinge (20:26-32)

**20:26.** Paulus het sy persoonlike verantwoording teenoor die gemeente ten volle vervul (Eseg. 33:7-9; Hand. 18:6; 1 Thess. 2:10). Groot is die verantwoordelikheid van elke ampsdraer. Hy weet God het hom gebruik en hy is rein van die bloed van "almal" - hier dink hy duidelik aan sy hele bediening, en nie alleen aan sy werk in Éfese nie.

**20:27.** Hy herhaal wat alreeds in vers 25 gesê is. "Raad van God" sien hier op al die heil wat in Christus geopenbaar is - God se "vrederaad" met die mens (Kol. 1:20). God gee sekerheid van die heil in die verkondiging daarvan, maar die prediking kom ook tot bepaalde mense, wat hulle daaroor voor God sal moet verantwoord (Eseg. 33:7-9).

**20:28.** Nou kom hy tot die amptelike roeping van die ouderlinge. Dit is die roeping van alle ouderlinge van alle tye. Allereers: "let op julleself" (1 Pet. 5:1-3: Tit. 1:5-9; 1 Kor. 4:2). Maar hulle moet ook toesig hou oor die hele gemeente - hulle is herders van die kudde en moet op Jesus sien (Joh. 10:11-13). Waarom is hulle roeping so ernstig? 1. Omdat hulle deur die Heilige Gees as opsieners aangestel is. 2. Omdat hulle die gemeente van God moet versorg wat Hy deur sy eie bloed verkry het (Joh. 21:16; 1 Pet. 5:2). Hier sê Paulus duidelik dat Christus God is (Rom. 9:5).

**20:29.** Weer sê hy: "ek weet" (22, 25, 26). Hy is ten volle oortuig. Blykbaar is die ouderlinge nie so oortuig daarvan nie en het reeds agtelosig begin word (1 Tim. 4:1; Matt. 24:4, 24; 2 Pet. 2:1). Die dwaalleer kom sonder dat die gemeente dit bemerk en tog is die dwaalleraars wolwe (Matt. 7:15; 10:16; Joh. 10:12). Paulus dink hier by sy "vertrek" aan sy dood (Matt. 24:4 e.v.; 1 Tim. 4:1).

**20:30.** Die wolwe sal nie alleen van buite af insypel nie. Hulle sal uit die kerk self kom - dit is veel erger as die vyand van buite (1 Joh. 2:18, 19). "Verkeerde dinge" is eintlik in Grieks "deurmekaargedraaide dinge" - die vermenging van die leuen en die waarheid. Juis só is baie mense verlei - en word nog steeds verlei. Dit lyk mooi, maar is verderflik. Hulle bedoeling is om die gemeente van Christus los te ruk (Gal. 4:17; 1 Tim. 1:19, 20; 2 Tim. 1:15; 2 Tim. 3:9; Openb. 2:2). So was daar al in die Bybelse tyd volop voorbeelde van dwaalleraars - in ons tyd is dit veel erger.

**20:31.**Waak! Dit is die herhaalde bevel van die Skrif (Matt. 24:42). Dit beteken dat jy jou nie deur te slaap moet laat oorval nie. 'n Opsiener of ouderling staan op wag en 'n wag mag nie slaap nie. "Doen soos ek gedoen het, " sê Paulus (20:18-21).

**20:32.** Wat kan Paulus nog doen? Hy gaan weg en moontlik sy dood tegemoet. Hy kan nog baie doen. *Hy dra hulle op aan God en die woord van sy genade (*14:3, 23). Dit is die beste wat enigeen by 'n afskeid kan doen - ook 'n sterwende vader of moeder. Die woord van sy genade is nie 'n dooie woord nie - Christus werk daardeur (Hebr. 4:12). Dit besit mag (Rom. 1:16; 1 Thess. 2:12). Dit bou op (2 Tim. 3:16, 17). Waar die Woord spreek en mense gelowig daarna luister, gebeur iets - wonders en krag. Dit is hulle erfdeel - die beste erfenis wat 'n mens aan jou kind kan nalaat. Die erfdeel besit ons nou alreeds - ons leef uit ons erfenis: "die woord van God se genade". Dit is nie alleen die erfdeel van die ouderlinge nie, maar van al die "heiliges". Die erfenis van die Woord is nie verbonde aan die amp nie maar aan die Christen - elkeen wat glo.

Die gemeente lei dus eintlik nie skade dat Paulus weggaan nie, want hulle behou die rykdom van die Woord van God, wat magtig is om te troos en te vermaan.

**20:33, 34.** Ook hier kom Paulus weer terug op wat hy alreeds aangeroer het (18 e.v. sy voorbeeld). Hy het steeds daarop gestaan dat hy self in sy daaglikse onderhoud voorsien (1 Kor. 9:18). Hy kom nou juis van Korinthe waar hy beskuldig is dat hy voordeel sou trek uit sy prediking (2 Kor. 12:14-18). Moontlik was daar ook persone in Éfese - miskien die vyandige Jode - wat hom daarvan beskuldig het. Daarom stel hy dit hier só sterk dat hy van niemand iets verwag het nie, maar deur sy eie handearbeid in sy behoeftes voorsien het. Hy het selfs deur sy hande ook vir sy metgeselle gesorg (1 Kor. 4:12). Hy wys sy hande waarop die spore van sy handearbeid gesien sou kon word.

Dat Paulus wel onderhoud aanvaar het, blyk uit (Filip. 4:15, 16). Hy het nie alle vriendskap afgewys nie - dit sou ook verkeerd gewees het.

**20:35.** Hy het dit gedoen om 'n voorbeeld te stel - ter wille van die swakkes (1 Thess. 4:11). Die ouderlinge moet sy hele voorbeeld navolg - hulle moet waak oor die gemeente, maar ook getrou wees in hul daaglikse werk en veral dink aan die behoeftiges. Die heidendom tree hard en wreed teen 'n arme en behoeftige op. Christus leer egter anders. Dit is moontlik dat die ouderlinge van Éfese in die opsig hulle roeping nog nie goed begryp nie. Bedink wat Christus self gesê het - vir Paulus is dit die hoogste gesag. Hierdie uitspraak van Christus kom in ons Evangelies nie voor nie. Dit is alleen hier opgeteken deur Lukas uit die mond van Paulus. Ons hoef egter nie daaraan te twyfel dat Christus dit gesê het nie - destyds het die Nuwe Testament nog nie bestaan soos ons dit ken nie en Christus se uitsprake is mondeling oorvertel. "Dit is saliger om te gee as om te ontvang." Die gewer geniet God se guns op grond van sy genade - en dit beteken veel meer as die besit van aardse skatte (Matt. 16:26).

## Die droewige afskeid (20:36-38)

**20:36.** Paulus se rede word met 'n hoogtepunt afgesluit - 'n woord van die Here Jesus. Hy het niks meer te sê nie. Ons kan aanneem dat Paulus ook nou die voorbeeld stel en neerkniel en

die ander sy voorbeeld volg. Deur te kniel, openbaar 'n mens jou kleinheid en nederigheid voor God. Hulle kniel saam en bid saam - Paulus vir die ouderlinge en hulle vir hom.

**20:37, 38.** Om te ween, is by die Oosterling nie vreemd nie. Hulle gee uiting aan hulle emosies en groet Paulus ook deur hom te soen, omdat hulle hom liefhet as hulle geestelike vader (Rom. 16:16).

In vers 38 word die groot rede vir hulle droefheid genoem. Vir Paulus was daar groot liefde van die kant van die ouderlinge. Hier vind ons 'n antwoord op uitsprake soos die in (1 Kor. 4:14; Gal. 4:19; 1 Thess. 2:8, 11). Paulus se groot liefde vir die gemeente is ook beantwoord. Dan doen hulle die laaste wat hulle vir hom kon doen - hulle begelei hom na die skip.

***Vrae (*****20:17-38)**

1. Hoe, sê Paulus, het hy die Here in Éfese gedien?
2. Is Paulus nie hier besig om op sy eie beuel te blaas nie?
3. Verkondig u predikant ook die "volle raad van God" - al maak dit u soms seer?
4. Waarom *moet* hy na Jerusalem gaan?
5. Waarom is sy eie lewe vir hom nie kosbaar nie? Is u lewe nie die kosbaarste wat u besit nie?
6. Is u seker van u geloof, soos Paulus?
7. Gee 'n opsomming van die amp van die ouderlinge, soos dit uit die gedeelte blyk.
8. Is daar altyd "wolwe" onder die kudde?
9. Wat kan 'n ouer altyd vir sy kind doen, al kan hy hom of haar nie bereik nie?

# HANDELINGE 21

### *Derde Sendingreis voortgesit*

## Paulus doen by Tirus en Ptolemáis aan (Hand. 21:1-8)

**21:1-3.** Lukas laat verstaan dat die afskeid van die ouderlinge van Éfese moeilik was. Hulle moes hulle losskeur - die ouderlinge wou hulle verhinder om te gaan. Dan gaan die reis by verskeie eilande en hawens verby tot by Tirus, waar die skip sy vrag sou aflaai.

**21:4-6.** In Tirus kry hulle 'n Christelike gemeente. Hoe die gemeente ontstaan het, is onbekend - dink aan 11:19, waar ook Fenicië genoem word. Dit is die landstreek waarin Tirus geleë is (15:3, 41). By die Christene bly hy sewe dae - waarskynlik wag hy op 'n skip wat verder sou gaan. "Deur die Gees" het die mense - blykbaar deur 'n profeet - Paulus versoek om nie na Jerusalem te gaan nie. Hulle was dus ook bewus van die gevare wat op hom wag - hoewel hulle hom nie wou dwing om daar weg te bly nie. Vir Paulus beteken dit dat hy hom deeglik rekenskap moes gee of hy gewillig is om die pad te loop waarlangs die Gees hom lei. Die Here is besig om sy geloof te beproef. Volgens die uitdrukking waarby die sewe dae vermeld word, lyk dit tog of Paulus nie alleen op die skip gewag het nie, maar hom 'n taak gestel het wat in die tyd in Tirus afgehandel is. (20:6, 7). Toe hy vertrek, vergesel die hele groep Christene hom - selfs die vroue en kinders. Hulle kniel op die strand en bid - daarna gaan Paulus en sy geselskap aan boord. Die erns van die reis van Paulus gryp hom en die andere só aan dat telkens spesifiek verwys word na die gebede (20:36).

**21:7.** Lukas vermeld nog dat hulle één dag by die gelowiges in Ptolemáis gebly het, toe die skip daar aangedoen het. Eintlik het hulle hierdie gelowiges net gegroet - meer kon hulle daar nie doen nie. Dan vertrek hulle na Cesaréa.

***Vrae (*21:1-7)**

l. Waarom laat die Here Paulus so dikwels vooraf weet dat vir hom boeie in Jerusalem wag?

2. Sou u aan iemand met 'n ongeneeslike kwaal, sê dat hy gewis op pad is na die dood?

3. Hou ons spontaan genoeg gebedsbyeenkomste (5)?

## Paulus in Cesaréa (21:8-15)

**21:8, 9.** In Cesaréa aangekom, is hulle nou in die land Palestina - selfs al in Judéa (10:1). Ons verneem dat Filippus, een van die eerste sewe diakens (6:5) en die evangelis van Samaria (Hand. 8), nog leef. Paulus gaan by hom tuis. Filippus het vier ongetroude dogters wat die profetiese gawe gehad het. Waarskynlik het hulle ook vir Paulus gesê wat hom in Jerusalem te wagte was. Dit is in elk geval merkwaardig dat die Here hier ook vroue gebruik om sy wil aan die gemeente bekend te maak - so gaan in vervulling wat Joël geprofeteer het (2:17; 1 Kor. 11:5).

**21:10-12.** Hier het Paulus en sy geselskap so lank moontlik gebly - Jerusalem is immers nou nie ver nie en hulle wou blykbaar nie lank voor Pinkster daar aankom nie. Toe kom Agabus (11:28) daar aan - 'n profeet. Hy kom van Judéa af, blykbaar met die opset om Paulus te kom waarsku. Hy doen dit deur 'n simboliese handeling (Jes. 20:2; Jer. 19; 27:2; Eseg. 4:12). Sy voorstelling moes krag verleen aan wat hy sê. Hy sê duidelik wat met Paulus in Jerusalem sal gebeur - hy sal deur die Jode gebind en aan die heidene oorgelewer word.

Nou probeer almal teenwoordig - ook Lukas en die ander reisgenote - om Paulus te oorreed om van Jerusalem weg te bly. 'n Mens dink onwillekeurig aan Matt. 16:22 - ook hier staan

Paulus soos Jesus, voor 'n versoeking van die Satan om af te wyk van die weg waarop die Here hom stuur.

**21:13.** Paulus bly sterk en vermaan hulle. Hulle maak sy hart week of slap en ontneem aan hom sy krag en moed. "Ek is bereid . . ." laat 'n mens dink aan Petrus (Joh. 13:37). Die verskil is dat Petrus geval het, maar Paulus sy woord gestand gedoen het. Gelukkig kon Petrus dit nou ook doen - ná Christus se opstanding en die uitstorting van die Gees (1:8). Paulus bly getrou (Fil. 1:12-14). Hy weet hy het werk op die pad van lyding.

**21:14.** Toe Paulus by sy oortuiging bly, lê die vriende hul daarby neer (11-18; Rut 1:18). Hulle glo nou dat dit die wil van die Here is (Luk. 22:42).

**21:15.** Nou maak hulle klaar om na Jerusalem te gaan. Moontlik moes hulle voorsorg maak vir Paulus se onderhoud. Hulle het ook nog die kollekte vir die gemeente in Jerusalem wat hulle moes afdra. Paulus se reisgenote gaan saam - ook hulle is nie afgeskrik nie - al sou ook vir hulle boeie en verdrukking wag.

***Vrae (*21:8-15)**

1. Mag vroue saampraat uit die Bybel en selfs leiding gee?
2. Het die Christene in Cesaréa reg teenoor Paulus opgetree? Wat sou u doen onder sulke omstandighede?
3. Waarom kon Paulus sê dat hy bereid is om vir Christus te sterf ? Kan u dit sê?

## *Paulus kom in Jerusalem aan (21:16-26)*

**21:16.** Die geselskap word nou selfs groter - ook 'n aantal dissipels uit Cesaréa reis saam met Paulus. Hulle sou Joodse Christene wees, wat ook met Pinkster in Jerusalem wil wees en, hoewel hulle nie deur Paulus se prediking Christene geword het nie, voeg hulle hul nou by hom. Hulle is eensgesind met hom en sy werk. Die kerk uit die Jode en heidene kom dus saam in Jerusalem aan (Gal. 3:26-29). Hulle gaan tuis by 'n sekere Mnason afkomstig uit Ciprus, wat nou in Jerusalem woon. Uit die verband lyk dit asof dit moeilik was om losies te kry. Jerusalem is oorvol vanweë die fees.

**21:17.** In Jerusalem was daar weer 'n ordelike gemeente. Die "broeders" sien op leiers of ouderlinge. Hulle ontvang Paulus hartlik. Hulle het waarskynlik eers teen die aand daar aangekom.

**21:18.** Die volgende dag is eintlik die formele ontvangs, toe Paulus hom by Jakobus aanmeld (Gal. 2:9). Daar was al die ouderlinge van Jerusalem teenwoordig, maar ook "ons" sê Lukas - dit is die verteenwoordigers van die Christene uit die heidene. Jakobus is die broer van die Here Jesus, wat leiding neem in die gemeente van Jerusalem, nadat die apostels hulle geheel aan sendingwerk - elders - begin wy het (12:16, 17; 15:13 e.v.). Jakobus self word nie hier as 'n ouderling beskou nie - moontlik was ook hy 'n apostel in ruimer sin (Gal. 1:19).

**21:19.** Paulus neem die inisiatief en vertel in besonderhede van sy werk onder die heidene (15:4). Hy doen dit nie omdat hy aan Jerusalem verantwoording verskuldig is nie, maar omdat Jerusalem moet meeleef met die sendingwerk. Hulle moet ook weet dat dit die werk van God is (1 Kor. 3:5).

**21:20.** Die ouderlinge is bly en verheerlik God (11:18; 15:3). Dan volg vir ons 'n vreemde redenasie. Is die sake dan nie in 15:10, 19-20 afgehandel nie? Hoe kan die duisende Joodse Christene dan nog yweraars vir die wet wees? Hulle meen egter dat hulle van Paulus, as Jood, iets kan vra. Jakobus self het nog die Ou-Testamentiese lewenswyse nagevolg (Gal. 2:12). Sy volgelinge het selfs in Antiochië die horlosie van Gods genade probeer terugdraai. Hulle wil

nou hê dat Paulus moet wys dat hy ook so 'n groot yweraar van die wet is. Volgens Gal. 2:11 meen Paulus dat hy nie meer verplig is om die seremoniële wet na te leef nie.

**21:21.** Hulle het gerugte gehoor - Paulus leer die Jode onder die heidene om van Moses afvallig te word. Hierin hoor ons die stem van die Judaïste of onbekeerde Jode, wat Paulus verdag wil maak. Hy mag dit wel aan die heidene verkondig, maar asseblief nie aan die Jode nie!

**21:22.** Jakobus en die ouderlinge is blykbaar in verleentheid met Paulus en die gerugte oor hom. Die wetsonderhouers onder die Joodse Christene sal bymekaarkom, want hulle sal hoor dat Paulus in die stad is. En daar sal gewis probleme ontstaan. Dit is klaarblyklik vir die leiers in Jerusalem selfs 'n vraag of Paulus self so 'n groot yweraar vir die wet is.

**21:23, 24.** Hulle gee nou aan Paulus "goeie raad" - taktiese raad - om met vier manne mee te doen, wat bepaald die "nasireërsgelofte" afgelê het (Num. 6). Hier dink ons aan wat Paulus self in 18:18 gedoen het. Dan sal die gerugte oor hom, ten minste onder die Christene uit die Jode, uit die weg geruim word. Dit was 'n "rampsalige voorstel" en 'n mens verbaas jou dat Paulus dit aanvaar. Aan die nasireërsgelofte is selfs 'n "sondoffer" verbonde, wat Christus immers self *één maal* gebring het (Num. 6:14; Hebr. 7:27; 10:11, 12). Dit kan gewis nie verwag word dat 'n Christen só 'n offer bring nie - dan sou dit net 'n *demonstrasie* wees om die Judaïste tevrede te stel. Deur die koste vir die ander te betaal sou Paulus hom dan met die Joodse Christen-yweraars vir die wet vereenselwig (21:20). Dit 1'yk tog asof beide Jakobus en die ouderlinge - en Paulus - hier in 'n mate die enige soenoffer van Christus verloën en hulle selfs besondig het. Miskien het Paulus hom laat lei deur sy lewensreël (1 Kor. 9:20). "In ieder geval het hierdie plan op 'n groot mislukking uitgeloop met die resultaat dat die Jode hom byna vermoor het en hy 'n gevangene van die Romeine geword het." Aan die ander kant is juis op die wyse die raad van die Here vervul (20:22, 23). Daarteenoor toon die Here ook aan Jakobus dat hy Christus nie kan dien in die ou Joodse tradisie nie. Hy sou homself seker later hieroor moes verwyt dat hy eintlik die oorsaak van Paulus se gevangeneming was (vergelyk Gal. 2:11-21).

**21:25.** Jakobus en die ouderlinge van Jerusalem herhaal nadruklik die besluit van Hand. 15:28, 29. Die heiden is uitgesluit van die Joodse seremonies, maar die Jode nie. Dat Jakobus dinge nie suiwer gesien het nie, blyk ook uit Gal. 2:11, 21.

**21:26.** Paulus doen soos in vers 24 van hom gevra is. Klaarblyklik is die belofte hardop in die tempel afgekondig en ook die dag wanneer die offer vir die afsluiting van die gelofte gebring sou word.

***Vrae (*21:16-26)**

1. Van watter Jakobus praat Lukas in vers 18?
2. Mag 'n Christen nog 'n yweraar vir die Joodse wet wees (Gal. 2:18, 19)?
3. Het Jakobus vir Paulus goeie raad gegee?
4. Het Paulus reg gedoen aan sy eie oortuiging deur toe te gee aan Jakobus?
5. Tree u nie ook soms teen u Christelike gewete op om ander mense nie aanstoot te gee nie?

## *Paulus word deur die Jode gegryp (21:27-30)*

**21:27, 28.** Die "sewe dae" waarvan hier sprake is, dui wel daarop dat Paulus nie aan die voorgeskrewe nasireërsgelofte (Num. 6) deelgeneem het nie. Dit sien blykbaar alleen op Num. 6:9-11 - die reinigingstyd nadat 'n nasireër onrein geword het. Blykbaar het Paulus alleen aan die sewe dae meegedoen en dan sy eensgesindheid betoon deur vir die ander se

offers te betaal. Daar was egter met Pinkster ook Jode uit Asië - waarskynlik Éfese - en hulle herken Paulus in die tempel. Die beskuldiging teen hom lyk sprekend op die teen Stéfanus, waaraan Paulus destyds self aandadig was (6:13). Hier word alleen 'n vermeende beskuldiging bygevoeg, wat in werklikheid nie waar was nie - dat hy Grieke in die tempel gebring het (sien vers 29).

Hulle gryp hom en skreeu die beskuldiging uit. Van alle kante storm nuuskieriges nader en die volk word 'n verwarde malende massa rondom Paulus en die paar Jode wat hom vashou. Paulus, wat sy eie volk liefgehad het en steeds die evangelie eers in die sinagoges verkondig het, beleef nou hierdie bittere vernedering (Rom. 9:1-5).

**21:29.** Die ergste beskuldiging is dus nie waar nie. Die Jode het Paulus alleen maar in die stad saam met Trófimus - die Éfesiër - gesien. Hy was nooit saam met hom in die tempel nie. Dit is duidelik 'n valse beskuldiging.

**21:30.** Paulus word na buite gesleep - dit word 'n volksoploop waarby byna die hele stad betrokke is. Hulle sluit dadelik die deure van die tempel - 'n gebaar om ander moontlike "onreines" uit die tempel te weer, wat Paulus kon saamgebring het.

**21:31.** Die volk is nou só opgestook dat hulle probeer om Paulus sommer net daar dood te maak. Dit herinner weer aan wat met Stéfanus gebeur het (7:54), hoewel Stéfanus darem ten minste eers deur die Joodse Raad verhoor is. Intussen ontvang die offisier in bevel van die Romeinse garnisoen in Jerusalem berig van die oproer. Hy is verantwoordelik vir die orde in die stad - die goewerneur se setel is tans Cesaréa (23:33).

### *Paulus 'n gevangene van die Romeine (21:32-40)*

**21:32.** Waarskynlik was die soldate in die vesting bekend as Antonia gestasioneer - vlakby die tempel. Die bevelvoerder haas hom daarheen met 'n afdeling soldate. Toe die volk die offisier en sy manskappe sien, hou hulle op om Paulus te slaan. Dit is begryplik - die Romeine huiwer nie om met die swaard toe te slaan, indien hulle dit nodig vind nie (Luk. 13:1-5). Pilatus het nie gehuiwer om 'n groep opstandige Galileërs om die lewe te bring, terwyl hulle besig was om te offer nie, en hierdie bevelvoerder sal ook nie die Jode by die tempel ontsien nie.

**21:33.** Die Romein neem Paulus in hegtenis en boei hom met twee kettings (12:6). Hy dink dat Paulus 'n gevaarlike misdadiger is (21:38). Daarop probeer hy inligting oor Paulus inwin.

**21:34-36.** Toe kom daar van alle kante af uitroepe van allerlei beskuldiginge - sommige sou seker nie weet waarom dit gaan nie (19:32). Die offisier beveel om Paulus na die kamp - waarskynlik die burg Antonia - te neem. Dat hier sprake is van trappe wat na bo lei, versterk die opvatting dat dit Antonia is. Dit is 'n fort vlak by die tempel met 'n hoë toring van waar 'n soldatewag kan sien wat binne-in die tempel gebeur - om te waak oor volksopstootjies tydens feesgeleenthede. Waarskynlik het juis die wag die offisier gewaarsku (31). Die gespartel om Paulus by te kom, is so groot dat die soldate hom moes dra. Die volksmenigte volg hulle en skreeu: "Weg met hom! " (Luk. 23:18; Joh. 19:15 - vergelyk Joh. 15:20, 21).

**21:37, 38.** By die poort van die burg Antonia, waar die volk nie kon of durf ingaan nie, kry Paulus eindelik geleentheid om met die offisier te praat. Opmerklik is die beleefde wyse waarop hy die man aanspreek - hy praat in Grieks, die gewone omgangstaal van ontwikkelde mense van die tyd. Die offisier is egter verbaas dat hy Grieks ken. Hy het klaar sy mening oor Paulus gevorm en hom aangesien vir 'n gewone misdadiger - 'n man wat gewoonweg buite die kultuur staan en in die tyd nie Grieks sou gepraat het nie. Hy het gedink dat Paulus 'n Egiptiese bendeleier was - nogal van 4 000 rowers. (Tipies van ons tyd, praat *Die Blye*

*Boodskap* hier van "terroriste".)

**21:39.** Paulus verklaar dan duidelik wie hy is. Hy is 'n Jood - hy behoort aan die Joodse volk en is nie 'n burger van Judéa nie. Hy is 'n burger van Tarsus - daarom praat hy Grieks. Verder reageer Paulus selfs op die vernederende vermoede van die Romein, deur te sê dat hy van die bekende stad is (en dus nie sommer vir 'n struikrower aangesien moet word nie). Die feite is vir hom eretitels (Fil. 3:5). Daarop vra hy toestemming om met die volk te praat. Nou is Paulus weer die ene evangelis of sendeling. Die oproer het vir hom 'n groot gehoor byeengebring en hier is nou 'n gulde geleentheid om die evangelie te verkondig.

**21:40.** Die offisier staan Paulus se versoek toe. Paulus het duidelik 'n gunstige indruk op hom gemaak. Moontlik het hy ook gedink dat die volk verkeerd ingelig is en dat Paulus hulle sou kon kalmeer. Deur met die hand te wink, vra hy die aandag en dui aan dat hy wil praat (12:17; 13:16). Die volk word stil - miskien tog nuuskierig om te hoor wat hy te sê het. Hy praat dan in sy moedertaal, *Hebreeus.*

***Vrae (*21:27-40)**

1. Waarom is Paulus in die tempel gegryp en waarvan is hy beskuldig?
2. Waarom is die haat van die Jode teen Paulus so verbete?
3. Klink dit nie weer na eie roem toe Paulus aan die Romeinse offisier sê wie hy is nie?

# HANDELINGE 22

### *Paulus vertel hoe hy die gemeente van Christus vervolg het (22:1-5)*

**22:1.** Paulus is wel mishandel - uit die tempel gesleep en geslaan - maar hy kon nog praat en hy doen dit in opdrag van sy Meester (9:15; 22:14, 15). Ook die offisier in bevel was nuuskierig om meer te wete te kom van die klagte teen Paulus. Dit laat ons veral die meeste van alle toesprake van Paulus aan die rede van Stéfanus dink (Hand. 7; vergelyk 21:28 met 6:13). Albei het historiese gebeurtenisse vertel - Stéfanus uit die geskiedenis van Israel en Paulus uit sy eie lewe. Paulus lê egter nadruk op die leiding van God in sy lewe om te toon dat hy reg opgetree het. Net soos Stéfanus onderbreek die Jode sy toespraak op 'n kritieke oomblik (7:54-60; 22:22, 23).

Paulus spreek die hoorders vriendelik en beleefd aan: "Broeders en vaders ..." Deur *"broeders"* verklaar hy hom nog één met sy volk; met "vaders" druk hy uit dat hy die oueres van sy volk as sy meerderes beskou - moontlik doel hy op die owerpriesters en ouderlinge (4:1; 7:2). "Luister na my verdediging teenoor julle." Hy sê nie dat hy aan hulle die evangelie gaan verkondig nie, maar hy gaan homself verdedig deur te toon dat die evangelie nie doen waarvoor hy beskuldig word nie. Hy probeer hom nie regverdig voor die Romeine nie, maar voor sy eie volk - maar hulle sal ook die evangelie hoor in sy verdediging - daarom benader hy hulle taktvol.

**22:2.** Blykbaar het die volk verwag dat hy Grieks sou praat. Toe hulle hoor dat hy hulle eie taal besig, word hulle nog stiller en luister met groter aandag (21:40).

**22:3.** Hier praat Paulus oor homself. Jesus Christus sal wel ter sprake kom - maar in die verloop van sy persoonlike verdediging. Hy gaan sy Here nie verloën nie. Dan praat hy oor sy geboorte en opvoeding - dit is sy eer om 'n Jood te wees van geboorte - wel uit Tarsus, maar opgevoed in Jerusalem deur die beroemde Gamaliël (5:34) as Fariseër (Fil. 3:5). Hy is dus op die hoogte met die wet en kan dit uitlê en daaroor redeneer. Dit moes indruk maak op die volk - die Fariseërs is hulle aanvaarde leermeesters (Matt. 23:2). Dit verklaar ook waarom hulle só lank na hom luister. Ook in sy ouerhuis is die wet stiptelik nagekom. Hulle het hom immers ook na Jerusalem gestuur om die wet van Moses te bestudeer. Hy was verder in die praktyk 'n Fariseër - 'n yweraar vir God, soos hulle almal wat vandag hier is. Hy sê egter nie dat hy 'n yweraar vir die wet is nie (Rom. 10:2). Hier tree Paulus al klaar aan die lig as die Christen, wat die klem anders as die Joodse rabbyne lê. Hy sê wat hy was, maar hy is nou anders - dit gaan hy nie verdoesel nie (Rom. 9:1-5). Hy veroordeel die Jode nie, maar wil hulle sonde uit onkunde ook nie goedpraat nie (3:17).

**22:4.** Met "hierdie weg" bedoel hy die geloof in Christus (9:2). Elkeen weet wat hy bedoel. Skerp stel hy sy eie gedrag - so skerp moontlik - hy het die Christene tot die dood toe vervolg. Dit is die waarheid (7:58; 8:1; 9:1, 2). Hy dui dit selfs in besonderhede aan (8:3). So plaas hy homself naas sy hoorders (vers 3). Hier kan elkeen van ons ook maar naas Paulus stelling inneem (*Kategismus,* Sondag 2; Ef. 2:1-5). Só wek hy hulle belangstelling: "Waarom het die man dan anders geword?" sou hulle hulself afvra.

**22:5.** Hy roep nou die hoëpriester, lede van die Raad en ouderlinge tot sy getuies - baie van hulle sou die dinge nog onthou. Al is Kajafas of Annas nie meer hoëpriester nie (4:6), maar Ananias (23:2), was destyds ook teenwoordig. Eintlik doel Paulus hier op die Sánhedrin of Joodse Raad in sy geheel, want hy noem ook die ouderlinge of oudstes. Hy vertel verder - vergelyk 9:1, 2.

### *Paulus vertel van sy bekering (22:6-16)*

**22:6-8.** Nou kom vir sy hoorders dinge wat hulle nog nie weet nie - of hoogstens van hoorsê kon verneem het. Hy laat duidelik uitkom dat God self ingegryp het - teen sy eie ywer vir die wet, of die Joodse vertolking van die wet, in. Die nadruk val op die lig uit die hemel - dit het hom omstraal - hy kon hom nie vergis het nie (9:3-6). Uit sy eie mond stel Paulus die dinge sterker as wat Lukas dit in hoofstuk 9 oorvertel. Waarskynlik was Lukas hier teenwoordig en het Paulus se toespraak aangehoor (in 21:15 praat Lukas nog van , , ons", waarby hy self ingesluit is). Hy val op die grond, vertel Paulus verder - hy kon nie op sy voete bly nie - verblind deur die lig, hoor hy die stem (raadpleeg aantekeninge by 9:4 - die woorde is presies dieselfde).

Vers 8 is saaklik dieselfde as 9:5. Ter wille van sy hoorders kon Paulus self "die Nasaréner" ingevoeg het - dan weet hulle presies Wie hy bedoel. Dit is merkwaardig dat die Jode op die tempelplein selfs nou nog luister - by die aanhoor van die Naam van Jesus. Watter menslike oorwegings by die volk gegeld het, weet ons nie, maar dit was wel die wil van die Here dat hulle meer moes hoor. Dit is ook daarom dat Paulus deur die *Heilige Gees gebind* is om na Jerusalem te gaan (20:22). Hier het ons die laaste "getuienis" van Jesus Christus in Jerusalem teenoor die Joodse volk as sodanig, waarvan ons weet.

**22:9.** Hierdie vers word dikwels gesien as in teëspraak met 9:7.

*Die Blye Boodskap* vertaal in 9:7: "Hulle het die stem gehoor, maar niemand gesien nie"; 22:9": (hulle het) die lig gesien, maar nie die stem van Hom wat met my gepraat het, gehoor nie." Hulle het dus wel die lig gesien, maar nie die Persoon wat Paulus gesien het nie. Om die "hoor" en "nie hoor nie" te begryp, moet 'n mens let op die vorm van die Griekse woorde. Die werkwoordsvorm verskil in 9:7 van 22:9. Dit beteken dat hulle die geluid van die stem wel *hoor,* maar nie *verstaan* wat gesê is nie.

**22:10.** Hier staan die woorde: "Wat moet ek doen, Here?" wat in die meer betroubare lesings van die teks in 9:5, 6 nie voorkom nie (vergelyk aantekeninge by 9:6). Hierin erken hy die waardigheid van die Here en bely sy eie verleentheid. Ook die antwoord van die Here Jesus is hier saaklik dieselfde as in 9:6, behalwe dat dit effens uitgebrei is - hier praat die Here van 'n bepaalde gegewe opdrag, wat hy in Damaskus van Ananias ontvang het (9:15, 16; 22:12-15).

**22:11.** Hy vertel die volk van sy magtelose blindheid vanweë die lig uit die hemel. Hy, wat as leier van die vervolgers wou optree, word nou gelei en kom as hulpbehoewende blinde in Damaskus aan (9:8). Ook dit spreek van die waaragtigheid van die verskyning aan hom.

**22:12.** Hy verhaal nou van Ananias se koms na hom toe. Hy vertel eers wie Ananias is en hoe 'n eerbare en getroue Jood hy was - hy verswyg egter nog dat hy 'n dissipel van Jesus was. Hy wil so lank moontlik die aandag van die volk behou. Hy het selfs 'n goeie getuienis by al die Jode in Damaskus geniet (hoewel hy 'n Christen was, het hy tog nie aanstoot gegee nie).

**22:13-15.** In verkorte vorm gee hy weer wat Ananias gesê en gedoen het (9:17-18). Die wonder moet vir die volk dien as bewys van God se guns aan hom - hy kon weer sien. Ná die wonder is Ananias se woorde ook van betekenis. Daarom vertel hy uitvoerig hoe hy die roeping van die Here ontvang het by monde van Ananias (hiervan lees ons nie in Hand. 9 nie). Paulus benadruk die sekerheid van sy roeping: "Die God van ons vaders . . ." Hy is nie deur 'n ander God of afgod geroep nie, maar die enigste ware God, wat die Jode vereer (3:13; 5:30). Hy het Paulus uitgekies of voorbeskik (9:15; Gal. 1:15). Allereers was sy taak *om God se wil te ken* - hy het God se wil tot dusver verkeerd geken deur die Christene te vervolg. Dit was ook God se wil dat hy die "Regverdige" - dit is Jesus Christus - moes sien (1 Kor. 9:1; 15:8). Die weg om Jesus te sien, is om Hom eers te erken as die "Regverdige" wat ten onregte gedood is (Luk. 23:47; Hand. 3:14; 7:52; 1 Pet. 3:18; 1 Joh. 2:1). En nou die opdrag (15): ". ..

jy sal vir Hom by al die mense 'n getuie wees van wat jy gesien en gehoor het." Treffend kom dit ooreen met die opdrag aan die ander apostels (1:8, 22). En hoe was hy dit nie - ook nou! Die Jode begryp blykbaar nog nie dat met "alle mense" ook *heidene* bedoel word nie - daarom luister hulle nog (21, 22). Hulle dink moontlik alleen aan alle Jode.

**22:16.** Paulus vertel verder van Ananias se gesprek met hom. Met die vraag: "Waarom wag jy nog?" word Paulus voor 'n keuse gestel en aangespoor om te kies. Die evangelie stel 'n mens altyd voor 'n keuse - kies! En doen dit gou! En laat jou doop! Dink in besonder aan sy sonde dat hy die gemeente vervolg het. Die doop is en bly die "doop van bekering tot vergifnis van sondes" (Mark. 1:4). Sy sondes is afgewas deur die bloed en Gees van Christus. By Paulus was dit ook 'n daad van belydenis - hy roep die Naam van die Here aan (Rom. 10:13). Hier gaan dit duidelik om die Naam van Christus - hy moet Hom bely as die Seun van God. Dit beteken ook dat hy die Here moet dien (2:21; 15:17).

### *Christus verskyn aan Paulus in Jerusalem (22:17-21)*

**22:17, 18.** Ook hier vertel Paulus van 'n gebeurtenis waarvan ons nie elders in Handelinge lees nie. In Gal. 1 vertel hy van sy verblyf in Jerusalem, maar verswyg die dinge ook. Hy meld dit alleen hier om aan die Jode baie duidelik te laat verstaan dat hy geroep is om na die heidene te gaan (Gal. 1:8). Waarskynlik sou hy dit verswyg het, indien hy dit nie nou nodig geag het nie. Moontlik sien 2 Kor. 12:1-4 op hierdie verskyning van die Here aan hom. Hy is nie slegs by monde van Ananias geroep nie, maar deur Jesus persoonlik. Hy het vanaf Damaskus na Jerusalem teruggegaan - hy het die bande met Jerusalem nie verbreek nie; ook nie met die tempel nie, want hy was daar in gebed. Toe raak hy in gees-vervoering (10:10). En hy sien "Hom" - hy noem weer nie die Naam nie, maar dit was gewis Jesus. Vir hom is dit 'n bewys dat sy gesig naby Damaskus geen sinsbedrog was nie - die verheerlikte Jesus hou aan om Hom aan Paulus te openbaar. Die Here spoor hom aan tot haas - hy is geroep en mag nie versuim om dit uit te voer nie. Hy moet weg uit Jerusalem - hier hoef hy nie eens te probeer om te preek nie, want die Jode sal nie na hom luister nie. En tog het hy altyd eers die Joodse sinagoges opgesoek in die vreemde voordat hy hom tot die heidene gewend het - daarmee het hy getoon dat hy sy eie volk nie verwerp het nie (21:28 - vergelyk 13:5, ens.).

**22:19.** Paulus verhaal hier dat hy eintlik aan die Here gesê het dat hy nie geskik is om die evangelie te verkondig nie (Ex. 3:11 e.v.; Jer. 1:6). Moontlik was dit by hom ook soos by Petrus (10:13, 14). Hy weet dat hy na die heidene moes gaan, maar hy probeer om dit te vermy - hy is te veel van 'n wetsgetroue Jood. Selfs hierna moes hy weer eens deur die Here geroep word (13:2). En hoe lank het hy moontlik nog sy roeping probeer ontvlug deur na Arabië te gaan (Gal. 1:17) en in Tarsus te gaan bly (9:30), totdat Bárnabas hom daar gaan haal het (11:25): In Antiochië het hy gewerk aan die opbou van 'n reeds bestaande gemeente - totdat die Heilige Gees hom van daar wegstuur na die heidene (13:2). Ja, die heidensending het blykbaar uit sy gesigkring verdwyn - daarom stuur die Here hom haastig weg. Die volk moes dit weet dat hy waarlik nie uit eie beweging na die heidene gegaan het nie.

**22:20.** Dan praat Paulus van sy groot sonde - hy het meegedoen aan die vervolging en dood van Stéfanus. Hy het sy vermoording goedgekeur - hy benadruk so skerp moontlik sy eie aandadigheid aan die sonde. Hy is dus allermins geskik om te gaan preek (7:58; 8:11). Hy is 'n moordenaar!

**22:21.** Eindelik kom hy by die beslissende punt - wat die volk *moet* hoor. Tot dusver het hy die heidene en Jesus net in die verbygaan genoem - en die luisterende Jode het dit verdra. Hy haal duidelik sy opdrag aan uit die mond van die Here Jesus - hoewel hy weer sy naam nie noem nie: "Jy moet hiervandaan weggaan, want Ek wil jou ver wegstuur, na die heidene toe."

Hierdie paar verse teken aan ons Paulus se eie inwendige stryd - hy het nie vrywillig na die heidene gegaan nie. Maar hy vertel dit ook doelbewus aan die Jode om hulle daarvan te oortuig dat hy nie anders kon as om die opdrag van Jesus uit te voer nie. 'n Mens dink aan Jeremia (Jer. 20:7-9).

***Vrae (*22:1-21)**

1. Waarom noem Paulus die vyandige Jode nog "broeders en vaders"?
2. Wat is die kern van hierdie toespraak: 'n verdediging van Paulus of 'n getuienis dat Jesus die Christus is? Motiveer asseblief ?
3. Het 'n Christen se persoonlike lewe ook iets te sê oor sy Christenskap?
4. Sou u sê dat Paulus se toespraak voor die Jode 'n aanduiding is van die rede waarom die Gees hom daarheen gedwing het?
5. Is Hand. 9:7 in teëspraak met 22:9?
6. Waarom was dit nodig dat die Here weer aan Paulus moes verskyn (22:17-21)?
7. Is dit vir u maklik om die Evangelie aan Swart mense te verkondig? Waarom?
8. By Paulus was dit soos met Luther wat gesê het: "Hier staan ek! God help my! Ek kan nie anders nie!" Hoe lyk dit met u in die opsig?

### *"Weg van die aarde met so 'n mens" (22:22-24)*

**22:22.** Die laaste woorde is te veel vir die Jode. Paulus het inderdaad na die heidene gegaan en durf selfs beweer dat God hom, 'n Jood, daartoe geroep het. Dit is in stryd met die wet. Dit is godslasterlik. Nou is dit nie alleen "Weg met hom!" nie, maar: "Weg van die aarde met so 'n mens, want hy behoort nie te lewe nie!" Maar is die Jode dan nie reg nie? God het uitdruklik die gang na of vermenging met die heidene verbied (Deut. 7:1-9). Aan die ander kant het die profete egter duidelik getoon dat die genade uiteindelik ook die deel van die nasies - heidennasies - sal word (Jes. 42:6; 49:6, ens.) Dit kon Israel nie raak sien nie. Hoewel die Jode self proseliete maak (Matt. 23:15), stel hulle nie die heidene en Jode gelyk soos Paulus nie. Hy gaan ook nie uit van die wet nie, maar beroep hom op 'n Goddelike opdrag en hy probeer nie om van heidene Jode te maak nie - hy begunstig eintlik die heidene in hulle oë. Ons moet ook in gedagte hou dat die Jode in die jaar 70 n.C. in opstand gekom het teen die Romeinse gesag en die verhouding was teen die tyd al baie gespanne. Die Jode kon niks verdra van die gehate heidene, waarvan die Romeinse heersers 'n deel is nie. Dit is toe net 'n paar jaar voor die opstand teen Rome en die verwoesting van Jerusalem (Luk. 19:41-44).

**22:23.** Hulle skreeu en maak gebare van afkeur. Hulle pluk hulle mantels af en gooi stof in die lug. Dat hulle hul mantels afpluk, kan miskien bedoel dat hulle hul gereed maak om Paulus te stenig. Dit kon hulle egter nou nie doen nie, want Paulus is onder die beskerming van die Romeine.

### *Paulus beroep hom op sy Romeinse burgerskap (22:24-29)*

**22:24.** Die offisier sien dat Paulus met sy toespraak niks bereik het nie. Hy beveel daarom om hom binne die vesting te bring. Hy kon die Aramese of Hebreeuse toespraak nie verstaan nie en wil nou uitvind waaraan Paulus skuldig is, deur hom te gésel. Hy verdink Paulus nog steeds en wil nou die waarheid uit hom uitslaan. Dit is gewone prosedure by die verhoor van sake (Mark. 15:15; Hand. 5:40; 16:22, 23).

**22:25.** Hulle bind hom vas, om gegésel te word. Sy arms is met rieme aan 'n paal vasgemaak en moontlik met 'n katrol opgetrek, sodat sy kaal rug styf span om die striemende houe van

die géselslae des te beter te voel. Paulus stel toe die vraag aan die onderoffisier of hy 'n Romeinse burger, en dit onveroordeeld, mag gésel. Hy is bereid om vir Christus te ly, maar hy laat hom nie weer onverhoord mishandel soos in Filippi nie (16:37). Hy beroep hom egter net in die uiterste gevalle op sy Romeinse burgerskap (25:10, 11).

**22:26.** Die onderoffisier gaan vertel Paulus se beswaar net so aan die offisier in bevel oor. Volgens die wyse waarop hy optree, blyk dat hy oortuig is dat Paulus die waarheid praat - hy is 'n Romeinse burger.

**22:27.** Ook die hoofoffisier neem dit ernstig op. Hy gaan self vir Paulus vra en kry 'n bevestigende antwoord. Paulus sou seker ook 'n bewysstuk aan hom getoon het.

**22:28.** Die offisier, wie se naam Claudius Lisias is (23:26), kon selfs 'n vrygelate slaaf van Griekse afkoms wees en moes sy burgerskap koop. Blykbaar het hy uit die dokument wat Paulus getoon het, klaar gesien dat hy 'n gebore Romeinse burger is (16:37). Erfenis is meer werd as om die burgerskap te koop.

**22:29.** Die voorgenome géseling word dadelik afgelas. Die hoofoffisier was selfs bang vir 'n aanklag omdat hy Paulus geboei het. Hy is goed op die hoogte van die regte van 'n Romeinse burger en weet wat kan gebeur, indien Paulus stappe sou wou doen.

### *Paulus verskyn voor die Joodse Raad (22:30-23:11)*

**22:30.** Blykbaar het die offisier gedurende die nag tot 'n nuwe gedagte gekom om vas te stel wat werklik die klag teen Paulus is. Hy sal hom voor die Joodse Raad bring - dan kan hy ten minste die goewerneur behoorlik inlig, indien hy verder verhoor moet word. Een ding is duidelik - die offisier wil ook nie, soos Pontius Pilatus, onnodig met die Joodse leiers skoor soek nie. Hy durf Paulus nie sommer loslaat nie, al is hy 'n Romeinse burger. Hy mag egter ook nie veroordeel word, sonder 'n behoorlike verhoor nie. Waarskynlik is Paulus reeds die vorige aand van sy boeie losgemaak, maar hy moes hom nog onderwerp aan die Romeine se gesag. Só verskyn hy voor die Sánhedrin.

***Vrae (*22:22-30)**

1. Is ons volksgenote se reaksie teen die sending veel anders as die van die Jode?
2. Het Paulus hom op sy Romeinse burgerskap beroep omdat hy nie gewillig was om vir Christus te ly nie?
3. Waarom het Lisias vir Paulus voor die Joodse Raad gebring?

# HANDELINGE 23

### *Paulus verdedig homself voor die Sánhedrin (23:1-11)*

**23:1.** Claudius Lisias het die pad van die reg verlaat, soos Pontius Pilatus, met die verhoor van die Here Jesus. Hy het Jesus selfs na Herodes gestuur (Luk. 23:6-11). Hy het Jesus uiteindelik aan die Jode oorgegee en laat kruisig, hoewel hy oortuig was van sy onskuld (Matt. 27:23-25). Die offisier kon teen die tyd wel al gesien het dat die Jode geen objektiewe inligting sou kon gee nie, maar hy wou hulle geen aanstoot gee nie - sodat hy self nie in die gedrang mag kom by die Romeinse owerheid nie. Hy ken die listigheid van die Joodse Raad.

Paulus het egter sy optrede deursien as onreg. Dit verklaar sy houding voor die Raad. Hy tree só op omdat hy oortuig is dat die Sánhedrin in die saak niks te sê het nie en dat hulle oordeel al by voorbaat vasstaan. Hy as volgeling van Christus, wat hulle omgebring het, kan geen regverdige verhoor van hulle verwag nie. Klaarblyklik wag hy nie op 'n aanklag nie, maar neem dadelik die inisiatief. Hy kyk die Raad onbevrees aan en praat. Dit lyk asof hy voortgaan met die toespraak wat hy voor die volk gehou het en wat onderbreek is (22:22). Hy spreek hulle bloot aan as *broeders* en ignoreer hulle as hoogwaardigheidsbekleërs (22:1). Duidelik verklaar hy dat hy voor God onskuldig is (24:16. 2 Kor. 1:12; 1 Tim. 1:5). Hy het in sy hele optrede suiwer, volgens die wet van God, gehandel. Daarmee bedoel hy nie dat hy nie sonde gedoen het nie (Filip. 3:20; Rom. 7:19; 1 Tim. 1:13, 15 - vergelyk ook sy belydenis in 22:19, 20). Sy bedoeling is suiwer - dit weet God.

**23:2.** Die hoëpriester besef dat hy die leiding verloor en gryp daarom gewelddadig in. Dit gaan nie daarom dat Paulus iets verkeerds gesê het nie, maar dat hy uit sy beurt gepraat het. Hy verneder Paulus deur die bevel om hom op die mond te slaan - eintlik wil hy daarmee sê: "Hou jou mond! " Dit is klaarblyklik dadelik gedoen.

**23:3.** Paulus reageer vinnig - eintlik vervloek hy die hoëpriester deur die Naam van God by te bring. Hier besondig Paulus hom - daarom vra hy ook later verskoning. Die Here Jesus het anders opgetree (1 Pet. 2:23). Paulus laat sy saak nie in die hand van die Here aan Wie die wraak toekom nie (Rom. 12:19). Ananias het egter ook nie reg opgetree nie - deur hom te laat slaan spreek hy klaar 'n vonnis uit oor wat Paulus sê: "Gewitte muur" sê eintlik dieselfde as "witgepleisterde graf" (Matt. 23:27).

**23:4.** Die vraag van 'n paar klaarblyklike hofamptenare is ter sake volgens die Joodse wet. Ananias is die geroepe hoëpriester van God. Dit is wel waar dat hy nie deur God nie, maar deur Herodes aangestel is, maar hy is tog in die amp wat deur God self verorden is en moontlik is hy op die gewone wyse gesalf tot hoëpriester (Ex. 30:30). Paulus mag hom derhalwe nie beskimp of uitskel nie.

**23:5.** Hoe kon Paulus nie geweet het wie die hoëpriester is nie? Die aanneemlikste verklaring is dat Paulus nie duidelik kon uitmaak van wie die bevel kom nie - hy was immers besig met sy eie toespraak. Dan sou dit daarop neerkom dat Paulus sê: "Ek het nie geweet dat dit die hoëpriester is (wat die bevel gegee het) nie." Daar is blykbaar meer tussenwerpsels gemaak. Hy vra dan formeel verskoning op grond van Ex. 22:28.

**23:6.** Ook hierdie vers hou probleme in. Dit lyk asof Paulus hier wêreldse diplomasie toepas en hom as Christen onwaardig gedra. Ons moet dit egter teen die agtergrond van die gebeure sien. As iemand wat beide die Joodse wet en die Romeinse regspraak ken, weet hy dat hy nie hier voor die wettige regbank staan as aangeklaagde nie. Hy weet ook dat hy van die Joodse Raad geen objektiewe beoordeling kan verwag nie. Hy tree derhalwe só op dat hy die Joodse opset aan die Romeinse offisier kan blootlê. Hy wil as Romeinse burger en nie as Joodse

ketter verhoor word nie. Later, toe Festus die Jode teenoor hom wou begunstig, beroep hy hom op die keiser (25:7-112).

As Fariseër ken hy die verdeling in die Raad tussen Fariseërs en Sadduseërs. Die Sadduseërs was tipiese "moderniste" - hulle het nie geglo in die opstanding van die dooies nie (Matt. 22:23). Die Fariseërs het dit egter wel geglo - hulle was, soos ons sou kan sê, *dooie ortodoksie*. Die verdeling kry ons tot vandag toe - ook in die kerk van Christus. Paulus se taktiek - ja, dit is taktiek - is nou om die twee groepe teen mekaar af te speel. Vandaar sy verklaring: "Broeders, ek is 'n Fariseër, die seun van 'n Fariseër..." Daarmee kies hy kant vir die leer van die Fariseërs - die leer van die opstanding - en nie vir hulle huigelary nie (Matt. 23:1-4). Ook sy voorouers was Fariseërs - hy behoort tot die geledere van die Fariseërs (3:25; 4:36; Fil. 3:5). "Oor die hoop en die opstanding van die dode staan ek voor die gereg." Hiermee wil hy nie sê dat hy voor die Sánhedrin tereg staan nie, maar hy is hulle beskuldigde by die Romeinse owerheid, wat oor hom moet regspreek. Die opstanding alleen is ons hoop (1 Pet. 1:3; vergelyk 24:21; 26:6, 7). Die opstanding is die sentrale feit wat die apostels verkondig het en die rede waarom hulle vervolg is (1 Kor. 15:19, 20). Die hoop op die opstanding het hulle ook in staat gestel om blymoedig te sterwe. Hoewel ons Paulus se motief hier mag bevraagteken, sê hy tog die volle waarheid van wat hy preek. Die verklaring is ook 'n getuienis vir Christus (23:11).

**23:7, 8.** Die uitwerking van Paulus se verklaring was soos hy verwag het. Die Raad twis onder mekaar. Daar kom rumoerige tweedrag - hulle verskil só heftig dat hulle onderlinge haat duidelik aan die lig kom. Die arme Joodse volk is inderdaad gelei deur 'n Raad wat verdeel in twee teenoormekaarstaande ortodokse en modernistiese partye; dit raak die hele saak van die "hoop van Israel".

Ter verklaring dui Lukas dan die verskille tussen die twee groepe nader aan.

**23:9.** Die Raadsitting ontaard in 'n oor en weer geskreeu. Hulle bly selfs nie sit nie, maar spring op om nadruk aan hulle argumente te verleen. Skrifgeleerdes van die party van die Fariseërs verdedig Paulus selfs (Mark. 2:16; Luk. 5:30). As 'n gees of 'n engel met hom gepraat het, "laat ons nie teen God stry nie" (5:38, 39). Hulle stry egter nie nou vir Jesus of Paulus se saak nie, maar vir hulle eie leer.

**23:10.** Paulus het egter sy doel bereik. Die Romeinse offisier gryp in. Dit wil nie sê dat raadslede Paulus te lyf gegaan het nie, maar die offisier wat die taal nie verstaan nie, is bang dat dit kan gebeur. Hy gee vinnig bevel aan sy soldate en neem hom terug na die burg Antonia.

**23:11.** In hierdie kritieke nag kom die Here Paulus versterk, soos Hy tevore gedoen het (16:9; 18:9; 22:18-21; 27:24 - vergelyk ook 2 Kor. 12:1-4). Paulus se optrede voor die volk en voor die Raad was 'n getuienis vir die Here. Ondanks sy gevangeneming sal sy getuienis voortgaan. Hy hoef nie daarvan onseker te wees nie. Sy Here is nog steeds besig om hom te gebruik. Hy sal ook in Rome só getuig - iets waarna hy sterk verlang het (19:21; Rom. 1:10; 15:23). 'n Mens kan jou indink hoe 'n groot versterking hierdie verskyning vir Paulus sou wees in die moeilike jare wat voorlê - jare van gevangenskap (vergelyk 27:24 waar hy nog eens 'n gesig sien).

### *Vrae (*23:1-11)

1. Het Lisias reg aan Paulus laat geskied deur hom voor die Raad te bring?
2. Het Lisias se optrede of motief 'n uitwerking op Paulus se optrede voor die Raad?
3. Waarom het Paulus só skerp gereageer toe hy op die mond geslaan is? Was dit reg van hom om so op te tree?

4. Was dit reg van Paulus om die Sadduseërs en Fariseërs teen mekaar af te speel?
5. Het hy egter die waarheid daarin bely?
6. Waarom het die Here in die nag weer aan Paulus verskyn? Het die Here u al op kenbare wyse in nood of kommer verkwik?

### *Die sameswering (23:12-15)*

**23:12, 13.** Die Here het in die nag aan Paulus verskyn, maar toe dit dag word, word sy dood deur mense beplan. "Die Jode" sien hier bepaald op inwoners van Jerusalem. Nadat hulle in die openbaar niks kon vermag nie (10, 11), gaan 'n groep nou oor tot 'n geheime sameswering. Hulle vervloek hulself (Deut. 13:15; 20:17). Hulle roep die vloek van die Here oor hulself, indien hulle nie doen wat hulle beloof het nie. Die Jode is egter dikwels oorhaastig om 'n eed te neem (Matt. 23:16-22). Dat hulle nie sal eet of drink nie, beteken nie dat hulle gereed is om sonder alle kos te bly totdat hulle van honger omkom nie, maar onthouding aan voedsel wat nie absoluut noodsaaklik is om aan die lewe te bly nie. Hulle meen in elk geval dat hulle dit aan God verskuldig is om Paulus dood te maak (Joh. 16:2).

Meer as veertig man bind hulle tot die daad - dit bewys die groot en verbete haat teen Paulus.

**23:14, 15.** Soos Judas (Matt. 26:14-16) gaan hulle na die Sánhedrin, altans na die vernaamste lede van die Raad - die owerpriesters en ouderlinge (Matt. 26:47). Waarskynlik behoort hierdie groep in die Raad tot die party van die Sadduseërs (vergelyk hierbo by Paulus se verskyning voor die Raad). Aan die manne maak hulle hul plan bekend. Hierdie vyandige groep uit die Raad moet die hele Raad (Sánhedrin) se samewerking kry om te Versoek dat Paulus weer voor die Raad verskyn - daartoe moet hulle die offisier in bevel oorreed. Die inisiatief moet nou van die Raad uitgaan - nie van die offisier of Paulus self nie. Hulle moet 'n noukeuriger ondersoek vra om amptelik tot 'n beslissing te kom. Die manne sal dan sorg om Paulus op pad na die Raad om die lewe te bring. Hulle is dus bereid om hul lewe te waag om Paulus dood te kry, want hy sou beslis deur soldate begelei word.

### *Die Here sorg vir Paulus se veiligheid (23:16-21)*

**23:16.** Die sameswering raak egter bekend - met meer as veertig man betrokke is dit nie vreemd nie. Hulle kon selfs dink dat hulle nie versigtig hoef te wees nie, omdat die hele Joodse volk die Christene haat en daar tans in Jerusalem maar weinig Christene sou wees. Buitendien sou geen Christen Paulus kon waarsku nie, meen hulle. Hy is onder bewaking van die Romeine. Paulus se suster het blykbaar in Jerusalem gewoon en haar seun hoor van die sameswering. Hy doen dan ook iets - hy is nie bang om betrokke te raak nie - waarskynlik omdat hy ook 'n Christen was. Eintlik kon familie en vriende destyds maklik toegang verkry tot die gevangenes - hulle moes selfs vir lewensonderhoud sorg (Hebr. 13:3). Hy kom selfs makliker by Paulus as by die offisier in bevel.

**23:17-19.** Paulus is nou bekend as Romeinse burger en geniet 'n bepaalde bevoorregte posisie - hy laat selfs die onderoffisier roep. Daarom word sy versoek, om die jong man na die hoofoffisier te neem, dadelik uitgevoer. Formeel word die jong man by die hoofoffisier aangemeld. Dat hy dit as 'n gewigtige saak beskou, blyk daaruit dat hy die jong man eenkant toe lei om alleen met hom te praat - Paulus self het ook nie aan die onderoffisier gesê wat die inhoud van die boodskap is nie. Hy is blykbaar 'n verstandige en welwillende mens, met 'n bepaalde eerbied vir Paulus, 'n Mens sien in die hele episode duidelik die hand van die Here - daarom ag Lukas dit die moeite werd om dit in besonderhede te vertel.

**23:20, 21.** Die jong man druk hom versigtig teenoor die offisier uit. Hy sê wat die Jode ooreengekom het. Hy vertel dat hulle reeds gereed is om te doen wat hulle hul voorgeneem

het. Hulle reken ook daarop dat hy hulle versoek sou toestaan - dit is byna vanselfsprekend, want die offisier wou duidelik self graag meer weet van wat die eintlike klag teen Paulus is. Paulus het egter die vorige nag alreeds die versekering van die Here ontvang dat Hy nog werk vir hom het - daarom het die Jode se sameswering nie geslaag nie (11).

### *Paulus na Cesaréa geneem (23:22-35)*

**23:22.** Dit is merkwaardig dat die offisier dadelik maatreëls tref. Hy glo dat die jong man die waarheid praat - seker ook omdat hy die Jode ken en weet dat hulle tot so iets in staat sal wees. Hy is versigtig - daarom die waarskuwing aan die jong man om dit aan niemand te vertel nie. Dit is duidelik dat hy niks met die Jode wil waag nie.

**23:23, 24.** Die hoofoffisier neem sorgvuldige maatreëls om Paulus in die geheim weg te kry, onder die sorg van 200 man. Hy is waarskynlik bevrees vir onluste, indien die Jode nie hulle sin kry nie, maar hy is ook oor Paulus se veiligheid begaan. Waarskynlik het Paulus Jerusalem nie weer gesien nie. In sy latere briewe maak hy nêrens van 'n besoek aan die stad melding nie - hy spreek nie eens die begeerte daartoe uit nie. Hulle vertrek om negeuur - toe dit donker was. Hulle moet veilig by Felix, die goewerneur in Cesaréa, aankom. Paulus se veiligheid is kosbaar in die oë van die Here.

**23:25, 26.** Claudius Lisias gee 'n brief saam aan die goewerneur - hy moes hom inlig, al kon hy nie veel inligting gee nie. Lukas bly by die letterlike besonderhede - hy gee selfs die inhoud van die brief weer. Die aanhef is in die tipies Griekse vorm van die tyd.

**23:27-30.** Lisias vertel in sy brief nie die volle waarheid nie. Toe hy Paulus gered het, het hy nog nie geweet dat hy 'n Romein was nie. Hy het dit eers uitgevind toe hy hom wou laat gésel (22:25-29). Hy moes egter die goewerneur oortuig dat hy rede gehad het om op te tree. Verder vertel hy egter die waarheid, maar laat tog sy veragting vir die Jode - met hulle Raad en al - deurskemer. Die aanklag teen Paulus gaan om twisvrae oor hulle godsdiens (18:14-16). Vir die praktiese Romein is sulke twisvrae van geen belang nie. Hy verklaar selfs dat Paulus onskuldig is - hy word nie van iets aangekla wat die dood of boeie verdien nie (23:9; 25:11; 26:31, 32; 28:18 - só klink die refrein - "onskuldig", maar hy bly tog 'n gevangene, soos sy Meester ook onskuldig moes ly (Joh. 18:38, 39).

Dan vertel Lisias van die voorgenome komplot om Paulus om die lewe te bring. Hy deel hom mee dat hy aan die beskuldigers bevel gegee het om hulle klag teen Paulus voor Felix te lê. Wanneer hy dit gedoen het, weet ons nie - hy kon dit seker eers gedoen het nadat Paulus in die geheim weggestuur is. Die Jode het in elk geval later met hulle aanklag gekom (24:1).

**23:31-35.** Hulle reis in die nag tot by Antipatris - naby Joppe - waar die voetsoldate omdraai en Paulus verder alleen deur die ruiter vergesel word. Die afstand is 63 km en hulle sou dit nie in één nag kon aflê nie. Ons kan vertaal: "en hom in die nag in die rigting van Antipatris gebring." Hulle het seker so ver gereis dat Paulus buite gevaar was en verder oordag na Antipatris gereis, waar hulle oornag het en sou dan die volgende dag eers in Cesaréa aangekom het. Die brief is dadelik oorhandig en toe Felix lees dat Paulus 'n Romeinse burger is, vra hy uit watter provinsie hy afkomstig is. Uit die optrede van die goewerneur blyk dadelik dat hy Paulus nie met agterdog bejeën nie. Die verhoor sal plaasvind wanneer die beskuldigers opdaag. Intussen word Paulus in die paleis van Herodes bewaak. Die paleis is deur Herodes die Grote gebou - die Herodes van die tyd van Christus se geboorte (Matt. 2:1). Die goewerneur woon in die paleis, maar daar was ook selle vir gevangenes in die gebou.

***Vrae (*23:12-35)**

1. Hoe blyk die besondere voorsienigheid van die Here, uit hierdie verhaal? Ondervind u sy voorsienigheid ook in u lewe?

# HANDELINGE 24

***Paulus voor die regterstoel van Felix***

## Die Jode se aanklag (24:1-9)

**24:1.** Die Joodse Raad is dit blykbaar nou weer eens - hulle vaardig manne af om Paulus aan te kla. Dit is die hoëpriester Ananias en 'n aantal ouderlinge wat vyf dae ná Paulus se vertrek alreeds in Cesaréa aankom. Hulle bring 'n advokaat saam - 'n sekere Tertúllus. Hy het 'n Romeinse naam. Hy was waarskynlik 'n Romein wat Latyn gepraat het. Moontlik was hy 'n Joodse proseliet. Ons kan aanvaar dat daar in die tyd bepaald advokate in Jerusalem sou wees om die volk in die Romeinse howe by te staan, en hulle moes Latyn ken.

**24:2, 3.** Toe Ananias en sy geselskap aankom, laat Felix Paulus haal. Dadelik vertel Lukas dan van die aanklag, wat deur Tertúllus gestel word. Om Felix gunstig te stem, prys hy hom - deur sy beleid het daar verbeteringe vir die volk gekom. Volgens die Joodse geskiedskrywer, Joséfus, was Felix egter wreed en onverstandig en het hy baie moeilikhede onder die Jode veroorsaak. Ons het hier duidelik vleitaal - maar ook soos dit gebruiklik is onder sulke omstandighede. Hardvogtige heersers word dikwels geprys om hulle te weerhou van nog wreder dade. Hier gaan dit duidelik daarom om hom gunstig te stem. Felix moet egter ook by voorbaat weet dat Paulus die rus, "wat Felix bewerk het", nie mag versteur nie.

**24:4.** Taktvol en vleierig gaan die advokaat voort. Hy wil Felix se kosbare tyd nie verspil nie - daarom sal hy dadelik begin met die feite en ook sy klag so kort moontlik stel. Dit is 'n vraag of Ananias, die hoëpriester, die dinge só tot die gehate Romein sou kon sê. Met Jesus se verhoor voor Pontius Pilatus het die Joodse leiers self opgetree en geen beleefde vleitaal gebruik nie, maar tartend en rumoerig die skare opgestook.

**24:5-8.** In die paar verse word die klag teen Paulus saamgevat. Hy is 'n "pes" - 'n uitdrukking wat dikwels gebruik word om iemand aan te dui wat hom versit teen die Romeinse owerheid en die keiserlike orde vyandig gesind is. Tertúllus kies sy woorde sorgvuldig om allereers aan te toon dat Paulus in die eerste plek 'n vyand van die staat is. So het die Jode ook met Jesus gedoen (Joh. 18:30). Hy veroorsaak onrus onder die Jode, oral waar hy kom - nie alleen in Jerusalem nie - omdat hy 'n leier van die sekte van die Nasaréners is. Tertullus wil sorg dat Felix nie moet dink dat die Jode in Jerusalem die onrus veroorsaak het nie - Paulus doen dit oral en altyd. Onder die Jode is daar heelwat partye of godsdienstige strominge - soos die Fariseërs en Sadduseërs en Esséners - maar die Nasaréners is totaal anders as die ander. Hulle mag nie verdra word nie. Die leer van Christus verskil radikaal en in beginsel van al die ander - wat verdra word. Felix moet die indruk kry dat hy hier met 'n politieke stroming te doene het, wat gevaarlik is vir die rus en orde in die Romeinse ryk.

Dan vertel hy dat Paulus probeer het om die tempel te ontheilig en die Jode hom daarom gevange geneem het en wou verhoor. Hy sê nie dat Paulus werklik die tempel ontheilig het nie - hulle moes dus toegee dat Paulus nie werklik Grieke in die tempel gebring het nie (21:28). En dan protesteer hy teen Lisias se optrede, wat hulle nie toegelaat het om Paulus te verhoor nie - daartoe het Lisias, volgens hom, selfs groot geweld gebruik. Ten slotte sê hy dat Paulus self sal moet erken dat hy die waarheid praat, indien die goewerneur sy saak ondersoek - die aanklag is die waarheid, volgens hom.

**24:9.** Die Jode, Ananias en die ouderlinge, getuig dat Tertullus se aanklag die waarheid is. Hy het hulle gevoelens juis vertolk.

## Paulus verdedig hom voor Felix (24:10-21)

**24:10.** Uit die wyse waarop Lukas sy verhaal vertel, kan ons aflei dat Felix vir Tertullus tot swye gebring het, deur Paulus aan die woord te stel. Hy is deur Lisias oor Paulus ingelig en raak verveeld met die toespraak van die advokaat en die Jode se saampratery. Paulus self brand van verlange om te praat - dit kon die goewerneur blykbaar ook sien. Hy lyk hoegenaamd nie verleë nie, maar vol vertroue dat hy 'n eerlike saak het. Dit is ook vir hom 'n geleentheid om die getuienis van Jesus Christus voor die goewerneur en die raadslede te lewer. Hy vlei nie vir Felix nie, maar sê die waarheid van hom - hy is al vir baie jare regter oor die volk - daarom ken hy die Jode en kan Paulus sy saak met groot vertroue verdedig. Hy gaan nie in op Felix se wyse van bestuur oor die volk nie.

**24:11.** Felix kan self vasstel dat hy maar twaalf dae gelede in Jerusalem aangekom het. Hy het vir die Pinksterfees gekom en in twaalf dae kon tog nie sprake wees van ernstige opstokery van die volk nie (20:16; 24:17). Hy het bloot na Jerusalem gegaan om te bid - aan die Romein maak dit nie saak of hy juis saam met die Jode op hulle fees aanbid en of hy saam met ander Christene gebid het vir die saak van sy Here nie.

**24:12, 13.** Nou kom hy by die beskuldiging van die Jode. Hulle het hom nie betrap dat hy besig was om met iemand te praat met die bedoeling om kwaad te stook nie. Hy het nie in die tempel of sinagoges probeer om die volk aan te hits tot oproer nie. Die beskuldigings teen hom kan hulle nie bewys nie (25:7, 8).

**24:14.** Hier kom Paulus nou tot 'n erkenning. Die waarheid dat hy 'n Christen is, erken hy volmondig. Die sluwe Tertúllus het dit as 'n bysaak genoem, maar dit is vir Paulus - en ook vir hulle - die hoofsaak (9:2). Vir hom is dit die *Weg* - die enigste ware weg - en nie maar 'n groep of rigting soos al die ander verskillende groepe in die Jodedom nie. Hy dien - eintlik *vereer* - die *God van die vaders.* Dit noem hy opsetlik - hy het nie gebreek met die Bybelse waarhede nie - hy glo alles wat in die wet en profete staan. Daarmee staan hy naas die Fariseërs, terwyl die Sadduseërs, wat wel nie die profete verwerp nie, dit tog van minder belang beskou. Hy is dus selfs 'n vromer Jood as die Sadduseërs. Hy glo alles in die Bybel en staan presies waarop 'n Jood behoort te staan.

**24:15.** Op 'n belangrike punt - die hoop op God - staan hy naas hulle. Ook hier sien dit alleen op die Fariseërs (23:6-8). Hy noem nie die Naam van Christus nie, maar praat net van die opstanding. Erken 'n mens die *beginsel* van die opstanding van die dode, dan kan jy ook nie die opstanding van Christus ontken nie. Die Joodse volk glo dat almal sal opstaan - regverdiges en onregverdiges. Dit is ook die middelpunt van sy prediking (17:31; 23:6; Dan. 12:2).

**24:16.** Hy moes ook oor homself getuig - oor sy eie gedrag - want hy word van wangedrag beskuldig. Hy span hom, nie minder as die Jode nie, in om voorbeeldig te lewe. Ook hier bedoel dit nie dat hy die werkheiligheid van die Jode goedpraat nie (Filip. 3:12-14). Dit gaan nie by hom om uitwendige onderhouding van die wet nie, maar om innerlike suiwerheid. Daarom het hy rus in sy gewete voor God en die mense. Hy soek om na die wil van God te leef en om sy medemense nie te benadeel nie (23:1). Dit is *altyd* sy lewensbeginsel - ook nou voor Felix.

**24:17.** Nou gaan hy vertel wat in Jerusalem gebeur het, teenoor die dinge waarvan die Jode hom beskuldig. Hy was baie jare afwesig uit Jerusalem - hoe kon hy dan die Jode aldaar opstook? Sy hart was egter nog by sy volk en wel om aan hulle goed te doen. Hy het sy mense met 'n geldelike bydrae kom help - dat dit bloot om sy mede-Christene uit die Jode gaan is nie ter sake nie. Hy is lief vir sy volk (Rom. 9:1-4). Die doel van sy reis was om aan die gemeente die kollektes onder die heidene te bring (2 Kor. 9:5-7). Dat hy ook *offers*

gebring het, beteken nie dat hy aan die offers van die Jode in die tempel meegedoen het nie - sy bydrae aan die kerk is 'n offer aan God. Indien dit sou gaan om die gewone Joodse offers, sou hy dit seker eerste genoem het, maar soos dit daar staan, kwalifiseer hy bloot sy bydrae aan die gemeente as 'n offer aan God.

**24:18, 19.** Hier vertel hy verder. Hy was nie levities "onrein" toe hy in die tempel aangetref is nie (21:24). Hy het ook nie mense aangelok of met hulle gepraat om 'n opskudding te veroorsaak nie. Jode uit Asië was in werklikheid verantwoordelik vir die opskudding (21:27). Hulle moes hier wees om te kan getuig - hulle was immers ooggetuies. Dit is 'n vereiste van die Romeinse reg. As hulle iets gehad het om te bewys, sou hulle hier gewees het, maar dat hulle wegbly, is 'n bewys dat hulle niks het om te bewys nie. Ananias en sy metgeselle het geen reg om hom aan te kla nie.

**24:20, 21.** Hy beroep hom nou selfs op die aanwesige Jode om te getuig. Hy het voor die Joodse Raad verskyn, onder voorsitterskap van Ananias wat hier teenwoordig is. Vra hulle of hulle by die geleentheid iets verkeerds kon vind (23:9, 10). Laat hulle getuig wat onder hulle plaasgevind het toe hy uitgeroep het: "Oor die opstanding van die dode staan ek vandag by u voor die gereg!" Hoe kan hulle hom aankla oor 'n saak waaroor hulle self verdeeld is? Dit is selfs moontlik dat Paulus se gewete hom hieroor aankla en dat hy eerlik vra dat hulle die uitroep moet beoordeel.

**24:22, 23.** Felix handel hier takties - om die Jode nie aanstoot te gee nie - maar hy is duidelik in sy hart oortuig dat Paulus onskuldig is. Sy groot probleem is nie Paulus nie, maar die Jode - hy is bedug op hulle reaksie. Hy is maar weer soos Pontius Pilatus. Hy durf nie teen die Jode optree nie. Omdat Felix met 'n Jodin (vers 24) getroud is, is hy ook bekend met die "Weg" - die leer aangaande Christus. Aan die ander kant was dit ook sy plig om Lisias se getuienis af te wag. Hy gee egter bevel om Paulus minder streng te behandel en sy mense ook toe te laat om vir hom te sorg (21:8). Paulus is nie alleen 'n Romeinse burger nie, maar Felix beskou hom ook nie as gevaarlik nié.

Hier eindig egter die klag van die Jode - Paulus se verhoor is verder alleen 'n saak van die Romeine.

***Vrae (*24:1-23)**

1. Formuleer die aanklag van die Jode teen Paulus kortliks.
2. Wat is die hoofsaak in Paulus se verdediging? Skram hy weg vir die waarheid?
3. Waarom het die apostels só herhaaldelik benadruk dat Jesus opgestaan het?
4. Mag 'n Christen homself so verdedig?
5. In watter opsig kom Felix se optrede ooreen met die van Pontius Pilatus?

## Paulus, die getuie van Jesus Christus, voor Felix en Drusilla (24:24-27)

**24:24.** Felix word nuuskierig - Paulus is 'n ontwikkelde Christen en daarby 'n Romeinse burger. Uit die verband is ook duidelik dat Felix se Joodse vrou, Drusilla, hom oor die Christene ingelig het. Drusilla was ook nuuskierig - hulle laat hom haal om meer te hoor oor die geloof in Christus Jesus (20:21).

**24:25.** Lukas herhaal nie Paulus se toespraak nie. Wanneer 'n mens oor Christus praat, kan dit nie anders nie as dat jy moet wys op: "Geregtigheid, selfbeheersing en die toekomstige oordeel." Dit is noodwendig 'n deel van die evangelie. En nou sê hy dit aan 'n man wat baie onreg gepleeg het en selfs vir Drusilla van haar wettige man afvallig gemaak het. Ook Drusilla moes dit hoor. Hulle albei het losbandig en sedeloos gelewe. Paulus spaar die

goewerneur nie, hoewel dit sy eie saak kan benadeel. Felix word bang - en stuur Paulus weg. Dit sou vir hom te veel kos om hom te bekeer. Ter wille "van die gewete" laat hy egter die deur nog oop - hy sal weer met Paulus praat as hy daarvoor tyd het. Dit lyk egter of hy klaar besluit het om te bly wat hy is.

**24:26.** Felix het nie alleen die roepstem van Christus weerstaan nie. Hy het volhard om die duiwel te dien. Hy het gehoop op omkoopgeld. Hy wou dus maar voortgaan om onreg te pleeg. Hy reken dat Paulus graag weer wil preek en dat hy bereid sou wees om sy vryheid te koop. Paulus se vriende sou wel bereid wees om die afkoopsom te betaal. Paulus laat hom egter nie verlei nie - hy bly liewer 'n gevangene. Dit is erg dat Felix só laag kon daal dat hy omkoopgeld soek. Dit is egter veel erger dat hy die prediking van die evangelie verag ter wille van sy geldsug (Matt. 6:24-34).

**24:27.** Felix laat Paulus vir sy verdere ampstermyn in die tronk bly - twee jaar. Aan die één kant begunstig hy op die wyse die Jode en hou hulle tevrede. Maar hy kon selfs steeds gehoop het dat Paulus se weerstand sou breek en hy omkoopgeld sou aanbied. Só word Paulus dan 'n gevangene van die nuwe goewerneur, Porcius Festus.

***Vrae (*24:24-27)**

1. Waarom laat Felix en Drusilla Paulus haal om met hulle te praat?
2. Waarom is vers 25 vir Felix te veel? Gee dit nie ook aanstoot aan baie sogenaamde Christene nie?
3. Wie was Felix se werklike baas? Is hy nie in ons tyd nog steeds "baas" in die wêreld nie?

# HANDELINGE 25

## *Die Jode kla Paulus by Festus aan (25:1-5)*

**25:1.** Al wat ons van Porcius Festus weet, is dat hy, volgens sy naam, 'n Romeinse , , edelman" of "patrisiër" was. Hy was nie lank goewerneur van Palestina nie en dit was waarskynlik in die jare 58-60. Toe was Nero keiser in Rome. Hy was in elk geval 'n meer regskape mens as Felix - dit blyk ook uit die verhaal van Lukas. Drie dae na sy aankoms in Cesaréa vertrek hy na Jerusalem. Hy is haastig om in Jerusalem te kom - blykbaar het hy besef dat dit die eintlike middelpunt van die provinsie is. Hy wou hom op die hoogte stel van die toestande aldaar, want die Jode is bekend as 'n moeilik regeerbare volkie.

**25:2, 3.** Die Jode het Paulus nie vergeet nie. Dadelik nader hulle die nuwe goewerneur en kla Paulus by hom aan. Ananias en die vernaamste van die Jode - blykbaar ook Jode wat nie eens lede van die Raad is nie - lê die klag teen Paulus. Eintlik eis hulle nie bloot 'n verhoor nie, maar die veroordeling van Paulus. Hulle dring by hom aan om tog iets te doen en nie so onbeslis as Felix op te tree nie. Hulle kon Lisias, die hoofoffisier, nie oortuig nie (23:12-14, **26-30).** By Felix het hulle 'n bloutjie geloop (24:22). Bowendien was Paulus 'n Romeinse burger - hoewel die klag dat Paulus die tempel ontheilig het, hom as Romeinse burger nie uit die hande van die Joodse Raad kon vrywaar, indien dit bewys sou word nie. 'n Vergryp teen die Joodse godsdiens word deur die Romeinse wet beskou as 'n daad wat die doodvonnis verdien. Aan die ander kant is die versoek van die Jode, dat Paulus in Jerusalem verhoor moet word, onwettig - die wettige hof is in Cesaréa. Hulle het egter nog steeds die plan om Paulus te vermoor (23:12, 13). Daar was dus heelwat Jode wat gewillig was om 'n Romeinse afdeling soldate te oorrompel om Paulus om te bring. Daarmee sou hulle hul eie lewens moes waag.

**25:4, 5.** Festus se antwoord is reg. Paulus is in Cesaréa en sal daar bly. Hy self gaan gou terug en laat dan maar 'n aantal gevolmagtigdes saamreis. Hy het waarskynlik nie lus om die saak in Jerusalem te verhoor nie, omdat hy alreeds weet van die Joodse menigtes se geskreeu en dryfkrag. Hy wil egter die saak wel afhandel en nie, soos Felix, onbeslis laat nie. Hy neem ook nie sonder meer aan dat die Jode 'n saak teen Paulus het nie en dit is asof hy hulle wil laat nadink of dit die moeite werd is om enigsins met die klag voort te gaan. Hulle moet seker maak dat daar iets verkeerds in hom is, voordat hulle hom aankla.

## *Paulus beroep hom op die keiser (25:6-12)*

**25:6.** Festus doen die dinge gou. Hy het minder as tien dae in Jerusalem gebly en reeds op die eerste dag na sy aankoms in Cesaréa laat hy Paulus verskyn en begin die amptelike regsaak. Hierin moet ons ook die hand van die Here sien - Paulus moes na Rome om ook daar te getuig (23:11).

**25:7.** Daar was 'n hele aantal Jode aanwesig. Hulle wou indruk maak op die nuwe goewerneur en hom eintlik intimideer om hulle hul sin te gee. Hulle staan selfs rondom die regterstoel en oorlaai Paulus met beskuldigings. Dit is wel dinge wat hulle nie kon bewys nie, maar hulle wys aan die goewerneur dat dit vir hulle groot erns is.

**25:8.** Treffend teken Lukas die kontras tussen die Jode se optrede en Paulus se verdediging. Ons kan hier lees: "Terwyl hy hom *slegs* verdedig . . ." Hy het nie, soos die Jode, ook beskuldigings teen hulle gewerp nie. Sy verdediging is geen uitvoerige weerlegging van al die klagte nie - slegs 'n eenvoudige getuienis. Hy vat al die aanklagte van die Jode saam in die twee dinge: hy het volgens hulle die tempel ontheilig en opstand teen die keiser gestook

(21:28; 24:6; 16:20, 21; 17:7). Wie sê dat Jesus Koning is, kom in opstand teen die wettige regering van die keiser. Hy kan dit maklik ontken, want hulle het geen bewyse gelewer nie. (Lees hierby Rom. 13:1-7, waar Paulus sy standpunt oor die wettige owerheid duidelik stel.)

**25:9.** Ook Festus openbaar hier sy swakheid teenoor die Jode - net soos Pontius Pilatus en Felix. As goewerneur wil hy bo alles die vrede bewaar en daarom die Jode ter wille wees. Onrus in 'n Romeinse provinsie word maklik deur die keiser die goewerneur ten laste gelê. Dit is selfs moontlik dat hy meen dat Paulus self ook graag in Jerusalem verhoor sou wil wees, omdat dit gaan om 'n geskil oor die Joodse wet. Hy vra dit egter van Paulus, gedagtig dat hy 'n Romeinse burger is, en hy benadruk dat Paulus in Jerusalem voor hom tereg sal staan. Hy sal dus self finaal die uitspraak gee en nie die Sánhedrin nie. Hy wil homself egter nie vasdraai in die listige net van die Jode en hulle te na kom nie.

**25:10.** Hier lees Paulus eintlik die les vir die Romeinse regter. Hy sien dat ook Festus nie die duidelike pad van die reg wil loop nie, maar in die hande van die Jode speel. Hy het genoeg ervaring met Felix opgedoen en hy ken die Jode. Hy maak gebruik van sy reg - die beskerming van die Romeinse wet. Hier is 1 Kor. 6:1-9 nie in geding nie. Hier gaan dit nie om 'n saak tussen broeders nie. Hy laat hom nie deur Felix omkoop nie (24:26) en weier om Festus ter wille te wees - die wêreld moet weet dat hy, die apostel van Jesus Christus, onskuldig is. Hy wys Festus, wat deur die keiser aangestel is, op sy plig. Festus self kan duidelik sien dat die Jode geen saak teen hom het nie.

**25:11.** Die Romeinse hof moet oordeel of hy skuldig of onskuldig is. Hy sal hom onderwerp, indien hy iets gedoen het wat die Romeinse hof só ernstig beskou dat hy die dood verdien. Hy verset hom egter teen die optrede van die regter wat misdade by hom veronderstel, wat nie bewys is nie. Hy beroep hom op die keiser, omdat hy van Festus geen reg verwag nie. Hy wil die Jode begunstig.

**25:12.** Festus het blykbaar nie verwag dat Paulus hom op die keiser sou beroep nie. Later blyk selfs dat hy daaroor in verleentheid gebring is (vers 26, 27). Die keiser sal ook nie geneë wees om allerlei onbelangrike sake uit die provinsies te verhoor nie. Daarom pleeg hy eers oorleg met sy raadgewers. Hy kan hom egter nie uit die knoop loswikkel nie, want Paulus het sy onvervreembare reg as Romeinse burger uitgeoefen. Daarom gee hy toe dat Paulus na die keiser sal gaan. Hy kan probleme van die kant van die keiser kry, maar vir hom sou dit 'n verligting wees dat beide Paulus en die Jode nou nie meer sy verantwoordelikheid is nie. Hy is ontslae van die saak.

***Vrae (*25:1-12)**

1. Waarom het die Jode so dringend volhard in die versoek dat Paulus in Jerusalem verhoor moet word?
2. Waarom wou Festus aanvanklik nie hulle versoek toestaan nie?
3. Waarom verskil Paulus en die Jode se optrede by sy verhoor voor Festus so radikaal?
4. Waarom het Paulus hom op die keiser beroep? En dit nogal die wrede keiser Nero!

## *Festus vra raad van koning Agrippa (25:13-22)*

**25:13.** Herodes Agrippa 2, die seun van Herodes Agrippa 1 (Hand. 12), kom met Festus kennis maak. Op sy geldstukke noem hy homself: "Markus Julius Agrippa". Daarom noem Lukas hom koning Agrippa. Met die dood van sy vader was hy sewentien jaar oud en nog vir opvoeding in Rome. Keiser Claudius maak hom egter nie die opvolger van sy vader nie. Later toe sy oom Herodes van Chalcis sterf, word hy tot sy opvolger benoem en kry ook toesig oor die tempel in Jerusalem en die reg om die hoëpriester aan te stel. In die jaar 53

word hy sogenaamd "viervors" van die gebiede waaroor Filippus en Lisanius regeer het, waarby 'n paar dele uit Galiléa en Peréa gevoeg word. Agrippa leef saam met Bernice, sy suster, as vrou. Sy was vroeër met haar oom Herodes van Chaicis getroud. Tans leef sy saam met haar broer, maar het vir die skyn 'n huwelik gesluit met 'n sekere Poléman van Cilicië. Ondanks alles wou sy voorgee dat sy 'n vroom Jodin is - sy lê selfs die nasireërsbelofte af en onderneem pelgrimstogte na Jerusalem.

Agrippa het probeer om die Joodse en Griekse leefwyse met mekaar te verbind. Agrippa en Bernice was tans weer in die paleis waar hulle as kinders gespeel het. (Lees agter in *Die Blye Boodskap* 'n samevatting van die geskiedenis van die koningshuis van Herodes.)

**25:14, 15.** Soos die gewoonte in die tyd was, sou die besoek gepaard gaan met oordadige en uitspattende feeste, saam met die vooraanstaande inwoners van Cesaréa. Festus merk dat Agrippa en Bernice belangstel in die Joodse aangeleenthede en na 'n paar dae vertel hy vir Agrippa van Paulus. Hy gee 'n redelik noukeurige verslag van die saak. Hy vertel dat die Jode in Jerusalem 'n klag ingedien en vonnis (dit is die doodvonnis) teen hom gevra het. Festus het duidelik die Jode se motiewe deurgesien - hulle sou nie rus voordat Paulus dood is nie.

**25:16.** Hier praat die hooghartige Romein en sê wat sy antwoord aan die Jode was (vers 4, 5). Die aangeklaagde moet immers eers die klag teen hom hoor en homself kan verdedig, voordat uitspraak gegee en hy, na skuldigbevinding, aan die Jode uitgelewer kan word. Dit is die eis van die reg.

**25:17-21.** Festus vertel verder van die verloop van die saak in Cesaréa (vers 7-9). Dat hy só vinnig opgetree het, bewys dat hy onder die indruk was dat dit gaan om 'n belangrike misdaad. Die beskuldiging gaan egter om totaal ander dinge - bepaalde twisvrae oor die godsdiens en 'n sekere Jesus wat dood is, van wie Paulus beweer dat hy lewe. Vir hom is dit van minder belang. Hy vertel dat hy verleë was met die saak en vir Paulus gevra het of hy na Jerusalem wou gaan om daar tereg te staan. Uit die hele verhaal van Festus aan Herodes kan ons nie aflei dat hy kwaadwillig of onderduims teen Paulus opgetree het nie. Daarop het Paulus hom op die keiser beroep (vers 9-12). Hy stel dit só voor dat Paulus se beroep op die keiser insluit dat hy in bewaring gehou moes word (vers 21). Hy moes wag vir 'n geleentheid - 'n mens kon nie ter wille van een gevangene 'n skip na Rome stuur nie.

**25:22.** Agrippa se reaksie is: "Ek sou self ook graag die man wil hoor." Hy is op die hoogte van die Joodse bewegings en sou ook weet van die Christendom. Miskien het hy lankal begeer om 'n Christen te sien - soos sy oud-oom Antipas (Luk. 9:9; 23:9) begeer het om Jesus te sien. Festus is blykbaar gretig om Agrippa se opinie in te win en reël dit dadelik vir die volgende dag.

### *Paulus verskyn voor Agrippa en Bernice (25:23-27)*

**25:23.** Dit is opmerklik in hoeveel opsigte Paulus se verhoor ooreenkom met die van Christus. Hy verskyn voor die Sánhedrin, die Romeinse regter en nou ook voor 'n Herodes (Luk. 23:6-9). Voor Agrippa tree Paulus heeltemal anders op as voor Festus, die Romein. In 'n sekere sin staan hy nou voor sy eie owerheid. Daarom behandel hy die dinge wat eintlik van belang is en verkondig meer doelbewus die evangelie. Hier sê hy wat hy op die hart het.

Agrippa en Bernice en ander hoogwaardiges van Cesaréa vul die saal met prag en praal. Agrippa en Bernice se vader is in hierdie paleis - ook geklee in prag en praal - deur wurms verteer. Calvyn merk op dat die prag en praal nie 'n bewys van heilbegeerte is nie, maar van hooghartige harte. Dit word 'n offisiële plegtigheid en geen regsitting nie. Só 'n gehoor sou Paulus as vrye prediker nooit kon bereik nie - só werk die Here ook met hom as gevangene. Hy huiwer nie, maar praat met vrymoedigheid - soos sy Here beloof het (Matt. 10:19).

**25:24-27.** Festus stel Paulus aan die gaste voor. Hy herhaal in wese wat hy aan Herodes gesê het. Hy stel dit duidelik dat *al die Jode* - in Jerusalem en ook voor hom in Cesaréa - geskreeu het dat hy nie behoort te lewe nie. Maar hy het bevind dat hy niks gedoen het wat die dood verdien nie. Hy stem nie met die Jode saam nie. Paulus het hom op die keiser beroep en hy het besluit om hom te stuur - die besluit word nie verander nie. Daarom het hy Paulus nou voor hierdie mense gebring - en veral voor Agrippa - sodat hy iets aan die keiser kan skryf. Só kon Pilatus ook geen skuld by Christus vind nie - sy lyding het Hy nie verdien nie (Matt. 27:24). Soos Claudius Lisias aan Felix geskryf het, wil Festus ook aan die keiser skryf (23:26-30). Hy hoop dat Agrippa hom daarin sal kan help. Volgens Festus is die Jode se beskuldiginge in werklikheid geen beskuldiginge nie - en wat sal die keiser daarvan dink (vers 27)?

***Vrae (*****25:13-27)**

1. Waarom het Festus by Herodes Agrippa raad gevra?

# HANDELINGE 26

Hierdie toespraak van Paulus dra 'n eie stempel. Aan die een kant laat dit 'n mens dink aan sy preek in Antiochië in Pisidië (Hand. 13) Maar aan die ander kant herinner dit ook aan sy toespraak op die Areópagus in Athene (Hand. 17). Agrippa se voorgeslag was Edomiete, maar hulle het uiteindelik so ondertrou met die Jode dat hulle eintlik al as Jode beskou word. Hy praat in elk geval nou met iemand wat bekend is met die Bybel en die Joodse geloof. Daarom benader hy Agrippa persoonlik, maar ook versigtig en beskeie.

## *Paulus se toespraak voor Agrippa (26:1-23)*

**26:1.** Agrippa neem nou die leiding en gee Paulus geleentheid om te praat. Agrippa het immers persoonlike toesig oor die tempel - al sou hy nog in die opsig rekening moet hou met Festus, die goewerneur van die Jode. Bowendien vertrou Festus vir Agrippa. Daarom ontvang Paulus toestemming van Agrippa om te praat. Hy ontvang vryheid om sy saak met vrymoedigheid te stel. Paulus begin met 'n handbeweging - dit druk besieling en redenaarsaanleg uit. Hy gryp die geleentheid aan. Hy staan voor die owerheid en nou is sy eerste taak om aan te toon dat die geloof in Christus nie staatsgevaarlik is nie - daarom is dit nie in die eerste plek bedoel om mense tot geloof te bring nie. 'n Mens dink aan Calvyn wat sy beroemde boek, *Die Institusie,* in die eerste plek geskryf het aan die koning van Frankryk om aan te toon dat die Protestante nie die ketters is waarvoor die Roomse kerk hulle uitmaak nie. Só het ook die *Nederlandse Geloofsbelydenis* van Guido du Brés ontstaan as 'n verdedigingsverklaring teenoor koning Philips van Spanje wat hulle vervolg het. In die posisie staan Paulus nou - hy verdedig nie maar homself nie, maar die leer van Christus. Hy tree in vir die Christendom teenoor die staat.

**26:2, 3.** Paulus ag hom gelukkig dat hy nou voor Agrippa sy saak kan stel, wat ook 'n Jood is. Hy is bly dat hy die geleentheid het en dat hy verwag dat Agrippa objektief kan oordeel, omdat hy die sedes en vraagstukke van die Jode ken. Hy is nie alleen op die hoogte van die twisvrae tussen Fariseërs en Sadduseërs nie, maar sou ook alreeds bekend wees met die Christene (vers 26).

**26:4, 5.** Hy vertel dan van sy jeug en vroeëre lewe as Fariseër (22:3-5). Die Jode kan getuig van sy ywer vir die wet. Hy vind dit nog nie nodig om te vertel dat hy self die Christene vervolg het nie (vers. 9-12).

**26:6, 7.** Hier gee Paulus weer die wesenlike belydenis waarom hy tereg staan - oor die hoop van Israel. Hy noem nog nie die opstanding nie, maar bedoel baie nadruklik die hoop op die koms van die Messias. Hoop is daar egter alleen as daar opstanding uit die dood is (23:6; 24:15; 28:20; 1 Kor. 15:19). Anders is ons soos die heidene sonder hoop en sonder God in die wêreld (Ef. 2:12). In Christus se koms (Luk. 4:17-21) en opstanding is die beloftes aan die vaders vervul (2 Kor. 1:20). Vir die Jode van Paulus se tyd - en vandag nog - is die beloftes dooie kapitaal. Dit kom nie tot vervulling nie. Hulle verwag 'n Messias volgens hulle eie inbeelding en nie volgens die beloftes van God nie.

Die ironie van die saak is dat die Jode hoop om by die vervulling te kom - daartoe dien hulle God aanhoudend dag en nag. Maar hulle vertolk die beloftes verkeerd - hulle glo nie (Joh. 5:39; 10:24-27). In die tyd van Romeinse oorheersing was daar by Israel 'n baie sterk verlange na die Messias, maar na hulle eie smaak - 'n Messias wat hulle van die Romeinse tirannie sal verlos, maar nie van die sonde en die duiwel en die dood nie. Paulus wil egter by Agrippa tuisbring dat hy deel in die hoop van Israel - dat hy nie afwyk van die Joodse verwagting nie - maar dat hy glo dat die beloftes in Jesus van Násaret vervul is. En oor die

hoop word hy beskuldig - nie omdat hy staatsgevaarlik is nie.

**26:8.** In werklikheid staan hy nie tereg oor 'n afwyking nie, maar omdat hy getrou is. Hy glo Jesus het opgestaan (4:2). Dan stel hy argumentshalwe die vraag: "Waarom is dit vir julle (Jode) onmoontlik om te glo dat God dooies opwek?" (*Blye Boodskap).* God is tog 'n God wat wonders doen! Daar is geen rede om nie te glo in die opstanding van Jesus nie.

**26:9-11.** Hier keer hy terug na sy eie lewe. Hy vertel hoe hy teen die Naam van Jesus geywer en sy aanhangers vervolg het (7:58; 8:1-3; 9:1, 2). Hy het hulle gestraf en selfs gedwing om te laster (vers 11). Dit beteken dat hy hulle dwing om te ontken dat Jesus die Messias is (13:45; 18:6). Dat Christene werklik daartoe gekom het om dit te doen, word nie gesê nie, maar hulle is wel gestraf - gegésel. Hy teken onbeskaamd sy woede en selfs raserny teen Christus.

**26:12-15.** Hier vertel hy van sy ontmoeting met Jesus op pad na Damaskus (9:3-5; 22:6-9 - vergelyk aantekeninge by betrokke gedeelte).

**26:16-18.** In die verse het ons 'n samevatting van Jesus se direkte opdrag later in die tempel en die opdrag by monde van Ananias (22:12-18). Veral vers 18 is ook 'n appèl op die gewete van Agrippa en sy ander hoorders. Ook hulle moet hul bekeer van die duisternis tot die lig en van die mag van Satan tot God. Ook hulle moet glo om vergewing van sondes in Christus te ontvang en die ware erfdeel onder die geheiligdes te kry. Hy ontleen hierdie woorde ten dele aan Jes. 42:7 en 'n paar ander uitsprake (Jes. 29:18; 32:3; 35:5). Mense se oë moet geopen word - hulle is van nature blind (Rom. 3:9-18; Luk. 11:33-36; Joh. 9:40, 41; 1 Joh. 2:11). Duisternis is in die Skrif die gewone beeld van die ryk van Satan en die sonde (Joh. 1:5; 3:19) - daarteenoor staan die wonderbare lig wat God in Christus gee (Ef. 2:2; Kol. 1:18). Die eerste weldaad in Christus is altyd die vergewing van sondes (2:38). Dan ontvang hulle hul regmatige erfenis wat hulle regtens toekom - in Christus (Rom. 8:17). *Geheiligdes* is mense wie se sonde vergewe is en aan wie Christus se heiligheid toegereken word (1 Kor. 1:2). Paulus sou opsetlik van "geheiligdes" praat met die oog op sy ligsinnige gehoor. Hulle moet dit hoor: alleen deur die geloof ontvang 'n mens die ware heiligheid voor God en leef jy in die ware lig - dan breek jy met die werke van die duisternis. Deur die dinge te verkondig, het Paulus geen Jood of heiden enige kwaad aangedoen nie. Hy gee hier 'n treffende samevatting van die evangelie.

**26:19, 20.** Hy kon nie anders as om gehoorsaam te wees aan die hemelse gesig nie. Dit moet koning Agrippa toegee - aan God mag 'n mens nie ongehoorsaam wees nie (4:19, 20). Hy het egter eers in Damaskus aan die Jode en ook in Jerusalem en in Judéa die evangelie verkondig, voordat hy na die heidene gegaan het. Dat hy die evangelie aan die heidene verkondig, kan die Jode hom egter nie verwyt nie, want hy het eers na hulle gegaan (13:46). En hy het deurgaans verkondig waarmee Johannes die Doper en Jesus self begin het (Matt. 3:2; 4:17; vergelyk aantekening by Hand. 2:38).

**26:21.** Wat die Jode ook al teen hom inbring, hierdie is die werklike rede waarom hulle hom wil doodmaak. Hulle ander klagtes kon hulle in elk geval nie bewys nie. Claudius Lïsias (23:26-29), Felix (24:22-27) en Festus (25:25-27) kon nie één 'n werklike bewys van skuld teen hom vind nie - ondanks die Jode se klagte. Hulle het hom in die tempel gegryp om aan te dui dat hy gevange geneem is terwyl hy besig was met heilige dinge en wou hom vermoor (5:30). Hy self volg die hemelse roepstem, maar die Jode weerstaan die werk van God (5:39).

**26:22, 23.** God help hom egter - daarom kan hy vandag nog hier staan en sy getuienis lewer (2 Kor. 1:11). Daartoe het die Here mense gebruik - Claudius Lisias het hom letterlik van die dood gered. Hy is wel nog 'n gevangene, maar hier staan hy nou voor Agrippa en die uitgelese gehoor en hy verkondig die evangelie. Hy preek vir klein en groot - slawe en

konings (9:15). En hy verkondig niks anders as alleen wat die profete en Moses gesê het nie - dit gaan by hom alleen om die waarheid van die Woord van God wat in Jesus Christus vervul is (24:14; 1 Pet. 1:10, 11). Hy het gely, is gedood en het opgestaan - gaan dit na in die Skrifte en jy bewys dat Jesus die Christus is (13:26-39; 17:11). Baie Jode wou nie 'n Messias wat ly, erken nie en daarom glo hulle ook nie dat Hy opgestaan het nie (4:2; Luk. 24:26, 27). Die opgestane Christus verkondig dan die lig aan Israel en die heidene (Matt. 4:16; Luk. 2:32). Hy praat nie alleen van lig nie, maar Hy bring ook die lig (Jes.43:6;49:6;60:l, 23;Joh.8:12; 9:5;2Tim.l:10).

### *Paulus se toespraak onderbreek. (26:24-32)*

**26:24.** Festus onderbreek Paulus se toespraak. Hy sou seker nog meer wou sê. Hy was nog besig om sy saak te verdedig. Waarom roep Festus dit uit? Vir die heidense goewerneur is dit onbegryplik. Eintlik is die uitroep: "Jy is mal!" nie vir die Griek só kras as wat dit in ons ore klink nie. Eintlik sê Festus: "Jy laat jou só meesleep deur jou godsdienstige gevoel dat jy vir normale mense onverstaanbaar is." Dit blyk ook daaruit dat hy byvoeg: "Jou groot geleerdheid maak jou mal." Dit is merkwaardig dat Festus, en nie Agrippa nie, hom in die rede val. Vir Agrippa was dit nie onverstaanbare dinge nie. Hy kon Paulus goed volg.

**26:25, 26.** Paulus antwoord Festus só dat hy nie alleen die aantyging ontken nie, maar dat Festus self kan beoordeel dat hy volkome by sy verstand is. Hy praat nugter en verstandig - uit sy eie woorde blyk dat hy verstaan wat hy sê. Hy sê die waarheid en is nie in 'n soort geestesvervoering nie - hy is ook kalm en waardig in sy antwoord.

Maar Paulus wys hom daarop dat hy eintlik met die koning praat - op versoek van Festus (**25:24-27).** Hoewel Agrippa nie alles weet nie, begryp hy tog waarom dit gaan. Agrippa moes van Jesus gehoor het - sy vader het selfs vir Jakobus met die swaard laat doodmaak en vir Petrus in die tronk opgesluit (12:1-3). Hy moes ook van Jesus se dood gehoor het en hy moet ook weet van sy volgelinge. Daarby weet hy ook van die Messiasverwagting van die Jode - die dinge is alles geskiedenis. En dit het in Jerusalem en nie in die een of ander uithoek van die land gebeur nie.

**26:27.** Nou vra Paulus vir Agrippa op die man af: "Glo u die profete, koning Agrippa? Ek weet dat u glo." Indien Agrippa die profete glo, kan hulle verder praat - dan kan hy met hom die profete ondersoek en bewys dat Jesus die Christus is - want veral die profete verkondig Christus...

**26:28.** Agrippa se antwoord is spottend of moontlik bloot ontwykend. "Jy dink seker jy kan my sommer gou-gou 'n Christen maak" (*Blye Boodskap).* Só maklik sal dit nie wees nie, Paulus! Hy is in elk geval op die hoogte met die Christendom - dit blyk uit sy antwoord. Nee, Agrippa glo nie (Joh. 10:24-27).

**26:29.** Paulus weet dat dit verby is - hy kan alleen 'n wens of gebed uitspreek. Vir Paulus is dit heilige erns en hy sou seker ook ernstig bid om die behoud van hierdie mense. Of dit *nou* of *later* gebeur, is nie van belang nie, maar dat dit wel plaasvind. As hulle tog maar soos hy kon wees (1 Kor. 7:7). Hy vestig daarmee nie die aandag op homself nie, maar op sy vreugde as verloste mens in Christus. Hy wens hulle egter nie sy boeie ook toe nie. In sy laaste opmerking toon Paulus dat hy Agrippa deursien - ook hierdie Jood wil nie luister na die evangelie nie - hy glo nie. Agrippa is eintlik die verleë party - hy wil nie glo nie. Hy wil nie eens die profete daartoe ondersoek nie. Só is Paulus se laaste opmerking 'n laaste prediking tot Agrippa en sy metgeselle. 'n Mens dink aan die Fariseërs (Joh. 8:7-9).

**26:30.** Agrippa staan op - dit is die teken vir al die ander wat hom volg. Hulle het genoeg hiervan gehad!

**26:31, 32.** Toe hulle wegstap, praat Festus en Agrippa met mekaar. Paulus doen niks wat die dood of boeie verdien nie. Agrippa gee die laaste mening. Hy kon losgelaat gewees het as hy hom nie op die keiser beroep het nie. Maar kan hulle dit sê alleen op Paulus se eie getuienis? Nee, hulle weet dat die Jode geen grondige klag teen hom kon bewys nie. 'n Mens wonder maar wat Festus uiteindelik aan keiser Nero geskryf het. Hy is bepaald nie meer ingelig as wat hy was nie.

### *Vrae*

Dit sou 'n insiggewende studie wees om Paulus se groot toesprake te vergelyk: 13:13-41; 17:18-34; 22:1-22; 25:13-24.

1. Hoe het hy Christus verkondig met die oog op sy hoorders?
2. Hoe verklaar hy die Ou Testament en hoe pas hy dit toe?
3. Hoe konfronteer hy elke keer sy hoorders met Christus en preek bekering - al is dit indirek?

# HANDELINGE 27

## *Die reis na Rome begin (27:1-13)*

**27:1-2.** Dit tref ons dadelik dat Lukas nou weer skryf "ons". Hy was dus in Cesaréa en het heel moontlik vir die volle twee jaar in verbinding met Paulus gebly. Daarom kon hy alles so in besonderhede beskrywe. Moontlik was hy teenwoordig toe Paulus voor Agrippa getuig het - volgens die verband kan ons aflei dat hy saam met Paulus gewag het op die besluit om weg te vaar. Hy reis dus saam met Paulus na Rome. Ook Aristárchus was by hulle (vers 2). Die goewerneur het nie spesiaal 'n skip gehuur nie, maar hulle gaan blykbaar met 'n vragskip. Op só 'n skip kon vanselfsprekend ander mense saamreis. Festus sou bepaald wag totdat daar meer gevangenes was, omdat hy 'n leërafdeling van 100 man moes saamstuur om die gevangenes te bewaak. Festus dra dus nou sy verantwoordelikheid vir Paulus aan die offisier Július oor. Lukas en Aristárchus is medewerkers van Paulus, wat nou saamreis. Die kaptein van die skip sou dit seker verwelkom om Lukas, 'n geneesheer, ook aan boord te hê. Lukas beskryf noukeurig die roete van die skip.

**27:3-6.** Toe hulle by Sidon aankom, blyk Július se geneentheid vir Paulus. Hy laat hom toe om aan wal te gaan om vriende te besoek en benodigdhede vir die reis te kry. Ons kan aanneem dat 'n soldaat met Paulus saamgegaan het om hom op te pas. Die "vriende" kan ons as Christene beskou en nie juis bekende vriende nie. Hier was dus ook 'n gemeente. Die kortste roete sou suid van Ciprus verby wees, maar die westewinde het hulle blykbaar verhinder. Daarom kies hulle koers na Asië en kom eindelik in Mira in Licië aan.

Hier plaas Július sy gevangenes oor op 'n ander skip - blykbaar 'n groter skip wat koring vervoer vanaf Alexandrië en Egipte. Lukas en Aristárchus klim weer saam met Paulus oor op die ander skip.

**27:7-13.** Hulle sukkel maar stadig voort teen die westewind in. Hulle word selfs gedwing om hulle roete te verander. Eindelik haal hulle die oostelike punt van Kreta. Hulle kom met moeite eindelik by 'n plek aan die kus van Kreta, bekend as Mooi Hawens. Die reis het met oponthoud gepaard gegaan en die winter was op hande. Dit is 'n gevaarlike tyd vir skeepvaart. Die "vastyd" (9) sou sien op die Joodse vastyd met die Groot Versoendag (Lev. 16:29; 23:27). Dit is die tiende van die maand Tisri - einde Oktober en derhalwe die begin van die winter. Die winterlug is gewoonlik bewolk en die seemanne moes koers hou volgens die son en sterre (vers 20). Verder is die winter ook stormagtig en daarom gevaarlik op see. Paulus tree dan na vore en waarsku die bemanning. Die Here sou die toekoms aan hom geopenbaar het (vers 10, 23). Daar wag vir hulle 'n groot ramp en skade - vir beide die vrag en selfs die lewens van die mense aan boord.

Die Romeinse offisier vertrou egter meer op die stuurman en die eienaar van die skip - hulle is ervare seevaarders en Paulus het daar geen kennis van nie. Hy is buitendien maar net 'n gevangene. Hulle besluit dus om Mooi Hawens te verlaat om te probeer om 'n meer verskuilde hawe, Fenix, te bereik. Daar sou hulle beter kon oorwinter. Die westewind het suid gedraai en ook net liggies gewaai - 'n mooi geleentheid om gou weg te kom. Hulle hou vir veiligheid naby die kus van Kreta.

## *In die storm op see (27:14-19)*

**27:14-19.** Skielik breek 'n stormwind los - eintlik wat ons 'n werwelwind sou noem. Die wind word Euroklïdon genoem - 'n seemansterm vir 'n stormwind uit die noordooste. Die wind dryf die skip weg van die kus van Kreta af - die oop see in. Selfs die skip, wat vir sy tyd 'n groot

skip was, is nie teen só 'n stormwind bestand nie. Die skip word selfs onbeheerbaar meegesleur - die bemanning gee dit op en laat die skip maar voortgejaag word deur die wind. By 'n sekere eilandjie Clauda het hulle 'n bietjie skuiling teen die wind gevind en kon hulle met moeite die bootjie van die skip in veiligheid bring. Dit is wat ons 'n reddingsbootjie sou noem, wat blykbaar gewoonweg deur die skip gesleep is. Hier pas hulle ook noodmaatreëls toe deur die skip met sterk toue te omgord. Hulle is egter bang vir die "Sirtis" - groot sandbanke - en laat die seile neer, sodat die skip nou maar deur die wind meegesleur word. Die volgende dag begin hulle van die vrag uitgooi in die see om die skip ligter te maak. Op die derde dag - so beskryf Lukas die verhaal van dag tot dag - gooi hulle skeepstoerusting oorboord. Die ligter skip is wel 'n makliker prooi vir die wind, maar dan is die moontlikheid dat water oor die kante kom minder en kan hulle ook makliker oor sandbanke vaar.

### *Paulus praat die manne moed in (27:20-26)*

**27:20, 21.** Die storm hou vir baie dae aan. Die son skyn nie en die sterre is ook agter die wolke. Hulle weet nie waar hulle is nie. Intussen woed die wind voort. Eindelik het hulle geen hoop meer om gered te word nie. Almal wag maar vir 'n gewisse waterdood. Hulle is so moedeloos dat hulle nie eens eet nie. Toe tree Paulus na vore. Hy staan in hulle midde op. Sy kalmte en innerlike krag noop hulle om te luister. In groot nood gaan dit nie om 'n man se rang of posisie nie, maar om sy moed en krag om te inspireer. Vroeër wou hulle nie na hom luister nie - dit sê hy aan hulle. Hy doen dit nie om hulle te verwyt nie, maar wil hulle voorberei om nou waarde te heg aan wat hy te sê het. Hy het gelyk gehad - die ding wat hy voorspel het, het plaasgevind. Daarom kan hulle ook nou op sy raad steun.

**27:22.** As apostel tree Paulus nou as profeet van God op. Die gehoor luister na hom en hy kan nou die Woord van God aan hulle verkondig. Hy troos hulle - daar is 'n uitweg. As niemand meer raad het nie, neem Paulus, die gevangene van Jesus Christus, die leiding. Hy preek die evangelie en wys op die majesteit van die enige ware God. Sy profesie is duidelik en konkreet. Hy is seker van wat hy sê.

**27:23.** In die afgelope nag het 'n engel aan hom verskyn ". . . 'n engel van die God aan wie ek behoort, wat ek ook dien." Wat 'n heerlike sekerheid en klinkende belydenis! Dit is ons enigste troos - ons behoort in lewe en in sterwe, na liggaam en siel, aan die Here (24:14; *Kategismus*, Sondag 1). Daarom dien hy Hom - Hy is ons Besitter - ons Eienaar - ons Here en Meester. Die heidene luister, miskien met verwondering of ongeloof, maar hulle is beïndruk.

**27: 24.** Paulus vertel wat die engel gesê het. Die Here stel hom self in die eerste plek gerus. Hy het nog werk - hy moenie vrees nie. O ja, ook Paulus was bang in die storm! God het 'n opdrag vir hom: hy moet voor Nero staan. Daarom is hy in die sorg van die Here en Hy sal hom daar bring. Ter wille van hom sal ook al die manne op die skip gered word. Ons moenie vergeet dat God die wêreld regeer met die oog op sy kerk nie. Christus is besig om, ten spyte van alle nood en verwarring, sy bruidskerk toe te berei. En hy bewaar haar onder alle omstandighede.

**27:25.** Paulus mag nou sê wat hy sê, want God het hom die grond daartoe gegee. "Hou moed, manne . . ." Hy vertrou ten volle dat God sal doen wat Hy beloof het. Daartoe stel hy die voorbeeld aan die heidene, want hulle ken God nie. Hy preek deur sy woorde en die voorbeeld van sy vertroue op sy God. God doen wat Hy sê.

**27:26.** En dan maak hy 'n definitiewe voorspelling. Hulle moet op 'n sekere eiland strand. Waarom kry Paulus nou die openbaring en kan hy nou eers die manne gerusstel? Kon dit nie al eerder gebeur het nie? Nee, die Here ken sy tyd. Die manne is nou op bodem van die put van moedeloosheid - daarom is hulle nou ontvanklik vir die prediking. En in die redding uit

die storm sal die manne ook die krag van God sien.

### *God bewaar in die groot waters (27:27-36)*

**27:27-36.** In die veertiende nag vermoed die matrose dat hulle naby land kom. Miskien het niemand teen die tyd meer aan Paulus se optrede gedink nie - dit duur te lank - hulle is maar gedoem tot ondergang. Die Here beproef die geloof - ook van Paulus (Jak. 1:3). Ervare seeliede weet uit allerlei tekens dat land naby is. Dan begin hulle werk met die dieplood - 20 vaam is ongeveer 36 meter. 'n Rukkie later was die diepte 15 vaam - die land kom nader. Dit is nag en dit is donker en hulle weet nie hoe die strand lyk wat hulle nader nie - daarom werp hulle vier ankers by die agterstewe uit. En dan wag hulle op die dag - hulle wens die nag om. Elkeen dink aan homself en die matrose maak 'n plan om weg te kom. Hulle laat die reddingsbootjie sak onder die voorwendsel dat hulle by die voorstewe ankers wil uitwerp. Dan tree Paulus weer op en praat met Julius, die offisier. "As hierdie manne nie in die skip bly nie, kan julle nie gered word nie." Waarskynlik het hy weer 'n openbaring ontvang en praat as profeet. God wil, ter wille van Paulus, almal red deur sy wondermag en almal moet gelyk behandel word. Die matrose mag nie op selfsugtige wyse hulself bo die ander probeer bevoordeel nie. Julius luister na Paulus en beveel die soldate om die toue van die bootjie af te kap, sodat hy in die see val. Nou is almal gelykelik in die hand van die Here.

Teen dagbreek tree Paulus weer na vore. Nou kom die einde - redding of ondergang. Hy vermaan die manne dan om te eet, sodat hulle krag kan hê vir wat voorlê - hulle wag al veertien dae sonder om te eet. Dit beteken eintlik nie dat hulle hoegenaamd niks geëet het nie, maar hulle het vanweë die spanning geen eetlus gehad nie en nie behoorlik geëet nie. Weer verseker hy hulle dat niemand 'n haar sal verloor nie. Daarop stel hy weer die voorbeeld. Hy neem brood, dank God in die teenwoordigheid van almal en begin eet. Almal skep moed en begin ook eet. Sy dankgebed en sy kalm optrede sou die ander sterk beïnvloed het. So het Paulus uiteindelik die kaptein van die skip geword - hy staan aan die roer - want hy sien in die geloof (Hebr. 11:1).

### *Almal veilig aan land (27:37-44)*

**27:37-44.** Ons kom by die hoogtepunt van die verhaal. Daarom sê Lukas nou hoeveel mense aan boord was: 276. Almal luister na Paulus wat vertel van Christus en hulle buig voor die majesteit van God - al wil dit nie sê dat almal in Christus glo nie. 'n Mens dink aan die reaksie van die inwoners van Ninevé wat Jona se prediking ernstig opneem (Jona 3:5-10). Selfs die winde en die see is aan die Here gehoorsaam (Matt. 8:27). Daar moes dus heelwat passasiers ook aan boord wees, behalwe die soldate en gevangenes.

Die matrose spring nou aan die werk. Hulle het geëet en het krag, maar hulle is ook deur Paulus met moed besiel. Hulle maak die skip ligter deur al die koring in die see te gooi (18). Daar moes tot dusver iets in die skip oorbly om 'n bepaalde gewig te behou.

By volle daglig merk hulle dat hulle naby die land is. Dit is vir hulle 'n onbekende eiland. Hulle bemerk dat hulle teenoor 'n inham met 'n strand lê en hulle plan is om die skip op die strand te laat loop - hulle wil altans probeer. Die storm woed nog en die skip is vas aan die ankers, wat moeilik in die stormweer ingehaal kan word. Daarom kap hulle die ankertoue af en stuur reg op die strand af met die voorseil opgetrek - om 'n groter vaart te bewerkstellig.

Hulle kon egter nie die skip op die strand kry nie - dit loop op 'n sandbank of klip vas en die agterstewe word uitmekaar geslaan deur die geweld van die branders. Die soldate bemerk dat dinge verkeerd loop en, soos dit in die tyd was, mag gevangenes nie ontsnap nie (16:17). Daarom kom hulle voorneme aan die lig om al die gevangenes dood te maak. Die offisier,

Július, wou Paulus egter red en verhinder hulle om hul voorneme uit te voer. So bewaar God sy dienskneg en bewaarheid wat Hy vroeër beloof het (vers 24). Al die gevangenes - al was hulle ook berugte misdadigers of slawe - is ook kosbaar in die oë van die Here. Hier gaan dit om sy eer - Hy het belowe en doen sy woord gestand. Július beveel selfs die gevangenes: die wat kon swem, moes eerste in die see spring en na die strand swem. Die ander moes aan planke en stukke van die skip vasklou - en só kom hulle almal veilig aan land.

Dit is wonderbaarlik dat so iets in daardie tyd kon gebeur, met die reisigers op 'n skip wat heeltemal vergaan. Almal is gered. Hier sien ons duidelik die hand van God.

***Vrae (*27:1-44)**

l. Dit is duidelik dat Paulus die hoofpersoon in die verhaal is: *Waarom? Noem u redes.*

2. Sou u sê dat Paulus in die opsig 'n voorbeeld vir ons is?

3. Het die verhaal ook betekenis vir ons met die oog op die wêreldtoestande?

# HANDELINGE 28

## *Op die eiland Melite (28:1-10)*

**28:1, 2.** Lukas benadruk dat hulle *gered* is. As Christen is dit vir hom duidelik dat die hand van die Here dit gedoen het. Toe kom hulle eers agter dat die eiland Melite (Malta) heet. Die inboorlinge is nie Grieke nie. Hulle was waarskynlik Puniërs en hulle taal was verwant aan Aramees of Hebreeus, sodat Paulus wel met hulle kon praat. Hulle kon hulle in elk geval wedersyds verstaanbaar maak.

Skipbreukelinge is dikwels ongasvry behandel en selfs beroof. Daarom tref hulle buitengewone gasvryheid vir Lukas. Hulle maak dadelik vuur om die skipbreukelinge te verwarm, want dit was bitter koud en die manne kom nou uit die koue seewater. Hulle sou half verkluim wees. Weer sien ons die guns van die Here. Die feit dat Paulus met hulle kon praat en dat daar 'n afdeling Romeinse soldate by is, sou seker bydra tot hulle goedgesindheid.

**28:3-6.** Paulus help om hout aan te dra en op die vuur te gooi. Die hitte dryf 'n slang tussen die brandende hout uit en hy byt vas aan Paulus se hand. Die inboorlinge verwag dat hy sal sterf en skryf dit toe aan wraak van die gode - hy moet beslis 'n moordenaar wees. Hy kom egter niks oor nie (Mark. 16:18) en dan verander hulle opvatting. Hy is bepaald 'n god (14:11, 12).

**28:7.** Die goewerneur van die eiland, Públius, het 'n plaas in die omgewing, waarheen hy die skipbreukelinge nooi en vir drie dae lank vriendelik herberg. Nog steeds wil Lukas toon dat die Here aan hulle almal, na die vreeslike ontberinge, besondere guns bewys. Hy se nie dat Paulus op Malta gepreek het nie, maar op grond van die gebeure wat verder verhaal word, kan ons dit aanneem.

**28:8-10.** Paulus kry die geleentheid om 'n mens te genees. Nadat hy gebid het, lê hy hom, die vader van Públius, die hande op en hy is dadelik gesond (Matt. 9:18). Hier kom duidelik die krag van die Here aan die lig en dit maak indruk. Dan word ook ander siekes na hom gebring en is genees. Dit is eintlik vreemd dat Lukas hier niks sê van Paulus wat preek of van mense wat gelowig word nie. Hy lê nie die nadruk op Malta en sy mense nie, maar op Paulus in wie die krag van die Here geopenbaar word. Ons kan egter gerus aanneem dat Paulus se genesings nie los van die evangelie-prediking plaasgevind het nie en dat hierdie vriendelike mense daarna geluister het. Daar sou seker ook van hulle gelowig geword het - veral omdat hulle vir drie maande op die eiland vertoef het (vers 11).

***Vrae (*****28:1-10)**

1. Wie het die mense op die skip gered?
2. Waarom vertel Lukas van geen bekeerlinge op die eiland nie?

## *Die ontmoeting by Drie Herberge (28:11-15)*

**28:11-14.** Na drie maande vertrek hulle uit Malta, weer met 'n koringskip van Alexandrië, wat ook op Malta oorwinter het. Waarskynlik was dit 'n bekende skip, want Lukas noem selfs sy naam. Dan beskryf hy die reis vanaf Malta na Sirakúse en van daar na die Italiaanse kus tot by Putéoli, van waar hulle verder oor land na Rome reis. Hier in Putéoli vind hulle mede-Christene by wie hulle sewe dae vertoef. Július is Paulus goedgesind en gun hom die tydjie by sy geloofsgenote. Hier het ons die bewys dat die evangelie ook in Italië al bekend was en selfs versprei het. Waarskynlik het die Christene geweet dat Paulus gevange geneem is en op

pad na Rome is. Daarom sou hulle inkomende skepe dophou. Aan die ander kant kon Lukas en Aristárchus vryelik beweeg en in die stad navraag gaan doen het en op die wyse die Christene opgespoor het. Dit sou vir Paulus 'n verkwikking wees om weer onder sy eie mense te kan wees.

**28:15.** Daarna reis hulle na Rome. Moontlik het die Christene in Rome vanaf Putéoli berig van Paulus se aankoms ontvang en hom tegemoetgereis. Hulle was ook al op die hoogte van hulle lotgevalle op see. Paulus het in Rome baie bekendes (Rom. 16 - let op die lang lys van name aan wie hy groete stuur). Die eerste vriende ontmoet hom by die Appius-mark - 65 km vanaf Rome. Daarna kom 'n nuwe groep hom teë by Drie Herberge, 49 km vanaf Rome. Moontlik wil Lukas sê dat hulle hom tussen die twee plekke ontmoet het. "En toe Paulus hulle sien, het hy God gedank en moed gevat." Eindelik ontmoet hy mense uit Rome, waar hy só graag die evangelie wou verkondig (Rom. 1:9-13). Daarom dank hy God en skep nuwe moed - ook die belofte van die Here gaan in vervulling (23:11).

***Vrae (*28:11-15)**

1. Wat is die uitwerking van die ontmoeting van die Christene uit Rome op Paulus?
2. Hier sien ons iets van die "gemeenskap van die heiliges" - wat beteken dit? Beoefen u dit?

### *Aankoms en verblyf in Rome (28:16-31)*

**28:16.** Paulus kom in Rome aan. Julius oorhandig sy gevangenes aan die bevoegde beampte (Fil. 1:13). Hy het die brief van Festus afgegee, indien dit nie in die skipbreuk verlore gegaan het nie. Moontlik as gevolg van die voorspraak van Július en omdat Paulus 'n Romeinse burger was, ontvang hy toestemming om in sy eie huis te gaan woon, met 'n soldaat wat hom moes oppas. Moontlik het vooraanstaande Christene in Rome selfs vir hom as borg ingetree. Sy Christenvriende sou wel sorg vir sy versorging - dit was immers 'n gehuurde huis (vers 30). Selfs afgeleë gemeentes sou aan sy behoeftes dink (Fil. 2:25; 4:10). Gedurende die twee jaar wat hy in Rome gewoon het, sou heelwat soldate as wag by hom moes tuis gaan en die evangelie van hom hoor (Fil. 1:13).

**28:17-19.** Lukas se doel was om die gang van die evangelie van Jerusalem na Rome te beskryf. Daarom sluit hy nog nie af nie - ons moet nog hoor hoe die evangelie in Rome verkondig is. Vir die laaste keer moet ons nog hoor dat die Jode die evangelie verwerp en die heidene dit aanneem. Paulus is haastig - sy werk is nou vir jare vertraag. Daarom laat hy die Joodse leiers in Rome na hom toe roep (13:50; 25:2), want hy self kon nie na die sinagoge gaan nie. Hy volg die gewone pad - eers moet hy die evangelie aan die Jode verkondig (13:5, ens.). Hy vermoed waarskynlik dat die Joodse leiers al iets van die saak teen hom weet. Daarom begin hy dadelik vertel van sy gevangeneming. Hy wil eers moontlike slegte gerugte oor hom uit die weg ruim. Hy het niks teen die volk of voorvaderlike sedes gedoen nie (6:14). Hoewel die Romein Lisias hom gevange geneem het, moes hy hom tog uiteindelik op die keiser beroep, omdat die Jode aangehou het om te eis dat hy tereggestel moes word (21:31-35; 24:1, 22; 25:1-3; 9-11). Die Jode het hom dus gedwing om hom op die keiser te beroep. Die Jode in Rome ken die regspraak van die Romeine en weet dat hulle nie sommer iemand sal wil loslaat, indien hulle meen dat hy skuldig is nie. Hy voeg selfs by dat hy hom liewer, soos dit 'n Jood betaam, aan die Joodse owerheid sou onderwerp het, maar die Jode het hom daartoe gedwing om die weg te gaan. Hy wil duidelik die hoorders gunstig stem en hulle laat begryp dat hy ook, soos alle Jode, die Romeinse juk nie goedkeur nie.

**28:20.** Nou begin hy om die evangelie aan hulle te verkondig. Om moontlike vooroordeel uit die weg te ruim, het hy hulle na hom toe laat roep. Hy wil sy volksgenote sien en het 'n roeping teenoor hulle. Dit bly net verbasend hoe Paulus steeds volhard in sy beginsel om

altyd en oral eerste die evangelie aan die Jode te verkondig. Dit is vir hom 'n ware roeping. Die roeping vervul hy ook nou:

"Want dit is oor die *hoop van Israel* dat ek in hierdie boeie is." Hulle weet Wie die hoop van Israel is - die Messias (23:6; 26:6). Hiermee impliseer hy egter dat die Jode in Jerusalem die hoop van Israel verwerp. Hy hou egter daaraan vas en verkondig dit - dit is in hulle oë sy sonde.

**28:21.** Die Jode wil onbetrokke bly. Hulle beweer nie dat hy lieg nie, maar wil ook nie op sy getuienis alleen vertrou nie. Hulle weet nog niks van die saak nie. Dit is wel vreemd dat die Jode in Jerusalem, wat Paulus se dood geëis het, niks aan die leiers in Rome laat weet het nie. Hulle het tog genoeg tyd daarvoor gehad. Die Christene was duidelik al op die hoogte daarvan (vers 15). Moontlik het die Joodse Raad gemeen dat Paulus nie met die Jode in Rome kontak sou maak nie. Hulle kon selfs nie verwag dat hulle in Rome enige sukses in die klag teen Paulus sou behaal nie - daarom het hulle daaroor stilgebly. In die tyd was daar egter ook in Jerusalem reeds groot intriges teen die Romeine aan die gang, wat gelei het tot die groot opstand van die Jode teen Rome. Daarom het die Romeine hulle stad en tempel in die jaar 70 verwoes en is hulle oor die aarde verstrooi (Matt. 24:1, 2). Nie alleen Jesus het oor sy volk geween nie (Luk. 19:41-44), maar ook Paulus (Rom. 9:1-4). Dat Paulus deurgaans eers tot die Jode kom met sy evangelie, was nog die roepstem van God tot sy volk. Hy laat hulle nie maklik los nie. Daarom kan hulle Hom nie verwyt dat Hy hulle uiteindelik verwerp en oorgee aan hulle vyande nie. In Openb. 11:8 word Jerusalem selfs geestelik genoem: "Sodom en Egipte, waar ook onse Here gekruisig is." Ons, Christene van die laat twintigste eeu, moet egter met Israel voor oë, goed onthou wat Paulus in Rom. 11:20, 21 sê.

**28:22.** Dit is duidelik dat die kerk in Rome nie ontstaan het deur 'n stryd in die sinagoge nie. Hulle weet te min van die Christene. Hulle weet wel iets, maar alleen dat oral teen die *sekte* gepreek word (5:17; 24:5). Omdat Paulus egter meer daarvan weet, sal hulle graag meer wil hoor - hoewel hulle klaar begryp het daar êrens iets met die Christene se leer verkeerd moet wees, want dit word oral bestry - nie alleen in Jerusalem nie. Dit is wel waar - tot vandag toe word die Christendom bestry (Luk. 2:34; Hebr. 12:3). Satan en die wêreld verset hulle teen die prediking van die evangelie (Rom. 10:21) en nie alleen die Jode nie.

**28:23.** Hulle bepaal vooraf 'n dag om met Paulus te redeneer - seker ook om tyd te hê om hulself voor te berei. Op die afgesproke dag kom *baie* Jode in Paulus se huis byeen. Paulus het, soos gewoonlik, met krag die koninkryk van God uitgelê. Dit duur die hele dag. Hy het hulle uit die Bybel, die wet van Moses en die profete, probeer oortuig dat Jesus die Christus is, Dit is derhalwe sowel 'n uiteensetting as 'n getuienis (2:40; 8:25; 10:42). Hy vervul sy roeping (1:8). God is Koning en sy koninkryk is op aarde deur die koms van die Messias verwerklik. Dit kan die Jode aanvaar, maar dat Jesus die Messias is, kan hulle nie aanvaar nie (Matt.4:23;Luk.4:16-21).

**28:24.** Die reaksie is uiteindelik soos dit altyd tot dusver was. Sommige glo en die ander nie. Dit sou wel vir die gelowige Jode moeilik wees om hulle in Rome by 'n Christelike gemeente aan te sluit wat oorwegend uit gelowiges uit die heidenebestaan.

**28:25.** Daar kom dus tweedrag onder die Jode. Lukas beskryf dit só asof dit nie gaan om verset teen Paulus nie - maar onderling tussen die Jode. Hulle gaan uiteen, maar Paulus verkondig nog vir laas die evangelie aan hulle. Ja, die evangelie dien nie alleen tot redding nie, maar ook tot 'n oordeel oor hulle wat nie wil luister nie (Joh. 3:16-18). Paulus haal Jes. 6:9 aan, soos Jesus self ook gedoen het (Matt. 13:14; Joh. 12:40). Dit is nog 'n oproep tot die Jode om hulle te bekeer, veral omdat dit kom uit die profete wat die Jode voorgee om te eer. Hulle oë moet oopgemaak word en hulle moet kom tot sondebesef en verootmoediging. Hy

haal geen mensewoord aan nie, maar 'n uitspraak wat die Heilige Gees vir Jesaja in die mond gelê het. Moontlik het die Jode hulle in die gesprek op die vaders beroep en nou wys Paulus dat die Here met hulle vaders se onbekeerlikheid te doen gehad het - en dat hulle net soos hulle vaders is.

**28:26.** Paulus haal aan. Hy oordeel nie, maar hulle word geoordeel deur hulle hooggeëerde profeet. Jesaja het 'n bepaalde opdrag ontvang dat die uitspraak met groot nadruk aan die hele volk verkondig moet word. Dit is 'n laaste vermaning - luister die volk nie daarna nie, dan word hulle verharding volkome en verbeur hulle die genade van die Here. Dit kom daarop neer: "Julle hoor baie goed, maar julle verstaan nie" - *hulle glo nie* - hulle neem die Woord van God nie ernstig op nie. "Hulle sal baie goed sien en tog nie sien nie" (Joh. 9:39-41). Daar is dus opset by betrokke - hulle luister en sien moedswillig nie - hulle wil nie luister en sien nie (Hebr. 6:4-8). Hierdie uitspraak geld vir alle tye - en veral vir "kerkmense" wat meen dat hulle *hoor en sien.*

**28:27.** Eindelik sê Jesaja: die hart van hierdie volk het *dik* geword. Die hartwand is so dik dat God se Woord nie kan deurdring nie. Hy praat van die "volk" as geheel - en tog weet hy ook van 'n "oorblyfsel" (Jes. 6:13). Hulle het hul ore eintlik toegedruk en hulle oë toegemaak - hulle wil nie hoor en sien nie - anders sou hulle verstaan en sien en hulle bekeer. En dan sou die Here hulle genees het. Die Jode in Rome is net soos hulle vaders, is Paulus se bedoeling.

**28:28-29.** Daarom moet die Jode dit weet - die gevolg van hulle onbekeerlikheid is dat God se boodskap van redding na die heidene gestuur is (13:46, 47). Dit is 'n vasstaande saak - die Jode deel nie in die redding sonder geloof in Christus nie. Die heidene sal nie alleen hoor nie, maar ook luister; hulle sal ook nie alleen sien nie, maar ook doen wat hulle sien.

### *Lukas sluit sy verhaal af (28:30, 31)*

**29:30-31.** Lukas gee 'n kort samevatting van Paulus se verdere verblyf in Rome. Vir hom gaan dit nie om die lotgevalle van Paulus nie, maar om die gang van die evangelie. Daarom laat hy ons ook in die duister oor die verdere lotgevalle van Paulus. Noudat die evangelie onbelemmerd in Rome verkondig word, is sy doel bereik (1:8). Paulus het 'n volle twee jaar daar gebly. Waarskynlik het sy aanklaers nie opgedaag nie en is hy vrygelaat. Hy was egter gedurende die twee jaar nie werkloos, soos die twee jaar in die tronk in Cesaréa nie (24:27). Hy kon mense vryelik ontvang en die evangelie openlik verkondig. Hy het hulle ook geleer en opgelei in die evangelie van die Here Jesus (Fil. 1:14; 2 Tim. 2:9).

Die verhaal eindig met die boodskap: in beginsel het die evangelie die wêreld oorwin. 'n Apostel - in die enger sin van die woord - van Jesus Christus, preek nou die evangelie in Rome, die middelpunt van die destyds bekende wêreld. Die apostels het dus Hand. 1:8 vervul.

***Vrae (*28:16-31)**

1. Waaruit blyk dit dat die Here na Paulus omgesien het?
2. Waarom laat Paulus eerste die Joodse leiers na hom kom?
3. Hoe blyk die doel van Lukas se skrywe uit die hoofstuk?
4. Was Paulus as gevangene ledig?
5. Waarom vertel die Bybel ons nie verder wat van Paulus geword het nie?